# M.E.R. SE BESKOUING VAN DIE AFRIKANER EN AFRIKANERNASIONALISME VERGELEKE MET DIE BESKOUINGE VAN N.P. VAN WYK LOUW, J.J. DEGENAAR EN J.C. STEYN


deur

**GUILLAUME FRANÇOIS MARAIS**


voorgelê luidens die vereistes vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**AFRIKAANS**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF N J SNYMAN**

NOVEMBER 1992


01488563

MY HARTLIKE DANK AAN PROF. NICO SNYMAN VIR SY LEIDING EN SY VRIENDSKAP; AAN MY GESIN VIR HULLE BYSTAND; AAN PHILIP, MICHIEL EN JAAP VIR HULP EN RAAD; AAN HESTER VIR DIE KAMMALANDERS; AAN MEV. COETZEE VIR DIE TIKWERK; AAN LUIS VIR DIE BINDWERK; TEN SLOTTE AAN ALMAL WAT SOOS KOOS MELKBOOM MY OOR DIE LANG PAD BEMOEDIG HET.

Class
Klas
839.368409 MER MARA
01488563

## OPSOMMING

Die hooffiguur is mev. Maria Elizabeth Rothmann (1875 - 1975), in die Afrikaanse letterkunde alombekend as M.E.R. Die sleutelbegrippe is Afrikaner en Afrikanernasionalisme. Oor die betekenis van die benaming Afrikaner is daar meningsverskil, maar hier beteken Afrikaner 'n blanke Afrikaanssprekende. Afrikanernasionalisme is oor die afgelope eeu deur leiers soos Kruger, Steyn, Reitz, De la Rey, De Wet, Hertzog, Malan, Strydom en Verwoerd uitgespel.

Die tweede hoofstuk bevat 'n aantal verteenwoordigende skrywers en politici se beskouinge oor die Afrikaner en Afrikanernasionalisme. In die derde hoofstuk word M.E.R. se beskouinge in dié verband behandel en vergelyk met die menings van Van Wyk Louw, 'n geslag ná haar, en J.C. Steyn, 'n geslag ná Louw. Degenaar, gebore twee dekades ná Louw en 13 jaar voor Steyn, word vernaamlik as klankbord betrek omdat sy siening radikaal verskil van M.E.R., Louw en Steyn s'n, hoewel Louw ná die begin van die jare sestig veel meer "liberaal" geword het.

Voorts word M.E.R. se eerstehandse vertellings oor Kruger, Steyn, Hertzog en Verwoerd aan die aanvaarde kenmerke van goeie biografie gemeet. Waar moontlik word haar siening met die drietal, Louw, Steyn en Degenaar, s'n vergelyk. 'n Volgende hoofstuk gaan oor M.E.R. se taksering van en deernis vir brandarm Afrikaners, soos vervat in Deel V B van die Carnegie Verslag. Haar verklaring van die oorsake van Afrikanerarmoede word uitgespel. Ook haar betrokkenheid by die Afrikanerkind deur haar talryke kinderboeke word toegelig. Dan volg 'n hoofstuk oor M.E.R. se siening van die Afrikaner se godsdiens. Voorts kom volkereverhoudings aan die beurt, waarop M.E.R. se My beskeie deel as outobiografie van 'n Afrikanervrou bespreek word. Die laaste twee hoofstukke gaan oor die viertal se taal en styl, en hul optrede/rol as leermeesters van die Afrikanervolk.

Ten slotte word die vier se beskouinge saamgevat. M.E.R. en Steyn glo aan die selfbeskikkingsreg van die Afrikaner. Sedert die begin van die jare sestig het Louw beweer dat die Kaapse bruinmense deel van die Afrikanervolk uitmaak, maar dat daar gebiedskeiding met die swart volke moet wees. Degenaar bepleit 'n unitêre staat met die nodige verskansings van regionalisme, 'n handves van menseregte en 'n onafhanklike regbank.

SUMMARY


Pride of place belongs to Mrs Maria Elizabeth Rothmann (1875 - 1975), in Afrikaans literature widely known as M.E.R. The key conceptions are Afrikaner and Afrikanernationalism. There are differing opinions about the meaning of the name Afrikaner, but for our purpose it means an Afrikaans speaking white. Afrikaner nationalism has been defined over the past century by leaders like Kruger, Steyn, Reitz, De la Rey, De Wet, Hertzog, Malan, Strydom and Verwoerd.

The second chapter portrays the views of some representative authors and politicians on the Afrikaner and Afrikaner nationalism. In the next chapter M.E.R.'s opinion in this regard is discussed and compared and contrasted with the opinions of Louw, a generation after her, and J.C. Steyn, a generation after Louw. Degenaar, born two decades after Louw and thirteen years before Steyn, is used mainly as resonator because his views differ radically from the other three, although Louw turned more "liberal" since the early sixties.

Forthwith M.E.R.'s first-hand narratives about Kruger, Steyn, Hertzog and Verwoerd are tested by the accepted standards of good biography. Where possible her views are compared with those of the trio, Louw, Steyn and Degenaar. The next chapter treats M.E.R.'s estimate of and compassion with desperately poor Afrikaners, as portrayed in her Chapter V B of the Carnegie Commission Report. Her indication of the causes of Afrikaner poverty is noted. Her concern with Afrikaner children by way of her many children's books occupies a subsequent chapter. Then follow her views on the Afrikaner's religion and on racial relations, whereafter her My beskeie deel (My allotted portion) is assessed as the autobiography of an Afrikaner woman. The last two chapters discuss the language and style of the four writers concerned as well as their role as teachers of the Afrikaner nation.

In conclusion their views are summarised. M.E.R. and Steyn believe in the Afrikaner's right of self-determination. Since the early sixties Louw has regarded the Cape Coloureds as part of the Afrikanervolk, although he has advocated territorial separation of the Black peoples. Degenaar is in favour of a unitary state entrenched by regionalism, a human rights charter and an independent judiciary.

# INHOUD

| | BLADSY |
|---|---|
| HOOFSTUK 1: INLEIDING | 1 |
| HOOFSTUK 2: OOR DIE AFRIKANER EN AFRIKANERNASIONALISME | 5 |
| 2.1 DIE BENAMING AFRIKANER | 5 |
| 2.2 DIE GROOT TREK SE AFRICAANDERS | 6 |
| 2.3 AFRIKANER, VADERLAND EN IDENTITEIT | 7 |
| 2.4 GUSTAV SCHOEMAN PRELLER SE BYDRAE TOT AFRIKAANS | 7 |
| 2.5 DR. D.F. MALAN SE AFRIKANERSKAP | 9 |
| 2.6 DR. VERWOERD SE "WARE" AFRIKANERSKAP | 10 |
| 2.7 TREURNICHT OOR VOLK EN TAAL | 11 |
| 2.8 GERRIT VILJOEN SE AFRIKANERSKAP | 11 |
| 2.9 J.J. DEGENAAR OOR MONDIGWORDING EN AFRIKANERSKAP | 11 |
| 2.10 VAN JAARSVELD OOR BAIE DEFINISIES VAN DIE AFRIKANER | 13 |
| 2.11 JAAP MARAIS | 15 |
| 2.12 GUNTHER PAKENDORF OOR KODES VAN AFRIKANER-NASIONALISME | 16 |
| 2.13 HARRY LAURIE OOR WIT EN BRUIN IN EEN TAALSTROOM | 17 |
| 2.14 O'MEARA OOR KAPITALISME SE ROL IN AFRIKANER-NASIONALISME | 18 |
| 2.15 JAAP STEYN OOR AFRIKANERNASIONALISME | 18 |
| 2.16 SLOT | 22 |
| HOOFSTUK 3: M.E.R. OOR DIE AFRIKANER EN AFRIKANER-NASIONALISME | 24 |
| 1. M.E.R. OOR DIE AFRIKANER EN SY VOLKSAARD | 24 |
| 2. M.E.R. OOR TIPIESE KARAKTERTREKKE VAN DIE AFRIKANER | 26 |
| 2.1 DURF EN MOED | 26 |
| 2.2 AFRIKANERVERSET | 26 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | DIE ENGELSE STREEP IN DIE AFRIKANER | 28 |
| 3. | M.E.R. EN VAN WYK LOUW OOR DIE NASIONAAL-SOSIALISME | 29 |
| 4. | AFRIKANERNASIONALISME | 30 |
| 4.1 | M.E.R. EN AFRIKANERNASIONALISME | 30 |
| 4.2 | VAN WYK LOUW SE VOLKSNASIONALISME | 33 |
| 4.3 | 'N VERGELYKING: FRITS ROTHMANN EN VAN WYK LOUW | 35 |
| 4.4 | DEGENAAR EN STEYN SE BESKOUINGE OOR VOLKSGEES EN NASIONALISME | 37 |
| 4.5 | RYKIE VAN REENEN OOR STEYN | 38 |
| 5. | SLOT | 39 |
| | HOOFSTUK 4: M.E.R. OOR KRUGER, STEYN, HERTZOG EN VERWOERD | 47 |
| 1. | INLEIDING | 47 |
| 2. | S.P. KRUGER | 48 |
| 2.1 | INLEIDING | 48 |
| 2.2 | KRUGER SE VERSET TEEN DIE VYANDE VAN SY VOLK | 49 |
| 2.3 | KRUGER SE ROL IN DIE AFRIKANER SE GESKIEDENIS | 50 |
| 2.4 | SLOTSOM | 52 |
| 3. | PRESIDENT M.T. STEYN | 53 |
| 3.1 | INLEIDING | 53 |
| 3.2 | DIE NASIONALE KONVENSIE | 55 |
| 3.3 | DIE REBELLIE | 56 |
| 3.4 | AFRIKAANS | 57 |
| 4. | GENL. J.B.M. HERTZOG | 58 |
| 4.1 | 'N GRONDOORSAAK VAN HERTZOG EN M.E.R. SE VOLKSGEVOEL | 58 |
| 4.2 | M.E.R. SE BEDENKINGE OOR HERTZOG | 59 |
| 4.3 | DIE TWEESTROOMBELEID, S.A. EERSTE EN DIE VRYHEIDSDRANG | 60 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | HERTZOG SE NALATENSKAP | 62 |
| 4.5 | OOR GENL. HERTZOG EN AFRIKAANS | 63 |
| 4.6 | SLOT | 64 |
| 5. | DR. H.F. VERWOERD | 66 |
| 5.1 | M.E.R. OOR VERWOERD | 66 |
| 5.2 | VAN WYK LOUW OOR VERWOERD | 68 |
| 5.3 | J.C. STEYN OOR VERWOERD | 69 |
| 5.4 | J.J. DEGENAAR OOR VERWOERD | 70 |
| 5.5 | SLOT | 71 |
| HOOFSTUK 5: | M.E.R. OOR ANDER AFRIKANERS | 73 |
| ANDER VROUE | | 73 |
| 1. | MEV. ANNA GEYER | 73 |
| 2. | TWEE SUSTERS | 73 |
| 3. | DIE VROU MET DIE DAPPER GEES | 74 |
| 4. | SARA | 74 |
| 5. | TANT RAGEL | 76 |
| 6. | DIE PLAAS SE NOOI | 76 |
| 7. | DIE SENDELINGSVROU | 77 |
| 8. | DIE THERONS | 78 |
| ANDER MANS | | 78 |
| 1. | GAWIE DE LA BAT | 78 |
| 2. | DR. A.L. GEYER | 78 |
| 3. | FREDERIK ROMPEL | 79 |
| 4. | CHARLIE MALAN | 79 |
| 5. | OCKERT VAN SCHALKWYK | 79 |
| 6. | DIE SKOTSE AFRIKANERDOKTER | 80 |
| 7. | DIE SENDELING | 80 |
| 8. | MELT BRINK | 81 |

9. HUGO NAUDé 81

10. EUGèNE MARAIS 82

11. DIE DROOGTE-GESIN 83

HOOFSTUK 6: M.E.R. OOR BRANDARM AFRIKANERS 85

1. INLEIDING 85

2. INHOUD 85

2.1 M.E.R. SE WERKMETODE 86

2.2 NATUURLIKE ARM GESINNE 86

2.2.1 GESIN X 86

2.2.2 GESIN M 89

3. AGTERUITGANG DEUR INVLOEDE VAN BUITE 89

3.1 GESIN G 89

3.2 GESIN H 90

3.3 GESIN V 90

3.4 ARMES IN 'N WELVARENDE DISTRIK 90

4. PROBLEME VAN DIE BEHOEFTIGE VROU 91

4.1 GEBREK AAN MAATSKAPLIKE SIN 91

4.2 HUISLIKE PROBLEME VAN DIE BEHOEFTIGE VROU 92

4.3 PROBLEME BY GEBOORTES 93

4.4 PROBLEME MET VROEDVROUE 94

5. GEVOLGTREKKING 94

6. DIE DOGTER 95

6.1 NEDERSETTINGS 95

6.2 DELWERYE 95

6.3 DOGTERS IN INRIGTINGS 97

6.4 KOSHUISE IN KAAPLAND 98

6.5 ARBEIDSVELD VIR DOGTERS UIT ARM GESINNE 98

6.5.1 DIE STAD 98

6.5.2 TEHUIS IN SOUTRIVIER 99

6.5.3 DOGTERS IN FABRIEKE 99

7. OPSOMMING VAN M.E.R. SE VERDIENSTE AS ONDERSOEKER 100

8. VAN WYK LOUW OOR DIE VERSLAG 101

9. WEERKLANK VAN DIE VERSLAG IN M.E.R. SE LATERE PROSA 102

9.1 "ONTWIKKELING VAN 'N AFRIKANER" 102

9.2 GROND 102

9.3 "DIE PLIG" 102

9.4 VROUE WAT JESUS GEKEN HET 103

9.5 GEBREK AAN MAATSKAPLIKE SIN 104

9.6 "SLAAFGEBORE" 104

9.7 NA VASTE GANGE 104

9.8 SLOT 105

10. LITERêRE WAARDE VAN DIE VERSLAG 105

HOOFSTUK 7: M.E.R. EN DIE AFRIKANERKIND 108

1. INLEIDING 108

1.1 DIE KINDERVERHAAL 108

1.2 M.E.R. SE KINDERVERHALE 109

2. LEESSTOF VIR KLEUTERS 110

3. VERHALE VIR LAERSKOLE 111

3.1 DIE SOKKA-BOEK-STORIES VAN 'N SKAAPHOND (1926) 111

3.2 DIE STOUTE BENGEL (1931) 112

4. 'N HOëRSKOOLVERHAAL MET GOEIE RAAD VIR TIENERS JONGDAE - 'N MEISIE-STORIE (1933) 113

5. KINDERS VAN DIE VOORTREK (1920) 114

6. DIE KAMMALANDERS 118

6.1 IETS OOR DIE KINDERVERHAAL AS SPROKIE 120

7. OOR DAPPER EN VROME VOOROUERS 121

8. 'N HELD SONDER WEERGA 122

9. JAAP STEYN SE BOEK 126

10. VAN WYK LOUW EN KINDERTAAL 127

11. FRANCOISE COETZEE OOR ANDER KINDERVERHAALSKRYWERS 128

12. SLOT 129

HOOFSTUK 8: M.E.R. OOR DIE AFRIKANER SE GODSDIENS 130

1. INLEIDING 130

2. M.E.R., VAN WYK LOUW EN J.C. STEYN SE HUISLIKE AGTERGRONDE 131

3. OOR FINALE OPLOSSINGS 133

4. M.E.R. EN VAN WYK LOUW OOR CHRISTUS 134

5. M.E.R. EN VAN WYK LOUW SE GODSDIENSTIGE VERDRAAGSAAMHEID 135

6. GODSDIENS EN NASIONALISME 137

7. LOUW SE LAASTE BELYDENIS EN M.E.R. SE SIENING IN DIé VERBAND 137

8. DEGENAAR OOR DIE CHRISTEN EN DIE POLITIEK 139

9. SLOT 144

HOOFSTUK 9: M.E.R. OOR VOLKEREVERHOUDINGS 146

1. INLEIDING 146

2. M.E.R. EN TYDGENOOTLIKE DENKE 147

2.1 M.E.R. OOR RAS 148

2.2 M.E.R. OOR DIE GEVAAR VAN GEMENGDE HUWELIKE 149

2.3 M.E.R. OOR DIE KLEURLINGE 149

2.4 M.E.R. OOR DIE NATURELLE-KWESSIE 150

2.5 'N VERBASENDE STELLING 153

3. VAN WYK LOUW OOR VOLK EN GEMEENSKAP 154

3.1 VAN WYK LOUW OOR VERMEENDE RASSEGELYKHEID 154

3.2 LOUW OOR GEBIEDSKEIDING TUSSEN SWART EN NIE-SWART 155

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | LOUW OOR DIE KLEURLINGE | 156 |
| 3.4 | OOM MAER WILLEM | 157 |
| 4. | J.C. STEYN EN MENSLIKE GRENSE | 158 |
| 4.1 | GEEN OPLOSSING | 158 |
| 4.2 | DIE LAASTE DINGE | 159 |
| 4.3 | PRELLER SE INVLOED OP STEYN | 160 |
| 5. | DEGENAAR SE VISIE VAN DIE "NUWE" SUID-AFRIKA | 161 |
| 6. | SLOT | 164 |

HOOFSTUK 10: <u>MY BESKEIE DEEL</u>, OUTOBIOGRAFIE VAN 'N AFRIKANERVROU 165

| | | |
|---|---|---|
| 1. | BEGRIPSOMSKRYWING | 165 |
| 2. | IS DIE OUTOBIOGRAFIE LETTERKUNDE? | 166 |
| 3. | KENMERKE VAN DIE OUTOBIOGRAFIE | 166 |
| 3.1 | INTIMITEIT | 166 |
| 3.2 | WAARTOE DIE OUTOBIOGRAFIE IN STAAT IS | 166 |
| 3.3 | DIE OUTOBIOGRAFIE GEDEFINIEER | 167 |
| 4. | VAN REENEN EN BOUWER OOR M.E.R. IN <u>MY BESKEIE DEEL</u> | 169 |
| 5. | <u>MY BESKEIE DEEL</u>: DIE OUTOBIOGRAFIE VAN 'N AFRIKANERVROU | 170 |
| 6. | DIE WESENLIKE M.E.R. WAT UIT <u>MY BESKEIE DEEL</u> BLYK | 171 |
| 6.1 | INVLOED VAN HAAR MOEDER | 171 |
| 6.2 | M.E.R. LIEFHEBBER VAN DIE WOORD | 172 |
| 6.3 | DIE ONTWAKING EN ONTWIKKELING VAN M.E.R. SE AFRIKANERSKAP | 172 |
| 7. | SLOT | 175 |

HOOFSTUK 11. M.E.R. AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANERVOLK 177

| | | |
|---|---|---|
| 1. | M.E.R. AS VOLKSLEERMEESTER | 177 |

1.1 DIE WAARDE VAN GOEIE MOEDERS 178

1.2 BEWAKER VAN GOEIE SEDES 178

1.3 MEDEDEELSAAMHEID 179

1.4 STREICHER SE OPSOMMING VAN M.E.R. SE LEWENSLESSE 179

1.5 KAMPVEGTER VIR DIE WAARHEID 180

1.6 DIE WARE OORSAAK VAN ARMOEDE 180

2. VAN WYK LOUW AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANER 181

2.1 INLEIDING 181

2.2 NEERHALENDE EN OPBOUENDE VOLKSKRITIEK 182

2.3 VOORDELE VAN PLATTELANDSE JEUGJARE 182

2.4 LOUW SE BOODSKAP AAN DIE INTELLEKTUELE JEUG 183

2.5 UITBREIDING VAN DIE GEESTELIKE HORISONNE VAN DIE VOLK 183

2.5.1 DIE STRENG EN OMVATTEND DINK 184

2.5.2 DIE OOP GESPREK 184

2.6 BYNA AGITATOR VIR SY VOLK 184

2.7 SLOT 185

3. J.C. STEYN AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANER 185

4. J.J. DEGENAAR AS LEERMEESTER VAN SUID-AFRIKANERS 186

5. SLOT 186

HOOFSTUK 12: ENKELE OPMERKINGS OOR DIE TAAL EN STYL VAN M.E.R., LOUW, STEYN EN DEGENAAR 188

1. INLEIDING 188

2. OOR M.E.R., LOUW EN STEYN SE STYL 189

3. 'N LOUW-HANDSKRIF (DOKUMENT 2.X.32) 193,194

4. BESPREKING VAN VERBETERINGE DEUR LOUW SELF OP DOKUMENT 2.X.32 195

5. IETS OOR DEGENAAR SE STYL 196

HOOFSTUK 13: SLOT 198

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Hierdie proefskrif gaan oor M.E.R. se beskouing van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme met as toevoeging die beskouinge van Van Wyk Louw, J.C. Steyn en J.J. Degenaar vergelykend en teenstellend daarmee. Dit ly geen twyfel dat M.E.R. 'n besliste mening oor die Afrikaner en sy nasionalisme het nie. Sy het self gesê dat haar geskrifte nie in die eerste plek lerend was nie (hoewel dit van begin tot einde tog was!), maar om vas te stel watter stof daar in die Afrikaner sit, waar dit vandaan kom, en wat dit laat ontwikkel het. M.E.R. het nie gewonder of daar wel 'n verskynsel soos "die Afrikaner" is nie. Dit was by haar 'n gegewe. Sedert haar vroegste heugenis was daar Afrikaners by en om haar. Sy was twee jaar oud (darem nie in haar tweede jaar soos Harley en Pieterse beweer nie!) toe sy haar broer Gert, hy wat op 21 aan die koors gesterf het en vir wie "almal liefhad", die laaghangende apppelkoostak voor die deur sien wegstoot het, waarop sy aan haar moeder gesê het: "Kyk, daar's Boetabá!" (M.E.R. 1972 : 11). Dwarsdeur haar lewe was Afrikaners vir haar blanke Afrikaanssprekendes, en as jy "met hulle mee wil gaan, moet jy hulle maniere verstaan". En hulle nasionalisme, hulle volksgees? Dit was nie vir haar nodig om Herder of Fichte te lees om daarvan bewus te word nie. Dit was 'n lewende werklikheid in die Swellendammers en oral waar Afrikaners gewoon het. Kontak met die ou Afrikaanse Boerefamilies en die moedertaal het verseker dat nóg die Rhenish Girls' High nóg die Suid-Afrikaanse Kollege van Miemie 'n nagemaakte Engelse juffer kon maak. En toe Leander Starr Jameson Transvaal met 'n spul dragonders stormenderhand wou verower, maar bloedneus van dié eskapade afkom, het sy en Charles de Villiers - hy 'n magistraatseun en broerskind van die Engelsgesinde Lord De Villiers - "albei, vaag en ver, in daardie Engelse omgewing die voorouers se gees in ons gevoel roer. Ek onthou die toneeltjie baie helder. Wat daarop gevolg het, weet ek nie meer nie. Daar staan my iets voor van 'n voorneme - ek by my mense! - wat daarvandaan, by my altans, stadigaan in sterkte toegeneem het en nooit verander het nie" (M.E.R. 1972 : 91). Sy voeg veelbetekenend by dat sy nie weet hoe dit in later lewe by Charles uitgewerk het nie want "mense met geld en goed en rang en stand moet maar baie gyselaars gee". Daar sal getrag word om op M.E.R. se letterkundige verdienste te wys. In die aangehaalde sin hierbo beklemtoon die gebruik van polisindeton die afsonderlike, sterk invloed wat elkeen van die vier dinge, geld, goed, rang en stand op die mens het. Geen wonder nie dat Kannemeyer van mening is dat "M.E.R. se herinneringe in die outobiografiese My beskeie deel wel deeglik deel is van die skeppende literatuur" (Kannemeyer 1978 : 152).

M.E.R. se werk getuig voortdurend van die bestaan van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme. 'n Mens moenie vergeet dat sy veertien dae ná die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners gebore is nie. Kannemeyer noem S.J. du Toit "nie alleen 'n buitengewoon intelligente man nie", maar voeg by dat hy tewens "deur sy groot liefde vir die taal ook die eerste Afrikaanse nasionalis in die ware betekenis van die woord genoem kan word" (Kannemeyer 1978 : 50). 'n Kwarteeu later moes M.E.R. dit beleef dat hierdie geliefde en begaafde Afrikaner op 'n vergadering in die Pêrel Milner geloof en die Boere se optrede gelaak het. In haar het die Afrikanernasionalis egter nie gekwyn, laat staan nog gesterf, nie. Sy het nooit "bereken" nie, het nooit gesorg dat sy aan die wenkant staan nie. Willie Hofmeyr se materialisme by die Nasionale Pers het haar nie aangestaan nie. Sy het die Ossewabrandwag bly ondersteun toe dit nie langer "populêr" was nie en dr. D.F. Malan dit openlik die stryd aangesê het.

Wat Afrikanerskap betref, sal aangetoon word dat J.C. Steyn die naaste aan M.E.R. staan. Hy wys haar aan as een van die sowat 'n dosyn "trouwe Afrikaners" wat hy in 'n persoonlike brief aandui. Indien sy Steyn geken het, sou sy op haar beurt in hom een van die onaangetekende broederskap herken en erken het. Van Wyk Louw se bydrae tot Afrikaans en Afrikanerdenke sal onaantasbaar bly staan, maar in sy persoonlikheid was as gevolg van sy jare in Nederland en sy wye belesenheid veel van die wêreldburger, terwyl Steyn in die woelinge van vandag onder die weinige regse Afrikaanse letterkundiges tel. Johannes Degenaar val in 'n glad ander kategorie. Van hom skryf Hermann Giliomee dat hy teen die helfte van die jare sestig "toe Nasionaliste hulle die naam Afrikaner toegeëien het, homself steeds Afrikaner genoem het, hoewel op sy eie voorwaardes. Hy het geweier om kleingeestige, eensydige definisies te aanvaar, en in plaas daarvan 'n Afrikanerskap bepleit wat 'n hoër prys op geregtigheid sou stel as op politieke heerskappy" (Du Toit 1986 : 14, my vertaling).

Min of meer drie opeenvolgende geslagte word deur M.E.R., Louw en dan Degenaar en Steyn verteenwoordig. M.E.R. dateer uit die stigtingsjaar van die G.R.A., Louw is 31 jaar later in 1906 gebore toe die Britse premier, sir Henry Campbell - Bannerman, selfregering aan die voormalige Republieke toegestaan het, Degenaar in 1926, twintig jaar ná Louw, die jaar toe Suid-Afrika outonome status binne die Britse Ryk verkry het (Kannemeyer 1978 : 80), terwyl Steyn twaalf jaar ná Degenaar in 1938 die eerste lig aanskou in die jaar van die Ossewatrek wat 'n waterskeiding in die Afrikanerpolitiek sou meebring.

In hulle prosawerk hanteer die viertal dikwels dieselfde onderwerpe en maak so hulle standpunte vergelykbaar. Wanneer M.E.R. bv. oor Paul Kruger skryf, is dit moontlik om háár siening nie alleen met Louw s'n in verband te bring nie maar ook met dié van D.W. Krüger, Johannes Meintjes, Juta en andere. Omdat elkeen van hierdie laasgenoemdes 'n bepaalde veld oor Kruger dek en doelbewuste biograwe is, sou deurlopende, wetenskaplike vergelyking van hulle werk met M.E.R. s'n ondoenlik wees. Boonop skryf M.E.R. oor haas al die volksleiers wat haar eeu opgelewer het. Om haar siening van hulle met alles wat ander oor hulle geskryf het, te vergelyk, sou 'n paar proefskrifte vereis. Daar sal dus soms verwys word na menings van ander skrywers, maar nie in besonderhede nie.

Wat hulle standpunte oor die Afrikaner en sy nasionalisme betref, is M.E.R., Louw en Steyn op letterkundige gebied tussen die leiers van hulle onderskeie geslagte, terwyl Degenaar as politieke filosoof hoog aangeskrewe staan.

Dat M.E.R. tot aan die einde een van die getroues gebly het, is reeds aangetoon. Op 11 April 1988 het die 84-jarige mnr. Hendrik Hermias Nel my vertel dat hy van 1924 tot 1928 mede-student van Van Wyk Louw aan die Kaapse Universiteit was. Hulle was boesemvriende en boonop albei boorlinge van die Noordweste, hy van Calvinia en Louw van die "buurdorp" Sutherland, 165 kilometer ver! Volgens mnr. Nel was Van Wyk Louw se ouers en al sy broers volgelinge van genl. Smuts. Dit was mnr. Nel destyds ook, maar sy vriend, Van Wyk Louw, was in die twintigerjare op universiteit reeds 'n vurige Nasionalis. Self het Louw later gesê hy het geleer om met 'n skoon oog, vry van alle ismes na die wêreld te kyk; 'n skoon oog, beslis ja, dit moet 'n mens gelyk gee, maar nietemin 'n Afrikaneroog. Steyn weer, het in die Rebelle-wêreld van die Noord-Vrystaat grootgeword. In sy jongste boek, <u>Hoeke Boerseuns ons was</u> (Tafelberg 1991), beskryf hy die kontrei waarin hy sy jeugjare deurgebring het, en die soort Afrikaners wat sy ouers en hulle bure was. As student in Nederland was hy relatief behoudend. Later, as hoogleraar in Afrikaans, het hy roem verwerf met <u>Tuiste in eie taal</u> (1980) waarin hy o.m. die stryd om amptelike status vir Afrikaans beskryf, en metodes aandui om Afrikaans behoue reis te laat maak in 'n snel veranderende Suid-Afrika.

Omdat hierdie proefskrif basies oor die Afrikaanse letterkunde gaan, moet aandag gegee word aan die taal-, styl- en letterkundige middele wat deur M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn aangewend word om hulle beskouings oor die Afrikaner en Afrikanernasionalisme by hulle lesers tuis te bring. Aangesien die graad waarvoor hierdie proefskrif geskryf word, in Letterkunde en Filosofie toegeken word, word dit beslis nie uit 'n politieke perspektief

geskryf nie. Daar moet nietemin in gedagte gehou word dat politiek deel van die Afrikaner se kultuur is en dat die viertal onder bespreking besliste politieke standpunte huldig. M.E.R. was by geleentheid ondervoorsitter van die Nasionale Party in Kaapland. Louw was in die twintigerjare toe ook hy self in sy jare twintig was, reeds Nasionalis, bewonderaar van genl. Hertzog en verbete teenstander van genl. Smuts. Daar sal aangetoon word dat Degenaar 'n linkse standpunt in die hedendaagse politiek inneem en Steyn 'n bepaald regse. Dit sou dus nie realisties of moontlik wees om in die vergelyking en kontrastering van M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn se onderskeie beskouinge van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme hulle politieke sieninge buite rekening te laat nie.

In hoofstuk 2 word 'n algemene opname gemaak van bekendes se definisie van die Afrikaner en sy nasionalisme, terwyl ons viertal in die volgende hoofstuk daaroor aan bod kom. Hoofstuk 4 gaan oor M.E.R. se siening en persoonlike herinneringe van presidente Kruger en Steyn, genl. J.B.M. Hertzog en dr. H.F. Verwoerd. Hoofstuk 6 behandel M.E.R. se beskouing van blanke armes, na aanleiding van haar verslag oor die moeder en dogter van die arm gesin vir die Carnegie-Kommissie se Verslag. In hoofstuk 7 word M.E.R. se boeke wat spesifiek vir Afrikanerkinders geskryf is, behandel. Hoofstuk 8 gaan in op M.E.R. se siening van die Afrikaner se godsdiens, en haar persoonlike credo. Die Afrikaner se verhoudings tot ander volke in Suid-Afrika en vooruitsigte vir die toekoms in staatkundige verband, is die tema van hoofstuk 9. In hoofstuk 10 word M.E.R. se trefferboek, My beskeie deel, 'n blitsverkoper vergeleke by haar ander boeke, as outobiografie van 'n Afrikanervrou bespreek. Hoofstuk 11 gee 'n weergawe van M.E.R., Louw, Steyn, Degenaar se bydraes as leermeesters van hulle volk, terwyl Hoofstuk 12 kortliks hulle taal en styl behandel.

HOOFSTUK 2

# 2. OOR DIE AFRIKANER EN AFRIKANERNASIONALISME

## 2.1 DIE BENAMING AFRIKANER

In Wording en ontwikkeling van Afrikaans sluit J. du P. Scholtz 'n artikel in, nl. "Wie was die eerste Afrikaner?" wat die eerste maal op 10 Oktober 1975 in Bylae tot Die Burger verskyn het. Hierin verwys hy na 'n artikel deur J.L.M. Franken in Die Huisgenoot van 21 September 1928, waarin die skrywer vertel hoe 'n feesvierende en effens beskonke Hendrik Bibault in Maart 1707 ná die nederlaag van W.A. van der Stel vir die landdros wat hom wou oorreed om stil huis toe te gaan, gesê het: "Ik wil niet loopen, k'ben een Africaander, al slaat den Landdrost myn dood, of al setten hij myn in den tronk ik sal nog wil niet swijgen" (Scholtz 1980 : 114). Soos die titel van sy artikel aandui, was Franken van mening dat Hendrik die eerste Afrikaner was, maar Scholtz wys daarop dat die woorde "Africaan" en "Afrikaan(d)er" in die sewentiende eeu deurgaans vir 'n kleurling gebruik is, en dat Bibault se uitroep die oudste bekende voorbeeld is waar die benaming(e) ook op 'n aan die Kaap gebore blanke toegepas is. Scholtz dink dat Bibault die naam Afrikaner beslis nie gebruik het in naasteby dieselfde betekenis wat vandag aan die woord geheg word nie (Scholtz 1980 : 114). Tot in die laat agtiende eeu is die naam Afrikaner nog gebruik vir alle boorlinge van die Kaap. 'n Argiefstuk van 1768 vermeld "een slaaven jongen Andries, dewelke een Africaner is".

Al gee 'n mens geredelik toe dat 'n deel van Bibault se bravade dalk deur die sap van die druif geïnspireer is, is dit tog moontlik dat hy wou sê 'n boorling van die Kaap laat hom nie sommerso intimideer nie. Vir my lyk dit tog of hy wou sê dat "een Africaander" - nou nie meer Hollander nie - iemand is om mee rekening te hou. In die loop van die agtiende eeu is nog onderskei tussen Vaderlanders, d.w.s. mense wat in Nederland gebore is, en Afrikane of Afrikaanders.

Die Nederlandse skout-by-nag, Stavorinus, het omstreeks 1770 die Kaap besoek en geskryf dat die Europese bevolking, alhoewel afstammend uit verskeie nasies, so saamgesmelt het dat hulle ononderskeibaar is, en "hebben als't ware, hun nationaal character voor dat van dezen landaart verwisseld" (Scholtz 1980 : 114).

Uit 1770 kom ook die eerste opgetekende sin uit die spreektaal van 'n Afrikaanse vrou, Hanna Wagenaar, "so ná aan Afrikaans van vandag as kome kan":

"Het hulle dan overal geloop waar ons geloop het? Hoe weet hulle dat of het hulle die neus daar beij gehad?" (Scholtz 1980 : 116).

Scholtz skryf dat toe hy in 1917 universiteit toe is, "het ons ons spreektaal nog altyd Hollands genoem, Nederlands was vir ons Hoog-Hollands". Hy voeg by dat dit baie moeilik, byna onmoontlik, is om te sê van wanneer af van Afrikaners en Afrikaans gepraat is. Dit het eers gevolg op 'n "hele reeks geleidelike oorgange wat saamgegaan het in die wording van iets nuuts" (Scholtz 1980 : 115).

In 1819 skryf G.A. Robertson in sy boek Notes on Africa ... dat die Kaap se blanke bevolking uit Portugese avonturiers, Franse vlugtelinge en Hollandse immigrante bestaan, "maar laasgenoemde is verreweg die talrykste en beïnvloed al die ander, hoewel hulle baie swak Hollands praat, om van hulle oorspronklike en nasionale karakter af te sien en hulleself as 'n oorspronklike nasie, die Afrikaners, te beskou" (Scholtz 1980 : 115, my vertaling uit Engels). Na Scholtz se beste wete was dit die eerste maal dat geskryf is dat die "Hollands"-sprekende burgers hulself as 'n aparte nasie beskou en Afrikaners noem.

## 2.2 DIE GROOT TREK SE AFRICAANDERS

Die Groot Trek het baie bygedra tot 'n nasionale bewussyn. Op 23 Julie 1838 het Andries Pretorius o.m. soos volg aan ds. Van der Lingen van die Paarl geskryf: "... terwyl wy weet dat U.Ed. een waare Afrekaan ben en met alle onse rampen bekend zyn".

Nege jaar later skryf dieselfde Pretorius aan "myne Lantgenooten": "Daar ik nooyd sullen ophouden Afrikaander te zyn kan ik niet swygen wanneer ik myne Landgenooten sien dwaalen".

Ook ander Trekkers noem hulself Afrikaanders. Soms kom die naam "Afrikaan" voor, maar dis suiwer Nederlands soos "Amerikaan" (Scholtz 1980 : 117). In 1838 reeds word van 'n "ware Afrikaan" gepraat. Ses en dertig jaar later skryf S.J. du Toit 'n reeks artikels in De Zuid-Afrikaan aan "alle ware Afrikaanders" en gebruik hy die skuilnaam "Een ware Afrikaander".

Die Afrikaanders het hulleself nooit Boere genoem nie. Die Engelse het wel die naam Boor (meestal neerhalend) en Boer gebruik. Daar is later van die Boer War gepraat sodat die woord "Boer" ook in ander Europese tale opgeneem is (Scholtz 1980 : 118).

## 2.3 AFRIKANER, VADERLAND EN IDENTITEIT

Volgens J. du P. Scholtz is die naam Afrikaner of Afrikaander al byna drie eeue oud; "sy begripsinhoud en gevoelswaarde het met die verloop van tyd en onder wisselende omstandighede baie verander". Veral in die Patriotte-tyd (1779 - 1791) toe die Hollanders, Franse en Duitsers al "tot 'n nuwe eenheid saamgesmelt was", word na Suid-Afrika al meer verwys as "ons vaderland, ons dierbaar vaderland; Nederland is nou vir 'onze Africaners' nie meer 'het Vaderland' nie, maar 'de Republiek'" (Scholtz 1980 : 119).

Later is die gevoel van Afrikanervolkseenheid versterk deur die Britse oorname, die Groot Trek, die lotgevalle van die Trekkers, en die Britte se onreg teenoor die Boere-republieke. "Die nasiebewustheid van die Afrikaner, waarvan sy taalbewustheid een van die belangrikste aspekte is, het die afgelope eeu 'n onberekenbaar groot rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel" (Scholtz 1980 : 119,120).

Scholtz voeg by dat dit nietemin tot vandag toe baie moeilik sal wees om "Afrikaner" as volksnaam inklusief en eksklusief te definieer. Moeiliker nog sal dit wees om te bepaal wie die eerste Afrikaner was. Volgens Jaap Steyn "is die algemeenste betekenis van Afrikaner nog altyd blanke Afrikaanssprekende, en dis die betekenis wat daaraan geheg word wanneer ons van Afrikanernasionalisme praat" (Steyn 1987 : 15).

## 2.4 GUSTAV SCHOEMAN PRELLER SE BYDRAE TOT AFRIKANERNASIONALISME

Preller se bydrae tot die vestiging van Afrikaans as skryftaal en tot Afrikanernasionalisme kan haas nie oorskat word nie. Hy het aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem en was 'n tyd lank krygsgevangene in Indië. Toe hy terugkeer, het hy by Eugène Marais se blad Land en Volk begin werk, van 1903 tot 1925 was hy redakteur van De (later Die) Volkstem, terselfdertyd ook van 1910 tot 1922 van Die Brandwag en van 1925 tot 1935 van Ons (Die) Vaderland (Antonissen 1960 : 81). Die res van sy lewe tot 1943 was hy voltyds geskiedvorser.

Preller se groot kans om 'n kishou ten behoewe van Afrikaans te slaan, het gekom met Onse Jan Hofmeyr se lesing, "Is't ons ernst?", op Stellenbosch in 1905. Hofmeyr was 'n groot voorstander van Nederlands as teenvoeter teen verengelsing. In 'n artikelreeks van 19 April tot 14 Junie 1905 antwoord Preller met "sy briljante betoog oor die volkome bruikbaarheid en

noodsaaklikheid van Afrikaans" (Antonissen 1960 : 81). Preller se vakleerlingskap was toe hy "in 'n tyd van diepste verslaenheid en strengste sensuur" dertig jaar lank joernalis was waarvoor hy, ook vanweë letterkundige gehalte, 'n "blywende waardering" verdien (Antonissen 1960 : 81).

Preller het sy artikelreeks laat herdruk as brosjure getiteld "Laat 't ons toch ernst wezen!" met ondertitel "Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schryftaal".

Preller begin met 'n verwysing na Hofmeyr se protes "tegen het plakken van een Hollandse tak op een Engelse stam", en sy betoog oor "de onmogelikheid om een Engelse denneboom op 'n Hollandse eik te enten". Net daar, sê Preller, het hy van bome en takke begin droom. In sy droom het hy drie vrugtebome op 'n oop stuk grond in 'n wilde woesteny gesien. 'n Kaalperske en 'n nooiensperske van steggies gekweek, is moeisaam aan die lewe gehou met waterlei, losspit, snoei en bemesting. Tussen hulle het 'n geelperske-pitboom gestaan wat woes aan die groei was, kwetsure hom aangedoen deur die versorgers van die kaalperske, oftewel nektarien, ten spyt. Ook die nooiensperske was lus vir groei maar het van die nektarien-planters 'n "lelike en moedswillige knauw gekregen" (Kritzinger 1931 : 45). Dis seker nie nodig om aan te dui watter taal deur watter perskeboom verteenwoordig word nie.

Preller het geglo dat in Afrikaans, sy dit dan patois of kombuistaal, daar die geheimsinnige taalorganisme is "dat hier by ons leef en aard" (Pienaar 1943 : 248,249). Afrikaans, aldus Preller, wortel diep en leef gesond "in de geheele Afrikaner nasie" en het daarom in Suid-Afrika die grootste en beste kans op voortbestaan (Pienaar 1943 : 280). Só het Preller sy betoog afgesluit: "Het Afrikaans is onze Moedertaal, onze Landstaal, onze Volkstaal - help om het te maken tot onze Schrijftaal" (Pienaar 1943 : 255).

In sy brosjure het Preller nog as toegif Marais se "Winternag" bygevoeg om te bewys waartoe Afrikaans in staat is.

Antonissen skryf dat Preller die skepping van 'n taal bepleit volgens die norme van die suiwerste, beskaafde Afrikaanse taalgebruik, 'n soort hoog-Afrikaans teenoor die G.R.A. se laag-Afrikaans, 'n verdeling van "wat we hebben" deur 'n drievoudige praktyk: "Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen" (Antonissen 1960 : 59).

Preller se stigting van die Afrikaanse Taal Genootskap het in medewerking met De Waal se Afrikaanse Taal Vereniging in die Suide, 'n onskatbare groot bydrae

tot die vestiging van eersterangse Afrikaans as skryftaal gemaak, wat op sy beurt 'n sterk wapen in die hand van Afrikanernasionalisme geword het.

Volgens Kannemeyer gee Preller se studie oor Piet Retief (1906) 'n "beeld van 'n bepaalde tydvak" en is dit 'n poging om duidelik te begryp wat die Groot Trek vir die Afrikaner beteken, asook die lewe van 'n enkele mens van Retief se kaliber (Kannemeyer 1978 : 148). Preller se werke oor die Afrikanergeskiedenis soos Dagboek van Louis Trichardt, die ses bundels Voortrekkermense en Scheepers se dagboek het Afrikaners bewus gemaak van die helde in hulle geskiedenis. Volgens Antonissen herskep Preller se "visionêre en psigologiese geskiedskrywing ... die nougeset deurvorste historiese werklikheid tot 'n gestalte van die Afrikanernasie se lotsbestemming" (Antonissen 1960 : 82). Dit herinner 'n mens aan Van Wyk Louw se stelling dat die bewoners van 'n kolonie 'n volk word as hulle sin in hulle geskiedenis ontdek. "Die oorgang is slegs gedeeltelik aan politieke emansipasie verbonde". Dit gebeur baie geleidelik, is 'n "geestelike verandering" waarby die mens in 'n "ander sleutel begin droom" (Louw 1986a : 8).

Uit wat vooraf gegaan het, blyk dat Preller in 1905, toe die Afrikaanssprekendes nog hoegenaamd nie polities selfstandig gemaak is nie, reeds in 'n droom Langenhoven se pêrel van onskatbare waarde as nuwe sleutel tot uitdrukking en aparte volkwees geïdentifiseer het.

## 2.5 DR. D.F. MALAN SE AFRIKANERSKAP

Dr. H.B. Thom sien dr. Malan as Afrikanermens, kultuurman, bodemvas, lief vir volk en taal, 'n man wat die opvoeding en die Afrikaner se geskiedenis waardeer, 'n man met deernis vir sy mede-Afrikaner, 'n voorstander van gesonde samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, en iemand met 'n suiwer begrip van die waarde van nasionale simbole (Thom 1980 : 56).

J.C. Steyn haal die volgende interessante uitspraak van dr. Malan aan uit "Suid-Afrikaanse 'Nasionalisme'. Sy swart verlede" 'n artikel uit die Hoofkantoor van die Verenigde Party (Pretoria sonder jaartal), p. 5: "'n Afrikaner is iemand wat, of hy nou al dieselfde taal as ek praat, of dieselfde kerk bywoon of te nie, dieselfde nasionale idees as ek hooghou. Dit is die rede waarom ek bereid is om teen genl. Smuts te veg. Ek beskou hom nie as 'n Afrikaner nie".

## 2.6 DR. VERWOERD SE "WARE" AFRIKANERSKAP

In sy toespraak by geleentheid van die Republiekfees in Pretoria op 31 Mei 1966, presies 98 dae voor sy dood, het dr. Verwoerd o.m. daarop gewys dat daar oor die vorige sestig jaar twee teenoorgestelde politieke strominge onder die Afrikaners was: "... een wat wel gesoek het na selfstandigheid, maar 'n selfstandigheid ingeperk binne 'n groter geheel: 'n strewe na 'n selfstandige Suid-Afrika as deel, eers van 'n Britse Ryk, en later van 'n Statebond. Selfstandigheid, maar binne perke: die begeerte na 'n eie aandeel in 'n groter geheel. Daarnaas was daar 'n tweede stroming: dié van 'n nasie wat onafhanklik wou word, geheel en al vry, van alle bande los, maar tegelykertyd in volle vriendskap met diegene aan wie hy voorheen verbonde was. Dit was die stroom van nasiewording; die stroom na 'n Republikeinse vorm om die vryheid te beklee. Dan sal terugskouend gesien word dat die twee helder afskeibare, selfs teenoorgestelde strome, gesimboliseer word deur twee groepe manne. Aan die een kant genls. Botha en Smuts en aan die ander kant generaal Hertzog, dr. Malan en adv. Strÿdom. Die manne wat die eerste rigting verteenwoordig het, wat ook gestreef het na 'n vorm van eenheid vir die volk, het dit gesoek vir die opgaan van hierdie eenheid in die groter geheel; in die aanvaarding van die feit dat die swakkere en kleinere heil sou vind deur toe te gee en opgeneem te word in wat gelyk het 'n wêreldmag vir altyd te wees. Aan die ander kant by die tweede stroom, was daar ook 'n strewe na die eenheid van die volk, maar 'n eenheid van die volk alleen, en van hulle wat bymekaar hoort; trou aan mekaar, trou aan land en volk, en dan eers vriende met almal daarbuite" (Pelzer 1966 : 672).

Dis duidelik dat dr. Verwoerd die Afrikanerkant verteenwoordig, en die ander stroom die Suid-Afrikanerkant. Wanneer 'n mens terugkyk oor die kwarteeu wat ná dr. Verwoerd se oorlye verloop het, dan blyk dit duidelik dat die Afrikanerkant baie veld verloor het, en dat die Nasionale Party 'n breë Suid-Afrikaanse party geword het. Degenaar toon aan dat Van Wyk Louw se liberale nasionalisme voortgevloei het uit die bedreiging vir die Afrikanervolk van 'n keuse vir blote voortbestaan i.p.v. voortbestaan in geregtigheid (Degenaar 1976 : 67). Later verwys Louw na homself as "oortuigde nasionalis" wat "ewe veel waarde sien in 'n Bantoe-nasionalisme as in die Afrikaner-nasionalisme en noem die moontlikheid van die stigting van 'Bruin en Donkerbruin' takke van dieselfde nasionale party waarmee oor en weer gesels kan word. Inmiddels moet die kunstenaars vir die volk die blywende kultuur maak wat hom die reg op aparte bestaan gee" (Degenaar 1976 : 68).

## 2.7 TREURNICHT OOR VOLK EN TAAL

Dr. A.P. Treurnicht skryf dat die Afrikanervolk en die Afrikaanse taal nie van mekaar te skei is nie. Wie Afrikaans bedreig, bedreig die aard van ons volk. "En wie die Afrikanervolk as verouderd beskou omdat daar dan in die toekomstige bevolkingspatroon vir hom, met sy godsdienstig kulturele nasionalisme, geen plek sou wees nie, probeer daarmee by voorbaat 'n grafskrif vir Afrikaans skrywe" (Treurnicht 1975 : 33). Volgens Treurnicht word Afrikaans al meer in die buiteland gelees. Hierdeur stel die Afrikaner hom bekend en dra hy sy lewensbeskouing uit. Nuttig soos Engels vir internasionale verkeer ook al is, word die siel van die Afrikaner eers reg begryp wanneer mense sy taal verstaan en waardeer (Treurnicht 1975 : 34,35). In 'n klaarblyklike verwysing na skrywers soos Breytenbach en Brink, vra Treurnicht of die beswadderaars van die Afrikaner in Afrikaans, in hulle hart nog Afrikaners is. Daarmee wil hy nie te kenne gee dat die spotter en satirikus noodwendig 'n swak Afrikaner is nie, want hy kan juis die "suiwerste norm" vir Afrikanerskap stel en 'n "heilsame wekroep" rig (Treurnicht 1976 : 36). Sy beswaar is egter teen die moderne verskynsel dat "die woordkuns aangewend word om die normloosheid en die nihilisme, of blatante onsedelikheid aan te prys as waarmerk van vryheid en volwassenheid" (Treurnicht 1975 : 36). Hy besluit dat "Afrikaans 'n daad van die Afrikaner (is) waardeur hy teenoor die wêreld profeteer van sy suiwerste hoop en geloof ... Ook ter wille van die wêreld moet ons dus opreg, suiwer en volledig Afrikaans wees en praat!" (Treurnicht 1975 : 37).

## 2.8 GERRIT VILJOEN OOR AFRIKANERSKAP

Volgens Ideaal en Werklikheid wat in 1978 verskyn het, glo dr. Viljoen dat Afrikanerskap tot blankes beperk is. Hy skryf: "Afrikanerskap is na my mening onversoenbaar met 'n integrasionistiese lewenshouding, omdat so 'n lewenshouding eintlik die hele strewe van identiteitshandhawing van die Afrikanervolk in hierdie belangrike opsig negeer. Sonder die behoud van die blanke rassesuiwerheid is die Afrikaner nie meer Afrikaner nie" (Viljoen 1978 : 62).

## 2.9 J. J. DEGENAAR OOR MONDIGWORDING EN AFRIKANERSKAP

Prof. Degenaar verwys na Kant se bewering dat mondigwording die mens vry maak om vir homself te dink. 'n Student wat "mondig word" kan dit gebruik om sy Afrikanerskap "skeppend te vernuwe". Hy hoef nie skaam te wees om Afrikaans te praat nie, maar moet wel anders praat met die nie-blanke en nie voortgaan

om apartheid in Afrikaans te regverdig nie (Degenaar 1980 : 4). Die Afrikaner moet moreel besin oor sy voortbestaan, apartheid en afsonderlike ontwikkeling aflê, en gewillig wees om "saam met die swartman die toekoms positief tegemoet te gaan" (Degenaar 1980 : 4). Volgens Degenaar vereis die moderne era dus 'n nuwe soort Afrikaner, wat Afrikanerskap respekteer sonder om regverdigheid teenoor ander volksgroepe prys te gee (Degenaar 1980 : 6). Die Afrikaner moet samewerking soek nie op die basis van konsultasie nie, maar op die basis van samewerking (Degenaar 1980 : 10).

Volgens Degenaar is die Afrikaner geen monolitiese verskynsel nie, maar so genuanseerd dat hy nie sonder meer gedefinieer kan word nie. Hy sal egter deur middel van die temas selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag die Afrikaner tipeer "soos hy homself gedefinieer het, veral binne die nasionalistiese verwysingsisteem" (Degenaar 1980 : 13,14). Die selfbeskikkings- en vryheidsbegrip het die Afrikaner suksesvol aangewend in o.m. Christelik-nasionale opvoeding, die stigting van die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond, die 1948-eleksie en Republiekwording (Degenaar 1980 : 14). Die volksbegrip het die Afrikaner help glo hy is 'n geroepene om die Christendom en die Westerse beskawing Afrika binne te dra (Degenaar 1980 : 15). Die begrip rassuiwerheid is deur die Afrikaner ingespan om van Suid-Afrika te praat as witmansland hoewel die oorwig swartes die Afrikaner tot toenadering tot die Engelssprekendes beweeg het (Degenaar 1980 : 15,16). Die organisatoriese struktuur deur die Afrikaner-elite om Afrikanernasionalisme te mobiliseer is vernaamlik uitgemaak deur die N.P. en die A.B. wat Suid-Afrika en die Afrikaner se denke "tot vandag beheer" (Degenaar 1980 : 16). Die Afrikaner het dus sy politieke mag gebruik om Suid-Afrika te skep "volgens sy eie volksnasionalistiese beeld" (Degenaar 1980 : 117).

Degenaar is ontsteld omdat "'n vooraanstaande Afrikaner", prof. Gerrit Viljoen, in 1978 nog kon skryf oor die onaanvaarbaarheid van bloedvermenging, en die noodsaaklikheid om "die rassesuiwerheid van ons volk te bewaar" (Degenaar 1980 : 19). Degenaar verteenwoordig die geslag moderne akademici wat glo dat Afrikanerskap eerder op kultuuridentiteit as op bloedidentiteit moet berus (Degenaar 1980 : 19). Die "mondige" Afrikaner moet gewillig wees om buite die raamwerk van apartheid te beweeg. Ná die Inligtingskandaal het baie jong Afrikaners só besluit aangesien "die Afrikanerleiers ook voete van klei het" (Degenaar 1980 : 25,26).

## 2.10 VAN JAARSVELD OOR BAIE DEFINISIES VAN DIE AFRIKANER

In sy boek, Wie, en wat is die Afrikaner?, gee F.A. van Jaarsveld 'n volledige samevatting van 'n hele aantal definisies van die Afrikaner deur kenners (Van Jaarsveld 1981 : 1-72). Hy wys daarop dat, aangesien veranderende binne- en buitelandse omstandighede die Afrikaners steeds in nuwe posisies laat beland het, die beeld van die Afrikaner, soos deur geskiedkundiges beskryf, ook voortdurend gewissel het. Terwyl die Voortrekkers deur U.G. Lauts as "'n volk van helde, godsdienstig en met 'n liefde vir onafhanklikheid" bestempel is, het ook die Afrikaners van Koningin Victoria wat nie saam getrek het nie, in 1875 by monde van die G.R.A. die Afrikaners met Afrikaanse harte veel hoër aangeslaan as dié met Hollandse of met Engelse harte (Van Jaarsveld 1981 : 7,8).

In 1881 het Paul Kruger in 'n toeligtingstuk aan die Vrystaat op die eie vraag, "Wie zijn wij?", gesê hulle (d.w.s. die Boere of Afrikaners van die Republieke) is nakomelinge van Hollander en Hugenoot, een volk, "één in geloof, één in rustigen eerbied voor de Wet, maar met een gevoel van vrijheid en onafhankelijkheid..." (Van Jaarsveld 1981 : 8).

Olive Sc[illegible]ner het in 1896 gedink die Boer sal verdwyn. Oor vyftig jaar sou hy vervang word nie deur vreemdelinge nie, maar deur sy eie gekultiveerde, komplekse, veelsydige twintigste-eeuse afstammelinge (Van Jaarsveld 1981 : 11).

In 1899 het Ons Land die Afrikaner gedefinieer as iemand wat Suid-Afrika as sy vaderland erken en liefhet (Van Jaarsveld 1981 : 14).

Genl. Hertzog se definisie van 'n Afrikaner in 1912 was "iemand, Afrikaanssowel as Engelssprekend, wat deur die bodem, verlede en ook tradisies in hierdie land gewortel was, en daarin 'is de Afrikaner baas en hij zal baas spelen'" (Van Jaarsveld 1981 : 15).

Tobie Muller het in 1913 geskryf dat die Afrikanernasie deur verdrukking "in smart en angs gebaar (is)". In die skool van ellende het die Afrikaners uitgevind dat "ons onsself" is. Volgens Muller moet die Afrikaner met 'n eie taal, skool en kerk sy volksidentiteit handhaaf teen die "Suid-Afrikaanse nasie"-idee van die Jingo-Imperialisme. "Die bloed van die Afrikaner se voorouers roep nie om wraak nie, maar om te handhaaf" (Van Jaarsveld 1981 : 16).

C.G. Nepgen was in 1938 van mening dat die Afrikaner aan uitverkorenheid en roeping glo, geneig is tot isolasie en individualisme en 'n meerderwaardigheidsgevoel handhaaf. Tipiese karaktertrekke van die Afrikaner is sy "godsdienssin, konserwatisme, waardigheidsbesef, 'n gesteldheid op sy regte, landelikheid en slimmigheid". Die Calvinisme en die Ou Testament het die Afrikaner gelei "na berusting, volharding, fatalisme en flegma". Voorts is "waarheidliewendheid en eerlikheid nie uitstaande volksdeugde nie" (Van Jaarsveld 1981 : 27).

C.G. Nepgen se werk, Sosiale gewete van die Afrikanervolk word deur Izak le Grange in Uit chaos na orde aangehaal. Le Grange meen dat sulke "growwe gebreke" soos oneerlikheid en onbetroubaarheid nie na ons Germaanse voorgeslag herlei kan word nie. Nepgen spoor hierdie karaktertrekke op tot die dae van die N.O.I.K. toe die eerste Vryburgers in ons land begin het met die "verneukery en uitoorlêery wat so kenmerkend van ons huidige geslag is". Diegene wat Jan Kompanjie "ondeurgespring" het met die Hottentot-handel is as "slim" beskou. Toe is die Joodse smous slim uitoorlê en uiteindelik "het die titel van 'slim' na die man gegaan wat sy eie volk die beste om die bos kan lei!" (Le Grange 1944 : 226,227).

Beide G.D. Scholtz (Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner) en P.G. Nel (Die kultuurontplooiing van die Afrikaner) het gewys op die Afrikaner se vermoë om positief te reageer op 'n verpletterende nederlaag soos in die Engelse Oorlog, om te wil om te bly voortbestaan, sy identiteit te behou en sy waarde as volk deur kultuurskepping in sy eie taal te bewys (Van Jaarsveld 1981 : 32,22).

Prof. Bun Booyens het in 1970 in Handhaaf in 'n artikel, "Wesenskenmerke van die Afrikaner", die volgende kenmerke van die Afrikaner genoem: godsdienstigheid, 'n taaie konserwatisme, landelikheid, individualisme en gehegtheid aan huisgesin en taal (Van Jaarsveld 1981 : 59).

In 'n lesing by die Hoërskool President het prof. G.C. Cillié jr. gesê die Afrikaner is gasvry, lief vir die grond en hy praat altyd eerste Afrikaans (Meegedeel deur P.J. le Roux).

Volgens P.S. Dreyer in Afrikaner-Liberalisme (1978) het die Afrikaner ná 1961 gerus geword sodat hy deur materialisme en selftevredenheid beetgepak is. Dreyer vind dit iets heel nuuts dat die liberalistiese aanslag nou nie net van buite nie, maar ook uit Afrikanergeledere self voortkom (Van Jaarsveld 1981 : 63,64).

## 2.11 JAAP MARAIS

Volgens mnr. Jaap Marais wat in 1969 saam met dr. Albert Hertzog en mnre. Willie Marais en Louis Stofberg van mnr. Vorster se Nasionale Party weggebreek het, moet "blanke Suid-Afrika staande gehou word deur die betuiging ... veral van die Afrikanervolk, om in Afrika vry te wees en homself te wees ... Die Afrikanervolk het deur geslagte en onder wisselende omstandighede 'n gewaagde bestaan in Afrika gevoer, en in die uiterste gevaar is sy plek in die geskiedenis bepaal. 'n Volk groei tot grootheid in sy stryd en botsing teen ander volke, en wanneer hy opstaan om vir sy vryheid en eer te veg, is dit altyd 'n minderheid wat die inspirasie gee" (Marais 1983 : 141).

Marais wys voorts daarop dat die uitbreidingsdrang van die Britte aan die einde van die neëntiende eeu in Transvaal en die Vrystaat tot stilstand gedwing is, wat die einde van 'n hele era in die geskiedenis meegebring het. Nou staan die Afrikanervolk voor 'n soortgelyke uitdaging en "net soos in 'n vorige geslag moet hy dit met waagmoed en geloof beantwoord" (Marais 1983 : 141).

Marais toon die vyande van die Afrikanerdom spesifiek aan. Hy haal aan uit 'n toespraak van mnr. Harry Oppenheimer by die herdenking van die Jameson-strooptog in Transvaal in Grahamstad by die Rhodes Universiteit op 12 Augustus 1975. Mnr. Oppenheimer vergoelik Rhodes se strewe om die Afrikanerdom te vernietig, want hulle het in Rhodes se pad gestaan. Só tipeer mnr. Oppenheimer die Afrikaners van die ou Republieke en só regverdig hy vir Rhodes: "As daar 'n Blanke gemeenskap was wat so vas aan die ou weë was, só selfvoldaan, só agterdogtig teen vreemde invloede dat hulle selfs teen groot materiële koste geweier het om saam te werk aan die bou van 'n verenigde, moderne land, dan moes dié gemeenskap vernietig word, want soos Rhodes die saak beskou het, het so 'n gemeenskap hom dwaaslik en halsstarrig as 'n versperring in die pad van die onstuitbare evolusionêre vooruitgang van die geskiedenis geplaas" (Marais 1983 : 117).

Mnr. Oppenheimer het ook die Afrikaners se trou aan hulle tradisies afgemaak as "'n onbehoorlike teerheid teenoor 'n tradisionele leefwyse". Anders gestel, is Afrikanernasionalisme die Skool van Rhodes en Oppenheimer se vyand wat, indien nodig, vernietig moet word. Oor die vraag hoe die vernietiging moet geskied, is daar 'n verskil in die benaderings van Rhodes in die neëntiende en Oppenheimer in die twintigste eeu. Rhodes, aldus Oppenheimer, het probeer om "sy antwoord op die vraag af te druk met mag, en so het hy

misluk". Oppenheimer se oplossing word by implikasie gegee. Hy sê "ekonomiese groei vereis beweeglikheid en snel veranderende denk- en lewenswyse; dit spring oor grense; dit steur hom nie aan ras- en kleurverskille nie; dit is 'n groot kultuurstormer wat vooroordele en tradisies afbreek wat vroom van geslag tot geslag oorgelewer is" (Marais 1983 : 117,118).

In die loop van die proefskrif sal ek probeer aantoon hoe M.E.R., Louw en Steyn se siening oor die Afrikaner se taal en nasionalisme en die behoud daarvan bots met die filosofie van die liberale politiek soos deur o.m. Oppenheimer en Degenaar saamgevat.

## 2.12 GUNTHER PAKENDORF OOR DIE KODES VAN AFRIKANERNASIONALISME

In April 1992 het Pakendorf 'n belangwekkende lesing by die Kaapse Universiteit gehou onder die formidabele titel van "'Ons hele volksverhaal'. Writing Afrikaner Nationalism on the Periphery".

Volgens Pakendorf is die belangrikheid van die tydvak 1934 - 1948 vir die mobilisering van 'n verenigde- en leidende groep Afrikaanssprekende blankes onder die banier van nasionalisme goed gedokumenteer. O'Meara (1983 : 16) het die deurslaggewende rol van die Christelik-nasionale ideologie in hierdie proses oortuigend aangetoon; 'n ideologie gemodelleer deur die simbole en mites van die Trekker verlede: "Die ekonomiese stryd self is geïnterpreteer as nog 'n stadium in die heldhaftige stryd van 'n verenigde volk teen die oorweldigende gewig van die 'imperialisme' enersyds en die oorspoelende gety van Afrika barbarisme andersyds. Hierdie stryd is stewig gegrond in die geloof aan die goddelike roeping van die volk" (O'Meara 1983 : 15, soos aangehaal deur Pakendorf; my vertaling).

Die doel van Pakendorf se referaat is om aan die hand van W.A. de Klerk se <u>Die Gèsel van Namaland</u> die basiese kenmerke van romantiese nasionalisme aan te dui, soos deur Thomas Nipperdey saamgevat in sy bydrae tot J.C. Eade se <u>Romantic nationalism in Europe (1983)</u>.

Nipperdey dui die kodes (konvensies) wat deur die protagoniste van nasionalisme gebruik word, soos volg aan:

(a) 'n Organiese konsep van die kultuur en die wesenlike status van die volk.

(b) Die belangrikheid van die geskiedenis wat die volk gevorm het, en dit dus kan verklaar.

(c) Die volk (nasie) self.
(d) Die voorrang van die kollektiewe bo die indiwidu wat sy vervulling in die volk beleef.
(e) Die anti-rasionele nadruk op die onderbewuste.
(f) Die godsdienstige aard van romantiese nasionalisme.
(g) Die aanname van 'n gemeenskaplike geskiedenis en kultuur van die volk vereis egter getrouheid daaraan, en
(h) die noodsaak om dié kultuur en geskiedenis ongeskonde te hou.

N.B. Die kodes wat deur die protagoniste van romantiese nasionalisme gebruik is, is die slagkrete waarmee hulle die gewone burgers gemobiliseer het, en wat ook in die prosa weerklank vind.

Wanneer Pakendorf se "kodes" op De Klerk se jeugroman, Die Gésel van Namaland toegepas word, blyk dit dat Pakendorf geen vriend van Afrikanernasionalisme of enige ander nasionalisme is nie. Hy eindig sy betoog só: "Die geskrifte van nasionalisme lê dus sy werklike fondament bloot as 'n verhandeling van die doodstryd om die uitsluitlike beheer van die waarheid, mag en kennis, 'n konflik wat in Suidelike Afrika met sy lang geskiedenis van die magstryd tussen verskillende groepe, onvermydelik 'n rasse-konnotasie kry. Wat verbloem word as 'n kryg tussen die waardes van 'n Christelike beskawing en barbarisme, is uiteindelik niks anders as 'n stryd om besit en beheer van die land nie, 'n stryd waarin nasionalisme gegraveer word as die ideologie van die oorheersende groep" (Pakendorf 1992 : 26, my vertaling).

## 2.13 HARRY LAURIE OOR WIT EN BRUIN IN EEN TAALSTROOM

In die Junie-uitgawe 1992 van Insig skryf Harry Laurie oor die volksverband tussen Kleurlinge en Afrikaners. Op grond van pres. Steyn se "De taal is gans het volk", prof. J.J. Muller se stelling dat "die taal die karakter en siel van die volk" is, en Van Wyk Louw se bewoëndheid by die lees van Dawid Botha se "sober mededelings van hoe in die verlede waar die Afrikaner gely het, sy broer by was om saam te ly", is Laurie van mening dat Afrikaner en Bruinman bymekaar hoort. Laurie het m.i. gelyk waar hy aantoon dat die Engelse se snobisme die eintlike vader van segregasie en die Afrikaners se latere apartheid was. Dat die Afrikaner se bruin broer altyd by was om saam met hom te ly, is egter 'n halwe waarheid. C.J. Barnard vertel die volgende insident in sy boek Die vyf swemmers: Terwyl Boere krygsgevangenes van die Groenpuntse kamp hawe toe moes marsjeer om skeep te gaan "... het die Kaapse gepeupel gou op die toneel verskyn. 'n Horde gekleurdes het hulle gevolg en allerlei beledigings toegeslinger, tot groot vermaak van die soldate" (Barnard 1988 : 57).

## 2.14 O'MEARA OOR KAPITALISME SE ROL IN AFRIKANERNASIONALISME

Volgens O'Meara is Afrikanernasionalisme in die jare 1934 - 1948 gevorm deur die noodsaaklikhede en teenstrydighede van kapitaal, en die strydvoering daaromheen. Die voorheen verwaarloosde ekonomiese aksie word volgens O'Meara die kern van Afrikanernasionalisme in die veertigerjare. Op die Tweede Ekonomiese Volkskongres in 1950 het die leiersfigure van handel en nywerheid die "petty bourgeoisie" (d.w.s. professionele mense, amptenare en onderwysers) van die 1939-Ekonomiese Volkskongres vervang. Die "reddingsidee" van 1939 moes plek maak vir ontwikkeling en konsolidasie, en die koöperatiewe metode vir kragtiger kapitaalmobilisering. Verby is nou die dae toe elke vorm van kapitalisme as nabootsing van Hoggenheimer voorgestel is (O'Meara 1983 : 248,249). Hoggenheimer, verpersoonliking van die geldmag, is in die dertiger- en veertigerjare pal in Boonzaier se spotprente in Die Burger as 'n korpulente haakneus-sakeman met 'n dik sigaar voorgestel.

O'Meara beskou die nuwe finansiële reuse in die Suide, Sanlam en Rembrandt, as die verligte Nasionaliste se basis en die Broederbond die "petty bourgeoisie" en verkramptes s'n totdat mnr. B.J. Vorster beheer oor die A.B. verkry het met as sy (Vorster se) vernaamste magsbasis die Buro van Staatsveiligheid (BOSS).

Sanksies en die Inligtingskandaal het tot die P.W. Botha era en "Totale Aanslag"-politiek gelei, wat in 1989 uitgeloop het op mnr. F.W. de Klerk se presidentskap en die "Nuwe Suid-Afrika". O'Meara is van mening dat 'n ontleding van konkrete klasbotsings en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse staat in die ná-1948-tydvak een van die groot leemtes "in the recent South African literature" is. Wie dié leemte wil vul, sal 'n vergelyk moet tref met die gedaanteverandering van Afrikanernasionalisme in die proses van kapitaalophoping, en die klassestryd daaromheen (O'Meara 1983 : 250 - 256).

Oor wat Afrikanernasionalisme presies in die tagtigerjare behels, spreek O'Meara hom wyslik nie uit nie.

## 2.15 JAAP STEYN OOR AFRIKANERNASIONALISME

Hoewel Steyn se beskouing oor die Afrikaner en Afrikanernasionalisme in die hieropvolgende hoofstukke na aanleiding van sy prosa behandel word, meen ek dat sy uitsprake in die eerste hoofstuk, nl. "Afrikanernasionalisme: 'n oriëntering", van sy Trouwe Afrikaners (1987) hier ter sake is as basis van

beoordeling van die beskouinge oor Afrikaners en Afrikanernasionalisme in die prosa van sowel M.E.R. en Louw, asook sy eie werk.

Skoolseuns wat weier om eentalig-Engelse medaljes te ontvang, soldate wat weier om op Engelse kennisgewings militêre parades by te woon, brandarm Afrikaners wat ná die Boereoorlog eie skole in waenhuise of woonvertrekke opgerig het, Van Wyk Louw wat sy "hele persoonlikheid in diens van 'n ideaal en van 'n menslike gemeenskap" stel en die Patriot-manne wat 'n beroep doen op mede-Afrikaners om opofferings vir die Afrikaners se ekonomiese strewe te doen omdat hulle self "werk en geef bo ons mag", hulle almal se doel was om die Afrikaners as volk te laat voortbestaan en hulle welsyn te bevorder. Hierdie gesindheid is volgens Steyn die hoofeienskap van Afrikanernasionalisme (Steyn 1987 : 1-4).

Steyn haal Fishman (1985 : 71) aan wat geskryf het dat 'n mens "nasionalisme as bewuste, georganiseerde etnisiteit, 'volksheid' of 'onsheid' ('peopleness'; 'we-ness') kan beskou". Daarom sê Steyn Afrikanernasionalisme is "iets soos 'n bewuste 'Afrikanerheid' wat Afrikaners tot georganiseerde optrede aanspoor" (Steyn 1987 : 4,5). "Die gevoel vir jou 'eie mense' wat hulle in ellende bevind, is die sterkste en edelste dryfveer vir nasionalisme". 'n Mens dink aan genl. Hertzog se deernis toe hy in 'n "Engelse" poskantoor 'n "donker smeking" in verarmde en vernederde Afrikaners se oë gesien het (Van den Heever 1944 : 190, aangehaal deur Steyn 1987 : 7). In dieselfde verband het Van Wyk Louw gesê "'n ware en bewuste nasionale beweging ontstaan waar enkeles 'n groot agterstand by hulle volk gewaar" - ook ekonomiese nood of gewelddadige onderdrukking (Steyn 1987 : 7).

Twee bedreigings van nasionalisme is taal-assimilasie en ras-assimilasie (Steyn 1987 : 9).

Onder die hoof "Middele van nasionalisme" noem Steyn die feit dat argumente vir inspirasie geput word uit bronne soos godsdiens, geskiedenis, taal, tradisie en ras. Nasionaliste se vernaamste nie-gewelddadige middel is die politiek.

As <u>doelstellings van Afrikanernasionalisme</u> noem Steyn die erkenning eers van Nederlands, daarna Afrikaans en die toepassing van erkende regte; die ekonomiese en sosiale opheffing van minderbevoorregtes; die bevordering van die ekonomiese selfstandigheid van Suid-Afrika; die groter staatkundige onafhanklikheid van Groot Brittanje, die strewe na 'n republikeinse

regeringsvorm; vervanging van Britse simbole deur Suid-Afrikaanse simbole (Steyn 1987 : 16).

Steyn beskou 'n <u>Afrikanernasionalis</u> as iemand wat getrou is aan of hom vereenselwig met die Afrikaner; wat Afrikaans en die ras-identiteit van die Afrikaner wil behou; en iemand wat bereid is om sy volk en sy vryheid te dien.

Soos dr. Verwoerd praat Steyn ook van twee strome of variante van nasionalisme. Hy noem die een variant die "hoofstroom" Afrikanernasionaliste, en die ander, nasionaliste in "ruimer sin" (Steyn 1987 : 17). Albei groepe steun die erkenning van Afrikaans en die opheffing van minderbevoorregtes. Die "ruimer" nasionaliste wil die Engelssprekendes nie aanstoot gee nie, terwyl die "hoofstroom" doelgerigter optree. Laasgenoemde sou die vervanging van Britse simbole deur Afrikaanses steun, terwyl die "ruimer groep" simbole sou afkeur as dit aanstoot gee. Die hoofstroom steun die strewe na groter ekonomiese en staatkundige onafhanklikheid en 'n republiek, asook stappe vir groter rasseskeiding.

Die Sappe, oftewel die "ruimer" groep, het egter die stigting van Yskor en Hertzog se segegrasiewetgewing amptelik teëgestaan. Na 1934, aldus Steyn, het die "gesuiwerde" Nasionaliste die verteenwoordigers van die hoofstroom Nasionaliste gebly, terwyl ook die Broederbond van daardie tyd 'n al sterker krag begin word het (Steyn 1987 : 17).

Laksheid op taalgebied is vir baie Afrikaners 'n "openbaring van 'n egte Sap-mentaliteit". Ekonomiese oorwegings het egter ook 'n rol gespeel. Die ryker boere het die pro-Britse konsiliasiebeleid gesteun. Steyn haal in dié verband O'Meara aan wat in 1983 in <u>Volkskapitalisme-Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism</u> skryf dat die N.P. op sy beurt sterk staatgemaak het op die veeboere van Noord-Transvaal en die kleinboere (Steyn 1987 : 18).

Steyn noem nog drie groepe Afrikaners: eerstens groepe soos die Gryshemde wat nasionaal-sosialisties was, tweedens Kaaplanders wat Engelser as die Engelse was, en derdens Engelssprekende Afrikanernasionaliste soos sommige Cloetes en Sauers (Steyn 1987 : 19).

<u>Die Weste</u>, "'n orgaan vir Kristelik-Nasionale volksbelange" volgens eie getuienis, het in 1930 onderskei tussen die "kristelike" nasionalis en die "vrysinnige" nasionalis. Eersgenoemde soek in die Bybel "die rigsnoer en bestemming van sy nasie", lg. maak op sy verstand en insig staat.

Eersgenoemde glo dat die "geopenbaarde wil van God in Sy Skrif" bokant die volkswil is. Die vrysinniges se eindpunt is die Unie, maar die Kristelikes beoog "'n eie staatkundige lewe onder 'n eie owerheid" (Steyn 1987 : 23,24).

Steyn besluit dat "Afrikanernasionaliste nooit 'n eensgesinde leër was nie; om verdeeld te marsjeer was meer tipies van hulle as om verenigd te staan ... Vir sommige het trou aan die volk tot opstand teen die owerheid aangespoor, vir ander tot lojaliteit". S.J. du Toit het die godsdiens bygebring om tot taalgetrouheid op te vorder. Louw en Preller het hulle selde op die godsdiens beroep. "Gemeenskaplik aan almal was egter die getrouheid aan volk en taal" (Steyn 1986 : 24).

In 'n ongedateerde stuk "Sedert tagtigerjare: Die krisis van Afrikanernasionalisme" skryf Steyn dat enige nasionalisme mettertyd van karakter verander, maar nasionalisme kan ook heeltemal versand. Die vraag of dit met Afrikanernasionalisme gebeur, is allerbelangriks, gesien die krimpende syfer van blankes en die beoogde veranderinge aan die staatkundige stelsel. In Junie 1986 het die Afrikaanse Studentebond besluit dat "afsonderlike voortbestaan" van die Afrikaners nie meer een van sy doelstellings is nie". Die Volksblad het dit verwelkom (bl. 61).

Die smalende toon van bv. Willem de Klerk as hy oor dinge skryf soos sondes van seksualiteit oor die kleurgrens, en Dawie se versugting in Die Burger van 14 Julie 1984 dat sake soos ontug deur 'n mens se eie norme gereël moet word en nie deur wetgewing nie, toon dat "Afrikanermeningsvormers ten opsigte van apartheid 'n ewe ingrypende bekering ondergaan het as genls. Botha en Smuts tussen 1902 en 1914" (bl. 62). Soos apartheid eens 'n god geword het, lyk dit vir Steyn of integrasie nou weer een word (bl. 63).

Van 1 Julie 1930 tot in 1984 is die twee tale gelykop in die Staatskoerant behandel, met die opskrif in die ereplek, links op die buiteblad, beurtelings in Engels en Afrikaans. Van 1985 af dryf Engels egter weer permanent bo. Steyn wys daarop dat 'n "beleid wat meer as 'n halfeeu toegepas is, selfs deur die Smutsregering, nou gewysig is" (bl. 63). Oor die TV en radio verloor Afrikaans vinnig veld.

Steyn se betoog kom daarop neer dat Afrikaans sonder sy tradisionele kampvegter, Afrikanernasionalisme, weinig kans op oorlewing het.

In die Junie-uitgawe van Insig 1992 is daar 'n resensie, "Afrikaans, ons enigste ooilam" deur Steyn van P.H. Zietsman se Die taal is gans die volk wat gaan oor

"die mees dramatiese taalstryd in die geskiedenis van Afrikaans, dié tussen 1899 en 1908". Zietsman skryf dat die stryd om die behoud van Afrikaans o.m. "verbande tussen die Afrikaner en sy taal beklemtoon wat tot vandag toe invloed uitoefen... In samewerking met die ontwikkelende taalnasionalisme het 'n nasionalistiese taalideologie hier ontwikkel waarmee daar juis in die huidige krisis van Afrikaans geworstel word". Zietsman glo dat as Afrikaans bloot as kommunikasiemiddel met Engels moet meeding, en nie ook vir Afrikaanssprekers "'n taal van hartstogtelike verlange bly nie", is sy oorlewingskans skraal, want "laat, laat is al die uur".

## 2.16 SLOT

Wanneer die beskouinge van M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn oor die Afrikaner en Afrikanernasionalisme vergelyk en gekontrasteer word, sal ek trag om genoemde beskouinge aan die volgende norme te toets:

(a) Wat behels die benaming Afrikaner? Is dit 'n benaming wat uitsluitend vir blankes gebruik word?

(b) Hoe belangrik is Afrikaans vir die Afrikaner?

(c) Wat is die houding van elkeen van die vier prosaïste onder bespreking teenoor samewerking met Engelssprekendes?

(d) Wat is hulle mening omtrent die twee politieke strominge wat dr. Verwoerd in sy 1966-Republiekdagtoespraak aangedui het?

(e) Een van die viertal het die stigting van "Bruin en Donkerbruin" takke van dieselfde nasionale party in die vooruitsig gestel. Wat is die ander drie se beskouing hieromtrent?

(f) Hoe voel M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn oor Treurnicht se bewering dat die Afrikanervolk en die Afrikaanse taal nie van mekaar te skei is nie?

(g) Wat is hulle opinie van die moderne skrywers na wie Treurnicht verwys as beswadderaars van Afrikaans in Afrikaans?

(h) Wat sê die viertal oor dr. Viljoen se destydse uitspraak dat die Afrikaner sonder die behoud van blanke rassesuiwerheid nie meer Afrikaner is nie?

(i) Wat is hulle mening oor Degenaar se tipering van die Afrikaner volgens die temas selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag, soos die Afrikaner homself getipeer het binne die nasionalistiese verwysingsisteem?

(j) Stem hulle saam met F.A. van Jaarsveld dat veranderende omstandighede die Afrikaner se beeld voortdurend laat wissel

het?

(k) Wat dink hulle van Nepgen se mening dat die Afrikaner nie besonder waarheidliewend en eerlik is nie?

(l) Deel die viertal mnr. Jaap Marais se siening van Oppenheimer en Rhodes?

(m) Gebruik M.E.R., Van Wyk Louw, Degenaar en Steyn ook die kodes wat Nipperdey aandui, as hulle oor die Afrikanervolk skryf?

(n) Wat van Steyn se bewering dat argumente vir nasionalisme gehaal word uit bronne soos godsdiens, geskiedenis, taal, tradisie en ras? Berus Steyn self, Louw, Degenaar en M.E.R. se siening van nasionalisme op hierdie sake?

(o) Wat is volgens M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn tipiese eienskappe van Afrikanernasionalisme?

# HOOFSTUK 3

## M.E.R. OOR DIE AFRIKANER EN AFRIKANERNASIONALISME

### 1. M.E.R. OOR DIE AFRIKANER EN SY VOLKSAARD

Op 3 September 1950 sit M.E.R. in die bed en skryf toe dit haar skielik te binne skiet "wat daar eintlik van waarde in al my werk is: en dit is dat ek lig kan gooi op die verlede van ons mense". Sy is al 75 en weet ook wat die vorige geslag haar vertel het. "En toe ek só dink, sien ek ook dat die didaktiese kant, waarvan Jordaantjie so bewus was, glad nie die leitmotiv is nie, maar daardie begeerte om uit te vind watter stof eintlik in die Afrikaner sit, waar dit vandaan kom, en wat dit laat ontwikkel het. Dit is tog in byna alles wat ek geskryf het, behalwe in die twee romans, waar dit ook nie afwesig is nie". As iets haar werk blywend maak, glo sy sal dit dit wees (M.E.R. 1976 : 47). Dit is duidelik dat M.E.R. doelbewus probeer het om iets van durende waarde oor hulleself aan haar volksgenote na te laat. Met volksgenote bedoel sy mede-Afrikaners.

Elize Botha bring in dié verband hulde aan M.E.R.: "Sy het met die fynste speursin gedelf in die omstandighede van vervloë tye, om noukeurig en sorgsaam beelde te bou van die ontwikkeling van die Afrikaner" (Botha 1980 : 502, 503).

In haar M.A.-verhandeling, Die prosa van M.E.R. in sosiokulturele konteks (1989), noem Wilhelmina Streicher M.E.R. se woorde soos in die eerste paragraaf hierbo aangehaal, as die motto van M.E.R. se prosawerk.

Die "Jordaantjie" na wie M.E.R. verwys, is mej. H.P. Jordaan (tans mev. Hugo Lambrechts) wat in 1949 aan die Kaapse Universiteit 'n M.A.-graad behaal het met 'n verhandeling oor M.E.R. as skryfster.

Soos aangetoon, skryf M.E.R. omdat sy in eie gemoed helderheid wil verkry oor die ware aard van die Afrikaner, wat die oorsprong daarvan is en watter faktore dié oorspronklike materiaal laat ontwikkel het. M.E.R. neem aan dat die Afrikaner wel 'n eie besondere aard het. Van Wyk Louw ontken egter die bestaan van 'n Afrikanervolksaard. In sy essays probeer hy beslis nie om die oorsprong en die ontwikkeling van die Afrikaner-volksaard na te speur nie. Hy streef wel daarna om vir die materiële en politieke belange van die Afrikaner 'n morele of metafisiese regverdiging te vind. Volgens Fichte is die volk die "volle tydruimtelike uitstraling van die ewige en oorspronklike geestelike

lewe". Die volk is dus 'n skepping van God self. Louw aanvaar dit, maar hy gee aan "sentrale momente in die volksnasionalisme" - die Groot Trek, die Driejarige Oorlog en die keuse van Afrikaans bo Nederlands - 'n dramatiese vorm wat die "irrasionele en skeppende daad illustreer" (Olivier 1989 : 38). Die goddelike regverdiging vir hierdie instinktiewe dade is dat hulle op "rein strewe", aangevuur deur die volksgees, berus. Dit word in Goethe se Faust presies só gestel deur die sang van die Engelekoor wat Faust ten slotte kom red;

"Wer immer strebend sich bemüht
Den können wir erlösen".

HAT definieer "volkskarakter" as "algemene eienskappe, karakter, wat een volk van 'n ander onderskei" (HAT 1965 : 1009), en "volksaard" as "nasionale karakter; geaardheid, karaktereienskappe van 'n volk" (HAT 1965 : 1009). Uit 'n toespraak gehou op 26 September 1961 voor die twaalfde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra) blyk dat Van Wyk Louw nie aan 'n volkskarakter soos dié van 'n indiwidu glo nie, want hy ken spaarsame en spandabele Afrikaners, flukses en luies, eerlikes en "te slimmes" (Louw 1956b : 393). Dit is beslis 'n vreemde uitspraak. So baie van sy voorgangers, ook M.E.R., soos aangetoon sal word, het 'n verskeidenheid van karaktertrekke wat eie is aan die Afrikaner, uitgewys.

Volgens J.J. Degenaar vereis die moderne era 'n nuwe soort Afrikaner, wat Afrikanerskap respekteer sonder om regverdigheid teenoor ander volksgroepe prys te gee. Die "nuwe soort" Afrikaner impliseer dat daar 'n "ou" soort Afrikaner was met bepaalde eienskappe wat nie voldoende is om die probleme van die huidige tydsgewrig die hoof te bied nie, want Degenaar se "nuwe soort" Afrikaner moet gewillig wees om "saam met die swartman die toekoms positief tegemoet te gaan" (Degenaar 1980 : 4). In hierdie opsig verskil Louw radikaal van Degenaar, want in sy Voorwoord tot D.P. Botha se Die opkoms van ons Derde Stand sê hy nadruklik:

"As ons ons Bruin broers aan die arm vat na óns kant toe, dan is dit nie dat ons vir julle (ons Swart landgenote) wegstamp nie; dit is alleen dat ons vir twee soorte mense 'n plek wil regmaak in twee helftes van hierdie groot land van ons" (Louw 1986b : 625).

Van Wyk Louw is van mening dat volkskarakter eerder "'n stel reëls (is) van dinge ongeveer wat 'n indiwidu binne sy volksgroep mag doen sonder dat hulle hom as kranksinnig sal beskou" (Louw 1986b : 394). M.i. is wat Louw hier na

verwys nie volkskarakter nie, maar eerder 'n vorm van volksetiket. Louw se beroep op onderlinge hoflikheid tussen volksgroepe is nietemin prysenswaardig. Kwetsende uitsprake moet vermy word, en ons moet mekaar minstens "'n bietjie" liefhê (Louw 1986b : 399).

Steyn is van mening dat Van Wyk Louw gelyk het "met karaktertrekkke soos fluksheid, luiheid ens., maar daar is waardes, norme en houdings wat wel van volk tot volk verskil ... Die 'volkskarakter' van die Afrikaner van 1937 verskil t.o.v. rassevermenging en alles daaromheen tog ingrypend van bv. die Amerikaner of Hollander of Brit of neo-Afrikaner (Rapport se term) van 1987" (J.C. Steyn: persoonlike brief van 11 Januarie 1987).

## 2. M.E.R. OOR TIPIESE KARAKTERTREKKE VAN DIE AFRIKANER

2.1 M.E.R. loof die Afrikaner se durf en moed in 'n brief wat sy op 7 April 1930 aan Erika Theron skryf. Lg. staan op die punt om in Duitsland te gaan studeer. M.E.R. sê die Duitsers is snobs en imperialiste en sien op die Afrikaners neer. Sy wonder egter "of hulle dit ons sal nadoen" om so 'n wilde land in te gaan en daar stokalleen 'n nasie te vorm, met 'n eie taal en 'n durf om 'n Empaaier aan te pak" (M.E.R. 1977 : 23).

In 'n briefie aan "die Presidente", natuurlik van die A.C.V.V., mev. Susan Potgieter, skryf M.E.R. dat sy bly is dat daar nog baie Afrikaners soos mev. Potgieter en haar man is, veral as sy soms skrikkerig word by die opmerk van verswakkingstekens in ons volkstoffasie. Dit lyk vir haar of ons volk, klein in getal, 'n les vir die hele mensdom moet leer (M.E.R. 1977 : 193). Dié stuk werk is om "'n leefwyse te vind waarin volke in verskillende stadia van beskawing tot onderlinge bevordering kan saamleef" (M.E.R. 1977 : 238). Oor die afgelope 300 jaar is ons vir hierdie doel gevorm en getoets. M.E.R. vra of ons ons taak nou as bewuste volkswerk aansien en al ons krag daartoe aanwend, "of die wêreldnasies dit begryp of nie" (M.E.R. 1977 : 239). In die lig van toenemende internasionale druk veral in die vyftien jaar ná M.E.R. se dood, d.w.s. van 1975 tot 1990, is bostaande aangehaalde M.E.R.-bywoordelike bysin veelseggend en insiggewend.

2.2 Oor Afrikanerverset skryf M.E.R. o.m. dat 'n volk deur verset en weerstand groei. Die Afrikaner se opstand teen die Engelse was 'n "voortdurende verset teen magte wat ons natuurlike volksvorming aan bande wou lê, 'n verset wat diep ingewortel was in die Afrikaanse volk en deur onse geskiedenis geloop het lank voor daar 'n Groot Trek was". Sy glo dat die Afrikaner se beweegrede nie in die eerste plek anti-Engels wa nie, maar sy

wortel in iets veel dieper en ouer gehad het: "iets verbonde aan onse Germaanse aard", en 'n motief wat ons wel suiwer gehou het (M.E.R. 1972 : 109). Voor die Driejarige Oorlog het M.E.R. se broer Frits vir hulle suster Annie gesê: "Ons sal nie teen Engeland kan wen nie, maar al oorrompel sy ons, sal ons haar 'n skade aandoen wat sy nie sal oorkóm nie" (M.E.R. 1972 : 109). M.E.R. glo dat die Afrikaner se verset ná die nederlaag van die Tweede Vryheidsoorlog nie opgehou het nie.

M.E.R. vertel met trots hoe die Boereverkenner Danie Theron hom nie alleen verset het teen redakteur Moneypenny se smeerartikel in die Star oor die vroue van Transvaal nie, maar dié meneer boonop onder sy karwats laat deurloop het; hoe sy volksgenote sy boete betaal het, en hoe hy vir haar en haar maats in die trein elkeen 'n stukkie Vierkleurlint gegee het (M.E.R. 1972 : 13). In Danie Theron bewonder M.E.R. die Afrikaner van durf en daad, en in sy boetebetalers die rare eienskap van samehorigheid.

Oor vryheid praat Louw in 1938 (of begin 1939), voordat Suid-Afrika aan Geallieerde kant tot die oorlog toegetree het, in Dokument 2.x.7 van die Stellenbosse Dokumentesentrum, in die taal van Danie Theron, soos deur M.E.R. hierbo aangedui:

"Vryheid: as in 'n oorlog 'n regering sou besluit om bloot met 'n parlementêre meerderheid of deur 'n Khaki-verkiesing of deur die Simonstad-band vir ons in die oorlog te sleep; dan moet ons wys dat hy eers die beste onder ons wat jonk is, sal moet platskiet voordat hy sy doel sal bereik. Ons moet dan neutraliteit ons leuse maak, nie as 'n slap uitbly uit die moeilikheid nie, maar as ons Voortrekker-daad vir onafhanklikheid en vryheid".

Nog 'n voorbeeld van Afrikanerweerstand:
Toe die Kaapse Onderwysdepartement teen hulle gediskrimineer het, het M.E.R. en haar suster Annie nie voor dié hoë gesag gekruip nie. Hulle het 'n onderhoud met dr. Muir aangevra, maar hy het gesê hulle is as ongewenstes (undesirables) uit Transvaal weg. Toe sy loop, het Annie vir dr. Muir gesê "... between you and us it is a question of Englishman and Afrikaner". Annie se weerwoord aan dié gesagsman gee vir M.E.R. ná al die jare meer bevrediging as al die geld wat sy moontlik as departementele leerkrag sou verdien het (M.E.R. 1972 : 133,134).

'n Veel groter afjak het later vir Annie en Marthinus Siebert op Swellendam getref toe hulle dertien D'Arbez boeke, in Nederlands geskryf, vir die skoolbiblioteek gekoop het. Annie is uiteindelik deur dr. Muir self

"dismissed for insubordination" (M.E.R. 1972 : 152). Hierteen het M.E.R., soos reeds aangetoon, in verset gekom en in 1907 'n eie skool begin. Terwyl Annie en Sara Uys die ander klasse behartig het, het M.E.R. vrou-alleen al die vakke in standerds 6 tot 10 gegee, 'n Afrikanervoorbeeld wat "die jare in hul onmag terge" (Louw 1978 (7de druk) : 20).

M.E.R. self het dubbele ure gewerk : die eksamenleerlinge het sy smiddae tussen twee-uur en halfses afgerig, en die ander soggens behartig. Na 1910 kon M.E.R.-hulle op versoek en op gunstige voorwaardes met die goewermentskool amalgameer. Anders as mnr. Bowes, die regeringskool se hoof, het M.E.R. die kinders vaderlandsgeskiedenis geleer (M.E.R. 1972 : 154). Boonop was daar die seën dat hulle "aan daardie Afrikanertjies in hulle eie taal onderwys kon gee na hulle eie volksaard: ons was vry!" (M.E.R. 1972 : 155).

M.E.R. sê dit was in die tyd toe sy weer by die verenigde skool onderwys gegee het "dat die vorming van die Afrikaanse volkskarakter by die Afrikaner begin uitstaan het as bewuste doel en daarby was die onderwys nou betrokke" (M.E.R. 1972 : 161). Die tienduisend Kaapse rebelle wat aan die Engelse Oorlog deelgeneem het, was die doeltreffende soldeersel wat Natallers, Vrystaters, Transvalers en Kolonialers tot 'n eenheid gesmee het (M.E.R. 1972 : 161).

Hiermee stem Van Wyk Louw volmondig saam: "As daar klasseverskil en klassegevoel bestaan het", skryf hy, "is dit alles skoon deur die drie jaar oorlog uitgebrand, en die hele volk tot 'n gemeenskap van smart saamgesweis" (Louw 1986a : 19).

## 2.3 DIE ENGELSE STREEP IN DIE AFRIKANER

M.E.R. glo dat daar êrens in die Afrikaner 'n toegeneentheid tot die Engelse wêreld is. Self het sy drie verengelsingstydperke beleef: eers toe Kaapland "tevrede en gelukkig in Engeland se skoot gelê het - voor die Tweede Vryheidsoorlog"; die tweede was Louis Botha se konsiliasiebeleid nadat hy as generaal so uitmuntend in die Oorlog vertoon het - uit sy beleid "het die Sappe gekristalliseer"; en die derde onder leiding van dr. Malan, met "'n ministerie wat <u>enige</u> prys sal betaal om te <u>bly</u>" (M.E.R. 1977 : 102).

M.E.R. verwonder haar ook vir die harde Nasionaliste wat sê "Die Koning kon maar gekom het". Sy verwys na die S.A. regering se uitnodiging aan Koning George VI om vir rus en herstel na die Botha-Huis aan die Natalse suidkus te kom. Mense van Mina Louw en Rosa Nepgen se kaliber weet te vertel hulle is

nie meer vir die Engelse bang nie. Vir M.E.R. is dit egter 'n saak van agter die Engelse aanloop wat "noodlottig" kan wees (M.E.R. 1977 : 102).

M.E.R. was Afrikaner in murg en been. Nie die rojaliste op Swellendam, Rhenish Girls' High School of die Kaapse Universiteit kon daarin slaag om haar van koers te kry nie, of miskien het die doelbewuste beïnvloeding van Engelse kant juis haar Afrikanerskap gestimuleer.

## 3. M.E.R. EN VAN WYK LOUW OOR DIE NASIONAAL-SOSIALISME

Op 11 Julie 1934 skryf M.E.R. uit Kopenhagen aan haar dogter dat sy beïndruk is deur Hitler se nasionaal-sosialisme. Sy sien in Duitsland haar eie ideaal, om naamlik in jou eie volk te kweek "wat in hom gesond is, volgens sy aard". As 'n volk nie 'n eie bydrae aan die mensdom kan maak nie, beteken hy niks as volk nie. Dit maak haar boos vir H.G. Wells en Bernard Shaw. Dit is omdat hulle volk so ontwikkel en sy eie pad gebaan het, dat hulle nie weet wat dit is om jou "volksontwikkeling gestrem te kry nie". Net soos die Duitsers vir Hitler, het die Afrikaners aan die begin van ons nasionale beweging vir Hertzog gevolg "as die hoogste uitdrukking van ons ideaal" (M.E.R. 1976 : 12,13).

In die Afrikaanse literêre kritiek is die jare neëntig o.m. 'n dekade van ontluistering ("debunking"). Johan Potgieter, soos aangetoon in Hoofstuk 6, sien in M.E.R. se deel van die Carnegie-verslag 'n "sekere elitistiese afkeur (sic)", oftewel "Christian charity at a distance". Marlene van Niekerk spot met Opperman se digterskool op Stellenbosch en vrees sommige van sy satelliete se gedigte sal die ou "Opperpadda laat omdraai in sy poel" (Van Niekerk 1989 : 43).

Gerrit Olivier "ontmasker" Van Wyk Louw, o.m. oor sy jeugdige bewondering van die nasionaal-sosialisme. In Die Suid-Afrikaan van April 1990 vra Gunther Pakendorf egter "historiese begrip" vir Louw se "simpatie met (die) fascisme". Pakendorf sê "gevaar van hierdie soort opstand teen die vadere is altyd ... dat die baba met die badwater uitgegooi word. Pakendorf verwys na Stefan George wat die Duitse soldate in die Eerste Wêreldoorlog geromantiseer het in sy gedigte. Dit vind 'n "onmiskenbare naklank "by Van Wyk Louw, veral in sy "Gedagtes, liedere en gebede van 'n soldaat". Net soos George later deur die Nazi's se dade ontnugter is, meen Pakendorf kan Van Wyk Louw se simpatieë met die nasionaal-sosialisme as tydelike "politieke blindheid en naïwiteit" verklaar word (Pakendorf 1990 : 39,40).

In Dokument 2.x.7, "Die nuwe nasionalisme" (geskryf tussen 1938 en begin 1939) in die Stellenbosse Universiteit se Dokumentesentrum sê Van Wyk Louw dat hy ons Suid-Afrikaanse nasionalisme (sy eie nasionaal-sosialisme) as teorie stel teenoor kommunisme, die Duitse rasseteorie en die liberalisme. Hy wys daarop dat die Duitse nasionaal-sosialisme soos deur Rosenberg gestel, ook vry van die ras-idee kan wees. Hy skryf die nuwe nasionalisme sal "na onder toe werk: goedkoop lektuur, penny-horribles, meer en ander mense in die kultuurverenigings, sosiale opheffing ... Na boontoe: die skep van 'n intellektuele leiersklas, 'n elite, 'n aristokrasie, en 'n duursame kultuur ... vandag sal daar ook die eis van streng wetenskaplikheid gestel word, of liewer, die kompilators van proefskrifte sal ál hoe meer die nederiger plek aangewys word wat hulle in 'n gevestigde kultuur toekom". Dis seker waar dat die "kompilators" hokgeslaan is of gaan word, maar tog het vele van hulle gehelp om Louw en sy werk lewend te hou!

## 4. AFRIKANERNASIONALISME

### 4.1 M.E.R. EN DIE AFRIKANERNASIONALISME

Daar is reeds aangetoon hoedat haar moedertaal, Afrikaans, die voorbeeld van die ou Boerefamilies op Swellendam en die voorbeeld van haar broer Frits vir M.E.R. in staat gestel het om die sterk Engelse invloed van die rojaliste op Stellenbosch, Kaapstad en in haar tuisdorp te bowe te kom, sodat sy ten tyde van Jameson se inval in Transvaal instinktief geweet het dat sy by haar mense moet staan.

In die hoofstuk "Politiek" in <u>My beskeie deel</u> skryf M.E.R. dat wat met die Afrikanervolk gebeur het haar dwarsdeur haar lewe "diep aangegaan" het. Die volkstryd kon nie anders gevoer word nie, "dit is 'n kwessie van selfbehoud, van dood of lewe". As die volk se lewensfunksies aan bande gelê word, ly die indiwidu ook. Binne die eerste eeu van die volksplanting was die <u>volksgees</u> onder die Afrikaners reeds duidelik. Dit het sterker geword weens die sterk teenstand wat daar steeds teen die Afrikanervolksgees was. Ná die N.O.I.K. en sy amptenary was die Engelse die groot teenstander, hulle wat, so sê M.E.R., innerlik oortuig is dat slegs hulle bestaansreg uiteindelik deur almal erken moet word (M.E.R. 1972 : 166).

Van Wyk Louw stem saam oor die onvermydelikheid van die stryd wat volgens M.E.R. nie anders gevoer kon geword het nie. Louw skryf dat mense en groepe en partye meen dat hulle baie duidelik weet wat hulle vir die volk wil hê en waarheen hulle strewe gaan, maar "die groot beweging self wat uit al hierdie

stoot en druk en trek ontstaan, gaan ver bokant hulle voort. Die volk loop soos 'n slaapwandelaar wat langs gevaarlike kranse en skeure gaan, en op elke draai kan hy afstort en vernietig word. Maar hy weet nie van die gevare nie, en dis alleen wanneer die spoor agterna gesien word, dat mens gewaar hoe hy tussen die afgronde deurgevleg het" (Louw 1986a : 95,96).

Volgens M.E.R. het die volksgees die vryheidsdroom lewend gehou, al besef die "ware" Afrikaners in nugtere oomblikke dat die vryheid nooit 'n werklikheid kan word solank die teenparty daar is nie.

M.E.R. stel 'n baie hoë prys op haar broer Frits, 'n man met "sterk sielsonafhanklikheid en 'n helder denkvermoë". Boonop was hy, soos sy jonggestorwe vader, 'n gewer. Dit was sy soort invloed wat vir M.E.R. en duisende ander Kaaplanders "laat sien het waar ons staan" (M.E.R. 1972 : 94).

Gerrit Olivier het nie gelyk wanneer hy beweer dat die dertigerjare van sentrale belang was vir die vorming van Afrikanernasionalisme nie (Olivier 1989 : 38). Afrikanernasionalisme het, soos uit bostaande relaas van M.E.R. blyk, toe lank reeds sy beslag gekry. Binne die eerste honderd jaar ná die volksplanting, aldus M.E.R., was die volksgees onder die Afrikaners al duidelik. Dit was dus daar amper twee eeue voordat Van Wyk Louw, sy dit dan, volgens Olivier, in navolging van Fichte en Herder (Olivier 1989 : 38), Afrikanernasionalisme in die essay "Die ewige trek" (Louw 1986a : 94) of in <u>Die dieper reg</u> uitgespel het.

Vir M.E.R. is president M.T. Steyn die groot vegter vir die bewaring van die siel van die Afrikanervolk. Daarom het hy in so baie rigtings gewerk - vir Unie, vir Dingaansdag en die Vrouemonument. Kritzinger en Labuschagne se <u>Verklarende Woordeboek</u> gee "siel" o.m. die betekenis "setel van die gevoel, rede en wil". Om brandwag te staan oor die volk, hier Afrikanersiel, is 'n nog hoër roeping as om te waak oor die volksgees. Die volksgees is m.i. die algemene eienskappe wat die volk aktiveer, bv. volkstrots, verset teen dwingelandy, durf en moed. Die volksiel, bepalend die wyse waarop die volk voel, redeneer en wil, is die grondslag van die volksgees en kan alleen suiwer gehou word deur leiers soos bv. Steyn en Hertzog wat nie alleen edelmanne was nie, maar ook, soos Frits Rothmann, "nóg intellektuele voorrang bo andere" gesoek het nóg hulle skuldig gemaak het aan die aartssonde van "eie voordeel uit ander se nadeel te haal". (M.E.R. 1972 : 94).

So groot was M.E.R. se vertroue in Afrikanernasionalisme dat sy ná die Nasionale Party se oorwinning in 1924 gevra het: "En wat gaan die Mammon nou

maak?" (M.E.R. 1972 : 222). In die lig van latere gebeure was M.E.R. kinderlik vertrouend om te dink dat die nasionale Afrikaner altyd oor die versoeking tot stofvergoding sal heers.

In 1934 het M.E.R. Afrikanernasionalisme gedefinieer as 'n "eenvoudige ding": "Die pit en innerlike wese van nasionalisme bestaan uit 'n strewe om 'n gesonde, intelligente en eerbare volk te laat gedy". Sy sê die meeste Nasionaalgesinde vroue begryp dat nasionalisme liefde vir die eie volk is en die begeerte om daarvan "'n gesonde, intelligente en eerbare volk te maak; weemoed oor agterlikheid op enige gebied ... en 'n onophoudelike verlange en strewe ... om vordering daar in plaas van agterlikheid te kry". Die nasionalisme "streef nooit na die onderdrukking en nadeel van ander volke nie". Hy trag wel om parasiete wat op sy krag teer, uit te roei, bv. die oorweldigende invloed wat ammunisiefirmas op die lotgevalle van die mensdom het. Die Afrikanernasionalis moet ook kennis neem daarvan dat grootkapitaal geen gevoel vir bv. die oplossing van die armblanke-kwessie het nie. Ná die koalisie en samesmelting van 1933 - 34 het die N.P. krag verloor omdat hy hoofsaaklik hoër ideale slegs nastreef so lank hy in die minderheid is. Die Afrikanervolk volg in 'n magsposisie nie die gebod van Miga 6 om reg te doen, die liefde te betrag en ootmoedig met die Here te wandel nie (M.E.R. 1972 : 229 -231).

M.E.R. was jare lank 'n vurige ondersteuner van die Ossewabrandwag, 'n organisasie wat ná die Ossewatrek van 1938 gestig is om Afrikaners te verenig. Die organisasie het homself op die Afrikaner se kultuur toegespits, maar nie van die politieke terrein weggebly nie. Dit het hom uiteindelik met dr. Malan se H.N.P. laat bots. Volgens M.E.R. het ryk en arm, vooraanstaandes en eenvoudiges in haar omgewing om dieselfde redes aangesluit. Volksgetrouheid en volkseenheid is beklemtoon (M.E.R. 1977 : 204). Ek onthou die O.B. het gesê my mede-Afrikaner is, al is hy 'n Sap, nader aan my as die Jood en die uitlander. Die O.B. het hom ook sterk beywer vir 'n republiek, los van die Britse Empire, en die Nasionale Party daarvan beskuldig dat hy die republiek in die koelkas gesit het. M.E.R. sê deur samewerking met die gegoedes het die minderbedeeldes 'n nuwe sterkte vir die Afrikanervolk gebring en het dit aan hulleself vertroue gegee (M.E.R. 1977 : 204).

Op 25 Junie 1967 skryf M.E.R. aan Piet Cillié, redakteur van Die Burger, om hom te vra om "tog te onthou van die goeie kant van die O.B., al is dit ter wille van ons oues, wat destyds so bly was daaroor - en nog bly is" (M.E.R. 1977 : 204). Eerlik soos altyd, skryf M.E.R. in dieselfde brief dat sy die

"uniforms en militêre gedoentes maar verdra en bevele gehoorsaam het ter wille van - ja, van wat? so vra ek myself vandag" (M.E.R. 1977 : 204).

## 4.2 LOUW SE VOLKSNASIONALISME

In *Berigte te velde* skryf Van Wyk Louw dat die nasionale gedagte in die literatuur altyd konkrete gestalte aanneem. Dit kom in talryke vorme te voorskyn, van die paar gestamelde woorde af waarmee die eerste man gesê het: "Ik ben een Afrikaner (sic)", tot die volkome uiting van die mens in die Afrikaanse wêreld waarna ons streef.

In Dokument 1.x.18, "Aantekeninge vir 'n Heldedag-toespraak vir studente en intellektuele in Nederland" praat die Van Wyk Louw van 1950 - 1958, die periode waarin hy 'n leerstoel beklee aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam. Eerder as 'n toespraak verkies hy 'n "discussie". Louw glo dat die Afrikaner elke dag 'n keuse moet doen, vashoudend aan die diepste etiese en religieuse insigte wat aan ons gegee is. Dikwels moet die enkeling aan die minderheid se kant staan, want dat die stem van die volk die stem van God is, is 'n Romeinse, heidense geloof. Die stem van God alleen is die stem van God, hoe onduidelik die menslike ore dit ook al mag hoor. Louw impliseer dat dit vermetel is van enigiemand om kategories te beweer dat God met hom gepraat het.

Louw kan nie anders as nasionalis praat nie. Die nasionalisme is *nie* net 'n liefdevolle terugkyk, 'n geloof dat jou eie volk die beste is nie, nie liefde vir die *eie* nie, nie drang tot uitbreiding of oorheersing nie; ook nie die geloof dat *nasie* 'n organisme is met regte bokant sy lede nie. Nasionalisme is wél iets universeels, vir alle volke. Dis 'n geloof aan die volkome goeie lewe, ekonomies, kultureel, vir almal; dis die oortuiging dat mense alleen in maatskappye kan leef; dat nasies met hulle tale natuurlike maatskappyvormings is; dat oorheersing van een nasie oor 'n ander boos is; dus dat die nasionale vryheid 'n voorwaarde van die goeie lewe is, maar ewe seer ook persoonlike vryheid wat primêr is. Die nasie is daar om die volle geestelike en ekonomiese lewe vir elke mens te gee. Die nasie is vir die mens, nie die mens vir die nasie nie. Ten slotte moet die meewerk aan die welvaart van die wêreld in die klein, onmiddellike kring van die nasie geskied.

Volgens Louw moet *nasionalisme* in Suid-Afrika in die toekoms dink aan die volste ontwikkeling van *vyf* of *ses* nasies, asook natuurlik aan die onderlinge verhoudinge ("interrelasies") van dié vyf: oorkoepeling of wat ook al. Ons moet erken ons was soms al "krampagtig, dwaas". Apartheid is slegs

verdedigbaar as dit vir albei kante wat apart gehou word se voordeel is. Louw skryf in hoofletters:

GEREED WEES VIR OFFERS

Daar is kragte wat die Afrikaanse beweging wil knoop aan al wat reaksionêr is, d.w.s. 'n soort "lekker-ou-dae" romantiek. Hierdie mense is volgens Van Wyk Louw net sulke vyande van die Afrikaanse nasionalisme as dié wat dit wil uitroei. Veeleer moet aan oplossings in universele terme gedink word; ook dus: "hoe ons dit in die oog van 'n onpartydige wêreld kan regverdig en voor ons gewete". Ongelukkig sê Louw nie waar dié onpartydige wêreld gesetel is nie. Hy wil voorts dat ons "skerp reageer teen wat oneties, onverdedigbaar by ons self is", en dan weer in hoofletters: AL KOS DIT OOK WAT!

Louw sluit af met 'n definisie van lojale verset as trou en verset, en met 'n aanmaning aan die Afrikaanse studente in Nederland dat 'n verantwoordelike werk vir hulle in Suid-Afrika wag. Dis seker dat M.E.R. met "verset" ook "lojale verset" bedoel het. Louw se "lojale verset" behels egter veel meer as M.E.R. se Afrikaner-verset wat 'n erfenis van die Germaanse voorgeslag is. Ook oor apartheid het hy veel dieper gedink as M.E.R. In Dokument 2.x.42 van 23 Januarie 1955 skryf Louw dat die enigste verdediging van apartheid wat vir die Afrikanernasionalis moontlik is, is dat dit 'n voorlopige en tydelike maatreël is. M.E.R. het gedink apartheid is nog die enigste plan. Sy het die saak opgesom deur na twee vooraanstaande Afrikanervroue te verwys: mev. Minnie Roome wat die ou orde van die Tien Gebooie en die Bergpredikasie voorstaan; en mev. Anna Geyer wat die apartheidsbeleid ondersteun, maar sê ons werk sal sonder liefde vir die Hemelse Vader en die ewemens onvrugbaar wees (M.E.R. 1972 : 290). Van Wyk Louw beweer in Dokument 2.x.18 van die Stellenbosse Dokumentesentrum dat apartheid, soos reeds aangetoon, slegs regverdigbaar is as dit vir albei kante wat apart gehou word, se voordeel is.

Grobler in Die Huisgenoot van 11 Junie 1956 en later ook P.J. Nienaber (1966 : 54) is oortuig dat Louw se nasionalisme 'n kulturele, kreatiewe nasionalisme is, maar F.I.J. van Rensburg besluit m.i. tereg "dat 'n allesomvattende nasionalisme wat nie wegskram van inhoudelikheid nie, die ruimte was waarin Van Wyk Louw bestaan het" (Van Rensburg 1975 : 56). Louw self het gesê die nasionale is nie die eng-plaaslike nie, maar het "sy wortels in 'n besondere aarde ... hy staan op in die wind wat deur alles waai", waai selfs daarmee saam, maar nie "los en magteloos soos die waaigras beweeg nie" (Louw 1986a : 15).

In <u>Liberale Nasionalisme</u> skryf Louw aan 'n "liewe jong vriend", eintlik 'n alter ego, as gespreksgenoot, dat 'n intellektueel om die beurt nasionalis, internasionalis, sosialis, liberalis of indiwidualis kan wees, want hy is geen opportunis wat altyd met die sterkste saamloop nie, maar 'n identifiseerder en bevegter van wie ook al in 'n bepaalde tydsgewrig die volk bedreig (Louw 1986a : 419,420).

Louw praat uitdruklik van 'n eksklusiewe Afrikanernasionalisme. 'n Inklusiewe nasionalisme word as 'n "vormlose volksbredie" afgekeur. Louw oorweeg die moontlikheid dat 'n nuwe "volk" uit al die verskeie kulture in Suid-Afrika kan groei, nie ernstig nie, want dan sal die Afrikanervolk sy identiteit moet prysgee, en die nuwe volk sal nie 'n taal hê om sy bestaan te regverdig nie (Degenaar 1976 : 69).

Van Wyk Louw het dit met M.E.R. gemeen dat hy, waar sy in 'n Engelse atmosfeer van skool en kerk grootgeword het, sy eerste lewensjare in 'n Engels georiënteerde Saphuis deurgebring het; dat hy voorts soos sy 'n Engelse hoërskool, in sy geval S.A.K.S., bygewoon, en ten slotte aan dieselfde Engelse Universiteit van Kaapstad gestudeer het. Soos M.E.R. was Van Wyk Louw op jeugdige leeftyd reeds 'n vaderlander en volgeling van genl. Hertzog.

Terwyl M.E.R. geskryf het om die Afrikaneraard vas te stel en oor die Afrikaners van weleer te vertel, is, volgens Nienaber die sentrale dryfveer van al Louw se werk die nasionalisme. Hy wou hê dat 'n hele reeks geslagte van Afrikaners "alleen die beste" moes gee (Nienaber 1966 : 55). Nienaber besluit dat ons Afrikaanse nasionalisme by Louw "gestalte gekry het in die profeet en die twyfelaar, die drinker, die minnaar, die soldaat en die denker, die kultuurmens en die instinkmens, die 'hemelbesetene' en die 'aardbesetene', die heerser en die humanis" (Nienaber 1966 : 57).

### 4.3 'N VERGELYKING: FRITS ROTHMANN EN VAN WYK LOUW

Dit is interessant om Van Wyk Louw se ontwikkeling as "nasionale" Afrikaner te vergelyk met dié van 'n Afrikaner wat, wat agtergrond en opleiding betref, hemelsbreed van hom verskil, nl. Frits Rothmann, M.E.R. se broer. In 'n hoofstuk, "Ontwikkeling van 'n Afrikaner" in Frits se <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900 - 1901</u> toon M.E.R. aan watter jeuginvloede op haar broer ingewerk het en tot watter gevolge dit in sy latere lewe gelei het. Sy stel dit haar ten doel om vas te stel "wat dit was wat meer as 'n eeu ná die Engelse inlywing van Suid-Afrika op die geslagte van Suid-Afrika ingewerk het om sodaniges soos Frits te vorm" (M.E.R. 1947 : 15). Aan

duisende Afrikaners is immers insgelyks skade berokken deur die oorheersing van die Engelse element oor die Afrikaanse. Die Engelse het 'n "nimmer-versadigde begeerte om gedurig by die Afrikaner te laat posvat dat al wat Engels is beter is as al wat Afrikaans is".

Frits se drie voorgeslagte was togryers, wamakers en ander ambagsmanne. Met die koms van die treinspoor het die wamakersbedryf gekwyn en moes die nuwe geslag van wie Frits een was, 'n ander heenkome soek (M.E.R. 1947 : 17).

Intussen het Lord Charles Somerset 'n reeks Engelse predikante en onderwysers, almal volgens Theal "men of talent", laat kom om sy verengelsingsbeleid te bevorder (M.E.R. 1947 : 21).

As Frits of een van sy maats wat tussen 1865 en 1875 op Swellendam skoolgegaan het in of by die skool Afrikaans gepraat het, moes hy die sleutel dra. Die laaste sleuteldraer bly Vrydagmiddae in die skool opgesluit totdat die onderwyser hom vrylaat. "Lees, skryf, syfer, en, bo alles, geen Hollands praat nie - dit was die hele onderwys" (M.E.R. 1947 : 28).

Die verteller in Dagboek van 'n verraaier vertel van Manie Hauptfleisch, een van sy moeder se skoolmaats, wat om een ding onthou word. As die kinders by die plaasskool lekker wou speel, het hy gesê: "Kom ons los die donkie, dan vat ek hom as die klok lui". Dan speel die vrolike kinders blikaspaai dat die honde huil en die "I may not speak Dutch" bord lê vir die oomblik eenkant teen die kalkklippe (Steyn 1978 : 13). Oral op die platteland is vasberade probeer om die Boerekinders te verengels.

Hierdie leer van Engelse meerderwaardigheid het, omdat dit nie waar was nie, in die kinders "skadelike gemoedsverwarring" geskep. Die Afrikaners se instellings was nie tweederangs nie, net anders (M.E.R. 1947 : 39). Ook die Hollandse Kerk is gebruik vir die vorming van getroue Afrikaner-onderdane van Koningin Victoria. Toe ek in 1959 'n bedankingswoord op my ouma se begrafnis by Herbertsdale in die Mosselbaaise distrik moes doen, is ek gevra om ook iets in Engels te sê ter wille van Engelssprekende vriende van die oorledene. Later het 'n Afrikaanssprekende vrou vir my gesê: "When you spoke English, I felt that I could kiss you!"

In die tydvak waarin Frits grootgeword het, was die aansien van die Afrikaners op 'n baie lae vlak. Frits se leesywer het egter in sy guns getel, asook sy vriendskap met die Hollandse matroos, mijnheer Verzyl, wat vir hom geleer het om breed te dink, en om 'n begrip te kry van die omvang van ons planeet en die

vele volkere wat dit bewoon. Dit het S.A.K.S. en U.K. vir Van Wyk Louw gedoen.

Toe Frits Rothmann na Transvaal en die Vrystaat verhuis, het hy gesien waartoe 'n Afrikaner in staat is wanneer hy vry is. President Kruger was vir hom 'n vaste punt waarvolgens hy sy eie lewensrigting kon meet. Boonop was Hollands die amptelike taal en het die Republieke hulle eie vlae en volksliedere gehad. Frits het die aard en wese van die Afrikanervolk soos beliggaam deur die Voortrekkers, leer ken (M.E.R. 1947 : 53-55). Louw, op sy beurt, beskou die Groot Trek as een van die drie grootste waagstukke in die Afrikaner se geskiedenis. Hy toon egter aan dat net "sulke goeie Afrikaners" in die Kolonie gebly het om die een Afrikaanse volk hier op te bou, as wat getrek het om sy redding oorkant Grootrivier te bewerk" (Louw 1986a : 99).

Frits Rothmann sou dus met hart en siel alle pogings aanhelp om die mag van die oorheerser te breek. Dit was ook die rede waarom so baie Kaaplanders gerebelleer het (M.E.R. 1947 : 57).

M.E.R. is van mening dat die grond van alle oorloë oorheersing en verset daarteen behels. In hulle kort leeftyd het die Republieke met leiers soos Kruger, Steyn en Hertzog tog daarin geslaag "om die onafhanklikheidsideaal in al sy onvergelyklike skoonheid vir ons tot 'n onsterflike werklikheid te maak" (M.E.R. 1947 : 58).

M.E.R. betoog dat Engelse oorheersing in kerk, skool, gemeenskap en staat veel bygedra het om die Afrikaner wakker te skud om na eie aard te ontwikkel. Die Afrikaners wat na die Vrystaat en Transvaal uitgewyk het, het daar waar die Afrikaner gewys het wat daar in hom steek, 'n veilige hawe gevind. Dit het van Frits Rothmann die Swellendamse skoolseun, 'n Boerekrygsman en 'n stoere patriot gemaak.

Frits Rothmann was beide intellektueel en man van die daad. Hy wou die onreg wreek wat Britse oorheersing aan sy innerlike gedoen het. Van Wyk Louw het die Anglo-Boereoorlog goedgekeur en gemeen dat 'n instink bo die redelike Kruger genoop het om die ultimatum te stuur. Tog het hy geglo dat 'n volk liewer geslaan moet word as om self te slaan.

4.4 DEGENAAR EN STEYN SE BESKOUINGE OOR VOLKSGEES EN DIE NASIONALISME

Volgens Degenaar is Afrikanernasionalisme en "Volksgees" mites wat hulle oorsprong het in Kant se "konsep van indiwiduele self-determinasie" wat Fichte

op sy beurt op die volk toegepas het. Herder voeg by dat die indiwidu van homself bewus word deur die taal. Ook Rousseau het die volkswil (volonté générale) as 'n soort "kollektiewe persoonlikheid" beskou. Herder praat van 'n Volksgeist wat 'n organiese geheel is en 'n manifestasie van God as Absolute Gees. Fichte gaan 'n stap verder as Herder wat alle volke as gelykwaardig beskou het, deur voorkeur aan die Duitse volk te gee omdat sy volksgees die suiwerste is. Degenaar kom uit bostaande tot die gevolgtrekking dat volksnasionalisme per se geslote is vir "liberale beïnvloeding" en redelike bespreking. Die toelating van andersdenkendes tot hierdie broederskap sou 'n wandaad teenoor die volksgees wees (Degenaar 1976 : 45,46). Degenaar besluit dat die "mite van volksidentiteit inderdaad 'n harde en verkrampte meester oor die indiwidu is" (Degenaar 1976 : 47).

Met 'n filosofiese betoog kraak Degenaar dieselfde "volksgees" af wat deur M.E.R., Van Wyk Louw en J.C. Steyn gehuldig word. In Dokument 2.x.42 in U.S. se Dokumentesentrum skryf Louw dat hy aan die nasionalisme glo as waardevolle politieke prinsiep. "Ek glo", skryf hy, "aan die ewigdurende voortbestaan van 'n eie aparte Afrikanervolk met eie taal, kultuur". Hy voeg by dat nasionalisme 'n universele politieke begrip is en dat dit vir alle volke goed is; dus ook vir die Engelse in Suid-Afrika ("as hulle wil"), vir die Bantoe en die Bruinman. Daar dien op gelet te word dat hierdie Louw-dokument die datum 23 Januarie 1955 dra. In sy Voorwoord tot D.P. Botha se <u>Die opkoms van ons Derde Stand</u> voeg Louw die Kleurlinge by die blanke Afrikaners:

"Wél het ek 'n innige begeerte - nee, 'n hartstogtelike <u>wil</u> - dat my volk, Blank en Bruin, en die taal wat ons praat in hierdie land bly voortbestaan. En dit is óns wat bedreig word; ons Swart vriende, glo ek, is van hul eie voortbestaan deeglik versekerd" (Louw 1986b : 623).

4.5 Vir <u>Rykie van Reenen</u> (<u>Rapport</u>), 4 Junie 1978) is Jaap Steyn en die dagboekskrywer, Kobus, in <u>Dagboek van 'n verraaier</u> sinoniem. Daarmee kan 'n mens nie help om saam te stem nie. Namate die onafwendbare noodlotsbestemming van die blanke in Suid-Afrika in sy volle omvang ontvou, klou die dagboekskrywer vas aan die "volksgeesmite". Hy sien die vyand seëvierend marsjeer "deur Maitlandstraat, Voortrekkerweg, Empireweg en Jan Smutslaan ... Die beskawing is dood, lewe die barbare" (Steyn 1978 : 92). Kobus sê hulle (d.w.s. die "ware" Afrikaners of Boere) kan nog net veg vir 'n stukkie Suid-Afrika waar hulle Afrikaans kan praat ... "ons veg vir 'n Afrikaanse tuisland, 'n Afrikanerstan", want dis te laat om vir 'n "Boer-en-Hotnot-stan" te veg (Steyn 1978 : 92).

Omdat sy vriend Anton 'n land beoog waarin almal broers in Christus is wat "met vreugde vir mekaar wuif omdat 'n nuwe wêreld aangebreek het", weet Kobus dat hy (Anton) insgelyks "One Azania, one nation, one language" sal goedkeur (Steyn 1978 : 103,104). Dan bely Kobus: "So kom mens dan by daardie letzten Dinge waaroor W.E.G. Louw geskryf het: vir my is dit volk en taal" (Steyn 1978 : 105); Afrikaans dus en Afrikanernasionalisme, mite ofte nie. Die titel van sy werk ten spyt, of dan juis om die dubbele ironie daarvan, stel Steyn die dagboekskrywer se saak ooglopend oortuigender as Anton s'n. Met sy tweede verraad het Kobus vir sy eerste verraad vergoed, en kom hy gelouterd, sy dit dan gehawend, uit die stryd.

Herder se Volksgeist, die volkskarakter of die beskermengel van 'n volk, was 'n irrasionele begrip en radikaal verskillend van die rasionele konsep van die mensdom, kenmerkend van die vroeëre Verligting (Aufklärung). As die Volksgeist dan, soos deur Degenaar aangetoon, 'n mite is (Degenaar 1976 : 46, 47), mag wél gevra word hoekom dan net Afrikaner-mites vir ontmaskering uitgesonder word. Die mite is bepaald nie afskryfbaar nie as 'n mens bv. in gedagte hou dat die mite en waan van allesoortreffende eie verdienste die Angel-Saksiese wêreld eeue lank laat uitstyg het. Boonop is dit 'n feit en nie 'n mite nie dat blankes van Hollands - Frans - Duitse herkoms in Suid-Afrika, bewus van 'n eie identiteit, daardie andersheid hardnekkig verdedig het teen die grootste imperiale mag in die Weste se geskiedenis.

5. **SLOT** ('n Antwoord op die vrae gestel in die Slot van hoofstuk 2).

(a) Wat behels die benaming Afrikaner? Word dit uitsluitend vir blankes gebruik?

Met die naam Afrikaner bedoel beide M.E.R. en Jaap Steyn 'n Afrikaanssprekende blanke, en beslis nie net die bewandelaars van "Die Pad van Suid-Afrika" nie. Vanaf ongeveer 1960 praat Van Wyk Louw van "My volk, Blank en Bruin". Hy sê "Die Bruinmense is óns mense, hóórt by ons" (Louw 1986b : 623). Degenaar bedoel ook blankes as hy skryf "Afrikaners, kom ons word mondig" (Degenaar 1976 : 1), maar enkele bladsye later waar hy met nege voorstelle kom "om die Afrikaner te help om die bakens van Afrikanerskap nie so eng te lê nie" beweer hy dat "'n wit Afrikaner wat 'n bruin Afrikaner as broer ontdek, tog nie ontrou is aan die kleinood van die Afrikaner se kultuur, naamlik die Afrikaanse taal nie" (Degenaar 1976 : 5).

Dit lyk tog of die naam Afrikaner tot die jongste dag na 'n blanke Afrikaanssprekende sal verwys. Die benaming Suid-Afrikaner word sonder kwalifisering vir elke inwoner van Suid-Afrika gebruik, maar wanneer

"Afrikaner" hiervoor ingespan word, word "wit" of "swart" of "bruin" bygevoeg. Bruines en Swartes is buitendien oor die algemeen nie gediend om Afrikaners genoem te word nie.

(b) Hoe belangrik is Afrikaans vir die Afrikaner?
Vir M.E.R., Louw en Steyn, soos vir Langenhoven, is Afrikaans dié pêrel van groot waarde. Op pad terug na Suid-Afrika vra Jan Visser (Steyn 1976 : 146) homself af of daar 'n mooier woord as "Afrikaner" is. In sy gedagte antwoord hy: "Afrikaans, ja; om net Afrikaans te mag hoor, alleen Afrikaans te dink klink. Ek is Afrikaans, en dit kan niemand van my wegneem nie - ook geen Afrikaner nie". Dié twee sinne in sigself is 'n prag-advertensie vir Afrikaans.

(c) M.E.R. bepleit nêrens samewerking met Engelssprekendes nie, hoewel sy met groot toegeneentheid oor Engelssprekendes soos die doktersvrou, mev. Mary Brown, en die Roomse priester, McAuliffe, skryf. Sy beskou die Engelssprekende as 'n ewemens, maar wat die politiek betref, sê sy: "Want ons is in twee kampe, nog altyd". Nóg M.E.R. nóg Van Wyk Louw het die groot samesmeltingseksperiment van genls. Hertzog en Smuts in die dertigerjare ondersteun. M.E.R. was 'n ondersteuner van 'n nog eksklusiewer Afrikaanse groep as die Nasionale Party van dr. D.F. Malan, nl. die Ossewabrandwag. Alles wat Steyn geskryf het, gaan oor Afrikaans en die "tuiste" wat die Afrikaanssprekende Afrikaner daarin vind. Steyn is dus ingestel op die behoud van die Afrikaner en sy taal in hierdie land, en hy is blykbaar nie van mening dat dit op die weg van samewerking met Engelssprekendes geleë is nie. Degenaar is beslis 'n voorstander van noue samewerking nie alleen met Engelssprekendes nie, maar met alle Suid-Afrikaners.

In 1939 het Louw neutraliteit in die Tweede Wêreldoorlog voorgestaan. Dit sou ons "Voortrekkerdaad vir ons onafhanklikheid en vryheid wees". Dan sal Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes in 'n toekomstige Suid-Afrika vreedsaam naas mekaar kan leef (Dokument 2.x.7).

(d) Wat is hulle mening oor dr. Verwoerd se twee politieke strominge in sy 1966 Republiekdagtoespraak?
In sy 1966-Republiektoespraak het dr. Verwoerd verwys na twee helder afskeibare, selfs teenoorgestelde politieke strome, gesimboliseer deur twee groepe manne: aan die een kant genl. Hertzog, dr. Malan en adv. Strydom. M.E.R., Steyn en Van Wyk Louw is ondersteuners van hierdie stroom, hoewel Louw en Verwoerd gebots het oor Verwoerd se klaarblyklike verwysing na Louw in genoemde toespraak toe hy gepraat het van skrywers wat peins oor die wese van

'n volk i.p.v. in die eeste gloriejare van die Republiek te jubel: "Só is my volk!"

As hy vandag voor die keuse gestel word, sal Degenaar, soos die meeste Suid-Afrikaners, seker die eerste stroom volg, nl. dié van konsiliasie, soos oorspronklik voorgestaan deur generaals Botha en Smuts.

(e) Een van die viertal het Bruin en Donkerbruin takke van die N.P. voorgestel. Wat dink die ander drie daarvan?
Van Wyk Louw het die stigting van "Bruin en Donkerbruin" takke van dieselfde nasionale party voorsien. Dit het in 1991 'n werklikheid geword. Steyn ondersteun dit seker nie, maar Degenaar verwelkom dit.

(f) Hoe voel hulle oor A.P. Treurnicht se bewering dat die Afrikanervolk en Afrikaans nie van mekaar te skei is nie?
Beide M.E.R., Louw en Steyn glo dat die <u>Afrikanervolk en die Afrikaanse taal nie van mekaar te skei is nie</u>. Louw neig na die mening dat alle Afrikaanssprekendes Afrikaners is. In 'n voetnoot by sy Voorwoord vir <u>Die opkoms van ons Derde Stand</u> sê hy "kleur is net spel ... 'wit' is één van ons bruinerige pienk-wit-vaal-geel gelaatskleur se tinte. Wanneer ons die dag regtig 'wit' of 'blank' is, roep ons die dokter". Kultuur, vervolg hy, skei mensegroepe, en die werklik bindende faktor is weer kultuur. Daarom hoort Bruin en Blank bymekaar.

(g) Wat dink hulle van die moderne skrywers na wie Treurnicht verwys as beswadderaars van Afrikaans in Afrikaans?
Louw beskou <u>moderne Afrikaanse skrywers</u> in 'n gunstige lig. Hy glo dat 'n mens oor enigiets mag skryf wat God toelaat om te gebeur. In dokument 2.To.51 sê hy met die literatuur van 1910 - 1930 sal die Afrikaanse volk nie sy jong intellektuele behou nie. 'n Kenmerk van 'n "werklik nasionale letterkunde is rykdom ... verskille, gevarieerdheid, bontheid van vorms, van inhoud ... so ryk soos die lewe self".

M.E.R. het ernstige bedenkings oor moderne Afrikaanse romans waarin daar nie een ordentlike mens voorkom nie soos in <u>Sewe dae by die Silbersteins</u> (M.E.R. 1977 : 186).

Steyn is self 'n moderne skrywer en beskou Brink se <u>Kennis van die aand</u> as een van die vyf beste romans in Afrikaans.

Ook Degenaar is 'n voorstander van die moderne Afrikaanse letterkunde.

(h) Wat sê die viertal van dr. G. Viljoen se destydse uitspraak dat die Afrikaner sonder die behoud van blanke rassesuiwerheid nie meer Afrikaner is nie?

Degenaar is ontsteld omdat 'n vooraanstaande Afrikaner, prof. Gerrit Viljoen, in 1978 nog kan skryf oor die onaanvaarbaarheid van bloedvermenging en die noodsaaklikheid om "die rassesuiwerheid van ons volk te bewaar" (Degenaar 1980 : 19). Saam met die meeste moderne akademici glo Degenaar dat Afrikanerskap eerder op kultuuridentiteit as op bloedidentiteit moet berus (Degenaar 1980 : 19). 'n Mens weet nie of prof. Viljoen self in die lig van onlangse staatkundige ontwikkelings nog by sy 1978-uitspraak staan nie.

Louw, M.E.R. en Steyn gee nêrens enige aanduiding dat hulle bloedvermenging van die Afrikaner met bruin of swart voorstaan nie.

(i) Wat is hulle mening oor Degenaar se tipering van die Afrikaner volgens die temas selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag soos die Afrikaner homself gedefinieer het binne die nasionalistiese verwysingstam?

Volgens Degenaar is die Afrikaner 'n "genuanseerde verskynsel wat homself gedefinieer het deur middel van die temas selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag. M.E.R. stem nie saam dat die selfbeskikkings- en vryheidsbegrip kunsmatig deur die Afrikaner in Christelik-nasionale opvoeding en die stigting van die N.P. en die Broederbond aangewend is nie. Volgens haar is die Afrikaner se verset teen die Engelse wêreld 'n natuurlike uitvloeisel van sy Germaanse herkoms. Ook Van Wyk Louw is van mening dat die besluit om nie in 'n groter, Engelse bestel op te gaan nie, "deur naamlose mense op klein plasies, baie stil, skaars bewus geneem is" (Louw 1986a : 455,456).

Ook Steyn wat blykbaar wanhoop aan die Afrikaner se toekoms, glo dat volk en taal die "letzten Dinge" is en nie kunsmatig georkestreer is nie (Steyn 1978 : 105).

M.i. is die tragiek van Suid-Afrika geleë in die botsende regte van aanvanklik Engelsman en Afrikaner, en uiteindelik Witman en Swartman. Dit sou vreemd gewees het as die groep blankes wat uit die Nederlanders, die Hugenote en die Duitsers voortgespruit het, hulle nie teen die vreemde indringer en die inboorlingrasse versit het nie. Dat ander se regte in dié proses geskaad is, is te betreur. In dié verband is die Afrikaners se rekord egter beter as die

Amerikaners en die Australiërs s'n. M.i. is die Afrikaner se grootste oortreding dat hy kleur en verdienste verwar het, en dat hy aan anderskleuriges geen beduidende wetgewende mag verleen het nie.

(j) Stem hulle saam met F.A. van Jaarsveld dat veranderende omstandighede die Afrikaner se beeld voortdurend laat wissel het?
Die viertal stem ongetwyfeld saam met F.A. van Jaarsveld dat die Afrikaner se beeld weens veranderende omstandighede voortdurend gewissel het. Louw het gepleit dat die Afrikaner nie vernuwing, verskeidenheid en verandering moet vrees nie. In die laaste skets in Steyn se bundel Op pad na die grens sê Johan, terwyl die trein deur die nag voortspoed, dat hy met "eindelose verlange" die "ou Afrikaanse wêreld" agter hom laat, "maar die nuwe Afrikaanse wêreld dié sou ek vir geen geld ter wêreld, geen kleur ter wêreld, geen ander taal ter wêreld sou ek dit wou mis nie" (Steyn 1976 : 155).

Degenaar bepleit openlik die integrasie van alle Suid-Afrikaners. Dan sal die beeld van die Afrikaner nie net wissel nie, maar verdwyn. Degenaar sê boonop dat die moderne era 'n nuwe soort Afrikaner vereis wat "saam met die swartman die toekoms positief tegemoet gaan" (Degenaar 1980 : 4).

M.E.R. glo dat die Afrikaner 'n besondere volksaard ontwikkel het uit die stof wat daar in hom sit. Ontwikkeling beteken natuurlik ook verandering en wisseling van beeld. Op 19 Januarie 1966 skryf sy aan Johanna Potgieter dat "as 'n mens so naby die uitgaan is, word jy maar soms skrikkerig vir wat na verswakkingstekens in ons volkstoffasie lyk" (M.E.R. 1977 : 193).

(k) Wat dink hulle van Nepgen se mening dat die Afrikaner nie besonder waarheidliewend en eerlik is nie?
Oor Nepgen se mening dat die Afrikaner nie besonder waarheidliewend is, spreek M.E.R., Steyn en Degenaar hulle nie uit nie. Louw sê hy ken eerlikes en "te slimmes"!

(l) Deel die viertal mnr. Jaap Marais se siening van Oppenheimer en Rhodes?
M.E.R. stem hoegenaamd nie saam met Oppenheimer se bewering dat die Afrikaners van die ou Republieke so agterdogtig teen vreemde invloede en teen die bou van 'n verenigde, moderne land was dat hulle vernietig moes word nie. Reeds by die Jameson-inval het sy aan die Kaapse Universiteit die gees van die voorvaders in haar voel roer. Sy was 'n groot bewonderaar van Kruger, Steyn en die verkenner Danie Theron.

Ook Van Wyk Louw was 'n bewonderaar van Kruger wat weens 'n instink bó die redelike die ultimatum aan Brittanje gestuur het. Natuurlik stem Jaap Steyn, geboortig uit die Rebelle-wêreld van die Noord-Vrystaat, allermins met Oppenheimer saam. Te oordeel na sy uitsprake oor die verkramptheid van die Afrikaner en sy pleidooie vir integrasie en wegbeweeg van die mites van volk en ras en kleur, is dit duidelik dat Degenaar anders oor mnr. Oppenheimer se uitsprake oordeel as M.E.R., Louw en Steyn.

(m) Gebruik die viertal ook die kodes wat Nipperdey aandui as hulle oor die Afrikaner skryf?
Wat Nipperdey se konvensies wat deur die protagoniste van nasionalisme gevolg word, betref, kan kategories gesê word dat M.E.R., Louw en Steyn beslis nie van die godsdiens-kode gebruik maak nie. Degenaar gebruik wel die beeld van die tydgenootlike Christen wat nie na 'n ander wêreld in die hiernamaals strewe nie, maar na 'n veranderde wêreld in hierdie bedeling.

(n) Wat van Steyn se bewering dat argumente vir nasionalisme gehaal word uit bronne soos godsdiens, geskiedenis, taal, tradisie en ras? Berus Steyn self, Louw, Degenaar en M.E.R. se siening van nasionalisme op hierdie sake? Steyn glo dat Afrikanernasionalisme iets is soos 'n bewuste "Afrikanerheid" wat Afrikaners tot georganiseerde optrede aanspoor. Die gevoel vir jou eie verarmde, verdrukte mede-Afrikaners is die "sterkste en edelste dryfveer van die nasionalisme" (Steyn 1987 : 4,5). Van Wyk Louw het gesê "'n ware en bewuste nasionale beweging ontstaan waar enkeles 'n groot agterstand by hulle volk gewaar". M.E.R. het oor presies sulke toestande van ellende waarin volksgenote in die Depressiejare verkeer het, in haar deel van die Carnegie-verslag geskryf. Wat binne die vermoë van haar pen was, het sy aangewend om dié toestande te verlig. Dis dus veilig om te sê dat M.E.R., Louw en Steyn van geen kunsmatige, propagandistiese middels gebruik gemaak het om die saak van die Afrikaner te bevorder nie.

(o) Wat is volgens die viertal tipiese eienskappe van Afrikaanse nasionalisme?
M.E.R. het pres. Steyn beskou as 'n model Afrikanernasionalis. Sy voortreflikste kenmerke was sy selfloosheid, sy mededeelsaamheid en die feit dat hy geen materiële gewin gesoek het nie.

Louw meen die taak van die Afrikaanse nasionalisme is om te dink aan die volste ontwikkeling van vyf of ses nasies en aan die verhoudings tussen hulle. "Ons moet erken ons was soms al krampagtig, dwaas. Apartheid is slegs in orde

as dit albei kante wat apart gehou word tot voordeel strek" (Louw : Dokument 2.x.18).

Steyn glo dat die Afrikanernasionalisme sonder Afrikaans nie kan bestaan nie. Daarom is die handhawing, uitbouing en verskansing van Afrikaans een van die Afrikaanse nasionalisme se grootste take.

Degenaar sê die volksnasionalis (Afrikanernasionalis) glo aan die mite van uitverkorenheid en dat die Groot Trek dus 'n uittog na die Beloofde Land was. Die Afrikanernasionalis gun die swart volke hulle eie nasionalismes en gebiede, maar weet nie wat die bruinmense en die Indiërs te doen staan nie. Hy haal Schalk Pienaar aan: "Die wese van Afrikaner-nasionalisme is geslaagde stryd teen 'n mens se miskenning in jou eie vaderland. Die Afrikaner-nasionalis is in noodlottige botsing met homself as hy ander mense in hulle eie vaderland misken" (Degenaar 1976 : 50). Die Pienaar aanhaling is uit "Vergesigte waarvoor 'n jong mens sal sterf", Rapport, 30 Junie 1974.

SLOTSOM:

M.E.R. het 'n eeu lank innig saam met die Afrikanervolk, met apartheid en Afrikanernasionalisme geleef. Sy het die Engelse Oorlog, die Rebellie en die Staking, Samesmelting, die Groot Depressie, die Wêreldoorloë en die twee groot Nasionale seges van 1924 en 1948 beleef. In 1952 het sy gesê: "Nou weet ek nie en verstaan nie die ander magte wat ook soek om oor ons land te heers nie" (M.E.R. 1972 : 167).

Van Wyk Louw het geglo dat Afrikanernasionalisme se deur altyd oop vir wit en bruin moet wees, maar dat daar 'n ander gebied vir die swartes ingerig moet word. Die Afrikanernasionalis moet sy taal handhaaf en die Afrikaner moet in sy eie taal 'n unieke bydrae lewer wat sy volk die reg tot voortbestaan mag gee. Volgens Louw het die Afrikaner se "koppige 'dom' stryd van 'n eeu lank teen Britse dwingelandy en die versoeking om in 'n breër verband op te gaan, sy eer as volk gered. Twee dinge het die nasionalisme, na Louw se siening egter nié gedoen nie. Hy het geen redelike antwoord gevind op die vraag watter morele reg 'n "klein nasie het om as nasie te wil voortbestaan nie", én hy het in sy eie bestaanstryd baie weinig aandag gegee aan die nasionalismes van ander groepe in Suid-Afrika. Die Afrikaner se nasionalisme en sy taalstryd kort dus 'n grondprinsiep (Louw 1986a : 500-503).

Jaap Steyn, Noord-Vrystater, het met sy magnifieke Tuiste in eie taal Afrikaans, die Afrikaner en Afrikanernasionalisme hoog opgestoot "midden in

het vaart der volken". Hy is 'n pleitbesorger by uitnemendheid vir die behoud van Afrikaans as amptelike taal.

Johannes Degenaar, filosoof, peil die wortel van Afrikanernasionalisme, trag om die bekende Afrikaner-ideologie te ontmitologiseer.

In hierdie hoofstuk is met vier bekende Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners (Degenaar se term) in beraad gegaan. Enige volk kan homself gelukkig ag as hy in 'n kort bestaan van minder as drie eeue 'n eeu lank iemand van M.E.R. se kaliber in sy geledere kon tel. Sy het nie alleen aan die "ou" Suid-Afrika blywende gestalte gegee in haar sierlose prosa nie, maar ook 'n groot bydrae tot die Afrikanerkind en die verarmde Afrikaner gemaak.

Van Wyk Louw het as Afrikaanse essayis en digter steeds nie sy gelyke nie, en sy gepoogde ontluisteraars slaag miskien hoofsaaklik daarin om getuigskrifte vir hulle eie Afrikanerheid (Jaap Steyn se maaksel) al dan nie te skryf.

Steyn, byna verskonend in sy voorkoms, het vir die Afrikaner, sy taal en sy Afrikanerskap werk gelewer wat hom in die geselskap van J. du P. Scholtz en G.D. Scholtz plaas.

Degenaar verteenwoordig die "nuwe" Stellenbosse denkers. Hy bepleit 'n nuwe Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner om die kwellende eise van die "nuwe" Suid-Afrika die hoof te bied.

# HOOFSTUK 4

## M.E.R. OOR KRUGER, STEYN, HERTZOG EN VERWOERD

### 1. INLEIDING

M.E.R. het net een biografie geskryf, nl. Die oorwinnaar, wat vir kinders bedoel was . Die stof daarin het sy hoofsaaklik te danke aan N.J. van der Merwe se Marthinus Theunis Steyn, dele 1 en 2. M.E.R. het in die loop van die eeu waarin sy geleef het, byna al die tydgenootlike leiers leer ken, sommige van hulle ook op persoonlike vlak.

M.E.R. het nie oor een van die leiers 'n biografie geskryf nie, hoewel sy oor al die hoedanighede beskik het om so iets suksesvol te doen. Sy was 'n knap en uiters noukeurige waarnemer en navorser, soos haar deel van die Carnegie-Verslag bewys. Daarby het sy die nodige mensekennis en deernis besit om Othello se pleitrede aan Lodovico te gehoorsaam:

"Vertel hoe ek is, moet niks versag nie
Maar moenie iets met bose opset skryf nie". (Hodek 1968: 1012 , my vertaling)

Gunther Pakendorf se lesing getiteld "Ons hele volksverhaal. Writing Afrikaner Nationalism on the periphery" bespreek Afrikanernasionalisme "objektief" of dan "van die buitekant". Na aanleiding van W.A. de Klerk se Die Gésel van Namaland bespreek hy die konvensies van "romantic nationalism". Hy haal Nipperdey se ag hoofelemente wat romantiese nasionalisme kenmerk aan, o.m. die belangrikheid van die geskiedenis wat die volk gevorm het en dit dus kan verklaar ("explain"), die volk self, die voorrang van die kollektiewe bó die indiwidu wat sy vervulling in die volk beleef, die anti-rasionele nadruk op die onderbewuste, en die godsdienstige aard van romantiese nasionalisme. Die aanname van 'n gemeenskaplike geskiedenis en kultuur vereis getrouheid aan die volk en die noodsaak om dit ongeskonde te hou (Nipperdey 1983 : 4,5).

In die bespreking van M.E.R., Louw, Steyn en Degenaar se beskrywing van die Afrikanerleiers Kruger, Steyn, Hertzog en Verwoerd sal aangetoon word dat die viertal selde bewustelik gebruik gemaak het van die kodes wat volgens Nipperdey en Pakendorf die wapens van romantiese nasionalisme kenmerk. M.E.R., Louw en Steyn dink nie presies eenders oor die Afrikaner en sy nasionalisme nie, maar hulle is al drie sonder twyfel Afrikanernasionaliste wat hulle saak met oorreding bevorder en nie met propagandamiddels nie. Degenaar vermy die naam Afrikaner en praat van Afrikaanssprekende Afrikaners.

M.E.R. het ook insiggewende dinge oor Smuts en Malan geskryf, maar sy was nooit 'n groot bewonderaar van dr. D.F. Malan nie en het hom as die geestelike mindere van bv. Steyn, Kruger en Hertzog beskou. In 'n brief van 4 Mei 1961 aan Alba Bouwer skryf M.E.R. dat Kruger, Steyn en Hertzog die drie grootste Afrikaners van haar tyd was (M.E.R. 1977 : 164).

## 2. S.P. KRUGER

### 2.1 INLEIDING

Emil Ludwig het 'n eenvoudige metode gebruik om sy objek in 'n biografie saam te vat. Hy het 'n skildery gebruik om sy proefpersoon te bestudeer. In 1931 het hy gesê: "Ek het met 'n skildery begin wat ek jare lank geken het; en as die skildery lieg, was daar ander beelde wat daarmee vergelyk kon word, die beste nog 'n foto" (Garraty 1957 : 131, my vertaling). Dis bekend dat iemand wat na Talleyrand gekyk het, gesê het: "As daardie man nie 'n skurk is nie, dan skryf God 'n onleesbare handskrif!"

M.E.R. was gelukkig genoeg om Paul Kruger van aangesig tot aangesig te sien. Hy het op haar 'n onvergeetlike indruk gemaak. Sy het eenkant gesit en "kon net sit en luister wanneer hy in sy diep stem iets vra of opmerk". Kruger het, op sir Thomas Muir ná, die sterkste gesig gehad wat sy in haar lewe gesien het (M.E.R. 1972 : 100). Die bekende Franse joernalis, Henry des Houx noem Kruger 'n "simbool van krag". Volgens hom het nie eens Bismarck homself deur sy houding en gebare so verklaar en sy persoonlikheid so uitgestraal soos Kruger nie. "Hierdie Bybel onder die verminkte hand, hierdie vurige geloof wat hom soos 'n vlam versprei, verklaar die heldhaftigheid van die Boere" (Krüger 1963 : 279). Ook Cromwright Schreiner het met 'n tikkie humor verklaar dat Kruger die "indrukwekkendste" mens was wat hy ooit gesien het behalwe sy vrou Olive! (Krüger 1963 : 177).

M.E.R. het Paul Kruger in die kern raakgesien. Sy wens Michelangelo kon van Kruger 'n beeld uit klip, nie marmer nie, bou. Sy sê dit nie maar so gewoonweg nie, want weens sy ruwe, ongekunstelde vasberadenheid en berekendheid vir sy saak, laat sy uiterlike haar eerder blykbaar aan ruwe klip dink en nie die meer verfynde marmer nie. Sy is jammer dat daar nie in Kruger se dag 'n Afrikaanse skryfstyl was waarin 'n kennis hom van naby kon beskryf nie. Daarom is sy bly dat president Reitz veel van hom vertel het (M.E.R. 1972 : 10). Sy verwys blykbaar na Reitz se outobiografie waarvan die

manuskrip sedert 1919 behoue gebly het sodat dit uiteindelik in 1978 by Tafelberg kon verskyn.

Hoewel M.E.R. 'n emosionele liefde vir die Afrikanervolk het, gebruik sy nie in haar beskrywing van Kruger se voorkoms enigeen van Nipperdey se "romantiese nasionalisme"-konvensies nie. Haar voorstelling van Kruger dra geen tekens van doelbewuste Afrikaner propaganda nie. Garraty is van mening dat Lytton Strachey as biograaf se groot talent karakterweergawe is (Garraty 1957 : 122), maar dat hy nie die nodige eerbied vir die waarheid het nie. Die waarheid is natuurlik ingewikkeld en die mens sien gewoonlik maar net 'n faset daarvan. Tog kan met veiligheid beweer word dat M.E.R. na haar heel beste vermoë en wete die waarheid probeer weergee. Clark in sy werk Autobiography haal Montaigne aan: "Ander het hulle die vryheid veroorloof om van hulleself te praat omdat hulle waardige en ryke onderwerpe in hulself gevind het. Ek het inteendeel myne so bar en so vlak gevind dat dit selfs nie 'n sweem van vertoon kan duld nie" (aangehaal deur Harley 1985 : 103, my vertaling).

M.E.R. het nié uit haar eie die gebeure in haar eie lewe opgeteken nie, maar op aandrang van J. du P. Scholtz. Sy skroom nie om dinge wat vir haar ongunstig verloop het, en dit miskien deur eie toedoen, met openhartigheid te verhaal nie.

Om na Kruger terug te keer: M.E.R. het hom later weer 'n paar maal van naby gesien, maar het nooit weer so 'n gulde geleentheid gekry om hom te betrag nie. Sy was nietemin elke keer diep beïndruk deur sy teenwoordigheid. Geestelik, dink sy, was hy "sui generis", van sy eie besondere soort, en in 'n enige kategorie. In sy ouderdom was dit in sy uiterlik ook duidelik merkbaar (M.E.R. 1972 : 101). Anders as Preller en Steyn wat Kruger alleen as toonbeeld van die rotsvaste Afrikaner beskou en deur middel van sy beeld die Afrikanersaak probeer bevorder, beskou M.E.R. haar ontmoeting met Kruger as 'n bonus in die toegewese deel van haar lewensbrood.

## 2.2 KRUGER SE VERSET TEEN VYANDE VAN SY VOLK

Volgens Mick O'Connor moet die lewensbeskrywing tot geheimsinnige waarhede in die proefpersoon deurdring (O'Connor 1991 : 15). In Kruger se denke en optrede was daar volgens M.E.R. 'n "voortdurende verset teen magte wat ons natuurlike volksvorming aan bande wou lê, 'n verset wat diep ingewortel was in die Afrikaanse volk en deur ons geskiedenis geloop het lank voor daar 'n Groot Trek was". Dié verset was ook 'n deel van Kruger se wese en het hom in staat gestel om hom teen die magtige Britse Ryk te verweer (M.E.R. 1992 : 110).

F.A. van Jaarsveld noem die feit dat Kruger in 1881 in 'n toeligtingstuk aan die Vrystaat op die vraag, "Wie zijn wij?", gesê het hulle (die Boere van die Republieke) is nakomelinge van Hollander en Hugenoot, een volk, "één in geloof, één in rustigen eerbied voor de Wet, maar met een gevoel van vrijheid en onafhankelijkheid ..." (Van Jaarsveld 1981 : 8). Kruger se aanduiding van die oorsprong van die vryheidsdrang en verset van die Afrikaner, nl. sy Hollandse (d.w.s. Germaanse) én Franse bloed, is dus omvattender as M.E.R. s'n wat slegs die Afrikaner se Germaanse oorsprong aantoon. As student in Amsterdam het Hertzog gesê die Afrikaner het boonop nog die gesonde verstand en praktiese sin van die Engelsman (Van den Heever 1944: 46,47). Kruger maak hier gebruik van die konvensie van die belangrikheid van die geskiedenis wat die volk gevorm het.

D.W. Krüger meen pres. Kruger se politieke krag het gespruit uit die feit dat hy die "mondstuk was van daardie binnekern van sy volk wat ... 'n byna intuïtiewe wantroue" in die Britse politiek gehad het (Krüger 1963 : 174). Krüger onderstreep Kruger se groot aandeel in die ontwikkeling van 'n onafhanklike Afrikanervolk, asook sy geloof aan die beskikking van God. Paul Kruger wend dus twee kodes soos deur Nipperdey aangetoon om "romantiese Afrikanernasionalisme" te bevorder, nl. volk en godsdiens.

## 2.3 KRUGER SÊ ROL IN DIE AFRIKANER SE GESKIEDENIS

In haar inleiding, "Ontwikkeling van 'n Afrikaner" tot Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901 wat Audrey Blignault op die stofomslag een van die "beste kultuurhistoriese essays deur een van die suiwerste prosaïste in Afrikaans" noem, toon M.E.R. aan hoe die Engelse op Swellendam se volhardende pogings om te bewys dat alles wat Engels is voortrefliker is as die Afrikaanse teenhanger, haar broer Frits só verbitter het dat hy na Transvaal en die Vrystaat uitgewyk het.

Dis 'n ope vraag of tyd en omstandighede die verloop van die geskiedenis bepaal. Goethe het die indiwidu as 'n weerkaatsing van sy tyd beskou en geredeneer dat as enigiemand 'n dekade vóór of ná sy werklike geboortedatum gebore was, hy glad 'n ander skepsel sou gewees het. Carlyle, die heldeaanbidder, het op sy beurt geglo dat die geskiedenis niks meer as die som van ontelbare biografieë is nie (Garraty 1957 : 5). M.E.R. stem met Carlyle saam. Haar broer Frits het tydens sy verblyf in Transvaal die Afrikanervolk soos beliggaam in die Voortrekkers leer ken (M.E.R. 1947 : 54). Paul Kruger was vir hom 'n "vaste punt waarvolgens hy kon sien of sy eie lewensrigting reg

bly". In Kruger se staat was Hollands en nie Engels nie die taal van die geregshof, openbare dienste en skole. Die Republieke het hulle eie vlae en volksliedere gehad. Geïnspireer deur Kruger het Frits "hart en siel gewy aan alle pogings om die mag van die oorheerser te breek". Dit verklaar waarom 10 000 Kaaplanders gerebelleer en by die Republikeinse magte aangesluit het (M.E.R. 1947 : 55,57). Leiers soos Kruger, Steyn en Reitz het in hulle kort leeftyd daarin geslaag "om die onafhanklikheidsideaal in al sy overgelyklike skoonheid vir ons tot 'n onsterflike werklikheid te maak" (M.E.R. 1947 : 58). M.E.R. se ywer vir Afrikanernasionalisme en haar bewondering vir Afrikanerleiers laat haar hier adjektiewe soos onvergelyklike en onsterflike gebruik, 'n rare verskynsel in haar andersins sobere prosa waarin onderbeklemtoning gewoonlik skering en inslag vorm. Sy stel ook hier twee van Nipperdey se Konvensies aan die bod, nl. die ontologiese (wesenlike) status van die volk, en die belangrikheid van die geskiedenis wat indiwidue laat opgaan in diens van die volk.

M.E.R. toon aan dat Kruger se opregtheid en doelbewuste onafhanklikheidstrewe mettertyd die laster oorwin het, alhoewel daar in Kaapland en die Republieke twyfelaars was wat "darem maar" gemeen het die ou President is "'n ongemanierde en buffelagtige ou hardekop" (M.E.R. 1972 : 111,112). Met hierdie twee modale bywoorde, darem en maar (slegs drie lettergrepe altesaam) gee M.E.R. 'n amper volledige beeld van haar siening van die lamsak twyfelmoedigheid van Slaaplanders alkant van die Vaal.

Oor Kruger se deurslaggewende rol in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner stem J.C. Steyn volmondig saam. Hy haal die beroemde Nederlandse historikus, Pieter Geyl aan: "Onder de heersers van Zuid-Afrika's toekomst zitten toch de figuren van Retief en Kruger mee aan" (Steyn 1980 : 135).

Kruger se invloed het tot op Swellendam deurgedring waar M.E.R. se suster Lettie haar volgende kind Anna Wilhelmina (na haar moeder) Paulina (na pres. Kruger) laat doop het (M.E.R. 1972 : 36).

Van Wyk Louw wat, soos Shakespeare, die dinkproses van 'n ewemens suksesvol kon binnedring, meen dat Kruger waarskynlik besef het dat selfs 'n uiterste poging die Republieke nie 'n oorlog teen Engeland sou laat wen nie, en dat dit onwaarskynlik was dat enige Europese moondheid die Republieke te hulp sou snel (Louw 1986a : 97). Die oorlogsverklaring was gevolglik "'n dobbelspel om die bestaan van 'n volk", sodat selfs goeie Afrikaners onwillig kon gewees het om te veg. Tog het "iets soos 'n krag bo die redelike Kruger gedryf om die onmoontlike te doen. Hy het die ultimatum gestuur". Dus was, so sê Louw,

volgens Nipperdey se kode (nl. die beloop van die geskiedenis wat die volk gevorm het en dit dus kan verklaar) "die wysheid van die redelikes weer die kleinste", want vandag weet ons dat as ons nie geveg het nie, "die Afrikaanse volksgevoel van slapheid en feitlik van skaamte sou gesterf het, want wie behoort dan graag tot 'n volk wat sy nek buig as dit nuttig is om nederig te wees?" Maar "uit die trots van die driejarige stryd teen 'n wêreldmag is die nuwe Afrikaanse nasionalisme gebore" - Nipperdey sou dit romantiese nasionalisme noem - "wat nie langer gekeer kon word nie" (Louw 1986a : 98). Van Wyk Louw was nie die eerste om in hierdie trant te skryf nie. Pres. M.T. Steyn het dit reeds as argument gebruik toe sommige Transvaalse leiers in 1900 al wou vrede maak (Steyn 1980 : 184).

## 2.4 SLOTSOM

John A. Garraty is van mening dat die goeie biograaf nie net sy objek se loopbaanfeite moet behandel nie, maar ook die man self, sy persoonlikheid, karakter en indiwidualiteit moet weergee. Hierin slaag M.E.R. se "biografie" oor Kruger. Hy verskyn voor die leser as 'n sterk, onbuigbare, ongekunstelde man, enig in sy soort (sui generis), 'n rotsvaste karakter wat sy man teen die oorheerser staan. Daar is egter ook 'n gemoedelike trek in Kruger se karakter. Toe M.E.R. se suster Annie nie 'n onderwyspos in Transvaal kon kry weens haar vermeende vrydenkery nie, kon sy die President nie van haar goeie trou oortuig nie. Hy het die direkteur van onderwys, dr. Mansvelt, gelyk gegee, want "hy moet vir Christus se kindertjies sorg". Toe Annie wegstap, het hy gesê hy sal vir haar bid! (M.E.R. 1972 : 106). Hierdie insident staan in skerp kontras met die onderhoud wat Annie en M.E.R. op Swellendam met die Kaaplandse S.G.O., dr. Thomas Muir, gevoer het. Soos Kruger wou hy ook niks weet nie, hierdie keer onder die preteks dat die twee susters as "undesirables" uit Transvaal weg is. Dié slag het Annie egter nie die groot man se beslissing gelate aanvaar nie, want met die uitstap het sy in keurige Engels gesê dat dit, al sê dr. Muir ook wat, tussen hulle twee 'n kwessie van Engelsman teen Afrikaner is - 'n uitspraak wat vir M.E.R. bó die robyne was! (M.E.R. 1972 : 133,134).

M.E.R. probeer nie om die Kruger figuur te verheerlik nie. Haar leser ontmoet 'n tragiese figuur wat grimmig en waardig die bestemde pad loop, maar nie nalaat om sy keil te lig en sy kop te knik vir M.E.R. se mooi suster Chrissie nie. Hy het van haar met dié gebaar vir altyd 'n vriend gemaak. Nooit het sy weer 'n woord teen die Transvaalse President gesê nie (M.E.R. 1972 : 112). Hierdie insident toon M.E.R. se vermoë om met 'n paar eenvoudige sinne twee

mense se innerlike met deernis bloot te lê, laat staan nog suster Chrissie se omvangryke skoonheid en die President se sigbare keil- en-manel-waardigheid!

Jaap Steyn vertel van die "triomftog" wat die Hanekoms met 400 opvoerings van die toneelstuk Oom Paul dwarsoor Suid-Afrika uitgevoer het, en hoedat daardeur nasietrots aangewakker is "in 'n volk wat so 'n man kan voortbring". Dit het 'n gevoel van "eendrag maak mag" ... laat opvlam wat lank net sluimerend was ... (Anna Minnaar-Vos 1969 : 111, soos aangehaal deur Steyn 1980 : 217,218). Volgens Steyn was Kruger een van die groot leiers van die neëntiende eeu wat nooit onder Engelse invloed gekom het nie (Steyn 1980 : 168). Steyn betreur dit egter dat Kruger nie, toe die geleentheid nog daar was, die Afrikaner se magsbasis noordwaarts uitgebrei het nie (Steyn 1980 : 153).

Mary Brown som miskien alles op toe sy ná haar besoek aan die President geskryf het:

"Ek het vertrek met 'n gevoel van groot eerbied en groot jammerte vir daardie ou man - 'n oorblyfsel van 'n verbygegane tydvak, 'n soort ruwe beskawing wat vinnig verdwyn. 'n Mens kyk terug en jy sien die figure van Kruger, Rhodes en Chamberlain - almal konkelaars - maar ek dink die hande van die ruwe ou Boer is die skoonste" (Meintjes 1974 : 328, my vertaling).

En ten slotte haal Steyn aan uit Kruger se toespraak toe hy in 1898 die vierde maal as staatspresident beëdig is. Kruger se verwysing na trou aan die voorouers herinner aan M.E.R. se ondervinding by die Kaapse Universiteit toe die tyding van die Jameson-inval haar bereik het en sy die gees van die voorouer in daardie Engelse omgewing in haar voel roer het (M.E.R. 1972 : 91). Kruger het gesê: "Staat dan vast, opdat niet te vergeefs op u vertroud wordt, en houdt u vast aan uw taal, Bijbel en godsdienst". Onverskilligheid teenoor die eie taal lei tot onverskilligheid teenoor die voorouers ... (Steyn 1980 : 122).

## 3. PRESIDENT M.T. STEYN

### 3.1 INLEIDING

M.E.R. beskou pres. Steyn as dié Afrikaner, as 'n man onder die manne, iemand deur wie Gods krag gewerk het om goeie dinge aan sy mense te bring. Hoewel hy nie terugdeins wanneer hy gekonfronteer word deur 'n magtige wêreldryk nie, maan hy sy volksgenote tot regverdigheid en liefde teenoor die ewemens en ootmoed voor die Skepper. M.E.R. is hoegenaamd nie in so 'n bevoorregte

posisie as Steyn se skoonseun en biograaf, dr. N.J. v.d. Merwe, nie, maar sy het tog in haar werk die wesentlike Steyn weergegee, sy dit dan nie in naasteby soveel detail as Van der Merwe nie.

Smuts onderstreep Steyn se bittereinde-stryd as dié faktor wat die Afrikaner sal laat leef, hoewel Smuts self, ironies genoeg, enkele jare daarna Steyn se soort Afrikanerskap die rug toegekeer het. In teenstelling met Smuts het M.E.R. nooit die "Afrikanerpad" verlaat nie. Miskien het Smuts, die holistiese denker, vir homself en sy land meer roem in 'n groter Angel-Saksiese verband in die vooruitsig gestel. Roem en 'n sitplek in die voorste gestoelte was vir M.E.R. daarenteen tot aan die einde van haar lewe geen versoeking nie. Toe 'n segsman van Tafelberg in 'n advertensie na haar as "die groot vrougestalte in die Afrikaanse letterkunde" verwys, het sy nie gelukkig daaronder gevoel nie (Scholtz, J. du P. 1979 : 71).

Van Wyk Louw verwys nie spesifiek na Steyn nie. In die essay "Die web" in Liberale nasionalisme beweer hy dat vier dinge die stroom of web van ons Afrikaanse tradisie gemaak het, nl. eerstens ons gemeenskaplike Wes-Europese kultuur, tweedens die spesifiek Nederlandse kultuur deur ons taal, derdens die spesifiek Engelse kultuur deurdat ons anderhalfeeu daarmee saam moes woon in hierdie land, en laastens ons ervaring in Afrika en die primitiewe kultuur van Afrika (Louw 1986a : 447,448). Louw noem nie pres. Steyn se naam nie, maar wel 'n gewone Afrikanerboer, Piet Viljee, en dui aan hoe hy deur die genoemde vierstroom-tradisie gevorm is. Steyn was m.i. egter 'n veel uitnemender produk daarvan. Met die Wes-Europese kultuur het hy eerstehands in Holland en Engeland kontak gemaak, met die Nederlandse kultuur daar en hier deur middel van Afrikaans en Nederlands, en met die Engelse kultuur in Engeland en in Suid-Afrika. Behalwe dat hy sy kinders Engelse name gegee het, het die Engelse invloed hom nie sy suiwere Afrikanerskap ontneem nie. Ook aan die invloed van Afrika het Steyn nie ontsnap nie. Van Wyk Louw het immers gesê Afrikaans verenig die helder Weste en die magié van Afrika.

Jaap Steyn toon aan hoedat Steyn koel beredeneerd tot die epiese stryd teen die Engelse toetree. Hy het in God geglo, in Hom op die oorwinning gehoop, maar in elk geval in God se wil berus.

Jaap Steyn is van mening dat pres. Steyn vir unifikasie op die Nasionale Konvensie gestem het omdat koloniale grenslyne die burgers slegs aan stryd en verdeeldheid sou herinner (Steyn 1980 : 367).

In 1911 toe sy vir haar egskeidingsaak in Bloemfontein was, het M.E.R. ook die Steyns besoek. Sy het die besoek beskryf om vir haar kinders te bewaar. Sy glo 'n portret van pres. Steyn gee geen werklike idee van die vriendelike eenvoud en rustigheid wat op sy gesig te sien was nie. Dis vir haar of Gods krag deur hom gewerk het om "iets goeds en heilsaams vir die mense te bring". Hier het M.E.R. André Maurois, die Franse skrywer, beroemd vanweë sy biografieë van o.m. Shelley, Byron, Proust en Victor Hugo, se raad gevolg: "Dis nie genoeg om net waar te neem nie. Die kunstenaar moet deurdring tot anderkant sy voorwerp, anderkant die skepsels van vlees en bloed tot die geheimsinnige waarhede verborge in hulle (O'Connor 1991 : 15, my vertaling). M.E.R. het vir dié doel elemente van die mistikus in haar samestelling. 'n Mens sou kan sê dat sy soms met haar geestesoog waargeneem het. Paulus praat in 1 Korinthiërs 13 vers 10 van "die gawe om tussen die geeste te onderskei". M.E.R. het een aand toe sy gedink het dinge sal tussen haar en suster Annie nooit weer regkom nie, vir Maria Siebert, 'n gestorwe vriendin, oor die onderdeur sien leun; "gesien met my oë, maar met meer as my oë" (M.E.R. 1972 : 90). Voor die beeld van Maria verdwyn het, het M.E.R. die "versekering: Toe maar! Dit sal regkom!" gekry.

Ook onder die moeilikste omstandighede gedurende die Botha-bewind en gedurende die Rebellie het Steyn suiwer leiding gegee, geskoei op die lees van Miga 6 (M.E.R. 1972 : 163,164). Deur fyn waarneming en fyn geestelike aanvoeling het M.E.R. insig gekry in die wesenlike adel van Steyn se karakter en in die Bron van sy krag.

Steyn was uniek onder die Afrikaners omdat hy die dilemma van sy volksgenote om naamlik volksoorlewing met hulle Christelike gewete te versoen, te bowe gekom het. Hy het geglo, en sy geloof met die klinkende daad bewys, dat die Afrikaner die wapen móét opneem en tot die stryd móét toetree as dit die enigste uitweg is om huis en haard, eer en plig te beskerm; ook om die uitslag in Gods hande te laat.

M.E.R. het haar nie self oor die liefde-geweld-dilemma uitgespreek nie. Op 'n vraag van J. du P. Scholtz wat Ta' Miem se gevoel oor die godsdiens is, het sy net gesê: "Ag daar is geskiedenisse en daar is bybels, maar vir my is die Tien Gebooie en die Bergpredikasie genoeg" (Scholtz, J. du P. 1979 : 72).

3.2 DIE NASIONALE KONVENSIE

Volgens Virginia Woolf is "daar deug in die waarheid; dit het 'n byna mistieke krag. Soos radium blyk dit in staat te wees om altyd weer kerne van

energie, atome van lig uit te straal" (O'Connor 1991 : 52, my vertaling). Edmund Gosse het met Father and son en James Joyce met Ulysses die voortreflikheid van waarheid en feitelikheid só beklemtoon en bewys, dat hulle die gietvorm van die roman verander het (O'Connor 1991 : 62 - 65). Teen haar eie verwagting in was M.E.R. se My beskeie deel 'n blitsverkoper, vermoedelik weens die egtheid en feitelikheid daarvan.

M.E.R. skryf in My beskeie deel met eerbied en bewondering oor pres. Steyn se aandeel aan die vorming van die Unie van Suid-Afrika. As ondervoorsitter van die Nasionale Konvensie het hy, sy swak gesondheid ten spyt," deurslag aan die saak gegee" (M.E.R. 1972 : 164,165). Sy strewe was gerig op die vorming van een Afrikanervolk wat eendag weer selfstandig sou wees. Daarom wou hy Dingaansfees 'n algemene Afrikanerfees maak, ook in Kaapland (M.E.R. 1972 : 165). Hy het steeds geveg vir die Unie, vir Dingaansdag en vir die Vrouemonument. M.E.R. wonder wat ná Vereeniging sonder Steyn van die Afrikanervolk sou geword het. Beide Steyn en Hertzog het 'n nimmer-verslappende opdraand uitgeworstel sodat die Afrikaners hulself kon bly (M.E.R. 19172 : 167). M.E.R. se bewondering vir Steyn is aansteeklik. Dit bewys die waarheid van Eugène Marais se opmerking oor M.E.R. se Kinders van die Voortrek, dat wat 'n mens voel, dit kan jy na die ander se hart laat gaan (M.E.R. 1960 : 113). Dit was, volgens M.E.R. die mooiste resensie wat sy ooit gehad het (M.E.R. 1972 : 194).

## 3.3 DIE REBELLIE

As gevolg van die Rebellie en 'n verskil van mening oor pres. Steyn het M.E.R. haar goeie vriend, dr. Kolbe, verloor. Die beskrywing van hulle onenigheid werp lig op die lewenshoudings en die karakters van beide die Roomse doktor en haarself. By die uitbreek van die Rebellie het M.E.R. hom in die Kaap teëgekom. Toe hy van die Rebellie begin praat, het M.E.R. haar "lam geskrik" so verontwaardig was hy, en woedend, veral vir pres. Steyn. "Om so 'n houding in te slaan", sê hy heftig. "Oneerlik! Verraderlik! Ontrou aan die gegewe woord, van sy eed by Vereeniging ..." Toe sê M.E.R. wat haar lamgeskriktheid ten spyt darem nóg op haar mond geval was nóg 'n kat om sonder handskoene te pakke te kry: "Afgedwonge akkoord?" Net daar het sy toorn teen haar ook ontvlam, en het sy gemaak dat sy wegkom (M.E.R. 1972 : 183).

Met net een en twintig woorde gee M.E.R. die kwaai gesprek tussen die twee eertydse vriende weer. Carlyle se verdoemende oordeel oor die Engelse biografie van sy dag is beslis nie op M.E.R. se herinneringe van toepassing nie: "How delicate, how decent is English biography, bless its mealy mouth"

(Garraty 1957 : 103). 'n Mens sou M.E.R. eerder met John Aubrey vergelyk wat met kort beskrywings flitse van insig in persoonlikhede gegee het wat lang kornieke nie sou kon vermag nie (O'Connor 1991 : 10).

Teen Colby se beskuldiging dat hy tydens die Rebellie troubreuk gepleeg het, het pres. Steyn hom in die geskrewe teks van sy beoogde Dingaansfeestoespraak op 16 Desember 1916 verweer. Die toespraak is nooit gelewer nie, want Steyn is op 28 November 1916 oorlede terwyl hy die Oranje-Vrouevereniging in die Gedenksaal op Bloemfontein toegespreek het. Steyn het geskryf: "Ons traktate moet ons heilig hou. As ons egter dink aan die Sandrivier- en Bloemfontein-Traktate, dan kan niemand beweer dat ons volk 'n voorbeeld ontvang het van die heiligheid van traktate nie" (Van der Merwe 1921b: 342,343).

## 3.4 AFRIKAANS

Volgens Van Wyk Louw was die keuse van Afrikaans bo Nederlands een van die groot Afrikaner waagstukke. Nie al die voorstanders van Nederlands was "dom of onnasionaal" nie. Nederlands was immers die "loopgraaf van ons nasionaliteit" en die enigste skeiding tussen die Afrikaanse en Skotse kerke (Louw 1986a : 96,97).

Steyn het die wysheid en die insig gehad om êrens tussen die voorstanders van Nederlands en die kampvegters vir Afrikaans stelling in te neem. Hy het hom langsaam gehaas, maar darem nie vinnig stilgestaan soos prof. P.J.G. de Vos nie! Wat sy laaste toespraak sou wees en waarna hierbo verwys is, het hy moeisaam en met albei hande aan die pen, in Afrikaans geskryf! Tydens sy presidentskap het hy "Hollands in die staatsdiens en onderwys sterk aangehelp" (Steyn 1980 : 164).

M.E.R. vertel van 'n besoek wat haar suster Lettie aan pres. Steyn gebring het toe hy by sy familie in die ou Drostdy op Swellendam gekuier het. Lettie het eers ná die Driejarige Oorlog haar kinders Afrikaanse familiename gegee. Daarop sê pres. Steyn hy het ook sy kinders Engelse name gegee, maar kon ongelukkig nie na die oorlog daarvoor vergoed nie, want toe het hy en sy vrou nie meer kinders gehad nie!

M.E.R. besluit dat Steyn vir die Afrikaners end-uit suiwer leiding gegee het, veral gedurende die Botha-regime en tydens die Rebellie. "Dit was die leiding van iemand wat self leiding by ewige beginsels gesoek het. Hy het Miga se lewensreël van geregtigheid, liefde en ootmoed voor God uitgevoer. M.E.R. glo

die Afrikaners het tot hulle voordeel Steyn se leiding gevolg (M.E.R. 1972 : 164).

## 4. GENERAAL J.B.M. HERTZOG

### 4.1 'N GRONDOORSAAK VAN HERTZOG EN M.E.R. SE AFRIKANERVOLKSGEVOEL

Om een van die grondoorsake van beide M.E.R. wat oor Hertzog geskryf het, en Hertzog self se Afrikanerskap vas te stel, is dit nuttig om na te gaan wat Herder oor 'n eie volksgevoel te sê het. Hy was vas oortuig dat net so elementêr as die behoefte aan kos, voortplanting en kommunikasie, is die mens se behoefte om aan 'n groep te behoort. Hy het geglo dat in alles wat hulle dink en doen, is daar in die Duitsers 'n sentrale Duitse essensie of Duitsheid (Berlin 1991 : 244). Herder het 'n onverbiddelike kruistog teen Franse universalisme gevoer en die groot gelykmakers soos Caesar en Karel die Grote, die Romeine, Christelike ridders en Britse rykbouers en sendelinge verfoei omdat hulle inheemse kulture vernietig en met hulle eie vervang het (Berlin 1991 : 245,246). Menslike gebruike, kuns en idees is waardevol vir mense omdat dit 'n uitdrukking is van hulle nasionale bestaan en tot hulle spreek soos dit tot geen ander mensegroep kan spreek nie. Dis die rede waarom die mens in ballingskap wegkwyn, dit is waarna heimwee (die edelste van boesempyne) smag (Berlin 1991 : 245). Nasionalisme is volgens Herder 'n ontsteekte toestand (inflamed condition) wat gewoonlik lyk of dit veroorsaak is deur een of ander vorm van gemeenskaplike vernedering. "Om die voorwerp van veragting of neerbuigende verdraagsaamheid deur trotse bure te wees, is vir gemeenskappe en indiwidue 'n uiters traumatiese ondervinding". Die verdruktes verheerlik dan hulle eie geesteslewe, hulle nastrewing van die "werklike" waardes en hulle nederigheid (Berlin 1991 : 246).

Die vernedering van die Anglo-Boereoorlog het in Hertzog die Afrikanernasionalis en die bepleiter van Suid-Afrika Eerste wakker gemaak net soos skoolhoof Bowes en ds. Robertson op Swellendam en Leander Starr Jameson, strooptogtend oor die grens van Transvaal, M.E.R. vir goed vir die Afrikanersaak gewen het.

M.E.R. getuig self van haar anti-Engelse gevoelens in 'n brief aan J. du P. Scholtz wat blykbaar, toe hy een van haar boeke persklaar gemaak het, op 'n anglisisme of wat afgekom het. Sy skryf:

"Wat betref die anglisismes - ja, die Here straf my met wat seker 'n verdiende straf is, dat ek, wat so in die Engelse nasie alles sien waarvan ons beter ontslae sou wees, so daarin vasgeval het" (Scholtz, J. du P. 1979 : 37).

## 4.2 M.E.R. SE BEDENKINGE OOR HERTZOG

M.E.R. is nooit 'n ontluisteraar (debunker), selfs nie van genl. Smuts vir wie sy nooit gevolg het nie, of dr. Malan vir wie sy nie alte toegeneë was nie. M.E.R. verval ook nooit in omslagtigheid nie, maar gaan selektief te werk en beskryf net dié insidente wat in hierdie geval Hertzog se persoonlikheid onthul.

In haar beskouing oor genl. Hertzog en sy Afrikanerskap is M.E.R. inderdaad, in soverre dit menslik moontlik is, onpartydig. Reeds lank voor Koalisie en Samesmelting in 1932-1933 het genl. Hertzog se optrede M.E.R. soms geskok, maar van 1933 tot 1939 het sy radikaal van sy V.P.-beleid verskil. Dit het haar helder insig in die man en sy ontwyfelbare verdienste egter nie vertroebel nie. Ek het die voorreg gehad om die Generaal in 1933 by die begrafnis van mnr. Charlie Malan, minister van Spoorweë, te sien. As Helena se gesig duisend skepe van stapel kon laat loop, mag 'n mens met reg sê dat op genl. Hertzog se gesig karakteradel in duisend tale geskryf was.

Op 11 Junie 1930 skryf M.E.R. uit die Residensie Hotel in Pretoria aan Ida Theron en Anna Geyer oor pogings wat agter die skerms aangewend word om die Voortrekkers en die Boy Scouts te laat saamsmelt. Pas terug uit Londen en sy triomfantelike beklinking van die Statuut van Westminster wat feitlik volle onafhanklikheid aan Suid-Afrika gewaarborg het, was genl. Hertzog ten gunste van een jeugbeweging wat albei kante sou bevredig. M.E.R. skryf in haar kenmerkende geselstrantstyl oor Hertzog, so asof sy intuïtief aanvoel dat die Generaal 'n nuwe weg gaan inslaan:

"Weet jy, Ida, hierdie versigtigheid en vrees omtrent Hertzog is geen goeie teken nie. Waarom is almal bang vir Hertzog? Ek is. Ek gee pad vir hom en bly stil oor hom. En dit lyk my dis met baie meer die geval; die ou vrymoedigheid is weg. Maar die liefde is darem nog daar" (M.E.R. 1977 : 25).

Met 'n eenvoudige voegwoord, "maar", en 'n modale bywoord, "darem", gee M.E.R. haar wankelende maar tog nog bestaande toegeneentheid teenoor genl. Hertzog weer. Treffend word haar onsekerheid en gekrenktheid oor sy optrede weergegee met "gee pad vir hom" en "bly stil oor hom". Die herhaling van die onpersoonlike "hom" is veelseggend.

As M.E.R. by pres. Kruger se standbeeld verbyloop, wens sy "dié ou man was nog in ons midde" omdat 'n mens altyd geweet het waar hy wou heen (M.E.R. 1977 : 27). Sy beweer nie Hertzog het die "ou Afrikanerpad" (Jaap Steyn se term) verlaat nie, maar sê by implikasie dat sy motiewe en optrede nie altyd so helder as Kruger s'n was nie.

Van Wyk Louw verwys ook na Hertzog as "dinamiese leier, ene vuur en ongeduld: te eerlik vir intrige, te weinig politikus om steeds die veilige pad te loop ..." (Louw 1986b : 638).

C.M. van den Heever, genl. Hertzog se biograaf, gee geredelik toe "dat hy mense van wie hy verskil, nie wil groet nie; dat dit vir hom 'n onvergeeflike sonde is as jy van hom verskil en teen sy wil durf ingaan ... maar voeg by "hoe onberispelik hoflik hy in sy gedrag was" en "watter buitengewoon aantreklike persoonlikheid hy besit het" (Van den Heever 1944 : 742).

## 4.3 DIE TWEESTROOMBELEID, SUID-AFRIKA EERSTE EN DIE VRYHEIDSDROOM

In hoofstuk 12 (Politiek) van My beskeie deel verwys M.E.R. na wat hulle "vryheidsdroom" die Afrikaners al gekos het: "Slagtersnek. Die Trek. Vegkop. Bloedrivier. Majuba. Rhodes. Jameson. Die Tweede Vryheidsoorlog. Vereeniging. Milner. Die goud- en diamantbase. Die Konsiliasiepolitiek". Sonder enige omskrywing laat M.E.R. elke mylpaal of struikelblok kripties vir homself spreek. Sy toon voorts aan hoe die vryheidsvegters en die jingo's wipplank gery het: die triomf van die twee Republieke se totstandkoming, maar daarna die bittere vernedering van Vereeniging, met sout in die wonde deur Botha en Smuts se omarming van die Engelse wêreld. En dan as teenvoeter weer "Steyn met die gebroke liggaam en die sterk, groot gees". En natuurlik Hertzog (M.E.R. 1972 : 167).

Dis m.i. duidelik dat M.E.R. ook in haar gemoed onderskei tussen wat J.C. Steyn op 11 Januarie 1987 in 'n brief die "ideale Afrikaner" genoem het, en diegene wat Langenhoven se Pad van Suid-Afrika - Van Wyk Louw het dit 'n mite genoem! - verlaat het. Ook dr. Verwoerd het twee Afrikanerstrome uitgewys: een wat na selfstandigheid gesoek het binne die raamwerk van die Britse Ryk, en die ander wat 'n onafhanklike nasie wou word, "geheel en al vry, van alle bande los". Die eerste stroom is aangevoer deur Botha en Smuts, die tweede deur Hertzog, Malan en Strijdom (Pelzer 1966 : 672).

Ten tyde van die onthulling van die Vrouemonument in 1913 het M.E.R. vir genl. Hertzog gevra of sy haar leerlinge moet leer ons is "ons eie baas", of ons is 'n "verowerde volk". Dis vir haar vreemd dat die Generaal wat altyd preek dat ons ons eie baas is, stilgebly het toe sy "hom die ander kant so voorstel" (M.E.R. 1972 : 174). Blykbaar het Hertzog se ingebore eerlikheid hom laat swyg. Miskien het hy aangevoel dat iets soos die Statuut van Westminster (1926) en die latere Republiekwording (1961) eindelik die volkome vryheid sou bring. Hertzog se tweestroombeleid het gelykberegtiging vir Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes voorgestaan, met ruim voorsiening aan beide om hulle onderskeie kulture te beoefen en uit te bou. Dit was vir hom 'n bitter pil toe Smuts, die Engelssprekendes en 'n aansienlike persentasie Afrikaners in 1939 bewys het dat hulle Engeland nog steeds eerste stel en nie Suid-Afrika nie.

In 'n aangrypende paragraaf, in haar allerbeste, van alle opsmuk gestroopte prosa en met die insig wat 'n lang leeftyd van meelewende Afrikanerskap bring, vertolk M.E.R. haar eie en haar volksgenote se verering van genl. Hertzog:

"Om Hertzog het ons ons langsamerhand geskaar, vaster en vaster aan hom, en aan mekaar, deur alles wat oor die jare gevolg het - deur die twee wêreldoorloë, waaraan hy en ons nie wou deelneem nie en waarin ons gedwing is; deur die Rebellie; en deur die gedurige, ewige, ondermynende onsekerheid: is Suid-Afrika wel vir sy volk eerste? Of is Suid-Afrika, eerste vir sy volk ofte nie, maar 'n stuk in die spel van die magte wat, ter wille van groot geld, oor oorlog en vrede vir die mense op aarde beskik?" (M.E.R. 1972 : 170).

In sy reeds genoemde brief van Januarie 1987 noem J.C. Steyn die volgende name in sy lys van ideale Afrikaners: "Kruger, Reitz en Steyn, De Wet en De la Rey, Jopie Fourie en die ander rebelle; onder die politieke leiers Hertzog en Verwoerd; van die akademici / intellektuele / skrywers Van Wyk Louw, Preller, M.E.R.; onder die bekeerde verdwaaldes Langenhoven". Dis veelseggend dat hy beide M.E.R. en Hertzog op sy lys het. Hulle voldoen aan sy vereistes van voortdurende trou aan die Afrikaner, en daarby die totstandbrenging van iets blywends ten bate van die Afrikanervolk.

Genl. Hertzog het aan M.E.R. gesê dat Louis Botha en die waarheid verder en verder uit mekaar gaan, maar dat Jan Smuts die onwaarheid self is (M.E.R. 1972 : 172). Hy het bygevoeg dat Kruger "van kop tot tone beginsel" was, dat Botha 'n besef van beginsel het, maar dit nie kan handhaaf nie, terwyl Smuts beginselloos is" (M.E.R. 1972 : 174).

M.E.R. was ten tye van haar gesprek met genl. Hertzog slegs 37 jaar oud en "te jonk om te oordeel", maar nou, nadat sy sy veelbewoë lewe tot die einde beskou het, dink sy hy was daardie dag soos hy in wese was, en dit was "iets moois, edels en onvergeetliks" (M.E.R. 1972 : 175). Dat hy later jare soms verkeerd geoordeel het, was omdat hy ander as net so eerlik as hyself beskou het (M.E.R. 1972 : 176). Sy verwys blykbaar hier na sy samesmelting met Smuts in 1933 wat op die ou end op die 1939-skeuring uitgeloop het toe Hertzog weer onwrikbaar by sy beginsel van "Suid-Afrika eerste" gestaan het en daarop gewys het dat Suid-Afrika geen voordeel sou trek uit deelname aan Engeland se oorlog nie.

Net soos M.E.R. het Van Wyk Louw in 'n vroeë stadium Hertzog volgeling geword. In die twintigerjare was hy as student aan die Kaapse Universiteit reeds 'n Nasionalis. Soms het hy in Die Tuine gaan sit wanneer hy geweet het genl. Hertzog sou op sy gebruiklike wandeling verbykom (Louw 1986b : 642).

Net soos M.E.R. het Van Wyk Louw Hertzog nie in die Verenigde Party gevolg nie. Louw kon nie met Smuts en Hertzog se samesmelting meegaan nie, maar "die bewondering vir Hertzog se persoon en die volstrekte vertroue in sy Afrikanerskap het my bygebly" (Louw 1986b : 642). Hy was nie alleen "groot Afrikaner-leier, Afrikaanse volksman en taalman" nie, maar ook "vriend en leidsman van Engelssprekende Suid-Afrikaners" (Louw 1986b : 638,639).

## 4.4 HERTZOG SE NALATENSKAP

In Standpunte XIII,6 skryf Van Wyk Louw in Augustus 1960 oor Hertzog se nalatenskap. 'n Mens kan maklik eensydig in jou waardering van hom wees, want hy was vurig, ongeduldig en ondiplomaties, maar tog ook "die vér-siende staatsman ... meer staatsman selfs as politikus; die besonne, rustige bouer; die man wat meer as vyf jaar en selfs meer as vyftig jaar vorentoe kyk: die siener van 'n volk se verre toekoms én sy gevare" (Louw 1986b : 638). Louw se skerpsinnig beskouende styl verskil aanmerklik van M.E.R. s'n wat rustig betragtend is.

Louw glo dat genl. Hertzog sy kernbegrippe van geregtigheid, gelykheid en billikheid prakties toegepas het: die taak wat die reg hom oplê, het hy uitgevoer; gelykheid tussen Boer en Brit, gelyke status vir Brittanje en die Statebondslande; billike verdeling van die land tussen wit en swart (Louw 1986b : 639,640).

In 1968, ag jaar later, sê Louw oor die Afrikaanse Radiodiens, S.A.U.K., generaal Hertzog se vernaamste nalatenskap vir ons Afrikaners in enger sin is ons aparte nasieskap wat met sy tweestroombeleid vir ons beskerm en bewaar word (Louw 1986b : 643). Die grootste les wat Hertzog sy volk geleer het, is egter dié van die "absolute billikheid teenoor alle mense en volksgroepe". Louw meen selfs dat Hertzog die billikheid fanatiek voorgestaan het. Ook die rasseprobleem moes op die grondslag van billikheid opgelos word: "Die Swarte nie onderhorig aan die Blanke nie, maar die Blanke ook nooit onderhorig aan die Swarte nie" (Louw 1986b : 643-644).

So groot was Louw se verering van Hertzog dat hy sy eerste bundel Opstelle oor die Idee van 'n Afrikaanse Letterkunde aan hom gestuur het met voorin geskryf: "Vir Generaal Hertzog, sonder wie se werk 'n Afrikaanse nasionale letterkunde vandag skaars denkbaar sou gewees het" (Louw 1986b : 642). Let asseblief op die deur my onderstreepte woord Generaal. Louw wat sy taal honderd persent geken het - trouens hy het dit van elkeen wat Afrikaans skryf, vereis (Louw 1986b : 523) - spel Generaal met 'n hoofletter. Normaal sou dit 'n kleinletter moes wees, maar dié Generaal was nie sommerso 'n generaal nie!

Wesenlik verskil Van Wyk Louw se beskouing oor genl. Hertzog nie van M.E.R. s'n nie. Albei se bewondering is ongekwalifiseerd. M.E.R. het egter dié voordeel dat sy genl. Hertzog persoonlik ontmoet en met hom gepraat het. Hoewel sy volgens eie getuienis op 37-jarige leeftyd te jonk was om te oordeel, het sy tog, anders as Louw en later J.C. Steyn, voelbaar kennis gemaak met die aura van opregtheid, en selflose toewyding aan die Afrikanervolk wat so kenmerkend van die Generaal was.

## 4.5 OOR GENL. HERTZOG EN AFRIKAANS

Soos M.E.R. Hertzog teenoor Botha stel, haal Steyn (1980 : 173) op sy beurt 'n gesprek by Vereeniging aan om die verskil tussen Smuts en Hertzog aan te toon. Die Boere het getwyfel oor die omskrywing van die taalmedium in skole. Landdros Stoffberg van Soutpansberg wou weet of die medium Hollands sou wees. Genl. Smuts het gesê sy eie opvatting is dat die taal in die skole Engels sal wees; maar as die ouers dit wil hê, dan Hollands. Genl. Hertzog het egter, soos altyd, reg deur see gekom en gesê Lord Milner het verklaar dat hy net een taal in Suid-Afrika wil hê, en dis Engels. Engels sal die medium wees (Steyn 1980 : 173).

In 'n artikelreeks in April en Mei 1891 in die Amsterdamse studenteweekblad Propria Cures skryf Hertzog dat die Afrikaner (Boer) "die sterk godsdienstige

gevoel van die Hugenoot en dié se drang na onbeperkte vryheid" het. Daarmee verenig hy die "versigtige waaghalsigheid en omsigtigheid van die Hollander". Hy het "dieselfde praktiese sin en gesonde verstand as die Engelsman". So het 'n eie nasie en 'n eie taal tot stand gekom wat "die voortbrengsel van die aarde (is) sowel as van die karakter van die volk wat dit praat ... dis 'n hoogs analitiese taal net soos Engels". Daarom dink Hertzog dis volslae astrantheid om in Suid-Afrika die hoogs sintetiese Nederlands te probeer invoer met "al die ingewikkeldheid en fraiings van verbuiging". Om in Suid-Afrika na Nederlands te probeer teruggaan, is om te verwag dat 'n rivier se stroom terugvloei. In Suid-Afrika het die oorgang na 'n analitiese taal 'n "totale wysiging in die denk- en uitdrukkingswyse van 'n volk" gebring. Hertzog voorspel dat Afrikaans aan Engels 'n "swaar en volgehoue stryd om baasskap in Suid-Afrika" sal besorg (Van den Heever 1944 : 46,47). Dis verstommend dat genl. Hertzog 'n eeu gelede die wese en die toekoms van Afrikaans so raak getipeer en voorspel het.

By die Nasionale Konvensie het genl. Hertzog spesifiek voorgestel dat die twee tale (Hollands en Engels) gelyke vryheid, regte en voorregte moes geniet in al die onderskeie take, funksies en dienste van welke soort of aard ook al, wat onder die Unie uitgeoefen word. Voorts moet elke landsburger enigeen van die twee tale met 'n amptenaar van die Unie kan gebruik. Hoewel die Engelse geprotesteer het, is genl. Hertzog se voorstel met 'n geringe wysiging aanvaar (Steyn 1980 : 18). Die Generaal het geweet dat daar sonder Afrikaans nie van Afrikaners sprake kan wees nie. In 1910 het hy op 'n vergadering in Kaapstad gesê dat hy nooit sy vertroue in Afrikaans verloor het nie. Watter bedenkings hy mag gehad het, is deur Jan Celliers, Totius en Eugène Marais se werk besweer. En toe die beroemde én berugte dr. W.P. Steenkamp, geestelike en politikus uit die Hantam, sy doktorstesis boonop in Afrikaans skryf, was dit vir genl. Hertzog 'n bewys "dat Afrikaans zowel voor ernst als voor luim kan dienen" (Steyn 1980 : 213). J.C. Steyn glo dat sowel pres. Steyn as genl. Hertzog 'n intuïtiewe insig gehad het in die waarde van amptelike erkenning vir die groei van Afrikaans en die welsyn van die Afrikaner (Steyn 1980 : 216).

## 4.6 SLOT

M.E.R., Van Wyk Louw en J.C. Steyn slaag beslis daarin om 'n lewensgetroue beeld van generaal Hertzog te skep. Sy temperamentele swakhede word nie verbloem nie, maar dit verdwerg voor sy eerlikheid, koersvastheid en toewyding aan sy beginsels van geregtigheid, gelykheid en billikheid. M.E.R. idealiseer hom nie, maar aan die einde van sy loopbaan besef sy dat sy karakter in wese

mooi, edel en onvergeetlik was. Van Wyk Louw is van mening dat 'n Afrikaanse letterkunde sonder Hertzog se bemoeienis nie moontlik sou gewees het nie. Steyn tel Hertzog (én Louw én M.E.R.) onder sy "trouwe Afrikaners", en ek vir hom! Van den Heever laat Hertzog vir die nageslag leef, en Langenhoven som alles op wanneer hy "sy vriend, die vyand van Hertzog", maan om nie te vergeet wat hy vir sy Afrikanersiel gedoen het nie.

In sy pas verskene boek, Die era van Verwoerd, verwys Jaap Marais na M.E.R. se bewering dat dr. D.F. Malan nie van dieselfde stoffasie as Kruger, Steyn en Hertzog was nie, omdat hy nie dieselfde idealisme, beginselvastheid en toegewydheid gehad het "wat alle swaar, alle ontberings, alle oorspannings kon verduur. Hulle was gewers van alles wat in hulle was". Marais glo M.E.R. se "rypheid van oordeel kan kwalik betwis word". Hy sê wat deur haar hier "uitgesuiwer" word is die karakteradel van manne wat nie "bereken" het nie. Marais stem met M.E.R. saam dat met dié maatstaf ook Verwoerd gemeet kan word (Marais 1992 : 216).

M.E.R. dink die leitmotiv van al haar werk, ook van haar twee romans, is die begeerte om uit te vind watter stof eintlik in die Afrikaner sit, waar dit vandaan kom en wat dit laat ontwikkel het (M.E.R. 1976 : 47). Genl. Hertzog is in hoë mate die antwoord op M.E.R. se soektog. Hy is nie alleen prototipe van die bestes in Afrikanergeledere nie, maar gee ook reeds as student in Nederlands sy mening oor die stof wat in die Afrikaner sit en waar dit vandaan kom: van die Hugenoot kry hy sy "sterk godsdienstige gevoel", en "die drang na onbeperkte vryheid", van die Hollander sy "versigtige waaghalsigheid en omsigtigheid". Boonop het hy "dieselfde praktiese sin en gesonde verstand as die Engelsman". Genoemde stof het op Afrikaanse bodem ontwikkel en gelei tot die totstandkoming van 'n eie nasie en 'n eie taal (Van den Heever 1944 : 46,47).

Laat my afsluit met Wennie du Plessis se weergawe van sy laaste blik op die gestorwe Generaal: "Vir die laaste keer sou ek, maar nou deur my trane heen, kyk na daardie gesig. Die sterk neus het nou nog sterker gelyk, die hoë voorkop nog hoër - die gelaat van 'n edelman gekap uit wasige, wit marmer. 'n Enkele blom was op sy bors - deur Katie daar geplaas. 'n Enkele gedagte gaan deur my kop toe ek kyk na hom wat, na so baie jare van toewyding en stryd, sy rus ingegaan het: 'U dienswillige dienaar'" (Du Plessis W. in Gedenkboek vir generaal Hertzog).

# 5. DR. H. F. VERWOERD

## 5.1 M.E.R. OOR VERWOERD

In ons dag van verwarring nie alleen op politieke gebied nie, maar ook wat die letterkunde, die ekonomie en die godsdiens betref, is dit insiggewend om M.E.R. se kommentaar oor dr. Hendrik Frensch Verwoerd te lees, veral ook noudat apartheid uit vele oorde as dié groot oorsaak van Suid-Afrika se huidige dilemma bestempel word.

Ulrich O'Connor is van mening dat Morley in sy biografie van Gladstone gefaal het in een van die eerste pligte van die biograaf, om naamlik sy lesers insig te gee in die persoonlikheid en prestasies van sy model (O'Connor 1991 : 10). Hieraan is M.E.R. nie skuldig nie. Sy gee 'n geheelbeeld van Verwoerd se persoonlikheid en prestasies: sy kolossale intellek en werkvermoë, sy durf en vasberadenheid, sy groot visie van apartheid gebaseer op moraliteit, maar ook sy nuk om sy eie manier van doen deur te voer, en sy onvermoë om genoeg mense met hegte aanhanklikheid aan hom te bind.

André Maurois meen dat, in die lig van die moderne begrip van die eksistensiële mens wat vir homself en sy bestemming - nie lotsbestemming nie - verantwoordelik is, moet die biograaf af en toe iets uit die diepte van sy proefpersoon se psige haal. Ook Strachey het in sy beroemde voorwoord van sy Eminent Victorians geskryf dat die biograaf sy objek in "onverwagte plekke" moet aanval, van die flank af of uit die agterhoede. "Hy sal oor daardie groot oseaan van gegewens uitroei, en hier en daar 'n klein emmertjie laat sak wat uit die verre dieptes die een of ander karakteristieke proefstuk na die daglig bring om met behoedsame nuuskierigheid nagespeur te word" (O'Connor 1991 : 14, my vertaling). Maurois en Strachey was boonop prosaïste van gehalte. In sy biografie van Marcel Proust skryf hy o.m. "Die skoonheid is soos daardie feëverhaal-prinsesse wat deur 'n magtige towenaar in 'n kasteel opgesluit is. Na groot inspanning en die oopsluit van duisend deure kry ons hulle dalk nog nie, en die meeste manne, aangedryf deur die drifte van die jeug, raak vermoeid van die soektog en laat dit spoedig vaar. Maar 'n Proust sal alles op die altaar lê om die ingekerkerde lieflikheid te bereik. Oplaas kom die dag van openbaring, van verheldering en van klaarheid met dat hy die glansende en verborge beloning vind (O'Connor 1991 : 15, my vertaling).

M.E.R. gee slegs biografiese flitse oor Verwoerd en daar is natuurlik geen sprake van 'n omvattende biografie nie. Tog voldoen sy aan Maurois se dwingende begeerte in sy Lewe van Balzac om sy leser te laat voel hy is self

in Balzac se werkkamer en mede-besitter van dieselfde ryk herinneringe op die oomblik wanneer daardie gloeiende smelting plaasvind waaruit Le Prère Goriot of Une Fille d'Eve voortspruit (O'Connor 1991 : 15), wanneer sy (M.E.R.) Verwoerd self en sy beleid soos volg interpreteer: "So en so is dit, so is dit reg, en ons sal dit doen - en kom ons om, dan kom ons om - maar ons sal ons bes doen om bewaar te bly" (M.E.R. 1977 : 143). Dié eenvoudige woorde toon aan vriend en vyand Verwoerd se waagmoed, sy begrip van geregtigheid, sy behoedsaamheid om sukses te probeer verseker, maar ook sy aanvaarding van mislukking as dit onvermydelik is. Hy kon toe natuurlik nie geweet het dat hy fisies in die slag sou omkom nie, want slegs 'n sluipmoordenaar of 'n ander nog sterker, boser mag kon hom uiteindelik elimineer, omdat hy te sterk gestaan het om demokraties en met regverdigheid uitgeskakel te word.

Op 21 Mei 1959 skryf M.E.R. aan mev. Betsie Verwoerd en herinner haar daaraan dat sy (M.E.R.) vir haar op Groote Schuur gesê het sy moenie daaraan twyfel dat alle nasionaalvoelende Afrikaners dr. Verwoerd se apartheidsbeleid vierkantig ondersteun nie. Sy glo dat sy stryd om Suid-Afrika se swart probleem op te los, vergelyk kan word met Kruger se stryd teen die Engelse al die jare, en met Hertzog se Suid-Afrika eerste (M.E.R. 1977 : 143).

Op 4 Mei 1961, dus sewe maande na die Referendum oor die beoogde republiek op 5 Oktober 1960, skryf M.E.R. aan Alba Bouwer oor "die drie grootste Afrikaners van my tyd - Kruger, Steyn en Hertzog". Sy glo dr. Verwoerd is ook soos hulle was, begaan oor menslike welsyn en soek geen persoonlike voordeel behalwe sy eie styl nie, maar mis die gawe van saamwerk, en het blykbaar min vriende. Sy sê in die brief dat sy ook aan mev. Verwoerd geskryf het dat ons altyd dr. Verwoerd se waardigheid en grootsheid ten tyde van die Pratt-aanslag op sy lewe moet onthou, soos ook sy gedrag by die Statebondskonferensie in Londen toe hy "vir sy volk se waardigheid en behoud so reg gehandel het" (M.E.R. 1977 : 164). Tegelyk betreur M.E.R. dr. Verwoerd se uitspraak dat geen Kleurling ooit in die parlement sal sitting hê nie.

Dis duidelik dat M.E.R. binne die kader van haar tyd 'n gebalanseerde siening van Verwoerd gehad het. Toe hy in 1958 Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika geword het, was M.E.R. reeds 83 jaar oud, en toe hy gesterf het 91.

In Addendum D (M.E.R. 1977 : 237) skryf M.E.R. oor haar indrukke van Verwoerd onder datum Maart 1967, d.w.s. sowat ses maande ná sy dood. Sy noem die leiding wat hy gegee het op die groot volkskongres van 1934 oor die armblankevraagstuk, sy werk as professor op Stellenbosch, later as redakteur van Die Transvaler en ten slotte as politikus en staatsman. M.E.R. sien ons

volkstaak as die soeke na 'n leefwyse waarin volke in verskillende stadia van beskawing tot onderlinge bevordering kan saamleef. Vir hierdie taak moet "ons eers as Afrikanervolk gevorm en getoets word". Sy doen deur middel van retoriese vrae aan die hand dat ons die taak moet aanpak "of die wêreldnasies dit begryp of nie". M.E.R. het dus vyf en twintig jaar gelede reeds die gevaar vir die Afrikanervolk besef indien ons regering voor die druk van die wêreldmening swig. In ons vormingsproses het grotes ons gelei: "Retief, Kruger, Reitz, Steyn, De Wet en Beyers en Delarey; Hertzog, Jan Hofmeyr, Malan en Hendrik Verwoerd" (M.E.R. 1977 : 238,239).

5.2 VAN WYK LOUW OOR VERWOERD

Dit was tot rampspoed van die Afrikaner dat dr. Verwoerd en Van Wyk Louw tromp-op gebots het.

Van Wyk Louw se drama, Die pluimsaad waai ver, is ten tyde van die vyfjarige viering van die Republiek in 1966 opgevoer. Dr. Verwoerd was hoofspreker by die fees. In sy drama bespiegel verskeie van Louw se karakters oor die wese van 'n volk. In sy toespraak ná die opvoering het dr. Verwoerd in 'n klaarblyklike verwysing na Louw se drama, verklaar:

"Ek het gesê dat ons in die toekoms beoordeel sal word as 'n heroïese volk ... Nou wil ek uitdrukking gee aan die onuitgesproke, dikwels onuitgesproke verlange van ons volk, dat daar vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, die skrywers en digters mag ontstaan wat kan en sal wil besing die heldedade van hul eie geslag. O, kon dit vir ons ook gegee word, soos dit in die uur van roem van groot volke in die verlede was, dat daar diegene kon opstaan wat nie weifelend vra: wat is 'n volk nie, maar wat sal uitjubel: dit is my volk, só is my volk, só kan hy ook wondere verrig, só is hy as skepper van 'n eie toekoms! Die skrywer en digter wat in hierdie tyd sou kon besing wat nou gebeur, sal aangehaal word solank soos die volk van die Republiek van Suid-Afrika bestaan" (A.N. Pelzer 1966 : 673,674).

Van Wyk Louw het hierop gereageer in sy derde radiopraatjie in 'n reeks van nege wat ná sy dood opgeneem is in Rondom eie werk. Hy betreur dit dat 'n volk van sy eie kunstenaars verwag om 'n ideale beeld van dié volk self te skep. "Hulle moet dan glo die volk se lewe soos hy dit elke dag leef, aangenaam uitbeeld, vleiend uitbeeld; sy helde en heldedade-van-die-dag 'besing', in al sy onmiddellike lief en leed opgaan" (Louw 1986a : 547). Louw vind "so 'n beeld van die volksdigter iets minderwaardigs". Sy verontwaardiging blyk as hy daarop wys dat, terwyl hy oor die wese van 'n volk

gepeins het, die antwoord skielik van elders gekom het: "<u>Ons</u> weet wat 'n volk is! Dis jou plig om vir ons te sê hoe groot en goed ons is". Dit het hom nog méér laat dink "hoe vreemd gemeng dié ding is wat ons 'n 'volk' noem, waarmee ek jonk al my lewe onherroeplik verbind het" (Louw 1986a : 548).

Louw se deernis vir sy volk maak hom nie blind vir sy foute nie.

Van Wyk Louw en dr. Verwoerd het ongetwyfeld albei gekwalifiseer as "trouwe Afrikaners". Noudat albei van die toneel verdwyn het, blyk dit dat hulle meningsverskil gespruit het uit die onderskeie benaderings van die skrywer-filosoof enersyds en die politikus-filosoof andersyds. Dr. Verwoerd, leier van mense, wou die volk se voortreflikhede beklemtoon en so sy volksgenote besiel, maar Van Wyk Louw, literêre sowel as denker-leier, wou deurdring tot die kern van volkwees. Blote loftuitinge strek die volk nie altyd tot voordeel nie. Tog sou groter lof, nie net aan pres. Steyn nie, maar ook aan die Afrikanervolk as 'n geheel, deur Van Wyk Louw op die Republiekfees van 1966 nie onvanpas gewees het nie. Miskien moes dr. Verwoerd ook sy kritiek op Louw se drama by die feestelike geleentheid getemper of liefs geheel en al verswyg het. Terugskouing is egter die enigste eksakte wetenskap!

Dit is natuurlik 'n groot jammerte dat Van Wyk Louw blykbaar nooit, soos M.E.R., op persoonlike, sosiale vlak met Verwoerd verkeer het nie. M.E.R. vertel hoe dr. en mev. Verwoerd in 1962 by haar in "Kom nader" op Swellendam 'n besoek afgelê het voordat dr. Verwoerd dié aand 'n politieke vergadering op die dorp sou toespreek. M.E.R. het gesê: "Dat jy so vasbyt, Hendrik!" "Ek kan nie anders nie!" het hy vinnig geantwoord (M.E.R. 1977 : 238).

Omdat M.E.R. siekerig was, kon sy nie die vergadering bywoon nie, maar juffrou Anna het kom vertel hoe dr. Verwoerd twee uur lank sonder tussenpose en sonder herhaling gepraat het terwyl "'n gehoor van vele honderde genael gesit en luister het, dwarsdeur" (M.E.R. 1977 : 238). Ek het self van Riversdal of gery om die vergadering by te woon. Die wêreld was nat ná groot reëns, en die bankies was hard en sonder leunings. Ek het baie bedenkinge oor dr. Verwoerd se beleid gehad, maar ná daardie toespraak tot die dag van sy dood nooit weer nie.

5.3 J.C. STEYN OOR VERWOERD

Steyn skaar hom, wat dr. Verwoerd se beleid betref, aan M.E.R. se kant. Hy noem die propaganda dat apartheid alleen onreg en verdrukking beteken, die Groot Leuen, omdat dit alle maatskaplike hervormings wat uit die toepassing

van apartheid voortgekom het, verswyg. In sy jaarverslag van 1957/58 praat die S.A. Instituut vir Rasseverhoudinge wat dr. Verwoerd, destyds minister van Naturellesake, allermins goedgesind was, nietemin van "fenomenale vordering" wat deur die Nasionale Regering gemaak is met die opruim van swart woonbuurte (Steyn 1980 : 257).

Steyn wys ook daarop dat die apartheidsbeleid nie net aan dr. Verwoerd gewyt moet word nie, want in 1939 reeds het die Nasionale Party 'n petisie by die Volksraad ingedien wat onderteken is deur 230 619 mense uit al vier provinsies, gerig teen gemengde huwelike en woonbuurte, en ten gunste van ekonomiese en politieke segregasie.

## 5.4 DEGENAAR OOR VERWOERD

Degenaar noem die "mite van uitverkorenheid" as eerste voorbeeld van volksnasionalisme in Suid-Afrika. Vroeg reeds is die Afrikanervolk die "Israel van Afrika" genoem. Volgens D.F. Malan openbaar die Afrikaner se geskiedenis o.m. 'n "bepaaldheid van opset" (definitess of purpose) wat nie mensewerk is nie maar 'n skepping van God (Degenaar 1976 : 47). Hierdie geloof het die Afrikaner "vermenging en gelykstelling aan omringende volke as verlies van die Godgegewe identiteit" laat beskou. Generaal De Wet het gesê die Voorsienigheid het die streep tussen wit en swart getrek. Later het Verwoerd gesê ons is nasionaliste en kan die swart nasionalisme verstaan. Ons is bereid om daarmee saam te lewe. Volgens Degenaar was Verwoerd se tuislande 'n poging en die totstandkoming van een omvattende swart nasionalisme met die konsep van veelvolkige swart nasionalismes te fnuik (Degenaar 1976 : 48). Dit is 'n insig wat M.E.R., Van Wyk Louw en J.C. Steyn nie met hom deel nie.

Degenaar wys voorts daarop dat volksnasionalisme as paradigma vir Suid-Afrika se politieke dilemma ontoereikend is omdat die Engelssprekende blanke, die Indiër en die bruinman "kennelik geen nasionalisme het nie". Daarom kan volgens die Verwoerd-ideaal slegs die Afrikanervolk in Suid-Afrika tot nasie ontwikkel, wat volgens Degenaar geen oplossing vir ons veelrassige land is nie (Degenaar 1976 : 49). Volgens Verwoerd kan die witman wat die beskawing hierheen gebring het, dit slegs behou as hy sy "aparte dominante posisie" behou. Ook Vorster het in 1968 gesê 'n nasie sal hier uit die blanke mense gebou word. Degenaar meen dat hierdie wit volksnasionalisme van Verwoerd afwyk van Van Wyk Louw se konsep van volksnasionalisme gebaseer op taal en kultuur wat die Engelssprekende uitsluit maar die bruin Afrikaanssprekende insluit.

Degenaar vereenselwig hom met Schalk Pienaar se bewering dat Afrikanernasionalisme 'n geslaagde stryd teen eie miskenning in jou eie vaderland is, maar dat die Afrikanernasionalis in 'n "noodlottige botsing" met homself kom as hy "ander mense in hulle eie vaderland misken" (Pienaar in Rapport, 30 Junie 1974, soos aangehaal deur Degenaar 1976 : 50).

5.5. SLOT

M.E.R. was deeglik bewus van dr. Verwoerd se verdienste en stel sy stryd ten behoewe van vreedsame naasbestaan in aparte gebiede deur volkere met ongelyke beskawingsvlak op dieselfde peil as pres. Kruger se volgehoue stryd teen oorheersing deur die Engelse, én genl. Hertzog se pogings om sy beleid van "Suid-Afrika Eerste" in die praktyk deur te voer. Sy loof dr. Verwoerd se waardigheid en dapperheid tydens die Pratt-aanslag op sy lewe, en toe Suid-Afrika uit die Statebond getree het. Dit was vir M.E.R. 'n bewys van "die hoogste geestelike krag". Sy het "baie vas" aan hom gehou, want hy het "die intelligensie en tegelykertyd die moed". Dit sou dus dwaas wees om te verwag dat 'n leier wat op so 'n moeilike pad moet voorloop, nie soms foute sal maak nie (M.E.R. 1977 : 165,166). Sy het dit betreur dat hy nie geredelik met ander saamgewerk het nie en min vriende gehad het. Dit gaan haar "ter harte, want 'n mens kan net so min sonder vriende normaal en gesond leef as sonder slaap of kos" (M.E.R. 1977 : 165). Ek weet nie van iemand wat met groter insig en begrip oor Verwoerd geskryf het nie. Namate die met dorings besaaide pad van die "nuwe" Suid-Afrika ontknoop, mag daar in ons land miskien weer groter waardering vir Verwoerd se eerlike pogings wees om 'n werkbare oplossing vir Suid-Afrika se probleme te vind.

Van Wyk Louw, die denker tot die bitter been, verkwalik Verwoerd, die praktiese en positiewe Afrikanervolksman, dat hy ongeduldig was met sy (Louw se) bespiegelings oor die wese van die heldedom en van volkwees.

Steyn dink Engelssprekendes se wantroue in Verwoerd was ongegrond. Sy beroep om versoening tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en sy immigrasiebeleid het die Engelssprekendes en hulle taal verder bevoordeel (Steyn 1980 : 242).

Steyn hou vol dat dr. Verwoerd nie die groot argitek van apartheid was nie, en dat onder apartheid sulke skouspelagtige vordering met die opruim van krotbuurte gemaak is dat selfs die S.A. Institute for Race Relations dit moes toejuig.

Die blywende indruk wat M.E.R. en J.C. Steyn se motivering van hulle steun aan Verwoerd, en daarteenoor Van Wyk Louw en J.J. Degenaar se bedenkinge in dié verband, op my maak is die onspeelbare hand kaarte wat die Noodlot, die Voorsienigheid of die Natuur in die hande gelê het van dr. Hendrik Frensch Verwoerd of wie ook al daadwerklik 'n oplossing vir Suid-Afrika se dilemma soek.

Maar laat 'n Engelssprekende tydgenoot van dr. Verwoerd die laaste woord oor hom sê: "Ek verwys na Botha, Smuts, Hertzog, Malan en Strijdom, en nou Verwoerd; na my eie mening gegrond op ervaring van die laaste Eerste Minister dink ek hy is miskien die grootste van almal: sy integriteit, sy eerlikheid, sy opregtheid, en bowe-al sy groot morele moed. Maar met al hierdie hoedanighede, het ons 'n man gehad wat beskeie was tot byna die punt van nederigheid, soos ons hom geken het, en soos alle groot manne is" (Senator A.E. Trollip, aangehaal deur Marais 1992 : 225).

# HOOFSTUK 5

## M.E.R. OOR ANDER AFRIKANERS

Hierdie hoofstuk het eers oor "gewone" Afrikaners gegaan, maar omdat niemand "gewoon" is nie, al is hy of sy dan nie een van die heel grootstes of beroemdstes nie, en omdat Eugène Marais wat Van Wyk Louw "'n vreemdeling onder die mense" genoem het (Louw 1986b : 436), en ook Hugo Naudé bespreek word, word na hierdie hoofstuk se mense met die verskuldigde eerbied as "ander Afrikaners" verwys.

Dit is seker gepas dat die aantal Afrikanervroue na wie M.E.R. verwys, eerste aan die beurt kom.

1. Mev. Anna Geyer was 'n besondere vriendin van M.E.R. Sy was die vrou van dr. A.L. Geyer, lank redakteur van Die Burger en van 1950 tot 1954 Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen. M.E.R. was verantwoordelik vir die samestelling van mev. Geyer se briewe uit Londen aan haar dogter wat in 1965 as Briewe uit Highveld verskyn het. Toe sy halfpad deur die briewe was, het sy aan mev. Geyer geskryf dat daaruit iets baie waardevols te voorskyn kom: die belangstellende beskouing van die Engelse regerende klas deur 'n intelligente Afrikanervrou, welopgevoed en trou aan haar volk, maar ook met 'n oop oog vir die goeie en gesonde in 'n ander volk, al is dit die volksvyand. Daarby het mev. Geyer die voordeel dat sy los is van haarself (M.E.R. 1977 : 181). In Die Burger van 28 Oktober 1933 het M.E.R. geskryf "die sleutel van alle ware volksdiens (is) die vermoë om jouself te vergeet" (aangehaal deur J.C. Steyn 1990 : 18).

In 'n pragbrief van 7 April 1964 (M.E.R. 1977 : 184) bedank sy mev. Geyer vir 'n geskenk van kwepers en gedroogde vrugte. Sy vrees die Geyers se goedheid maak vir haar en Anna sleg. In haar openingsrede by haar laaste A.C.V.V. kongres het mev. Geyer ten gunste van die apartheidsbeleid gepraat, maar bygevoeg dat alle werk onvrugbaar sou wees sonder liefde vir die Hemelse Vader en liefde vir die ewemens (M.E.R. 1972 : 196). In mev. Geyer beeld M.E.R. die onopgesmukte Afrikanervrou, vaardig in haar werk en met karakteradel wat haar voor konings kan laat staan.

2. TWEE SUSTERS

Op 29 Mei 1930 skryf M.E.R. aan mev. Geyer die vreemde verhaal van haar vader se vroeggestorwe eerste vrou, Maria Christina Kuhn, se twee susters, mej.

Kotie Kuhn en haar suster, mev. Betta Eksteen. Die verhaal "Die susters" is die ware verhaal van hulle lewe. In hierdie verhaal is die suur en sieklike ou tant Kotie, Hettie, terwyl die knap huisvrou van "groothartige aard", tant Betta, Helena is. Ná Helena se 20-jarige huwelik met oom Thomas woon die susters saam op die dorp. Toe tant Hettie sterf, volg Helena kort daarna. Hierdie twee Afrikanervroue, so geheel en al verskillend van aard, het end-uit gekleef aan die ouerlike instellings met 'n piëteit onvergeetlik in sy eenvoud en opregtheid" (M.E.R. 1944b : 3).

Elize Botha het aangetoon dat "Die susters" bewys dat M.E.R. nie gehuiwer het om ook die kwade in die mens raak te sien en met waarheid te beskryf nie. Dis 'n soort "binnekamer-boosheid", hierdie "verwoesting wat 'n mens op 'n ander kan uitoefen" (Botha 1975 : 6,7). Hoewel M.E.R. nie skryfgenoot was van die nuwe tyd "waarin die meeste gruwels so grof en openbaar beskryf word" nie, maan Botha ons om noulettend te luister hoe M.E.R. oor dié "stil, kwaaie groeisels" met ons praat (Botha 1975 : 7).

3. DIE VROU MET DIE DAPPER GEES

In die skets "Die filosoof" in <u>Uit en tuis</u> beskryf M.E.R. 'n ou vrou vol "rumatiek en werkverwering" vir wie om op te staan na lang sit 'n hele onderneming was! (M.E.R. 1946 : 115). Ten spyte van ouderdom en armoede was sy op haar eer gesteld, en het met trots vertel dat sy die doodkis wat langs haar bed staan, met haar eie hande verdien het. Onder die growwe kleed kon M.E.R. die handvatsels voel waarmee die draers haar liggaam na die graf sou dra nadat haar "dapper gees daaruit weggetrek het" (M.E.R. 1946 : 117,118). In teenstelling met Ernst Philippus, die boswerker, waar meer op die liggaam en die lewenskringloop gefokus word (M.E.R. 1972 : 109 - 112), word hier op die onafhanklike en kloeke gees van die ou "filosoof" gekonsentreer. Sy is ook spieëlbeeld van die behoeftige Afrikanervrou van 'n geslag of wat gelede wat haar eer en trots en onafhanklikheid ten spyte van armoede en swaarkry behou het, en kans gesien het om voorsorg te maak vir die noodsaaklike pligpleging wat op haar dood moes volg. 'n Mens kan stellig aanneem dat hierdie ou "filosoof" 'n werklike persoon was wat M.E.R. geken het.

4. SARA

Sara, heldin van die verhaal "Die hol krans", is een van die edelste en ewewigtigste vroue in M.E.R. se woordwêreld. Of sy soos Hettie en Helena in "<u>Die susters</u>" uit die lewe self geneem is, is onseker. Sy het nietemin veel van die wesenlike M.E.R. in haar samestelling. "Die hol krans" het in

Januarie 1948 in Standpunte verskyn (Jaargang 3, no. 1) - die eerste verhalende prosa wat deur die redaksie as geskik vir plasing beskou is.

Sara wat op sestigjarige leeftyd na jare van vlyt op 'n Bolandse vrugteplasie tot redelike welvaart en 'n rustige oudag gevorder het, is hoogs ontsteld omdat haar skrander seun, Johannes, by die Britse lugmag wil aansluit. Hy voorsien 'n Brits-Duitse oorlog en wil deelneem om so te wete te kom hoe oorlog gevoer en alles georganiseer word. Na 'n slaaplose nag gaan sit Sara in die Waenhuiskransgrot om na te dink. Sy raak aan die slaap en toe sy ontwaak, het die inkomende gety haar ingang versper. In die aangesig van woedende branders wat voor by die grot instorm, oorweldig 'n blinde vrees haar, maar sy werp haarself weg van die vrees "na iets in die ruimte, waaruit sy hulp moet kry". Toe word sy kalm en bereken dat sy teen sesuur die middag vry kan wees. Nou is sy in staat om helder oor Johannes se voorneme te dink en besef sy dat haar ontsteltenis te wyte is aan vrees, eerstens vir sy veiligheid en tweedens vir vervreemding van haar kind. Hierdie laaste is die "baasvrees", want dan verloor sy hom "dieper as deur die dood". Ook dié vrees is egter ongegrond, want as moeder sal sy hom wat uit haar gebore is, tog nooit afstaan nie. Self is sy oortuig dat dit verkeerd is om Engeland se wêreldheerskappy te help versterk, maar sy weet ook dat "die gewete bo alle dinge indiwidueel en vry" is. Sy moet dus die saak uit Johannes se oogpunt probeer sien. Sy hoofmotief is sy navorsingsdrang. Daarom besluit Sara op die ou Afrikaanse derde rat: ons sal sien, want ná tyd kom raad. Nou berus sy, en om haar beker te laat oorloop, loer Johannes by die grot in (M.E.R. 1975 : 89).

Sara, soos ook haar oudste seun Boeta en sy vrou Margie, is inderdaad gewers. M.E.R. het die mensdom in gewers en nemers verdeel. Volgens J.C. Steyn het M.E.R. in Die Burger van 22 Maart 1937 beswaar gemaak teen die feit dat C.M. van den Heever se Kromburg net deur "nemers" bewoon word: "Wat naar maak, is die ontrouheid van die afbeelding as geheel van die lewe; dit is 'n gevoel van skeefheid en gebrek aan ewewig wat die leser ongelukkig maak. 'n Dorp vol pure selfsoekers en skinderbekke! Dit is soos 'n nagmerrie" (Aangehaal in Steyn 1990 : 16,17). Die boodskap van Die hol krans is die vernietigingswerk wat vrees in die mens se lewe kan doen, met daarby die versekering dat wie homself of haarself op 'n Hoër Mag beroep, verlos word van die vrees, en teruggevoer word na die vryheid, die gesinsgeluk en die sonlig.

5. TANT RAGEL

Sterk kompetisie vir Sara, maar van 'n heel ander grein is tant Ragel in "Hartversterking", die eerste skets in So is onse maniere (1965). Dis vir my kompleet of die g in tant Ragel se naam i.p.v. die ch 'n mens klaar op jou gemak stel. Sy is 'n soort "volkstante" op wie ons almal 'n "geboortereg" het. Sy is 'n "goedweser" en 'n "goeddoener". M.E.R. sê klas een val altyd ook onder klas twee, maar nie omgekeerd nie. Dit na aanleiding van die dominee wat gesê het die drie vroue by Jesus se kruisiging kon niks vir Hom doen nie, maar hulle teenwoordigheid daar was 'n troos, en daarom 'n geval van goedwees (M.E.R. 1965 : 9).

M.E.R. was juis op 'n dag wars van al die ge-goeddoenery (sonder goedwees) en gekompeteerdery tussen Afrikaanse en Engelse en Roomse goeddoeners aan die armes. Dit tref toe so dat iemand haar saamnooi na tant Ragel, die hartversterker, en haar ou man, oom Piet. Hulle is albei in die tagtig en woon in 'n netjiese huisie op 'n plaas. Hulle is Afrikaners van die ou soort en was "nooit so welgesteld dat hulle nie aldag moes werk en suinig oorlê om uit te kom nie" (M.E.R. 1965 : 10). In 'n raam teen die muur hang die woorde Huiselijke Deugden, met daaronder as sieraad, plig, seën en geluk die hoedanighede sindelikheid, gasvryheid, godsvrug en tevredenheid (M.E.R. 1965 : 11). 'n Mens voel die "pit en die siel van rustigheid" wat daar woon dadelik aan, die rusplek van jou drome (M.E.R. 1965 : 12). Tant Ragel doen al die huiswerk self en maak al die klere van die huisgesin, nou al 60 jaar lank. Alles in die huis is in orde met elke lepel en elke bordedoek op sy gebruiklike plek. Die varke in die hok is vet, daar is granate en druiwe vir die besoekers, en tant Ragel verlang na Goudini wat sy oor die onderdeur kan sien! (M.E.R. 1965 : 15). Sy sien "iets goeds" in haar ewemens. Die wysheid is ook haar deel en sy weet na 'n "tagtigjarige leerskool" dat 'n vroumens 'n "ongelukkige ding" is. Wanneer die gaste weer vertrek, loop sy en haar seun saam uit tot by die motor. Selfs die ou oom met die nog helder verstand maar reeds gebroke liggaam kom sukkelend uit op die stoepie.

'n Vrou soos tant Ragel is 'n hartversterking vir 'n elk en 'n ieder.

6. DIE PLAAS SE NOOI in "Uitgang", een van die mooi sketse in "So is onse maniere" (1965), is een van die besonderes onder gewone vroue wat deur M.E.R. beskryf word. Die plaas se nooi is 'n boervrou uit die S.W.D., want daar is 'n groot plaaswerf, "baie groen" van die winterreëns en met 'n aalweeheining rooi van die blomme. Die plaas se nooi bly naamloos, maar sy kry 'n eie identiteit deur haar karaktertrekke. Baie kom na haar begrafnis, want sy was

alombemind en lid van 'n staatmaker-familie oor geslagte heen. Die dominee, die ouderling, die sprekers praat almal uit die hart oor hulle kennis van haar. Die verteller, M.E.R. self, die fyn opletter en raak beskrywer, "sien nog voor my haar verstandige oë, haar vriendelike glimlag". Haar gesig het 'n mens voor die oog gebly soos alle gesigte "waarin die liefde gelees word soos dit uit die hart opwel" (M.E.R. 1965 : 25).

By die teraardebestelling is almal stil soos dit hoort. Mense wil soms uit vrees nie voor die aangesig van die dood stil wees nie. Dis jammer want "die Dood se aangesig ... is 'n diep bron van waarheid as ons maar net wil inkyk in sy dieptes" (M.E.R. 1965 : 26). M.E.R. kyk inderdaad dieper as dit wat voor oë is.

Dan bring M.E.R. haar hulde aan hierdie "gewer". Vir haar lyk dit telkens as sy so 'n voltooide lewensgang beskou, dat die grootste waarde daarvan die liefde was, dié gawe wat die mense Gewers van hulle krag en tyd en hulleself maak. Die gewers, soos die plaas se nooi, leef ryk en laat 'n ryke erfenis na terwyl die nemers ten spyte van aardse goed arm sterf (M.E.R. 1965 : 27).

Tog was die plaas se nooi se lewe nie net voorspoed en geluk nie. Sy het 'n gewone lewe gehad met vele seëninge, maar ook met 'n kruis om te dra. So is sy gevorm deur die gawe van die lewe - "gevorm vir wie weet wat daarop volg" (M.E.R. 1965 : 28).

Deur haar eenvoudige, eerlike en sober verslag van die plaas se nooi se doen en late en sterwe, bring M.E.R. die ootmoedige adel van die beste Afrikanervroue by die leser tuis.

## 7. SENDELINGSVROU

Geesgenoot en mede-gewer van die plaas se nooi is mev. Sendeling du Toit. Ek dink M.E.R. gebruik die naam Sendeling i.p.v. Eerwaarde omdat eersgenoemde op die roeping van die ontslapene dui, terwyl Eerwaarde eerbetoon aan die geroepene self betuig. Ook oor haar treur mense omdat elkeen 'n mooi en seënende herinnering aan haar het. In 'n kunsmuseum in Dresden het die verteller 'n groot skildery gesien waarop die Moeder Maria onder haar groot mantel vertroosting en nuwe hoop aan allerhande soorte mense bied. Miskien was die skilder se model 'n verre voorsaat van die ontslape mev. Du Toit, want die Moeder van Mededoë het na liggaam en gees op haar getrek (M.E.R. 1965 : 40,41). Die pêrel in die sendelingvrou se kroon was haar aanvaarding van die

swaar taak van die Kleurlingsending met 'n "jammer hart as vanselfsprekende plig" (M.E.R. 1965 : 42).

8. DIE THERONS

Van die drie Theron susters, Ida, Daisy en Erika, se uitmuntende eienskappe het M.E.R. 'n besonder hoë dunk. In 'n brief aan Anna Geyer (M.E.R. 1977 : 13) skryf sy hoe 'n puik onderwyseres Ida aan die A.C.V.V. se Huishoudskool op Tulbagh is. "Sy kan toor met sulke meisiekinders, ek dank die liewe Vader uit my hart uit dat hulle vir Ida het". M.E.R. dink niemand behalwe sy self weet "wat 'n diepte en sterkte van liefde in Ida is nie, vir hierdie kinders, en vir enigeen wat deur die lewe opsygestoot is".

Voordat Erika Theron oorsee gaan studeer, skryf M.E.R. aan haar dat die studie diep ingryp in "die middel van lewende stof, mense se geaardheid", en sy dink dit pas Erika Theron as ordeliefhebber. Haar skeppingswerk sal wees om "orde te skep uit hierdie deurmekaar ou mensdom" (M.E.R. 1977 : 22). Sy voeg by dat Daisy Theron se skeppingswerk weer in tuinmaak en kunswerk geleë is.

M.E.R. se beskrywing van mev. Anna Geyer, Hettie en Helena, Sara en tant Ragel, die plaas se nooi, die sendelingvrou en die Therons skep 'n gunstige beeld van die Afrikanervrou se spaarsaamheid, insig, gasvryheid, oordeel, verdraagsaamheid, vlyt, blymoedigheid, diensbaarheid, pligsgetrouheid en skeppende vermoë. Sy skroom egter nie om ook die selfsug van die nemers aan die kaak te stel nie.

ANDER MANS

1. M.E.R. skryf ook oor baie Afrikanermans wat sy geken het. Dwarsdeur haar weergawe van hulle loop 'n draad van goedheid. So vertel sy van die man wat sy lewe aan die dowes gewy het (<u>ds. Gawie de la Bat</u>), se laaste dae en sy kommer oor die klein kindertjies wat ver sou moes loop begraafplaas toe vir sy begrafnis (M.E.R. 1976 : 73).

2. Sy was 'n vriend en bewonderaar van die Geyers. Nadat <u>dr Geyer</u> van Londen teruggekeer het waar hy S.A. se Hoë Kommissaris was, sê M.E.R. Albertus Geyer het mooi geword, "iets van 'n vervulling" in sy gesig. Sy meen hy het kennis opgedoen in Engeland, nie juis vir of teen ons as Afrikaners nie, maar <u>kennis</u> wat hy "nou eerstehands het en op reken" (M.E.R. 1976 : 75).

Met "mooi" bedoel M.E.R. 'n innerlike ewewig en skoonheid wat op die gelaat merkbaar is. In 1918 het haar suster Lettie vir haar in 'n brief oor die griep-epidemie geskryf: "Maar ag, onse mooi Afrikanermans en -vroue is afgemaai!" (M.E.R. 1972 : 198).

3. M.E.R. noem Frederik Rompel die "geïnspireerde joernalis" wat dit betreur het dat Die Burger as partykoerant se hoofaandag by die politiek was. Hy het geglo die koerant moet die leiding gee op alle gebiede en 'n voedingsbron vir die hele volkslewe van die Afrikaner wees. Afrikaners moenie glo dat hulle koerant hoofsaaklik vir politiek bestaan nie. Tog het Rompel, gebore Hollander, "al 'n Afrikaner genoeg geword" om te aanvaar dat ons voortbestaan van die politiek afhanklik is. (M.E.R. 1972 : 225). Mnr. Rompel se eerste opdrag aan M.E.R. was om verslag te doen van die A.C.V.V. se feestelike onthaal by mev. Elizabeth Roos se huis op haar verjaarsdag. M.E.R. onthou hoe vriendelik mev. Willie Hofmeyr, Nasionale Pers se hoofdirekteur se vrou,haar aan al die teenwoordige dames voorgestel het, asook aan die gasvrou, "oud en spierwit en waardig en innemend" (M.E.R. 1972 : 224,225).

4. M.E.R. vertel hoe Charlie Malan, later Minister van Spoorweë, met die Afrikaanse vroue onderhandel het oor vrouestemreg. Die Nasionale Party het naamlik gemeen dat vrouestemreg sy posisie sou versterk. M.E.R. beskryf Malan as "'n nasionalis van onwrikbare getrouheid, fyn en gevoelig, maar oordeelkundig en vasberade" (M.E.R. 1972 : 226). Voorts was hy die regte man vir die taak, want 'n mens het nie maklik 'n versoek van hom geweier nie. Die eerste stap was die stigting van 'n Nasionale Vroueparty in Kaapland.

5. OCKERT VAN SCHALKWYK

Mev. Mary Brown, Fraserburg se doktersvrou, het by Lady Shuttleworth se huis in Engeland vir 'n aantal vroue vertel hoedanige mense die Boere is. Op 'n dag was haar man ylend van die koors toe mnr. Ockert van Schalkwyk aanklop en doktersraad vra. Mev. Brown het haar eersteling verwag en was radeloos. Mnr. Van Schalkwyk het haar gevra om gou klaar te maak vir 'n rit met sy perdewa na die naaste dokter op Beaufort-Wes, 90 myl ver. Kort daarna was mnr. Van Schalkwyk met hulle perdewa voor die deur. Op die wa was 'n riempiekatel met 'n bulsak daarop, komberse, kussings, kos en water. Die seun het behoedsaam gery, maar geen tyd verspil nie. Tien myl van Beaufort-Wes af het die vader te perd vooruit gery om die dokter te gaan haal en "hom tegemoet te bring". Mev. Brown se kindjie is daar gebore en haar man het herstel. Hulle het die vriendelikste behandeling geniet.

Verwysend na haar weldoener het mev. Brown besluit: "En daardie man is 'n Boer - een van die Boere van wie julle nou praat. So ken ek hulle" (M.E.R. 1972 : 272,273). Met die teboekstelling van Ockert van Schalkwyk en sy seun se weldaad toon M.E.R. van watter stoffasie die beste Afrikaners is. Hier ontmoet die leser 'n welvarende boer wat meer as 'n eeu gelede kans gesien het om 'n ewemens in nood met 'n perdewa kosteloos neëntig myl ver na mediese hulp en goeie versorging te vervoer.

## 6. DIE SKOTSE AFRIKANERDOKTER

In die skets "Dorpsdokter" in So is onse maniere maak M.E.R. 'n besondere stelling, dat nl. "sulkes soos onse Skotse dokter in daardie dae nooit anders beskou is as Afrikaners nie. En dit was hulle ook, in die beste sin van die woord; hulle had Suid-Afrika lief as hulle tuiste, en aan die landsmense het hulle welgedoen" (M.E.R. 1965 : 39). Die dokter het elke dag 'n pond vleis gegee vir die vrou met die koorssiekte-kinders, en gesorg dat 'n slim dogter na die Hugenote-Seminarie op Wellington kon gaan (M.E.R. 1965 : 37).

Ook het die dokter iets wonderliks aan M.E.R. gedoen. Hy was die eerste man wat sy hoed vir haar afgehaal het. "En ek onthou nog die uitdrukking op sy gesig; hy moes 'n bietjie geamuseerd gewees het, maar dit het niks afgedoen aan die hoflikheid van sy groet nie". Hier is nog 'n voorbeeld van M.E.R. se intelligente waarnemingsvermoë. Sy merk dat die dokter self lag kry oor die vreemde scenario(!) van 'n ou man wat sy hoed eerbiedig vir 'n jong dogter lig. Maar daar is nietemin niks spottends in die dokter se groet nie, want dis 'n hoflike eerbetoon aan 'n lid van die vroulike geslag.

Later het die dokter se hart verswak en het hy swaar op sy eenperdkarretjie gekom "terwyl ou Pollie wag tot die leisels op haar kruis klap". Ná sy dood het die dorpsmense en baie van agter uit die Transvaal gesorg dat hierdie "troue Afrikaner" 'n behoorlike grafsteen kry.

## 7. SENDELING

In "Bruilof" ontmoet die leser die goeie Afrikaanse sendeling wat op een middag sewe bruin pare in die huwelik bevestig het. Die sewende paar moes hy gaan soek, want hulle het kop uitgetrek. Daar is ook doopouers: "verskeie kinders van verskeie groottes word ook sommer in Sendeling se vangnet ingebring" (M.E.R. 1965 : 18). Humor en jammer pak die regskape hart beet en beide kom baie in 'n sendeling se arbeidsveld voor (M.E.R. 1965 : 23).

8. MELT BRINK

In 1894 het M.E.R. met Melt Brink kennis gemaak. Sy was nie lus vir die onderwys of modemakery nie en kry toe die raad om te leer teken vir landmeters. Vir die doel het sy tekenlesse by Melt Brink gaan neem. Sy onthou die liewe vriendelikheid van die egpaar en "sy plesier in die lesse" wat hy so sorgvuldig gegee het. Altyd as hy aan sy kaarte werk, het hy velle los papier byderhand gehou om die versies neer te skryf soos hy gedagte kry. Hy wou geen geld van M.E.R. aanneem nie, maar het gesê "een Afrikaner moet die ander help". Nou nog as M.E.R. kinders Melt Brink se vers hoor opsê:

Ik min myn land
Ik min myn volk
Ik min myn eigen taal

skiet haar gemoed vol (M.E.R. 1965 : 99).

Mev. Andrews, een van die mooiste, liefste, geestigste en mees gasvrye vroue wat M.E.R. teëgekom het, met 'n wonderlike humorsin en 'n teësin in alle aanstellery en huigelary, het na Melt Brink omgesien toe hy baie oud was (M.E.R. 1965 : 99,100).

M.E.R. gee ons 'n helder blik op die vroeë Afrikaanse versiesmaker waar hy langs 'n tafel sit, besig om in sy boeke te blaai. Soms het hy die boek onderstebo gehou, want hy kon nie meer goed genoeg sien om te lees nie. Hy het die boeke versigtig hanteer met in sy ou vingers "nog die slag van een wat baie met boeke omgegaan het" (M.E.R. 1965 : 101).

M.E.R. het dit nie hier te doen oor die letterkundige waarde van Melt Brink se verse nie. Sy beklemtoon sy hartlike vriendelikheid, sy onbaatsugtige diens aan 'n mede-Afrikaner, en sy groot liefde vir boeke, vir land en volk en eie taal.

Melt Brink se digwerk kan nie met die modernes s'n vergelyk word nie, maar sy mensliewendheid en Afrikanerskap stel na so baie jare nog 'n navolgenswaardige voorbeeld. Helena Jordaan sê M.E.R. het as universiteitstudent Melt Brink se versies en toneelstukkies geniet maar nie besef dat dit voorlopers van iets groots was nie.

9. Die skets oor <u>Hugo Naudé</u> in <u>So is onse maniere</u> is in 1941 geskryf. Volgens M.E.R. was hy 'n skoonheidskepper, een van hulle wat los voor loop in

die mens se ontwikkeling van die lae na die hoëre. Net soos Melt Brink het Naudé 'n warm hart gehad en altyd 'n helpende hand gebied aan dié wat agter is (M.E.R. 1965 : 103). Hy het 'n "sonnige gewersnatuur" gehad en baie vriende. Hy kon nie help om dinge mooier te maak nie, net so min as 'n vuurtjie kan help om warmte uit te straal. Hy het harmonie en streling in huis en tuin aangebring (M.E.R. 1965 : 104). M.E.R. het een aand by die Naudés in die tuin geëet. Hy het die tafel en die stoele op die mooiste plek gesit en 'n paar geelrooi bignonia-trompetters só mooi gerangskik dat 'n mens jou oë nooit lank daarvan kon weghou nie (M.E.R. 1965 : 105).

Hier stel M.E.R. Hugo Naudé, die uitnemende Afrikaner kunstenaar, aan die leser voor, iemand van fyn grein, 'n dissipel van die skoonheid, 'n skepper van die skone en boonop 'n kwistige gewer van sy talryke gawes.

10. EUGèNE MARAIS

M.E.R. onthou dat "Waar Tebes in die stil woestyn" die eerste keer in Die Boerevrou verskyn het waar sy toe gewerk het (M.E.R. 1965 : 107). Van Wyk Louw het geskryf dat dié reëls uit Mabalel, "op haar kop die kruik gelig / in gedienstig ewewig", vir hom van die heel mooistes in Afrikaans is (Louw 1986b : 441). M.E.R. sê: "Wat kan met Mabalel vergelyk word? Dit was 'n openbaring". Sy werk was syne en anders as ander mense se werk (M.E.R. 1965 : 108).

Dit was volgens M.E.R. nie aldag maklik om Magriet van Laastelust wat hy vir Die Boerevrou geskryf het, "stuksgewyse by sy kantoor (te) gaan losmaak" nie. M.E.R. het die taal geredigeer. Dit was egter altyd mooi, omdat Marais nie in staat was om iets leliks of lomps te skryf nie. Aan sy gedigte "kon ons nie, sou ons ook nie 'n jota of tittel toegevoeg of weggeneem het nie, dit was altyd sorgvuldig en volmaak afgewerk" (M.E.R. 1965 : 107).

"Riet-Alleen-in-die-Roerkuil" is vir M.E.R. 'n "wonderlike ding" waarin elke woord leef en die eensame veld weergee (M.E.R. 1965 : 108).

M.E.R. skryf met toegeneentheid en trots oor Eugène Marais en verwys nooit na sy swakhede nie. Tog het sy eendag vir Langenhoven gesê: "Ag as daardie verwarring nou nie daar was nie, hoe skoon sou dan wees die gifte en gawe wat ons van hom ontvang?" Langenhoven wat in 'n mate 'n geesgenoot van Marais was, alhoewel M.E.R. gesê het hý "het enduit gedeug" (M.E.R. 1977 : 44), het geantwoord sulke mense is maar so en jy moet maar die deurmekaar kant aanneem

en onthou daarsonder sou jy ook nie die ander kant kry nie (M.E.R. 1965 : 109).

M.E.R. gee 'n menslike en simpatieke beeld van Eugène Marais, een van die begaafste en tegelyk mees tragiese Afrikaner-bedienaars van die Afrikaanse woord. Ook op hom is M.E.R. se woord van toepassing:

Al wie met ons mee wil gaan
die moet onse maniere verstaan.

11. DIE DROOGTE-GESIN

In "Droogtetrek" (1933), 'n skets So is onse maniere wat in die Groot Droogte geskryf is, word blykbaar een van die gesinne beskryf wat deur M.E.R. as lid van die Carnegie-kommissie besoek is. Hoewel hulle 'n plaas van 37 000 morg in die Boesmanland besit, is hulle op trek met twee donkiewaens. Dit het twee jaar laas op hulle plaas gereën. Gevra hoekom hulle dan nie op so 'n ontsaglike groot plaas spaarveld vir 'n tyd van nood uitgehou het nie, vra hulle hoe hulle dan ander veldsoekers sal kan help. Hulle is goeie Boeremense met 'n hart vir die ewemens, want as hulle veld mooi is, vra hulle minder as die gewone tien sjielings per 100 skape per morg. Die vrouens werk hard om kos te maak, klere te versien en skaapvelle se wol af te skeer. Die man praat van 'n wapadkind wat so pragtig gelyk het op die basaar die vorige dag. Die mense eet die lekkerste brood wat gebak is in 'n vooraf verwarmde gat in die grond met 'n sinkplaat vol kole bo-op (M.E.R. 1965 : 31).

M.E.R. het die vermoë om die kernkaraktertrekke van die droogtetrekgesin raak te sien en te beskryf. Hoewel sy dit nooit in soveel woorde uitspel nie, blyk haar trots duidelik op hierdie mede-Afrikaners wat 'n hoë standaard van wellewendheid en mededeelsaamheid ten spyte van droogte en teenspoed handhaaf.

'n Kenmerk van M.E.R. se verhale is dat die goeie in hulle triomfeer. Dit is so omdat sy self geglo het dat die onsterflike geleë is in liefde vir die ewemens, liefde van die ewemens" (M.E.R. 1972 : 293). 'n Goeie voorbeeld van die oorwinning van naasteliefde oor haat en vyandskap kom voor in "Die Bergwind", een van Drie Vertellinge (1944). Na 'n wind-ongeluk help Danie Bouwman en sy seun om Boeta Verwey, eersgenoemde se aartsvyand, te red waar hy onder 'n omgevalle boom vasgeknel lê. Dit lei tot versoening tussen Danie en buurman Verwey. Dit maak ook Fanie Bouwman en Josien Verwey se pad na hul huwelik oop. As die Franse skrywer Boileau se dictum waar is dat dit 'n groot troos vir 'n sterwende skrywer is as hy nooit 'n reël geskryf het wat skadelik

vir die goeie sedes is nie, dan het M.E.R. seker in groot vrede deur die Laaste Poort gegaan. Die "ander" Afrikaners in haar werk, van die nederige boswerker Ernst Philippus by die goeie trekboer, die goeie sendeling, die goeie Ockert van Schalkwyk en die Skotse Afrikanerdokter verby tot by Charlie Malan, Geyer, Melt Brink en Naudé is almal Afrikaners wat geregtigheid beoefen het, die liefde betrag het en ootmoedig gewandel het met hulle Skepper (Miga 6). M.E.R. se karakters uit die werklike lewe en uit haar woordwêreld is mense van vlees en bloed, maar meestal gewers en deelgenote van die liefde met hulle ewemense. Hulle vertoon inderdaad soos skynende ligte teenoor die oor die algemeen ontredderde en miserabele wesens wat die werke van die meeste moderne Afrikaanse prosaïste bewoon. M.E.R. se mense met "onse maniere" gee 'n pragbeeld van 'n verbygegane Afrikanergeslag vir wie die naasteliefde en die naastediens swaarder geweeg het as die eie gewin. Hulle lewens en hulle dade vertel meer van M.E.R. se beskouing van die Afrikaner as enige kommentaar deur haarself.

# HOOFSTUK 6

# M.E.R. OOR BRANDARM AFRIKANERS

## 1. INLEIDING

In 1932 het 'n belangrike dokument in die sosiale geskiedenis van die Afrikaner verskyn: die verslag van die Carnegie Kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk van Suid-Afrika (Botha in Cloete e.a. 1980 : 494).

M.E.R. is in 1928 as organiserende sekretaresse van die Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging van die Kaapprovinsie aangestel. In 1929 is sy gevra om met die Carnegie Kommissie saam te werk. Mev. (ds.) Kitty Albertyn het aan haar man, ds. J.R. Albertyn, gesê hulle kan die saak van verarmde blankes nie behoorlik ondersoek tensy hulle die arm moeder se menings nagaan nie. Dit kan net 'n vrou doen, en M.E.R. was die aangewese vrou (M.E.R. 1977 : 233). M.E.R. het later gesê haar werk vir die A.C.V.V. en vir die Kommissie was aangrypend en interessant. Sy beskou die tyd wat sy onder die armstes van die armes deurgebring het as "een van die rykste" in haar lewe. Dr. E.G. Malherbe het saamgestem (M.E.R. 1972 : 235). M.i. kan slegs 'n nederige, ontvanklike en edele mens verryk word deur kontak met armes aan wêreldsgoed en armes van gees.

In hierdie hoofstuk sal die inhoud van Deel V(b) Sociologiese verslag van die Kommissie, d.w.s. Die moeder en die dogter van die arm gesin deur M.E.R., kortliks behandel word; daarna die weerklank wat dit in M.E.R. se latere prosa gevind het - Botha sê dat dit "byna as werkswinkel-voorbeeld" vir die skeppende arbeid van M.E.R. gesien kan word (Cloete e.a. 1980 : 494); en ten slotte die letterkundige verdienste van die Verslag.

## 2. INHOUD

Die Kommissie was ongeveer 'n jaar aan die gang. M.E.R. het 462 gesinne besoek in Port Elizabeth, rond in Oos-Kaapland, en verder in George, Knysna, Prins Albert, Oudtshoorn, Namakwaland, Johannesburg, Pretoria, Lichtenburg, en oral waar die armoedsprobleem besonder groot was (M.E.R. 1977 : 234). Hulle was 'n volle maand op Willowmore omdat ds. Albertyn geglo het "dat ons die sleutel van onse raaisel daar sou ontdek" (M.E.R. 1972 : 234).

Van Wyk Louw se heel eerste publikasie was 'n resensie in Die Huisgenoot van 19 Mei 1933 oor Dele 1, 2, 4 en 5 van die Carnegie-verslag. M.E.R. se stuk

noem hy "'n aangrypende verhaal van lyding en geduld wat moet gelees word en dan moet aanspoor tot hulp".

## 2.1 M.E.R. SE WERKSMETODE

M.E.R. het wetenskaplik te werk gegaan en in aanraking gebly met maatskaplike werkers, predikante en hulle vrouens, onderwysers en dokters, die A.C.V.V. in Kaapland en die S.A. Vrouefederasie in Transvaal, asook vroulike beamptes van die Departemente van Arbeid en Justisie. Sy het die gesinne vir huisbesoek sorgvuldig gekeur. In die dorpe het sy die behoeftigstes van die hulp ontvangende gesinne besoek, maar ook die gesinne wat vordering maak. Op plase het die eienaar se vrou haar na arm gesinne binne bereik vergesel. In die stede het sy in samewerking met maatskaplike werksters en inspekteurs van volksgesondheid en kindersorgkantore besoeke afgelê.

M.E.R. het boek gehou van elke besoek of onderhoud. Om te kan vergelyk, het sy inligting probeer kry omtrent dieselfde dinge, soos bv. die voorgeslag van die gesin, die opvoeding van ouers en kinders, asook die gesin se sedelike en maatskaplike lewe.

GESINSTUDIES:

Na die jaar se reise is die gesinstudies in twee hoofgroepe verdeel, nl. natuurlik-arm gesinne by wie persoonlike gebreke die hoofoorsaak van agteruitgang was en gesinne verarm deur nadelige invloede van buite.

## 2.2 NATUURLIKE ARM GESINNE

Al die Karoo-dorpe is in April en Mei 1929 besoek aan die einde van 'n lang droogte.

### 2.2.1. GESIN X

M.E.R. se besoek aan gesin X is van besondere belang, enersyds omdat hierdie gesin 'n prototipe van 'n moreel en finansieel vervalle Afrikanerfamilie is, en andersyds omdat dit ruim sestig jaar later tot 'n polemiek in Die Burger gelei het.

Die eerste drie paragrawe van M.E.R. se verslag oor gesin X gee ek hier weer omdat dit so tipies is van haar kriptiese, lewendige en tog uitvoerige waarneming:

"Eenkant van die dorp, onder 'n klomp gombome, is 'n vierkant hokkie van skoon sink sowat 7 by 7 voet, sonder skoorsteen of venster, met 'n klein afdakkie eenkant omtrent drie voet wyd. In die sinkskeiding tussen die afdak-ruimte en die hok-ruimte is 'n vensteropening. Hierdie geboutjie is die woning van 'n jonggetroude paar; die man is dagloner .

"Binne staan 'n ou driekwart katel van houte en planke aanmekaar getimmer; 'n blink deken van nagemaakte swart satyn met helder geel fraings (sic) daaroor; dit is al meubelstuk; darem 'n paar kissies en ou stoele .

"Op die bed sit twee agtienjarige meisies langs mekaar, die een met 'n hoed op, die ander met 'n wilde harebos wat mooi sou gewees het as dit skoon was. Een speel op 'n mondfluitjie. Een is 'Mrs. K'. Die ander is, soos sy sê, 'Miss X'. Hulle is 'n tweeling, die dogters van 'ou X', alombekend in die distrik".

Miss X erken dat haar man na twee maande weggeloop het en blykbaar nou met "Kaffermeide" verkeer. Sy blameer haar ma vir haar onbesonne huwelik. Hulle vader is beboet omdat hy eiendom van swartes gesteel het terwyl hy vir hulle gewerk het. Mrs. K wys die besoekers op haar vuil bene. Met 'n satyndeken op hulle bed, vleis in die huis, 'n mondfluitjie en 'n Kaffer om die werk te doen, lyk die tweeling volkome gelukkig.

Volgens die distriksdokter is gesin X 'n uiterste geval.

Op 16 Junie 1990 het daar in Die Burger 'n artikel deur Nita Olivier verskyn waarvolgens Johann Potgieter aan haar gesê het hy wil 'n draaiboek oor armblankes uit hulle oogpunt skryf. Hoewel hy sy "inspirasie" uit M.E.R. se geskrifte put, hou hy nie van dié formidabele dame nie, want hy vind haar houding teenoor die "poor blanks" onsmaaklik. Volgens Potgieter dra M.E.R. in "haarself reeds 'n sekere elitistiese afkeur (sic) - Christian charity at a distance".

Nadat mev. Alba Hofmeyr, een van die opstellers van M.E.R. 'n Kosbare Erfenis, mev. Botha, hoof van U.S. se Dokumentesentrum, dr. D.P. de Villiers en prof. F. Tomlinson vir M.E.R. in die bres getree het, het Potgieter op 5 Julie in 'n brief aan Die Burger sy bewerings herhaal, en gesê hy wil graag "agterbly by Mrs K en Miss X wanneer die vriendelike, deernisvolle dame uit die Kaap vort is om tuis, in haar eie, knusse 'armoede' oor hulle 'satire te skryf'".

Dis onbillik van Potgieter om smalend en spottend na M.E.R. as vriendelik en deernisvol te verwys. Sy het 'n groot deel van haar lewe aan die opheffing van minderbevoorregtes gewy en Potgieter sal moeilik haar liefdesdiens met die maak van 'n enkele film ewenaar.

Party van gesin X se dogters het met minderwaardige mans getrou, maar een dogter het later onder gunstiger omstandighede 'n netjiese en flinke huisvrou met 'n goed ingerigte en skoon huishoudinkie geword. Dwarsdeur M.E.R. se gevallestudies gee sy waar moontlik krediet aan hulle wat, hoewel in armoede ontvang en gebore, self probeer om hulle lot te verander.

Volgens Potgieter is M.E.R. se beskrywing van die tweeling vol bytende satire. M.E.R. probeer altyd fyn kyk en raak beskryf. Daarom verbloem sy nooit die waarheid nie. Dat sy egter op die armes en uitsakkers neersien, is onwaar. Blykbaar is die bytende satire vir Potgieter geleë in die woorde "volkome gelukkig". Daar is egter 'n groot verskil tussen bytende satire, d.w.s. om doelbewus seer te maak of meedoënloos te spot, en die satire wat prof. Elize Botha in die betrokke stuk sien. Die beskrywing is wel in geringe mate satiries waar dit die tweeling se sorgelose selftevredenheid weergee, soos ook Miss X se selfverontskuldiging vir haar onverstandige troue: "Nee, sien miesies, ek sal vir Antie sê. Dis my ma". Die sprong van die formele "miesies" na die gemoedelike "Antie" wek by die leser deernis op vir Miss X se poging tot vriendelike gemeensaamheid.

M.E.R. se verwysing na die tweeling as "volkome gelukkig" klink vir Potgieter baie "na die soort elitistiese stereotipes wat 'n mens nog gereeld hoor oor die armstes van ons tyd (wat nie meer wit is nie)". Dis 'n ongelukkige uitlating, veral as 'n mens aan M.E.R. se roerende beskrywing van haar moeder se afskeidsgroet aan "outa Jacob" in "Slaafgebore" dink (Botha 1975 : 20); ook aan die bruinvrou Geesie Eliza in Namakwaland wat vertel hoe sy haar eie bevalling behartig het en daarmee bewys dat "die Hotnos - hulle lié vir die miesies!" wanneer hulle sê vroue wat geboorte gee, is nooit alleen nie (M.E.R. 1972 : 242).

Potgieter slaan toe op M.E.R. se bewering in 'n brief aan haar dogter dat sy "na vandag se rondwaai op Aberdeen en Graaff-Reinet, 36 myl van mekaar, om hier op Klipplaat te sit en wag, en dit vir Jansenville" ... "versadig" van armes raak. Maar watter toegewyde dienaar van sy ewemens word nie soms verbolge oor weerspanniges, traes en moedswilliges nie? Periodieke ontevredenheid en moedeloosheid beteken nie dat die bediener die verarmdes die

rug toekeer of hulle belange nie langer op die hart dra nie. As Potgieter "Die plig" lees (M.E.R. 1965 : 52), sal dit sy beoogde draaiboek ten goede kom.

Potgieter glo dat in ons dag van selfblamering ("mea culpa") ook M.E.R. mettertyd aan ander skale gemeet sal word. "Waar kom ons uit, vra hy, "as ... M.E.R. se 'armoede' in 'n nie-rassige konteks beoordeel word?" Hy dien te onthou dat M.E.R. se moeder op betreklik jeugdige leeftyd haar man verloor het, waarna sy alleen met sewe kinders die mas moes opkom. Toe haar man oorlede is, was daar drie sjielings en ses pennies in die huis. Gemeet met watter maatstaf en in watter rassekonteks ook al, kwalifiseer so 'n beskeie finansiële toestand darem seker as armoede.

### 2.2.2 GESIN M

Gesin M (Carnegie-verslag V : 171), vader, moeder en twee kinders, woon al drie jaar in 'n plat sinkhuisie, nege voet by nege voet, sonder skoorsteen, en met net een deur en een venster. Potte en panne lê buite opmekaar sodat M.E.R. wat ten spyte van haar meedoë tog altyd die komiese ook raaksien, "dag die vrou maak klaar om te trek". Die man het toe hy getrou het baie vee gehad, maar alles in die Engelse Oorlog verloor. Die vrou se vader het eers 'n groot Karoo-plaas gehad, maar later alles in Griekwaland verloor. Hulle en hulle kinders - vyf dogters, almal met delwers getroud - het nooit die armoede te bowe gekom nie. "Een skoonseun het 'groot gedick' en 'n bietjie geluk gehad, maar is weer uitgeraak; al die ander is arm en leef soos die ouers".

## 3. AGTERUITGANG DEUR INVLOEDE VAN BUITE

### 3.1 GESIN G

As voorbeeld van 'n familie wat weens omstandighede verarm het, maar deur vlyt en volharding weer op die been gekom het, noem M.E.R. gesin G (Verslag : 175). Die vrou kom van so 'n afgeleë plek dat toe sy gedoop is, die hele kerk vol doopouers was! In die Engelse Oorlog het hulle feitlik alles verloor. Sy en die kinders het koring gesaai en die opbrengs in 'n koffiemeul gemaal. Later het sy en haar man ses morg grond op 'n nedersetting gekry en, "met uiterste en onvermoeide inspanning van albei", hulle kinders grootgemaak en betreklik welvarend geword.

Hierdie geval bewys dat die beste Afrikaners nie deur armoede en rampspoed platgeslaan word nie. M.E.R. noem ook die uitstekende skool op Kakamas wat 'n groot bydrae tot die kinders van arm ouers se latere voorspoed gelewer het.

## 3.2 GESIN H

Gesin H (Verslag : 176) was minder gelukkig, want hoewel die vader en twee seuns met behulp van die repatriasiefonds 21 osse en gereedskap gekoop het, het hulle in 1913 bankrot gespeel. Een seun met min geleerdheid, sonder standerd 6, werk reeds 13 jaar op die spoorweë. Sy maksimumsalaris is elf pond. Hy sal egter sorg dat sy kinders leer, want daarin "lê die sleutel van die toekoms". Hierdie gesin verteenwoordig die Afrikaner wat, teenspoed ten spyt, die bestaanstryd vasberade voortsit om vir sy kinders 'n beter toekoms te skep. 'n Bolandse boer vertel my 'n paar dae gelede hoe sy moeder in die jare dertig gesê het oor haar dooie liggaam sal hy kom boer. Sy het hom geforseer om eers vir onderwyser te kwalifiseer omdat die boere in die Groot Depressie te bitter swaar gekry het. Dwarsoor ons land is die jeug aangemoedig om so ver as moontlik te leer. M.E.R. sê ook haar moeder wat as weduwee met sewe kinders en sewe sikspense (d.w.s. drie sjielings en ses pennies) nagelaat is, het gesê leer en lees is wapens teen die armoede (M.E.R. 1972 : 19).

## 3.3 GESIN V

Gesin V (Verslag : 177) se droewe geskiedenis van vooruitgang en daaropvolgende rampspoed buite hulle beheer, vertel ook die geskiedenis van die moeder, "nou 'n versukkelde ou vroutjie met 'n temerige spraak". Dis moeilik om die aandag op haar te hou, maar dit loon die moeite, want sy dink. Nadat sy vertel het van al die rampe wat hulle beste pogings keer op keer laat misluk het, het sy gesê: "Mevrou, ek is nie geleerd nie, maar ek het 'n konsensie".

## 3.4 ARMES IN 'N WELVARENDE DISTRIK

Voorts word die lot van 'n hele aantal behoeftiges in 'n ryk distrik beskryf (Verslag : 179-181). Buite die dorp is 'n dorpie vir arm mense aangelê. In dié distrik is dit haas onmoontlik of met niks te begin en "grondbesitter of selfs anders vermoënd" te word. Bywoners word oor die algemeen swak vir hulle dienste vergoed. M.E.R. wonder of al hoe meer van die distrik se armes nie later tot Groep 1 sal verval en 'n maatskaplike probleem word nie. Sy vrees dis dalk reeds die geval. Hierdie deel van M.E.R. se verslag vertel nie alleen veel van verarmde Afrikaners nie, maar werp ook lig op die harteloosheid van vermoënde mense wat 'n "lokasie" vir minderbevoorregte volksgenote buite die dorp aangelê het.

# 4. PROBLEME VAN DIE BEHOEFTIGE VROU

## 4.1 GEBREK AAN MAATSKAPLIKE SIN

Nadat sy 462 gesinne besoek het, het M.E.R. tot die gevolgtrekking gekom dat onsedelikheid, dronkenskap, swaksinnigheid en misdadigheid nie algemeen kenmerkend van arm wit gesinne in ons land is nie. Wat wél is, is 'n lae opvoedingspeil, heeltemal onvoldoende vir aanpassing by hedendaagse eise, asook onbelesenheid en 'n gebrek aan maatskaplike sin, in sy eenvoudigste of meer ontwikkelde vorm (Verslag : 183).

By 'n huisvrou beteken maatskaplike sin die vermoë tot behoorlike tyd- en werkkragindeling, 'n begrip van die betrekking van die eie gesin tot ander gesinne, en van die eie omgewing tot ander omgewings (Verslag : 184).

M.E.R. het bevind dat ons arm witmense in hierdie maatskaplike opvoeding weinig gevorder het, dat baie moeders 'n verwarde begrip van die lewe het. Hoe verwarder die lewensbegrip, hoe agterliker die huisgesin. Hierdie verwarde lewensbegrip in sy eenvoudigste vorm is 'n gebrek aan 'n sin vir orde.

Tydens haar besoeke het M.E.R. agtergekom dat die lewendigste maatskaplike sin by armes ongelukkig die oortuiging is dat die rykes dié mense is by wie jy kan bedel. Hoe swakker die gesin, des te vaster word staatgemaak op hulp deur mense wat 'n sterker posisie in die samelewing inneem (Verslag : 185). Sulke arm gesinne het geen besef van samehorigheid met ander gesinne nie.

M.E.R. se bevindings i.v.m. die bedelneigings van minderbevoorregtes onderstreep 'n universele verskynsel. In ons dag maak 'n hele kontinent staat op gunste en gawes van welvarende lande. Armes koester griewe, voel dat hulle uitgebuit word en maak dan aanspraak op hulp deur gegoedes. Iemand het gesê Afrika sal nooit regkom voor hy die fout by homself soek nie.

M.E.R. glo dat die moeder die opvoeding in die eerste twee stadia van maatskaplike sin vir orde moet gee, m.a.w. korrekte tyds- en werksindeling, en samehorigheid met ander gesinne. M.E.R. het dus besondere aandag gegee aan die omstandighede waarin die moeders van arm gesinne verkeer, asook die invloede wat hulle gesonde maatskaplike opleiding ondermyn. 'n Normale huisgesin beïnvloed en vorm die kinders op so 'n wyse dat hulle op hulle beurt weer goeie gesinne kan vorm wat 'n bate vir die samelewing en die staat kan

wees. Gewoonlik is die vader die broodwinner, en die moeder gebruik die inkomste vir die behoeftes van haar huisgesin (Verslag : 186).

4.2 HUISLIKE PROBLEME VAN DIE BEHOEFTIGE VROU

In baie afgesonderde Afrikaanse huisgesinne - so het M.E.R. bevind - beskik die vroue en moeders nie oor die gewone middels soos skole, kerke, afgelewerde vleis, gemaalde meel, klerasie en geboude huise nie. Inteendeel, hulle leef as pioniers in volslae afsondering. In Namakwaland en Noordwes-Kaapland help die vrouens en dogters met lamtyd. Die Namakwalanders sê openlik bokwerk is vrouewerk. Een vrou het dertien kinders grootgemaak en voordag opgestaan om met die boklammers te werk sodat haar huis om neënuur nog net so gelê het. Op Kakamas help die vrouens en dogters met die katoenboerdery en die insamel van ander oeste. Oral in Kaapland sorg vroue vir kos vir werksvolk. Voorts moet brood, vet, botter, seep, kerse en vleis van primêre produkte vervaardig word. Waterdra is ook 'n vroueplig (Verslag : 189).

Vandag (1992) ses dekades na M.E.R. se ondersoek het die prentjie vir die Afrikaanse boervrou totaal verander. Na my beste wete was daar tot sowat twee jaar gelede naby Riversdal nog één boer wat elke dag 'n middagmaal aan sy werkers verskaf het. 'n Huisbediende was vir die voorbereiding daarvan verantwoordelik.

M.E.R. se bevindinge oor vrouewerk bewys ook dat die Afrikaner, wanneer dit nodig is en ander arbeiders ontbreek, self met hals en mag kan werk. In sy jongste boek, Hoeke Boerseuns ons was, vertel Jaap Steyn hoe hy en sy vader alleen die mielieruspers op hulle plaas Omdraai-Noord met DDT-poeier bestry het: "Pa het gaatjies van die gepaste grootte in bakpoeierblikkies se deksels gemaak en ons het met die blikkies DDT-poeier tussen twee rye mielies geloop en elke mielieplant 'n dosis toegedien. Aan die end van elke ry was daar houers met DDT. So het ons dan in die somer geloop: ry vir ry, land vir land" (Steyn 1991 : 42).

Steyn vertel ook hoe hy en sy pa tussen die mielies met twee skoffels met elkeen vyf skaartjies gewerk het - die Bolanders het met 'n soortgelyke implement, 'n ghrop genoem, in die ou dae hulle wingerde geghrop. Steyn-hulle se skoffels is deur 'n trekker getrek. Omdat hulle geen swart arbeiders gehad het nie, het Jaap se suster Ria die blou Fordson-trekker bestuur, terwyl hy en sy pa die twee skoffels aan die handvatsels (sterte) vas- en regopgehou het (Steyn 1991 : 64).

Om na die Verslag terug te keer: By die opvoeding van haar kinders het die boervrou dwarsdeur die neëntiende eeu en in sommige streke selfs gedurende die eerste dertig jaar van die twintigste eeu slegs hulp van haar moeder of skoonmoeder gekry. Omdat dit die enigste rigsnoer was, is dit oor baie geslagte heen oorgedra (Verslag : 190).

Leesstof was daar nie en kontak met die kerk was min. Tog was die meeste armes lid van die kerk. Hulle gaan vier maal in die jaar kerk toe en kry een predikantsbesoek per jaar (Verslag : 190). Dus moes die moeder, sonder die hulp van skool, kerk of leesstof, alleen die opvoedingswerk, veral van die dogter, behartig.

## 4.3 PROBLEME BY GEBOORTES

Ook by kindergeboorte was die vrou se helpers min. Daarby was die vroue op hulle eer gesteld. Een vrou (Geval K) was 'n paar weke uit met haar berekenings. Elke week het die vroedvrou gesê: "Oom, dis nou weer 'n week; Oom moet opskryf". Dit het so op die vrou se senuwees gewerk en haar so skaam gemaak dat sy vir haar volgende drie bevallings met slegs haar man se bystand klaargekom het (Verslag : 191).

Een veewagter se vrou het alleen klaargekom omdat sy nie die pond vir die "ou vrou" kon bekostig nie. Ander het hulself oortuig dat hulle "liewer alleen wou wees" (Verslag: 192). M.E.R. het dieselfde toestande aangetref by arm vrouens in veedistrikte en by trekboervrouens. Sy skryf met meegevoel oor primitiewe geboortes soos bv. dié van die jong vrou wat deur haar skoonvader se hand verlos is. "Toe kom die skoonvader wat al met vee gewerk het, tot haar hulp, steek sy hand in en werk die kindjie uit" (Verslag : 196).

M.E.R. verwys na mense wat beweer dat 'n mens nie besorg moet wees "oor die lot van die arme swerwer-moeders nie". Maar 'n vrou (Geval J, Verslag : 196,197) wat in 'n kroekie van sakke en takke - die blanke veewagter se woning - vier kinders lewend in die wêreld gebring het en een dood, het vir haar ongevraag vertel hoe sy daaraan gedink het om selfmoord te pleeg toe sy swanger was van die kindjie wat doodgebore is. "Ag miesies," het sy gesê, "as ek die wa aflaai, en ek moet dit oor 'n tydjie weer oplaai, en dit met so 'n liggaam, dan dink ek, waarvoor sal ek so aanhou?" Sy was ongeletterd en al wat sy ooit geleer het, was "in die huis van Mrs. K. toe ek agtien maande vir haar gewerk het". Daar het sy 'n ordentlike huis van binne gesien, en hoewel sy in haar eie omstandighede niks as "grofheid" geken het nie, het sy haar

verwaarloosde toestand "diep gevoel" (Verslag : 197). Dit getuig van 'n innerlike verfyndheid in ook die haweloosste Afrikanervroue.

In die Verslag noem M.E.R. die "sterk tradisie" in Noordwes-Kaapland by eenvoudige mense dat die man teenwoordig is by sy vrou se bevalling; "by sommige plekke dat hy saam jammer en kla met haar; die vrouens wil dit so hê". In M.E.R. se poging om 'n klein kraaminrigting in 'n sekere dorp tot stand te bring, was "die kwessie van die deelnemende eggenoot 'n ernstige struikelblok". Hierdie paragraaf is stille getuienis van die meelewing van die arm Afrikanerboer met die moeder van sy kinders, en van die verhaler se humorsin (Verslag : 197).

## 4.4 PROBLEME MET VROEDVROUE

M.E.R. vertel van drie vroedvroue van die ou soort wat al drie agterlik was. Dalk was dit in die ou dae 'n aanbeveling! (Verslag : 202). Die latere vroedvroue is heelwat kundiger hoewel hulle nog ou middels soos "niervet gemeng met ghries en rooipeper" vir kraamkoors gebruik. Met die koms van opgeleide vroedvroue het vroue geleer dat hulle as moeders goeie sorg werd is. Gesonde behandeling het hulle na liggaam, hart en verstand bevoordeel. Dit was veral die geval met moeders in die kraaminrigtinkie op Garies. Dit beskik oor twaalf beddens en word plaaslik bedryf sonder owerheidshulp. Na drie jaar het pasiënte tot 140 myl (224 km) ver daarheen gekom (Verslag : 204).

M.E.R. het rede om te vermoed dat daar in Noordwes-Kaapland en in die Bosveld 'n oorsaak van moedersterfte in die ouderdomsgroep 20 - 45 jaar is wat nie in latere leeftyd geld nie, wat ook nie in meer gevestigde streke die geval is nie, en dat dit 'n oorsaak is wat die manlike sterftesyfer nie raak nie. Sy beveel sterk aan dat hierdie saak noukeurig ondersoek word (Verslag : 208,209).

## 5. GEVOLGTREKKING

By die voorsiening van kos vir die huis, die in die wêreld bring en versorging van kinders in hulle hulpelose jare, huislike en maatskaplike opvoeding, plus nog deelname aan boerdery buitenshuis, het vroue in die "binneland en onderland" weinig hulp gekry. Moeders het gevolglik al hoe onbekwamer geword om hulle kinders gesonde verhoudings tot ander samelewings, ander mense of selfs lede van dieselfde gesin te leer (Verslag : 209).

Jong mense pas gelukkig gou en goed aan by gunstiger omstandighede. Vir die natuurlik-arm gesinne is daar min hoop, maar resultate in inrigtings waar die kinders uit sulke gesinne opgevoed word, is bemoedigend; die meeste van hulle word bruikbare mense (Verslag : 210).

Onbevoegde ouers, soos lyers aan vallende siekte en swaksinniges, se skadelike voortplanting moet deur die een of ander metode gekeer word.

6. DIE DOGTER

M.E.R. het spesiale aandag aan dogters uit Afrikaanse gesinne geskenk in inrigtings, op delwerye en nedersettings en in twintig fabrieke in Johannesburg, Kaapstad en Port Elizabeth. Die dogters is immers die toekomstige moeders.

6.1 NEDERSETTINGS

Vroue op nedersettings beskou soms 'n huishoudskool as "'n plan van die owerheid om gratis arbeid uit hulle dogters te kry", maar hierdie soort houding verdwyn met simpatieke behandeling (Verslag : 212).

Op 'n nedersetting is ' n goeie skool goud werd, maar swak beheer in 'n skool laat "kom alle vooruitgang van die gesinne op 'n dooie punt". Die sekondêre leergang verbeter die dogter se maatskaplike opvoeding, wakker leeslus aan en verhoog verdienvermoë. Wonderlike werk is op Kakamas deur die skool gedoen.

Hoofde van nedersettings het ongevraag gesê 'n flukse vrou ruk 'n gesin reg, maar sonder 'n deugsame moeder loop die gesin verkeerd, al is die man goed. Dit beklemtoon die waarde van deugsame dogters wat later moeders van gehalte sal word.

6.2 DELWERYE

Alles op die delwerye skyn afbrekend te wees. Dis 'n deurmekaar gemaakte wêreld sonder orde of skoonheid. Veral op die dogters is die uitwerking haglik. Volgens M.E.R. het die Kommissie by al hul besoeke nêrens sulke stremmende faktore op die ontwikkeling van normale volksmoeders aangetref nie (Verslag : 214).

Die behuising is so treurig dat sendingwerksters se huisbesoek as die wind waai, nodeloos is, want dan is almal onvriendelik, so ondraaglik is die lewe binnenshuis.

Ouers sê die delwerye is geen plek vir 'n kind nie, want die goeie dinge wat jy hom leer, word deur boosheid geneutraliseer, as hy net om die huis loop (Verslag : 215).

Al wat M.E.R. groot meisies op die delwerye sien doen het, was "om met die moeder se jongste op die arm te staan". Die meeste dogters trou as hulle neëntien is, want 'n sinkhuisie en 'n paar ou meubelstukke is goedkoop te bekom. Hulle kapitaal is die "geluk", ofte wel diamantgeluk waarvoor 'n elk en 'n ieder 'n kans het (Verslag: 216).

Dit kos 'n buitengewoon hoogstaande meisie om maatskaplik normaal te ontwikkel te midde van die delwerye se dobbelgees, baie plesiergeleentheid en gejaag na geld as primêre lewensdoel (Verslag : 216,217).

M.E.R. se simpatieke verslag toon dat sy nie bloot 'n kliniese navorser is nie, want sy is ontsteld oor Afrikanerdogters se omstandighede op die delwerye.

Op M.E.R. se besoeke, 23 op Lichtenburg delwerye en 10 van gesinne waaroor sy vertroubare inligting ontvang het, het sy o.m. die volgende syfers gekry:

Van 74 skoolverlaters het 18 goeie werk gekry en 18 dagbetaalde dagwerk, 22 het delwers geword en 16 meisies het tuis by hulle ouers gebly.

In 'n boek White but poor (red. Robert Morrell) wat pas by Unisa verskyn het, bespreek Tim Clynick in die vyfde hoofstuk, getitled "'Digging a way into the working class': unemployment and consciousness amongst the Afrikaner poor on the Lichtenburg alluvial diamond diggings, 1926 - 1929" o.m. die bevindings van die Carnegie Kommissie se verslag oor die armblankes by die spoeldelwerye naby Lichtenburg. Clynick skryf dat die Kommissie se ondersoek gekonsentreer het op die versameling van gevallestudies van armblanke gesinne, die beskrywing van maatskaplike toestande op die delwerye, asook die armoede en die verwaarlosing van vele blanke delwergesinne. Die Kommissie het gekonsentreer op die sedelike swakhede van die armblankes, hulle gebrek aan inisiatief en hulle onvermoë om aan te pas by die progressiewe gees van die moderne nywerhede. Die skuld is gepak op die atmosfeer op die delwerye met hulle kosmopolitiese bevolking, op die armblankes se gebrek aan maatskaplike

sin en erkende morele standaarde, hulle roekeloosheid en onbestendigheid (Clynick 1992 : 75)

Die Kommissie verklaar die sukses of mislukking van die delwers bloot in terme van bemarkingsbekwaamheid en ekonomiese vindingrykheid, en ondersoek nie die verband tussen blanke armoede en die breër ekonomiese struktuur van die delwerye nie. Derhalwe is klassebelange en die klassestruktuur wat volgens Clynick van deurslaggewende belang is om die slepende armoede en die politieke oortuigings van die delwers te verstaan, nie deur die Kommissie ondersoek nie. Laasgenoemde het boonop onder die wanindruk verkeer dat die Pakt Regering ('n kombinasie van die Nasionale Party en kol. Creswell se Arbeiders) ná hulle bewindoorname in 1924 meer vir die delwers oorgehad het as genl. Smuts se S.A.P. (Clynick 1992 : 76).

Clynick voer voorts aan dat die beherende mag wat grootkapitaal (Isaac Lewis, Sammy Marks, Donaldson en Carlis) oor die delwerye gekry het, die mynwerkers uitgemergel het (Clynick 1992 : 81). Na die uitputting van die vlakgruis-diamantgrond was daar nie werk en graafplek vir die duisende mynwerkers nie. Die Regering by monde van die stugge min. F.W. Beyers was óf afsydig óf vol holle beloftes. Die Wet op Edelgesteentes van 1927 wat veronderstel was om vir die klein delwers in die bres te tree, het tot hulle grootskaalse afdanking deur die maatskappy gelei wat nie langer indiwiduele kleims op die delwerye vir eie rekening kon ontgin nie (Clynick 1992 : 90). Clynick slaag m.i. in sy doel om te bewys dat die behoeftige delwers nie deur inherente swakhede gefaal het nie, maar deur ekonomiese probleme en klasse-verskille waarteenoor hulle magteloos gestaan het.

## 6.3 DOGTERS IN INRIGTINGS

Vir etlike duisende arm dogters, meestal uit Groep 1-gesinne, gee die staat 'n "kunsmatige" huislike en maatskaplike opvoeding in inrigtings vir gekommitteerde kinders. M.E.R. stem nie saam met die Opvoedingsdepartement van die Unie dat behoeftigheid die vernaamste rede vir die kommitteer van kinders is nie, want hulle toelatingsvorms bewys dat die rede vir die behoeftigheid die gebrek aan maatskaplike aanpassingsvermoë is (Verslag: 218).

Die Opvoedingsdepartement van die Unie het sewe puik inrigtings. Die private inrigtings waarin die jonger kinders tuisgaan, het dikwels swak personeel as gevolg van ontoereikende lone (Verslag: 218). Die amptelike 1929-verslag van die Opvoedingsdepartement verwys na die groot behoefte aan behoorlik opgeleide

sosiale werkers wat slegs met behoorlike vergoeding bekom sal kan word (Verslag: 219).

Nog 'n saak wat aandag verdien, is dat die vaders van gekommitteerde kinders verplig moet word om 'n geldelike bydrae tot hulle opvoeding te moet lewer, want die vinnige toeneem van staatsorg vir verwaarloosde kinders beteken toenemende onverantwoordelikheid by ouers (Verslag : 220). M.E.R. voel so sterk oor die noodsaaklike behoud van die Afrikaner se onafhanklikheidsin dat sy vra of dwangarbeid nie op werklose ouers toegepas kan word nie (Verslag : 220).

M.E.R. beklemtoon die feit dat, veral vir meisies, goeie inrigtingshoofde uiters belangrik is. Onopgeleide en onbekwame mense doen groot skade "omdat meisies ingewikkelde mense is en nie so maklik begryp word nie" (Verslag: 220). Goeie kos en klere, netheid, tug en orde is nie genoeg nie. Goed opgeleide en simpatieke hoofde kan ook veel bydra tot die karaktervorming van die kinders.

## 6.4 KERKKOSHUISE IN KAAPLAND

Die doel van kerkkoshuise is om kosgangers deur die primêre skoolstadium te help. Goeie resultate word verkry, bv. deur die aankweek van leeslus, deur te sorg vir gesonde omgang en wedywering met die dorpskinders, en miskien deur besondere prestasie op een of ander gebied (Verslag: 221).

M.E.R. bepleit 'n spesialiseringskursus van miskien 'n jaar vir kerkkoshuisdogters ná standerd 6. Dit sal 'n waardevolle staatsbelegging wees met die oog op die belangrike werk van die vrou as volksopvoeder (Verslag : 221 - 222).

## 6.5 ARBEIDSVELD VIR DOGTERS UIT ARM GESINNE

### 6.5.1 DIE STAD

Die beste arbeidsveld vir die arm dogter is ongetwyfeld die stad. In Port Elizabeth en Johannesburg het M.E.R. min dogters uit arm intrekgesinne sonder werk aangetref. Die ouers trek juis stad toe ter wille van werkkanse vir hulle kinders. Dit was die geval by 43 en 63 arm gesinne wat sy in Port Elizabeth en Johannesburg onderskeidelik besoek het. Ekonomiese dwang hou die behoeftige gesin in die stad bymekaar. Die meisie spaar deur by haar ouers te bly vir wie haar finansiële bydrae ook onmisbaar is (Verslag: 223).

Min meisies in die stad doen huisdiens. Die groot meerderheid werk in winkels, kafees en fabrieke.

Gekommitteerde meisies word op 18-jarige ouderdom in huisdiens uitgeplaas. Hulle hou nie daarvan nie, omdat daar gewoonlik geen vaste voorwaardes aangaande tyd en salaris is nie. M.E.R. pleit daarvoor en haal die voorbeeld van 'n bekende hotel in Pretoria aan waar baie meisies uit die Huishoudskool diens doen (Verslag : 224). Dié meisies het werkroosters, eie goed gemeubileerde kamers en aangename werksomstandighede.

### 6.5.2 TEHUIS IN SOUTRIVIER

M.E.R. het lank nou saamgewerk met die Departement van Arbeid se Tehuis op Soutrivier vir blanke werksmeisies uit die platteland. Hulle werk vaste ure en betaal Vrydae hulle tien sjielings per week aan die inrigting vir losies. Tuis is daar 'n minimum reëls. M.E.R. is oortuig dat hierdie vrye tyd en ordelike omgewing 'n "ontwikkelende en opvoedende uitwerking" op die meisies het, en die sieldodende effek van die fabrieksarbeid neutraliseer. As blanke huisdiens in die stede só gereël word, sal die afkeer daarvan verdwyn (Verslag: 227).

### 6.5.3 DOGTERS IN FABRIEKE

M.E.R. haal syfers aan uit die Unie-Jaarboek van 1929 wat toon dat daar in 1928 in fabrieke in die Weskaap 2778, in Port Elizabeth 1694, in Suid-Transvaal 4182 en in Natal 1443 blanke vroue in fabrieksdiens was. In Port Elizabeth, Kaapstad en Johannesburg het M.E.R. met meisies in fabrieke gepraat en by eienaars en bestuurders al die verlangde inligting gekry. Sy het moeite gedoen om met die beste sowel as die swakste toestande in aanraking te kom. Sy beskryf haar besoek aan 'n lekkergoedfabriek, 'n klerefabriek en 'n tabakfabriek (Verslag: 229-231). In laasgenoemde fabriek werk nagenoeg 300 blanke meisies en omtrent ewe veel gekleurdes. Hulle word apart gehou hoewel dieselfde etes teen dieselfde pryse aan almal bedien word.

In 'n ander fabriek is daar geen apartheid nie. Die bestuurder sê die saamwerk en die saam-eet het wedersyds 'n heilsame invloed. Die witmeisie voel sy moet 'n voorbeeld stel, terwyl die kleurlingmeisie die blanke meisie se standaard probeer navolg (Verslag: 231). Hy sê die rassevermenging hou daar op, want geen blanke meisie in sy diens is al met 'n kleurling getroud nie (Verslag: 232). M.E.R. het nog geglo dat ons hele maatskaplike lewe

gebaseer is op die beginsel van rasse-segregasie, dat die nywerhede dit besef en dat alle tekens op 'n toenemende segregasiebeleid wys met inagneming van die belange van albei rasse (Verslag: 232). Die tyd het M.E.R. in die ongelyk bewys.

## 7. OPSOMMING VAN M.E.R. SE VERDIENSTE AS ONDERSOEKER

Haar opdrag om as lid van die Carnegie Kommissie die omstandighede van die moeder en die dogter van die arm Afrikanergesin te ondersoek, het M.E.R. as 'n liefdestaak opgeneem. Dié werk was dan ook een van die "beste en rykste" periodes in haar lewe (M.E.R. 172 : 235).

In al haar opgetekende onderhoude met behoeftiges blyk haar deernis vir verarmde volksgenote, en beklemtoon sy bewonderenswaardige karaktertrekke wat hulle ten spyte van armoede openbaar. Die vrou van gesin V (Verslag: 177) het "konsensie", want in haar eenvoud probeer sy die dieper betekenis en doel van teenspoed begryp.

M.E.R. het 'n oop oog vir volksgebreke. Daarom betreur sy die inhaligheid van ryk boere wat hulle bywoners afskeep (Verslag : 181).

Die armste Afrikaanse vroue is nog op hul eer gesteld. Omdat die vroedvrou haar telkens daaraan herinner dat sy en haar man haar bevallingsdatum verkeerd bereken het, het die vrou (geval K) so gekrenk gevoel dat sy daarna nooit weer van 'n vroedvrou se diens gebruik gemaak het nie (Verslag: 191).

'n Ander vrou (geval J in Verslag : 196,1970) was, nadat sy vroeër 18 maande lank in 'n ordentlike huis gewerk het, verfynd genoeg om dit te kontrasteer met haar teenwoordige omstandighede. Sy het haar verwaarloosde toestand diep gevoel.

Die afsondering van haar volksgenote het M.E.R. só ontstel dat dit, tesame met die geestelike en stoflike agteruitgang wat daarmee gepaard gaan, die bindende tema in haar prosa geword het (Botha 1975 : 2). Die arm deel van die Afrikanervolk se wel en wee is 'n hooftema in haar werk.

Die hoë moedersterfte in sommige distrikte in die ouderdomsgroep 20 - 45 jaar laat M.E.R. op navorsing oor die oorsake daarvan aandring. Sy bepleit ook die voorkoming op die een of ander wyse van skadelike voortplanting deur mense met ernstige liggaamlike en geestelike gebreke, omdat dit die gehalte van ons volk verswak.

M.E.R. is 'n pleitbesorger vir goeie skole op nedersettings en vir voortreflike personeel in inrigtings vir dogters. Omdat voortreflike dogters voortreflike moeders van voortreflike gesinne word, beklemtoon M.E.R. die noodsaaklikheid van doeltreffende dogter-opvoeding.

'n Hotel en 'n tabakfabriek waar dogters onder uitstekende omstandighede werk, word aangeprys. Sy glo in skeiding tussen wit en bruin fabriekswerksters, en 'n toenemende segregasiebeleid in belang van albei rasse. Hier het sake nie volgens haar wens verloop nie. Dit doen egter niks af aan die feit dat sy op die platteland in die primitiewe armmanswonings, in nedersettings, op die delwerye, asook in fabrieke, hotels en kafees slegs die beste belange van die Afrikaanse vrou en dogter probeer bevorder het nie.

8. VAN WYK LOUW OOR DIE VERSLAG

Toe hy slegs 26 jaar oud was, skryf Louw in Die Huisgenoot van 19 Mei 1933 'n resensie oor die vier beskikbare dele van die Carnegie-verslag. Hy toon dadelik dat die saak vir hom erns is, dat hy die enorme taak van volksopheffing planmatig wil aanpak.

Van Wyk Louw prys die verslag aan nie omdat dit 'n "alleensaligmakende oplossing" aangee nie, maar om sy wetenskaplike grondigheid, sy moed om foute aan te toon en sy deernis vir die "ongelukkiges" van ons mense. Die verslag is boonop vlot en boeiend geskryf, met baie konkrete voorbeelde. Dis vir hom 'n grootse beeld van ons hele volk in 'n kritieke oorgangstydperk van sy trek na die stede. Hiervan is "die arm blanke net die akute simptoom" (Die Huisgenoot, 19/5/1933 : 63).

Die Verslag noem as oorsaak van die armblankevraagstuk "die hele geskiedenis en die hele huidige toestand van Suid-Afrika geografies, ekonomies, maatskaplik en geestelik". Dit herinner Louw aan Dostojevski se opvatting dat almal gesamentlik skuldig is aan alle kwaad wat in die wêreld gebeur. Dus moet die hele volk se sosiale gewete wakker gemaak word.

Louw se boodskap is dat die begenadigde volksgenoot wat nie saam met die stofvergodende stroom wil dryf nie, aan die tydlose waarhede, nl. sosiale geregtigheid, skoonheid en waarheid moet vashou, en moet weier om pseudo-oplossings van die botsings en die tragiek van die heelal te aanvaar.

## 9. WEERKLANK VAN DIE VERSLAG IN M.E.R. SE LATERE PROSA

Toe die Carnegie-verslag in 1932 verskyn het, was M.E.R. reeds goed bekend as skryfster, want Kinders van die Voortrek is reeds in 1920 gepubliseer en Onweershoogte en ander verhale in 1927. Ook om haar joernalistieke werk vir Die Burger en ander tydskrifte was sy toe reeds alombekend. Heelwat vertellings en sketse wat opgeneem is in Drie Vertellings, Uit en tuis en Die gewers dateer vanaf voor 1932, hoewel hierdie drie boeke eers in die jare veertig verskyn het. Die Carnegie-verslag is dus nie 'n voorspel tot M.E.R. se latere werk nie, maar wel in baie opsigte bv. wat wetenskaplikheid, noukeurige waarneming en insig in die menselik psige betref - 'n "werkswinkel-voorbeeld" dus - tipies van haar daaropvolgende skeppende werk (Botha in Cloete e.a. 1980 : 494).

9.1 In M.E.R. se literêre werk is daar die sorgvuldige hantering van feite wat ook aangetref word in die "Ontwikkeling van 'n Afrikaner", haar voorwoord by haar broer Frederik (Frits) se Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900-1901. M.E.R. gebruik net haar broer as voorbeeld, maar daaruit blyk nietemin oortuigend die verbolgenheid en afsku wat die oorheersing deur 'n polities en finansieel sterker kultuur in 'n slagoffer veroorsaak. M.E.R. bring hulde aan dieselfde broer vir die korrektheid van die agtergrondfeite in Kinders van die Voortrek. Om dié rede, nl. dat die feite daarin "heeltemal eg" is, beskou M.E.R. die boek as een van haar bestes. Ook in die Verslag bestee M.E.R. noulettende aandag aan elke individu.

9.2 In die opstel "Grond" is die vrou wat ten spyte van die chaos in haar huis 'n paar kombuisbakkies vol grond met lewende plantjies daarin het, 'n terugspeling op die vrou in Gesin M (Verslag: 171). Dié vrou wat deur M.E.R. besoek is, het op 'n delwery in 'n plat sinkgeboutjie sonder skoorsteen, en met een deur en een venster gewoon. Alles was buite en binne in so 'n warboel dat M.E.R. dag die vrou maak klaar om te trek! Tog nie, want "onder 'n stuk ingefrommelde ogiesdraad voor die deur is 'n paar ou bakke met jong plantjies daarin geplant" (Verslag: 171).

### 9.3 DIE PLIG

Nog 'n uitnemende voorbeeld is "Die plig" wat opgeneem is in So is onse maniere (1965 : 52). In die Verslag, bl. 192, het een veewagter se vrou met die waarheid uitgekom, m.a.w. met die werklike rede waarom trekboervrouens sonder hulp geboorte gee. Sy het gesê die "ou vrou" wou 'n pond hê as betaling, en dit was "steeds bo haar mag om by te bring".

'n Ander vrou (geval J, Verslag, bl. 196) het alleen vier kinders lewend in die wêreld gebring en een dood. Toe sy swanger was van die kindjie wat later doodgebore is, het sy gevoel of sy die hand aan haar eie lewe kon slaan. "Ag, miesies," het sy vir M.E.R. gesê, "as ek die wa aflaai, en ek weet ek moet dit oor 'n tydjie weer oplaai, en dit met so 'n liggaam, dan dink ek, waarvoor sal ek so aanhou?"

Maria, die hooffiguur in "Die plig", se lewenslot herinner baie aan bogenoemde vroue s'n. Maria het met Teunsie getrou en ses kinders gehad. 'n Skadu val oor Maria se gesprek met M.E.R., Sarie en Kristien as sy verwys na Annie Martiense wat by die geboorte van haar kindjie doodgebloei het omdat sy alleen was. Maria vertel hoe sy twee keer stokalleen oor die weg moes kom. Sy gee daarvan 'n saaklike, roerende beskrywing (M.E.R. 1965*A*: 64). Sarie sê sy dink nét Teunsie het die begeerte van sy hart gekry, d.w.s. net hy het die beloning gekry wat die Here aan die gehoorsames en die pligsgetroues beloof. Oom Teunsie se lewensmaat, tant Maria, "met haar lewensgrief teen Teunsie", het geswyg. Dit het egter nooit by haar opgekom dat Teunsie twaalf skape vir altesaam ses pond kon verkoop het om 'n "ou vrou" vir haar ses bevallings te betaal nie, want "vee was die lewensbloed van hulle hele bestaan" en "'n mens voed jou liggaam mos nie deur sy bloed uit te tap nie". Krag en moed en lewensvreugde en volhardingsvermoë "kon jy tot bankrotskap" op die altaar lê, maar nie jou skape nie. Dié verkoop jy net aan 'n handelaar vir geld. Maria se lot herinner baie aan die vrou in geval J. wat soms aan selfmoord gedink het, maar sy is 'n sterker en fierder karakter, hoewel bygevoeg moet word dat Maria, anders as die ander vrou, darem 'n vaste woonplek en 'n bestendiger lewe gehad het.

Annie Martiense se tragiese dood weens bloeding ná kindergeboorte (M.E.R. 1965*A* : 62) stem ook in 'n mate ooreen met die oorlye van die man in Geval Z se eerste vrou wat weens bloeding gesterf het omdat haar man haar vier kinders, ten spyte van haar tante se beswaar, die dag na haar vyfde kindjie se geboorte na haar teruggebring het (Verslag: 194,195).

9.4 Elize Botha wys daarop dat die eensame vroue in Vroue wat Jesus geken het wat net soos Maria, die moeder van Jesus, op 'n onbekende en ongeleë plek geboorte geskenk het, na gevalle verwys wat M.E.R. gedurende haar Carnegie-ondersoek teëgekom het (M.E.R. 1975 : 2).

9.5 GEBREK AAN MAATSKAPLIKE SIN

Belangriker nog: Botha is van mening dat die belangrikste gevolgtrekking wat M.E.R. in Verslag maak, naamlik dat gebrek aan maatskaplike sin, d.w.s. die regte verhouding tot die gesinsgenoot en die ewemens, die hoofoorsaak van geestelike en stoflike agteruitgang is, "in verskillende getransponeerde vorme, die tema (is) wat deur die werk van M.E.R. loop". Gert Theunissen sê bv. in Die eindelose waagstuk" dat menslike verbintenisse die hoofsaak van jou bestaan is (Botha 1975 : 2).

9.6 SLAAFGEBORE

In "Slaafgebore" uit Die gewers vind die leser dieselfde hoedanighede wat so "merkwaardig en lofwaardig" was in M.E.R. se deel V B van die Verslag, want ook in hierdie vertelling word wetenskaplik met "konkrete gevalle" en "bepaalde insidente" die aard van die slaafgeborenes blootgelê. Daar is nog meer: in haar deurskouing van die twee heel besondere gewese slawe word hulle aanraking met die Ewige aangetoon (Botha 1975 : 4). Dit stem ooreen, hoewel slegs in mindere mate, met die arme "versukkelde ou vroutjie met 'n temerige spraak", die moeder van gesin V in die Verslag (bl 177-179), wat ná 'n lang en moeilike lewe vol teenslae gesê het: "Mevrou, ek is nie geleerd nie, maar ek het 'n konsensie. En dit is vir my wonderlik. Drie maal het ons op en op gegaan tot dit lyk ons moet nou deurgaan, en dan word ons teruggeslaan. Waarom sou dit nou gewees het?" Die vrou toon dat sy die dinge wat voor oë is, nie sonder meer gedwee aanvaar nie, maar na 'n diepere betekenis daaragter soek.

Om begryplike redes word die gegewens uit die Verslag in "Die plig", in Vroue wat Jesus geken het, in Die eindelose waagstuk en in "Slaafgebore" ingeweef in "'n nuwe verhaalwêreld, binne 'n verbeeldingswêreld" (Botha 1975 : 5), maar die spore van die aangrypende ervarings van menslike swaarkry en leed wat sy op haar reise saam met die Carnegie-Kommissie opgedoen het, slaan tog duidelik uit.

9.7 In Na vaste gange het Marianna van Eyck ná haar mislukte huwelik 'n meisiestehuis tot stand gebring waarin dogters uit arm gesinne geleer is "om verarming en verval teen te werk" deur die ontwikkeling van 'n "ordelike bestaan". Dit herinner aan M.E.R. se ondersoek van dogterstehuise in die Carnegie-verslag (Botha in Cloete e.a. 1980 : 499).

## 9.8 SLOT

Waarskynlik het die dissipline wat haar Carnegie-ondersoek aan haar opgelê het, M.E.R. se latere prosawerke ten goede gekom. Dit kon haar geleer het om nog fyner op te let, nog noukeuriger te ontleed en met nog groter wysheid oor die lewensraaisels te besin. Oor die onverklaarbare het sy steeds 'n opgeskorte oordeel en 'n nederige aanvaarding behou. Toe tant Sarie, M.E.R. se vriendin en Tant Maria se niggie, ná die besoek terugstap, sê sy dat net Teunsie die begeerte van sy hart gekry het ná gehoorsaamheid en pligsvervulling. Daar skuil onbedoelde en onbewuste ironie in haar woorde, want oom Teunsie het slegs huweliksgenot en nie die angs en pyn van kindergeboorte sonder bystand geken nie. Op Sarie se bewering het M.E.R. niks te sê nie. En die verhaal eindig met die steeds kwellende en onbeantwoorde vrae: "Wat is plig? En aan wie is die mens dit verskuldig? En waar bring dit jou heen?" (M.E.R. 1975 : 6 ).

Die mense in die Verslag voer gesprekke in direkte rede sodat hulle as lewensgetroue figure voor die leser verskyn. Die onsindelike tweeling praat met M.E.R.; een noem haar selfs "Antie"!

Volgens Botha beskou M.E.R. haar skryfwerk as "ambag", as die maak van iets moois. Die joernalis - in hierdie geval die skrywer van Verslag - voel oor sy skryfwerk "soos die boer wat 'n plaas uit die grond opbou". M.E.R. sien in die woordkuns 'n middel om in wat deurmekaar is orde te skep (Botha 1980 : 500).

# 10. DIE LITERêRE WAARDE VAN M.E.R. SE DEEL VAN DIE VERSLAG

M.E.R. noem haarself 'n vertelster. Daarmee is die hele waarheid nie gespreek nie. Daar is immers duisende vertellers onder die Afrikaners, die meeste met die gesproke woord, die minderheid met die pen. M.E.R. se prosa verleen egter luister aan die benaming vertelster. Aan al die talryke geskrifte van M.E.R. lê dié motief ten grondslag: 'n verkenning van die mens in sy verhouding met die hele skepping waarvan hy deel is (Botha 1975 : 1). Met 'n taak soos Die moeder en dogter van die arm gesin, haar deel van die Carnegie-verslag, was M.E.R. dus in haar element. Volgens Elize Botha is haar "nougeset-wetenskaplike bydrae" tot die Verslag "bekend onder vakgenote in die sosiologie"; wie die geskiedenis van welsynswerk in ons land ondersoek, sal insgelyks kennis dra van Ons saamreis en Ons voortgang, versorg deur M.E.R. ten tyde van die A.C.V.V. se 25ste en 50ste herdenkingsjare (Botha 1975 : 1,2).

M.E.R. was van mening dat die skrywers van haar dag 'n voorkeur openbaar vir "die weergee van werklike toestande" (Botha 1975 : 3).

Dit is 'n letterkundige voortreflikheid as die skrywer met wat hy skryf die lewe vir sy lesers leefbaarder maak. In hierdie opsig slaag M.E.R. by uitnemendheid. Van die mense in Die gewers sê M.E.R. dat sy "van elkeen iets kosbaars en onmisbaars ontvang het ... nie van goed nie, want dit het hulle nie oorvloedig gehad nie; van moed, van hartversterkende geloof en sommer van goedheid ..." (aangehaal deur Botha in Cloete e.a. 1980 : 498). Elke leser van M.E.R. se Verslag kan ook sê dat hy (sy) aangegryp en besiel is deur die moed, volharding en blymoedige lewensaanvaarding van vele trekboervroue.

M.E.R. vat die weedom van talle verarmde mede-Afrikaners in enkele sinne met behulp van 'n landelike vergelyking saam. Oor die talle blanke armes in Prins Albert, Aberdeen en Willowmore skryf sy:

"Dit is of 'n genadelose masjien hulle opvang en maal, en of hulle daarin gly soos graankorrels deur die geut om gemaal te word. Daar is darem ook definitiewe oorsake soos drank en droogte" (M.E.R. 1976 : 2). Let op die deernis in die eerste sin van die aanhaling; daarna in die tweede sin die rustige vermaning ("drank"), en ten slotte weer die vergoeiliking ("droogte").

Aan die gebruik van "vreemde" woorde uit die Engels of sê maar die Latyns-Romaanse erfskat, soos legitieme, ingrediënte, pregnansie en animaliese (Louw 1986b : 147, 154, 257, 460) besondig M.E.R. haar nie, hoewel sy, wanneer sy in Familiegesprek aan haar dogter skryf oor haar ondervindings op pad saam met die Carnegie-Kommissie, eerder humoris as taalpuris is:

"En daardie een" ('n Lichtenburgse hotel) "vuil en vol stof en smelly met die bar so prominent dat jy nêrens van sy reuke en klanke kan wegkom nie, was onverdraaglik, en vra nog 17/6 per dag boonop" (M.E.R. 1976 : 6).

Op die Elandsputte-delwery bly M.E.R. in mej. Cillié, maatskaplike werkster, se kamer. Op die aantekeningboeke uit die juffrou se studentedae staan Exegese, Dogmatiek en Isagogiek (inleidende studie tot die Bybel). Later vertel mej. Cillié van 'n mooi vrou met haar lafaard van 'n man en die "Boarder"-wewenaar. Laasgenoemde woon getrou saam met die vrou. Toe die slegte man terugkom, gee die Boarder hom vyftien sjielings op voorwaarde dat hy nie weer kom stoor nie. Nou woon die twee gelukkig saam. Mej. Cillié praat darem gereeld met hulle! "How's that", vra M.E.R., "vir Isagogiek?" (M.E.R. 1976 : 6,8).

M.E.R. self is van mening dat die vernaamste skryfvereiste opregtheid is. Daarom is sy so dankbaar oor Eugène Marais se opmerking oor Kinders van die Voortrek: "Dit wat 'n mens voel, dit kan jy na 'n ander se hart laat gaan" (M.E.R. 1976 : 35). Daarom kom sy met so baie gebreke verby. Prof. Smith het immers gesê haar kulturele agtergrond is wat die letterkunde betref van die doodgewoonste. Boonop is haar taal en interpunksie swak (M,E.R. 1976 : 35,36). Oor die radio het P.C. Schoonees darem gesê "die ongekunstelde, onopgesmukte styl" is die geheim van haar "houvas" (M.E.R. 1976 : 35).

Elize Botha noem M.E.R. se Verslag 'n wetenskaplike bydrae en boeiende leesstof. In haar ondersoek het M.E.R. bevind dat die afwesigheid van maatskaplike sin 'n algemene kenmerk van die verarmde huisgesin is. Maatskaplike sin is vir M.E.R. sinoniem met "'n sin vir orde". Afsondering was 'n hoofoorsaak van die gebrek aan maatskaplike sin. M.E.R. beskryf haar werkwyse met "groot presiesheid". Haar voorbeelde "verdig tot dramatiese beelde" van die blanke armes se lewenstoestande. M.E.R. se gesprekke met die verarmde vroue word in die direkte rede weergegee. "Fyn waargenome besonderhede" uit die ondervraagdes se agtergrond en omgewing verraai hulle lewenshouding (Botha in Cloete e.a. 1980 : 495).

Al die ondervraagdes word met "deernis, met humor en met diepe wysheid" voorgestel. Botha voel dat M.E.R. hier as storieverteller inderdaad soos sy dit eenkeer self gestel het "die verbeelding gebruik ter wille van die agterkom van die waarheid" (Botha in Cloete e.a. 1980 : 496).

Op 12 Januarie 1992 skryf die bekende Afrikaanse joernalis, Rykie van Reenen, aan my oor gesin X in M.E.R. se Verslag, soos volg:

"Om te dink dat ek amper 70 moes slaat voor ek dit lees - watter Boermens kan dit lees sonder bewoënheid? Ek het bietjie gehuil, oor daardie pioniersvroue en hul swaar. Maar oor daardie swart satyn bedsprei met die hiller geel tossels, en die Miss met die mondfluitjie sal ek my tot my dooddag bly verkneukel; ek dink Ta Miem het ook. Dit kan my so moedeloos maak, dat Ta Miem se vrolikheid, daardie lae 'duk' lekkerlaggie van haar, so bedolwe kan raak onder die verskuldigde eerbied wat mense vir haar het".

# HOOFSTUK 7

# M.E.R. EN DIE AFRIKANERKIND

## 1. INLEIDING

### 1.1 Die Kinderverhaal

Graham Greene was van mening dat boeke miskien net in die kinderjare enige beduidende invloed op ons lewens het (Pienaar 1968 : 13), terwyl volgens Dorothy Neal White 'n gereelde dieet van tweederangse leesstof net so skadelik vir die kindergemoed is as swak kos vir die liggaam (Pienaar 1968 : 13), te meer natuurlik omdat 'n kind absorbeer en nie diskrimineer nie.

Lydia Pienaar wys daarop dat, as 'n kind 'n bepaalde boek in 'n bepaalde ontwikkelingstadium nie lees nie, dan is daardie boek vir hom permanent verlore (Pienaar 1968 : 14).

Die kind is nie 'n miniatuur-volwassene nie, maar 'n wese in eie reg met 'n eie denkwyse en 'n eie begrip van menslike verhoudinge; ook met sy eie behoeftes en eie waardes (Pienaar 1968 : 11). Die kind ervaar dinge vir die eerste keer; daarom moet sy eerste boek 'n boek van gehalte wees. Pienaar erken net twee soorte kinderboeke: dié wat die kind se positiewe geestelike ontwikkeling en verbeelding stimuleer, wat tot sy begrip van en waardering vir estetiese waardes bydra, én dié wat dit nie doen nie. Hierdie laaste is skadelik omdat hulle niks positiefs tot die kind se geestelike ontwikkeling bydra nie en dus die plek van betekenisvolle boeke inneem (Pienaar 1968 : 14,15).

Charles Dodgson (Lewis Carroll) se <u>Alice in Wonderland</u> is geskryf met geen ander motief nie as net om aan kinders en die outeur plesier te verskaf - dis soos alle groot kinderboeke geskep word (Pienaar 1968 : 54).

Die eerste kinderboek in Afrikaans het in 1873 verskyn, nl. <u>Geschiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en Huisouwens in hulle eige taal geskrywe door een Vrind</u> deur C.P. Hoogenhout. In 1879 volg <u>Eerste Afrikaanse Printjisboekie vir soet kinders</u>. Elke prentjie hou 'n lessie in.

Gedurende die Tweede Taalbeweging verskyn <u>Loeloeraai</u> (1923), <u>Mof en sy Mense</u> (1926) en die <u>Krismiskinders</u> (1926) van Langenhoven, en twee besonderes, M.E.R. se <u>Kinders van die Voortrek</u> en E.B. Grosskopf se <u>Patrys-hulle</u>. Pienaar

meen dat laasgenoemde twee skrywers se werk voortreflik is weens die "opregte ondertoon, die oortuigende karaktertekening en die begrip wat hulle vir die kinderwêreld toon" (Pienaar 1968 : 61).

Die begin van die moderne kinderboek in Afrikaans word in 1955 ingelui met Alba Bouwer se Stories van Rivierplaas, gevolg deur Nuwe stories van Rivierplaas in 1956.

Lydia Pienaar dui 'n paar kenmerke van die kinderverhaal aan. Dat sy soms van "vereistes" praat, is m.i. nie heeltemal korrek nie. Sy sê die skrywer moet uit die kinderwêreld skryf en nie oor die kind en sy wêreld nie (Pienaar 1968 : 66). Die skrywer moet die kinderwêreld begryp en weer deel daarvan word. Hy (sy) mag nie "neerbuigend" skryf, bv. "En raai wat toe gebeur het?" of die herhaalde gebruik van "ou" of "outjie" (Pienaar 1968 : 68). Tog gebruik M.E.R. dikwels sulke vraagsinne en verkleinwoorde, trouens Langenhoven ook, sonder m.i. rampspoedige gevolg.

Die skrywer moet 'n natuurlike sin vir waardes hê, sy verteltrant moet interessant wees en sy taal en grammatika korrek. Hoe jonger die leser, hoe meer illustrasies moet die kinderboek bevat (Pienaar 1968 : 71,72). Die goeie kinderboek moet die leser se gemoed verruim, toevoeg tot sy eie ondervinding, en hom voorsien van 'n breër basis waaruit hy die wêreld kan beskou, aldus Jean Karl (Pienaar 1968 : 78).

## 1.2 M.E.R. SE KINDERVERHALE

M.E.R. was lief vir kinders. Sy skryf dat sy nie vir die huwelik aangelê is nie, maar wél 'n goeie moeder is (M.E.R. 1977 : 88). Rykie van Reenen vertel in 'n telefoongesprek op 24 Augustus 1992 dat, terwyl sy by M.E.R. en haar dogter Anna op "Kom Nader" op Swellendam gekuier het, daar 'n egpaar met 'n agtien maande oud seuntjie, Pieter, aangekom het. Rykie sê Pietertjie was 'n heel klein "petiete" peutertjie, maar M.E.R. het met hom soos met 'n ewemens gesels, en groot plesier gehad in elke geluid en gebaartjie wat hy gemaak het.

In die jare twintig en dertig skryf M.E.R. jeuglektuur. Sy was ook 'n medewerker aan Die Kleinspan wat saam met Die Burger vir die kinders verskyn het. Sy het 'n aandeel gehad in die manewales van "Krulbol, Rinkhals, Oortjies en Otjie" wat baie sewentig- en tagtigjariges vandag nog onthou. Die doel van M.E.R. se kinderverhale was nie net om haar jong Afrikaanse lesers te vermaak nie, maar ook om hulle te leer.

Met gedramatiseerde voorstellings en die verhale, Die Sondagskind (1922), Die Kammalanders (1928), Die stoute bengel (1931), Die Sokka-boek (1926) en Sokka se plaas (1933) verskaf sy leesstof vir kleuters. Met Vanmelewe: Stories van die voorouers (1926), verhale oor Franse en Nederlandse voorouers, en met Die oorwinnaar (1929) maak sy die Afrikaanse kind van sy volksverlede bewus. In haar eerste boek, Kinders van die Voortrek (1920) wat in 1960 as Die tweeling trek saam herdruk is, boei sy haar jong lesers met spannende ervarings en dramatiese voorvalle, asook "noukeurige besonderhede oor die trekkerslewe" soos deur haar broer Frits aan haar meegedeel (Kannemeyer 1983 : 6,7). Met Jongdae - 'n Meisie-storie (1933) vertel M.E.R. van Margrieta van de Velden se skooljare in die Bolandse meisieskool Dameshof. Die verhaal is deels biografies, en sinspeel eintlik op M.E.R. se verblyf by die Rynse Hoër Meisieskool (Rhenish Girls' High) op Stellenbosch.

## 2. LEESSTOF VIR KLEUTERS

Sewentig jaar gelede het M.E.R. Die Sondagskind geskryf, blykbaar dat moeders dit vir kleuters kon voorlees. Sy begin met 'n interessante stelling wat die kleinspan seker dadelik laat verneem het na hulle geboortedag, want 'n Saterdagskind is ongehoorsaam, maar 'n Sondagskind, d.w.s. 'n kind wat op 'n Sondag gebore is, is volgens die ou mense baie gelukkig. Ook diere en goggas is vriendelik met 'n Sondagskind. M.E.R. praat gelukkig darem nie van slange en ander skerpgoed nie!

Boetie is die hooffiguur in die verhaal. Hy is 'n Sondagskind en sit amper kaal op 'n doek toe 'n "kleine man" met staal harnas kompleet, koning Wysewit, hom skielik kom oppik en hulle saam die lug invlieg. Op die geelklawer sien hulle fraai dogtertjies. Bo op die dennebome sit die "outatajies" terwyl Windekinders (seker familie van De kleine Johannes se vriend!) en Skuimkinders op die water speel. Die bruid se naam is Roos Marein Maroe - dit sal vir baie kinders soos musiek klink - en sy is Wysewit se dogter. tante Donskop Sydissel se Spinskool word besoek en hulle maak ook 'n draai by Taterat se nessie. As haar krosie dik geëet is en veilig vir die nag, sing Taterat haar aandliedjie met ook somaar 'n strofetjie vir Boetie:

"Nag - soete Boet
Nag - soete Boet
Nag - soete Boetiebaai!"

Die laaste woord Boetiebaai is 'n treffer. Dis 'n soort oortreffende trap van Boetie en sluit dalk ook die totsiens sê ("goodbye") in. Toe sy 'n klein

dogtertjie was, het M.E.R. haar broer Gert - Oubaas was sy bynaam - Boetabá genoem (M.E.R. 1972 : 11).

Nadat Boetie eers vir die boswagters nag gesê het, sit Wysewit hom weer neer, en toe hy sy oë oopmaak, dra sy mammie hom die huis in, "en trek saggies sy nagjurkie oor die ou slap kop en arms", reg vir sy bedjie.

Dis 'n ope vraag of vandag se wêreldwyse kleuters koning Wysewit, die outatajies en die prinses Roos Marein Maroe vir soetkoek sal opeet. Dalk het ons hier 'n verbasend "moderne" kleuterstorie, alhoewel die eerste kleuters wat dit aangehoor het, nou reeds kort duskant die tagtig of reeds 'n paar jaar anderkant die grens vir die seer sterkes is. Dit is net moontlik dat die lugreis, die fraai dogtertjies, die outatajies (wie en wat hulle ook al mag wees!), die bruilof, die bruid met die blomnaam, ou tante Donskop Sydissel (met haar van in 1922 reeds gespel volgens A.W.S. 1991!) en Taterat met die vier trommeldik spruite, steeds die hartsnare van 1992 se kleuters sal roer.

## 3. VERHALE VIR LAERSKOLE

### 3.1 DIE SOKKA-BOEK - STORIES VAN 'N SKAAPHOND (1926)

se stories het almal eers in <u>Die Boervrou</u> en <u>Die Huisgenoot</u> verskyn. Hulle is bedoel vir kinders wat nie meer kleuters nie, maar reeds in die laerskool is. M.E.R. toon hier dat sy 'n dierekenner is wat vir kinders liefde vir honde, deernis vir weerlose diere, asook 'n sin vir geregtigheid, wil leer.

Sokka is 'n kolliehond wat na die wyse Sokrates heet, maar aan dié naam moet hy darem te swaar dra. Daarom is hy in die wandel sommer Sokkies, Sokka of Sok. Sokrates ofte nie, is hy tog nie sommer so 'n hond nie, want hy "help sy oubaas boer", hy ken links en regs, en soetjies en wyd om. Soms vang hy 'n haas. Dit hinder sy gewete hoegenaamd nie, maar dit ontstel vir Hanna, 'n fyngevoelige kind wat later ook nie 'n heengegane pietergroentjie en 'n verongelukte pofadder onder een boom wil begrawe nie.

Toe Ouste, 'n onnutsige volstruis, aan Sokka se murgbeen pik, byt die hond hom bloed uit aan die kop. Nou is sy naam Skeebek. Anna se sin vir reg laat haar Sokka se part vat, want Skeebek het eerste die oorlog begin, daarom mag haar pa nie vir Sokka kwaad wees nie (M.E.R. 1926 : 7-15).

Hanna is teer van hart en wil nie die gebraaide duifies eet wat die lewe ingeboet het toe hulle hulleself teen die wit muur te pletter gevlieg het nie (M.E.R. 1926 : 17). Sy bekommer haar oor die perde en die muile en dié wat

snags buite moet slaap. Hendrika troos vir Hanna deur 'n liedjie te sing van 'n skilpad wat in sy dop "droog sit", dus kan dit maar reën en kan die wind maar waai. Die liedjie herinner aan Dan Sleigh se reëls:

"Skilpad loop die wêreld oor
met sy herberg op sy rug".

Hendrika vertel vir Hanna 'n storie van Marina en haar ouers, Fofaan, 'n swart meidjie, en 'n teefhond Sokka wat op die Hoëveld gewoon het. Die oom word in die Boereoorlog na Sint Helena verban. Toe die Kakies die plaas nader, vlug Marina en Sokka na 'n klipskeur, terwyl haar moeder en Fofaan daarin slaag om die koei, 'n kookpotjie en 'n sak meel te red. Later verskyn 'n Boerekommando en neem almal na goeie mense. Daardie Sokka was Hanna-hulle se Sokka se ouma en Marina was Hendrika se ouer suster, en haar moeder Hanna se tant Malie (M.E.R. 1926 : 31).

Hendrika se verhaal beklemtoon die dier se vriendskap en waarde vir die mens, en bewys boonop dat getrouheid in 'n hondegeslag deurlopend is. Slim kinders sal hierin 'n hondeboodskap vir hulself sien, en ook in Hanna se teerhartigheid en regverdigheidsin.

3.2 DIE STOUTE BENGEL (1931) is eweneens 'n verhaal vir laerskoolkinders. 'n Bengel is 'n karnallie of 'n ondeunde persoon. Die ou vrou wat die verteller is, sê sy het die storie van Katootjie gehoor. Dit het sewentig jaar gelede met Katootjie gebeur. M.E.R. stel die paar karakters in die verhaal duidelik voor. Katootjie se pa is nie 'n man om mee te loop en lag nie: "sy mond staan altyd strak en vas, en die hoeke buig skerp na onder". Oor 'n hele paar dinge erg hy hom bloedig: oor hik onder godsdiens, oor druiwe korrel van 'n tros aan die stok, koffie stort in die piering, perskes eet sonder afskil, en laat merk jy is teë vir moskonfyt (M.E.R. 1931 : 8). Tog is hy nie harteloos nie, want aan die einde van al Katootjie, die stoute bengel, se teenspoede druk hy haar teen hom vas omdat sy reeds genoeg straf ontvang het.

Katootjie is 'n onnut wat op haar maag lê en korrel in die wingerd. Sy skaam haar dood oor haar lang graslinnerok wat sy skool toe moet dra. Omdat sy bang is die kinders sal sê sy lyk soos tant Hettie Snyders, gaan sy vroeg op haar plek in die klas sit. Die seun agter haar steek een van haar haarlinte met sy mespunt was. Toe Kato vorentoe buk en vashaak, ruk sy haar inkpot op die gewraakte rok om. Sy klap vir Wouter swart en rooi met 'n "geïnkte plathand". Sy word vorentoe geroep. Keetjie van Dyk giggel en die Meester lag kliphard

met natuurlik die hele skool agterna (M.E.R. 1931 : 15-18). Meester sê sy moet maar haar kappie opsit en huis toe gaan, want "so kan ons die dag nooit deurkom nie". Om alles te kroon, sê haar ma toe die bengel tuiskom: "Jy is 'n stoute bengel, en vanaand sal jou pa daarvan weet" (M.E.R. 1931 : 20,21).

Bogenoemde moles in die skool word lewendig deur die skryfster weergegee en sal deur laerskoolkinders geniet word. En watter kind is nog nie met sy pa se tuiskoms gedreig nie?

Kato besluit om by haar oom Jan te gaan kuier. In die strooidak van sy solder hang kwepers en granate en op die muurrak staan kalbaspere. Sy stel 'n wip vir haar broertjie en hy val met sy hand in oom Jan se molval. Haar ma huil oor haar seuntjie se teenspoed, maar haar pa kom tot haar redding (M.E.R. 1931 : 22-26).

Die stoute bengel is bepaald 'n interessante storie vol vrolike onwaarskynlikhede en so Afrikaans soos net die Afrikaanse platteland van weleer kon wees met sy eenmanskooltjie, die skoolmeisies met vlegsels en kappies, en oom Jan se solderdak met hangende kwepers en granate.

4. 'N HOëRSKOOLVERHAAL MET GOEIE RAAD VIR TIENERS

JONG DAE - 'N MEISIE-STORIE (1933) is deels biografies, want dit gaan oor M.E.R. se skooljare in die Rynse H.M.S. op Stellenbosch. Ouma, Moeder (Dorie), Fanie (23), Margrieta (16) en klein Dorie woon in 'n eenvoudige vaalhuisie op die platteland.

Margrieta kry 'n eersteklas in standerd 8. Oom Gerhard Smit gee haar twee goue ponde vir dié prestasie. Vir standerds 9 en 10 gaan Margrieta na die Dameshof Meisieskool onder bevel van mev. De Witt.

Die verteller is onbeskroomd didakties. M.E.R. wil jong Afrikanerdogters lewenswysheid leer. Margrieta van Velden en haar niggie Emmie le Grange is vir die eerste keer op Dameshof, maar hulle verskil hemelsbreed.

Wat die keuse van leiers betref, sê die skryfster stem die kinders vir die beste meisie - "nommer een tel karakter of persoonlikheid. Moenie glo dat meisies 'n leuenaar, of 'n selfsugtige, of 'n vraat, of 'n luiaard, of 'n skinderbek, of 'n nukkerige, of 'n suur mens sal aanhang nie ... Nommer twee tel brein, bekwaamheid ... In klas drie staan dié wat ryk of mooi is, of wat

besonder mooi klere kan dra". Laaste kom meisies wat deur swak karaktertrekke na mekaar aangetrek word.

Na ses maande land Margrieta by klas 1 en na 'n jaar aan die hoof van die slim- en bekwaamheidsgroep. Emmie val in groep 3 en het min omgang met Margrieta (M.E.R. 1933 : 47).

Margrieta styg uit omdat sy by haar ouers geleer het om eerlik te wees en nie eerste aan haarself te dink nie. Van haar ouma het sy geleer om stil te bly as sy nie kan help nie, maar om te help as sy kan en as dit nodig is; ook om netjies en skoon op haar persoon te wees (M.E.R. 1933 : 48).

Om eenuur een nag sien Margrieta hoe Emmie le Grange, Nellie Naudé en Hester Dupré uit die koshuis loop om seuns te gaan ontmoet. Margrieta roep twee maal: "Nellie, jy moenie!" (M.E.R. 1933 : 104). Hulle word ingewag deur mev. De Witt wat spoedig agter die waarheid kom. Nou preek die verteller reguit: "En nou wil ek julle vertel, al lees dit soos 'n prekie, en al lees julle dogters nie graag preke nie, omdat julle so baie moet hoor - nou wil ek julle vertel wat mev. De Witt vir die vier gesê het, want Margrieta het dit nooit vergeet nie, en ek dink seker die ander drie ook nie (M.E.R. 1933 : 111). Mevrou het gesê die mooi en intelligente Hester Dupré soek net haarself (M.E.R. 1933 : 114). Sy voeg nog 'n lewensles by, dat die vryheid wat die jong mense so naarstig soek "'n duur ding" is (M.E.R. 1933 :116).

Margrieta word as voorbeeld vir ander dogters gestel. Met volhardende vlyt en wellewendheid het sy voorsitter van die koshuiskomitee en leier van Dameshof geword. Sy het ook 'n universiteitslening en -studiebeurs gekry. Sy lê goeie oordeel aan die dag en hoewel sy en Fienie, die sendelingsdogter, albei sonder aandrokke is, staan hulle sterk in hulle Sondagrokke.

Die feit dat Margrieta klaarblyklik Miemie Rothmann is, hinder effens. Dit pas nie heeltemal by M.E.R. se kenmerkende beskeidenheid nie. Dis nietemin 'n oortuigende verhaal, ook omdat nie al die dogters as engeltjies voorgestel word nie.

5. **KINDERS VAN DIE VOORTREK** (1920) is veertig jaar later in 1960 heruitgegee as Die tweeling trek saam. In 1975 het dit 'n sewende druk beleef. M.E.R. het Kinders van die Voortrek geskryf toe sy by haar broer Frits gewoon het op sy plasie Dzoeaan langs 'n berghelling aan die noordekant van die Krokodilrivier in die Barbertonse distrik (M.E.R. 1973 : 190). Op dié plasie het M.E.R. toe begin skryf, eers 'n paar artikels vir die ou Brandwag en toe

Kinders van die Voortrek. Sy sê van alles wat sy geskryf het, "sit hierdie boekie my die naaste aan die hart". Voorheen, gedurende haar sewe onderwysjare, het sy "'n reeksie stories geskryf, Vanslewe; swak goedjies, hoewel in daardie dae welkom leesstof" (M.E.R. 1972 : 193).

Volgens M.E.R. is Kinders van die Voortrek meer Frits se boek as hare. Sy was vir die karakters en tonele verantwoordelik en het "die storie aan die loop gesit". Sy het elke hoofstuk aan Frits voorgelees en hy wat self Voortrekkers geken en uitgevra het, het vir haar alles omtrent waens en osse, die trekkerlewe, smouse, Bantoes, die jag en wild vertel (M.E.R. 1972 : 193).

Op Swellendam was daar o.m. 'n kindertuinonderwyseres, mej. Joey Malan, wat avontuurlike stories soos Robinson Crusoe met die kleintjies opgevoer het. Op sy dag het Jean Jacques Rousseau gesê slegs Robinson Crusoe is geskikte leesstof vir kinders (Pienaar 1968 : 52). Mej. Joey Malan het M.E.R. se prestasie geëwenaar. Sy het in Augustus 1992 honderd geword. M.E.R. het gedink dis hoog tyd dat 'n boekie oor ons eie romantiese geskiedenis tot mej. Malan en ander skole se Afrikanerkinders se beskikking gestel word. Sy het vir die onderwyseresse wat baie goeie vriende van haar was, gesê: "Kyk, ek gaan nou vir julle 'n boek skrywe wat julle kan gebruik daarvoor". (E. Botha e.a. 1973 : 4).

M.E.R. treur daaroor dat Kinders van die Voortrek geen aftrek gekry het nie, "want daar is vir kindervoeding stof daarin wat nie elders maklik te kry is nie, gesonde, egte stof". Sy treur oor die boekie soos 'n huisvrou dit betreur wanneer sy met sorg en moeite goeie kos uit skaars bestanddele voorberei het en die huisgesin laat dit op hulle borde lê "ter wille van 'n oulap se lekkers" (M.E.R. 1972 : 194). Toe het M.E.R. natuurlik nog nie geweet dat Die tweeling trek saam groot sukses sou behaal en dat 'n roos met 'n ander naam dus lekkerder kon ruik nie. Al troos wat sy destyds nog gehad het, was dat Eugène Marais oor haar boekie "die mooiste resensie geskryf (het) wat ek ooit gehad het" (M.E.R. 1972 : 194).

M.E.R. wou met hierdie kinderverhaal uit die Groot Trek Afrikanerkinders met kennis en trots oor die Voortrekkers en al hulle doen en late vervul. In die eerste hoofstuk word die tweeling, Gert en Mina, en die lede van hulle gesin voorgestel. Hulle woon op die plaas Diepkloof digby Kafferland. In hoofstuk 2 word interessant beskryf hoe die plaashuis deur Xhosas aangeval word terwyl die boer en sy oudste seun op kommando is. Outa Goliat en ai Lys gaan saam met die Trek. Hulle is eerbare en getroue dienaars van Gerhardus de Lange en sy vrou, die seuns Dirkie en Jannie, die ouer dogters Lenie en Martjie, en die

tweeling Gert en Mina. Outa Goliat was die werkjong en ai Lys het in die huis gewerk. Hulle was voorheen slawe maar het saamgetrek hier uit die Boland na Diepkloof.

In hoofstuk 3 word haarfyn beskryf hoe vir die Trek klarigheid gemaak is; ook die verdriet van die grootmense by die afskeid in teenstelling met die kinders se vreugde.

Mina se twee ouer susters, Martjie, 'n slank, mooi meisie van sewentien jaar, soet en stil", en Lenie met die "fris gesig" en die "helder bruin oë, wat oral kyk, maar nie na Henning Greyling nie", staan lewensgroot na siel en liggaam voor die leser (M.E.R. 1960 : 28). Die mededeelsaamheid van die Trekkers blyk uit die klein geskenkies van "'n skeppie pampoen of 'n paar lekker vetkoekies" wat etenstyd deur die een Trekkerfamilie aan die ander gegee is.

'n Sondagmôre-rustigheid toe die Trekkers reeds anderkant die Grootrivier was, word mooi beskryf. Die fokus gedurende oom Frans Botha se oggenddiens is op Martjie wie se blou oë op die voorleser gevestig was asof sy elke woord wou inneem. Die skryfster sê dis miskien die "gees van al die voorouers wat troos en moed uit daardie woorde gekry het, toe hulle ook nuwe land gaan woonbaar maak het, wat nog in Martjie geleef het" (M.E.R. 1960 : 27). M.E.R. sê by implikasie aan die jeug dat hulle getrou moet wees aan die gees en die werke van die voorgeslag. M.E.R. maak hier gebruik van een van die konvensies wat volgens Nipperdey deur die voorstanders van nasionalisme aangewend word, nl. "anti-rasionele" nadruk op die onderbewuste (Eade, J.C. 1983, 101).

Daar is iets verhewens aan Martjie wat nie van hierdie wêreld is nie, en die gevoelige leser naderende onheil laat vermoed. Daardie aand langs die vuur sing Martjie die eerste vers van Psalm 42 :

"'t Hijgend hert der jacht ontkomen,
... Ja, mijn ziel dorst naar den Heer ..."

Toe Mina haar vra of haar siel ook só na die Here dors, antwoord Martjie: "Ja, Nonnie. Ek dink daar altyd aan hoe ek daar sal kom" (M.E.R. 1960 : 37). Van die Drakensberg kyk Martjie nie af na die nuwe land nie. Ai Lys sê die kleinnooi is nie vir daardie land nie omdat sy met die helm gebore is (M.E.R. 1960 : 78).

Die dag toe Martjie en Tant Alie wegry om by die Harmses te gaan kuier, sê Martjie: "Dag, almal! Dag, Mammie! Ek kom nie gou weer nie. Ons gaan

sommer ver kuier nou!" Onder by die rivier voordat hulle buite sig wegdraai, "kyk Martjie weer om en wuif hulle met haar hand vaarwel toe" (M.E.R. 1960 : 97,98). Dis opmerklik dat daar elke keer wanneer Martjie praat, iets onheilspellends in haar woorde is.

Jannie en sy vader kom op die lyke van tant Kotie, Kleinboetie en Martjie af. "Martjie lê in haar volle lengte op die groot klip in 'n plas bloed. Haar klere is half verskeur, haar liggaam stukkend. Haar een arm lê oor haar gesig, asof sy nog 'n asgaaisteek wou wegkeer" (M.E.R. 1960 : 108). Nadat Jannie en vader Gerhardus die dodes so goed as hulle kon op 'n seil uitgelê het, het Gert en Mina en hulle moeder na hulle kom kyk. Martjie se "gesig was ongeskonde, haar oë toe, haar hare langs haar skouers glad gestryk" (M.E.R. 1960 : 109,110).

Met die weergee van Martjie se lewe en dood het M.E.R. ongetwyfeld groot indruk op haar jeugdige lesers gemaak. Dit herskep die tragiese verlede van 'n trekkende en wordende Afrikanervolk, en bring vandag nog, in die huidige ontsettende tydsgewrig, 'n aangrypende boodskap.

Vele spannende ervarings word in die boek beskryf: Gert en Mina se eerste ontmoeting met die Trekleier, Piet Retief; Theuns de Jager se verhaal van die leeu wat 'n kwagga die heuwel uitgedra het, en Baardman, die kaal naturel, wat sy asgaai dwarsdeur 'n luislang se agterlyf gesteek en toe sy kop kaalhand vasgedruk het totdat oom Theuns die ondier se rug afgeskiet het; die byna rampspoedige dwaaltog van Gert en Bêrend in die berg, nadat Gert toestemming geweier is om saam met Retief se noodlottige ekspedisie na Dingaan te gaan.

Op die koop toe gee M.E.R. noukeurige besonderhede oor die trekkerlewe: hoe 'n mens 'n stukkie teesuiker versigtig in jou mond hou en die koffie daardeur laat syfer op pad binne toe; hoe in die veld brood gebak word, hoe die osse ingespan word, hoe laer getrek word, hoe die sannas gelaai en die koeëls gegiet word, en vele interessanthede meer.

<u>Die tweeling trek saam</u> is werklik 'n kultuurskat vir die jeug. Die doen en late van ons voorouers word so duidelik geskets dat dit elke Afrikanerkind, sy dit dan onbewus, ten goede moet beïnvloed. Martjie se lewe en strewe gryp elkeen aan die hart, is tegelyk 'n bron van groot hartseer maar ook besieling vir seker elke jeugdige leser, en sy ouers. En wie sal ooit vergeet dat die moeder in haar uur van oorweldigende smart nog kon sê "Ons kan nou hier regkom", om onmiddellik daarna aan te dring dat haar man en seuns gaan kyk wat hulle vir die ander mense in die omgewing kon doen? (M.E.R. 1960 : 111).

Eugène Marais het in sy resensie oor die boek - M.E.R. was besonder in haar skik daarmee - gesê M.E.R. besit die gawe om wat sy sien en voel net soos sy dit self ervaar "voor die gees van die leser te bring" (M.E.R. 1960 : 113). Marais is in ekstase oor M.E.R. se noukeurige weergawe van so baie Trekkerbedrywighede. Hy sê hy kan hom nie herinner dat hy ooit in sy lewe "iets lewendigers en meer aandoenliks" gelees het as die laaste bladsy, die aanval op die laer, nie. Marais glo dat Kinders van die Voortrek ook baie genot aan vele volwassenes sal verskaf. Dit is as kinderboek "uitmuntend vir huis- en skoolgebruik" en hy hoop dat die boek "dadelik sy verskyning op ons skoolbanke sal maak" (M.E.R. 1960 : 114).

Bogenoemde resensie het in April 1921 in Die Boervrou verskyn.

Vir Die tweeling trek saam, dieselfde liggaam met net 'n ander oorkleed, is alle Afrikanerkinders aan M.E.R. dank verskuldig, want sy het al die kosbaarhede daarin om hulle ontwil neergeskryf om van hulle egter, kundiger en bodemvaster Afrikaners te maak.

In 'n telefoongesprek op 30 September 1992 het dr. Lydia Pienaar die mening uitgespreek dat Die tweeling trek saam steeds 'n eersterangse kinderboek vir die moderne Afrikaanse kind is.

## 6. DIE KAMMALANDERS

Hierdie boek het in 1928 verskyn. Dis 'n "slim" boek, plek-plek half satiries en ewe interessant vir grootmense as vir kinders. Die inwoners van Kammaland (m.a.w. nie 'n regte land nie!) is nie mense nie, maar hulle tree op soos mense en die grootste straf wat aan hulle opgelê kan word, is - so sê M.E.R. - om na "ons wêreld" verban te word!

Tant Trompa is 'n nederige ou skepsel wat Ouswaer se huis aan kant maak en dus weet dat hy baie asyn en suurlemoen drink om die vet teen te werk! Dis dié dat sy die probleem kon oplos.

Die opstekelreis (Eng. obstacle race!) is inderdaad 'n vrolike spektakel. Party van die deelnemers het vasgesit in die vaatjies waardeur hulle moes klim of seil. Ergste van al die "obstekels" is egter die bollas wat hulle glad nie kon kou nie, omdat dit so hard en taai was. En dit was nogal die windmaker mevrou uit die "grand" familie D'I.. se baksel. Die sketse dra baie tot die pret by en M.E.R. sê dan ook in 'n piepklein "Voorwoordjie" dat dit nie genoeg

is om te sê dat die illustrasies deur mej. Barclay is nie. So dikwels het die sketse immers rigting gegee aan die stories dat "dit moeilik sou wees vir ons as samewerkers om te sê wat uit die een se gedagte gekom het, en wat uit die ander s'n".

Voor die stories begin, is daar 'n gediggie waarvan die eerste van vyf vrolike strofes só lui:

"Kammaland, Ai Kammaland,
Wat maak ons sonder Kammaland?
As mense om ons pla en kla,
As pakke swaar word om te dra,
Dan kom ons net tot oor die rand
En draai ons uit na Kammaland".

Die boek het drie hoofstukke. Hoofstuk 1 heet Kammakwien. Eers ontmoet ons vir Hoekomsommerkomkamma, die kind van Sommerkomkamma. As hy vra hoekom, dan sê die ma hoekomsommerkomkamma, en gooi 'n emmer water oor hom. Dan bewaar hy die swye! Daarna verskyn die optog. Voor op die wa (letterlik en figuurlik) sit die Kammakwien (make-believe queen). Dis nie 'n waatlemoenskyf wat sy op haar skoot het nie: dis haar rokkie wat so styf gestywe is! (M.E.R. 1928 : 20).

Hoofstuk 2 beskryf die kammareisies. M.E.R. spreek die kinders aan, want eers 40 jaar later sou Lydia Pienaar so 'n prosedure ietwat "neerbuigend" noem: "Jul kinders dink REIS is groot en 'n reisIE is klein! Nou dis net andersom in Kammaland: Opstekelreis, die Sespootreis en die Sakkevolreis. Die hele ding is die reisIES!"

Kleinbasie is die kind van die D'I ... familievrou. Hy is 'n naarheid, maar Boetie Kambro, die padmaker se seun, is mededeelsaam en glad anders as Kleinbasie wat 'n hele kalbaspeer voor jou sal sit en opeet. So word die sedeprekies subtiel ingeklee as deel van die storie. Jaap Steyn was 'n seun soos Boetie Kambro. Op een van sy vroeë verjaarsdae het sy ma vir hom as "spesiale snoepery" 'n dadelbrood-toebroodjie (mèer brood dus as dadel!) by sy gewone toebroodjie ingepak. Net kom 'n broodlose skoolmaat verlangend langs hom sit en ontfutsel hom woordeloos sy dadelbroodjie (Steyn 1991 : 35).

In die opstekelreis het ou Kamkos en ander deelnemers insgelyks in die vaatjies vasgesit. M.E.R. is weer self aan die woord, maar só dat dit weldadig aandoen: "Moenie praat van die tale wat toe uit daardie vaatjies kom

nie. En moet ook nie dink ek sal dit hier neerskryf nie. In so 'n oomblik kom 'n mens se ware karakter uit, en ou Dik se ware karakter was iets om oor te gril" (M.E.R. 1928 : 49-52). By die laaste opstekel, die kou en opeet van 'n bolla met gom gedokter, was daar ook groot moles.

In hoofstuk 3 maak 'n digter met versies die boere se belastingopgaaf op, maar vir ander mense bly dit geheim. Die digter is Ouswaer. Nadat hy van sy vet genees is, het hy maer gebly en arm ook, omdat hy nie meer die boere in hulle kwaad gesterk het nie.

Die skryfster besluit die drie lewenslesse wat die kinders moet onthou, is: wees nooit vet nie en nooit ryk nie, en boweal vertel die waarheid. Die laaste is die beste. Dit moet die kinders lewenslank onthou "al het julle dit in Kammaland geleer" (M.E.R. 1928 : 109). En, ongeseg, as 'n mens boer, moet jy nie kul met jou belastingopgaaf nie!

## 6.1 IETS OOR DIE KAMMALANDERS AS SPROKIE

Sprokies is goed vir kinders; hulle is nie goed vir volwassenes wat te veel diepsinnigheid daarin wil soek nie. Of miskien is hulle te diepsinnig om goed te wees vir grootmense" - Sigrid Unset (aangehaal deur Aucamp 1980 : ongenommerde bladsy voor Inhoudsopgaaf).

Degenaar stel voor dat die sprokie as vertelling geniet word sonder om die eis van verstaanbaarheid prys te gee. Hy verkies ook 'n meervoudige interpretasie van die sprokie o.m. die drie bekendste interpretasies, nl. die ritualistiese, die moralistiese en die psigologiese (Aucamp 1980 : 70).

Die moralistiese interpretasie onderstreep by Rooikappie die gevare wat alleenlopende jong meisiekinders bedreig. Só lui Charles Perrault, se gediggie, aangehaal deur Degenaar, se laaste koeplet:

"Small wonder if these guileless beginners
Provide the wolf with some of his best dinners" (Aucamp 1980 : 71).

Ook M.E.R. begin Die Kammalanders met 'n gediggie, soos reeds aangetoon op die vorige bladsy.

Hierdie boekie moet seker "moralisties" geïnterpreteer word. Die kontras tussen Boetie (die padmaker se seun), en Kleinbasie, die klein smulpaap wat man-alleen 'n kalbaspeer voor watertand-maatjies verslind, leer die kinders 'n

sedeles: dis mooi om uit te deel, maar lelik om soos wolf alleen te wil lewe. Ook die skelm inkomstebelastingopmaker word aan die kaak gestel en 'n digter genoem omdat hy sy oortredings dig hou. Daar word ook geskimp op die boere wat, as die kos min word, vir hulle arbeiders "stukke ou motorbande" gee vir toekos, nes die regte mense buite Kammaland wurgpatats (sesmaande patats) bygee as die vleis min is. Sestig jaar gelede het arbeiders in die Groenberg by 'n dorsmasjien gesing: "Ounôi Ellen gee konfyt en patat vir vis en vet se part!"

## 7. OOR DAPPER EN VROME VOOROUERS

Op Swellendam het die Skotse predikant, dr. William Robertson, en haar Engelse onderwyseresse hulle daarop toegelê om vir die jong Miemie Rothmann en haar medeleerlinge te laat glo dat Afrikaans en die Afrikaanssprekende en alles wat daarmee saamhang, minderwaardig is teenoor wat Engels is. In Vanmelewe : Stories van die voorouers bewys M.E.R. dat Afrikanerkinders niks het om oor minderwaardig te voel nie. Dora, 'n meisie van Engelse afkoms, en Sannie, 'n Boeredogter, is vriendinne. In Dora-hulle se huis hang 'n skildery van 'n edel jongman wie se gesig van moed en eerlikheid getuig. Dora sê in Engels aan Sannie dat dit 'n skildery van een van haar voorouers is. Sannie wat grof gebou is en baie bang is sy sal later no. 10-manskoene moet dra, voel minderwaardig omdat sy, wat voorouers betref, te kort skiet.

Die naweek daarna kom 'n vyf-en-twintigjarige jongman by Sannie-hulle op die plaas kuier. Hy het aan Boerekant in die Driejarige Oorlog geveg en is nou student. Sannie bekla haar gebrek aan roemryke voorouers. Daarna droom sy egter van Hollandse voorouers, 'n meesterskoenmaker en Keiser Karel (M.E.R. 1926: 1-8). Terwyl sy later in die skaduwee van 'n koringmied sit en lees, raak sy aan die slaap en droom van twee Franse kinders, Francois en Suzette, wie se Hugenote ouers deur Katolieke vermoor word. Deur middel van twee drome het Sannie nou agtergekom dat daar dapper en vroom mense onder sowel haar Nederlandse as Franse voorsate was.

As Sannie na die werklikheid terugkeer, stap sy saam met neef Sarel na oom Willem en tant Pietjie toe, twee brawe ou mense wat reg laat geskied aan Nêne en haar man Simon wat reeds byna 'n hele leeftyd op hulle plaas bly (M.E.R. 1926 : 36).

Om haar voorvaderlike trots verder te stimuleer, vertel neef Sarel hoe die Swellendammers teen die bedrog en omkopery van die N.O.I.K. se amptenare in opstand gekom en besluit het om 'n eie republiek te stig. Een man wou

Hermanus Steyn sommer daar en dan as president voorstel (M.E.R. 1926 : 43-45).

Sannie weet nou dat sy voorouers het om op trots te wees. Waarskynlik het M.E.R. daarin geslaag om haar jeugdige lesers tot 'n soortgelyke insig te bring. Die twee oortuigingsmiddele wat M.E.R. aanwend is die droom en die vertelling. Sannie se drome verleen aan die verhaal iets geheimsinnigs, wat kinders sal boei.

8. 'N HELD SONDER WEERGA

Die oorwinnaar (1929) is 'n huldeblyk aan president M.T. Steyn, vir wie M.E.R. persoonlik ontmoet het. M.E.R. erken dat sy baie van haar inligting kry uit dr. N.J. van der Merwe se biografie van die President.

M.E.R. begin haar verhaal soos 'n eertydse onderwyser: "Julle kinders het al seker gelees van 'onsterflike dade ... dit beteken iets wat altyd sal leef en krag sal hê om te werk soos 'n lewendige mens". M.E.R. sê namate sy ouer geword het, het sy besef "dat elke goeie daad onsterflik is, want hy gee altyd ander goeie dade af wat ander mense doen, en so leef hy voort net soos mense en diere wat kinders kry ..." (M.E.R. 1929 : 1). Sy voeg by dat slegte dade nie onsterflik soos goeie dade is nie. Twee dinge gaan saam: om goed te doen en 'n oop oog te hê vir wat nodig is" (M.E.R. 1929 : 2). Manne wat goed "gedoen" en "gesien" het, was Retief, Kruger, Steyn, Willem die Swyger en Abraham Lincoln. De Wet, Beyers, Danie Theron en Jopie Fourie het hulp gebied in uiterste nood, terwyl die vroue in die Britse konsentrasiekampe klein goeie dade gedoen het net deur geduldig te bly en uit te hou onder groot swaarkry (M.E.R. 1929 : 3). President Steyn het gewys op die onsterflikheid van die gesamentlike dade van die Boerevrouens en die bou van 'n vrouemonument aan die hand gegee (M.E.R. 1929 : 4).

M.E.R. het in die eerste vier bladsye van haar boek haar jong lesers nie alleen aan president Steyn voorgestel nie, maar ook die name en opofferings van baie ander Boerehelde genoem.

Voorts word president Steyn se jeugjare beskryf, hoe hy o.m. by 'n Engelse meester, mnr. Wiggins, sy eerste lesse, alles in Engels, gekry het. Hier praat M.E.R. weer direk met die kinders en wys hulle hoe bevoorreg hulle is: "Dit hoef julle tog nie te doen nie" (M.E.R. 1929 :9).

Net soos M.E.R. later, het pres. Steyn Engelse skole bygewoon: die Grammar School in Bloemfontein en daarna die Grey Kollege. Hy was 'n platjie en het, seker tot M.E.R. se seunslesertjies se innige genot, nie hare gekam of skoenrieme vasgemaak nie. Hy was 'n seun na elke seun en elke man se hart, sterk, vinnig, rats, 'n puik perderuiter en 'n sekure skut. Op vyftienjarige leeftyd het Theunis saam met sy broer gaan boer. Eenkeer het hy op 'n tog met sy kop binne in 'n omgekeerde pappot geslaap (M.E.R. 1929 :12).

So al vertellende vergeet M.E.R. haar lesers se belange nie. Sy gee die kinders 'n les in die politiek deur daarop te wys dat Steyn geweet het dat die geldmagnate die mag het om met die regering van 'n land te maak wat hulle wil. Op dié manier het die oorsese rykes die Republieke se diamant- en goudmyne in die hande gekry (M.E.R. 1929 : 13). Met hulle koerante het hulle die leuen versprei dat Kimberley se diamantmyne aan Waterboer behoort (M.E.R. 1929 : 15). Hulle advokaat Arnot het hom daarna daarop beroem "that he won the game without a card in his hand". Dit alles het die jeugdige Steyn ontstel, want onreg en leuens kon hy nie verdra nie. Op 'n dag het hy vir regter Buchanan en 'n vriend tereggewys. Die regter was so beïndruk dat hy gehelp het om vir Steyn 'n oorsese beurs te bekom (M.E.R. 1929 : 17,18). Steyn het in Leiden en later in Londen in o.m. die regte gestudeer. Terug in Suid-Afrika het hy advokaat en regter geword. So voortreflik was sy handel en wandel dat hy F.W. Reitz as president van die Vrystaat opgevolg het (M.E.R. 1929 : 18,19).

Op 5 Julie 1911 het M.E.R. die President gesien. Altyd het sy gewens sy was 'n Vrystater of Transvaler van geboorte, maar nou is haar boodskap aan kinders dat jy nooit 'n ander se lot moet begeer nie, want jy kan op jou eie plek net so goed werk (M.E.R. 1929 : 20). M.E.R. het daardie tyd by haar oom, die Kommissaris van Polisie, in Bloemfontein gekuier. Sy het twee portrette van pres. Steyn gekoop en haar oom het haar na Onze Rust geneem om dit deur die President te laat onderteken. M.E.R., altyd 'n fyn beskouer van die ewemens se gesig, skryf dat Steyn se portret "geen idee gee van die vriendelike eenvoud en rustigheid wat op sy gesig te lees was nie"; ook van nog iets meer, nl. dat daar 'n goeie en heilsame krag deur hom na sy ewemens gegaan het. Met sulke persoonlike waarnemings verhoog M.E.R. die waarde van haar boek.

Dat iemand wat so baie gely het, tog so 'n besondere sin vir humor gehad het, word deur M.E.R. aangetoon. Dit moet vir enige leser, klein of groot, ook in ons dag nog, 'n besieling wees. Na sy siekte kon pres. Steyn net met die uiterste inspanning daarin slaag om M.E.R. se portrette te onderteken. Tog het hy lakonies gesê: "Ek is darem 'n doring om te skrywe!" Hy was dié dag

nie by die huis nie en M.E.R. se oom het hom agterna gesit. Daarop was Steyn se kommentaar: Toe ek die polisiekommissaris agter my sien ry, dog ek dis klaar met my! (M.E.R. 1929 : 26).

Pres. Steyn was gemoedelik en joviaal in die omgang en het graag grappe vertel. Dit moet immers vir 'n kind baie beteken dat hooggeplaastes ook 'n goeie grap kan maak, dat dit nie nodig is om altyd so erg serieus te wees nie. So het president Steyn graag die verhaal vertel van die vrou met die goue arm wie se liggaam na haar dood deur haar goudgierige man opgegrawe is, juis oor dié arm. Die vrou was nie links nie, het begin spook en by dese en gene na haar verlore arm begin soek. Soos die President sy storie na die hoogtepunt voer, het die kinders al oopmonder geluister, netsoos die swart bediende wat intussen met 'n stapel borde die eetvertrek binnegekom het. Skielik gryp pres. Steyn iemand aan die arm en sê namens die soekende, spokende vrou: "Hier is my arm!" Met dié laat die bediende die stapel borde flenters op die vloer val. M.E.R., die sorgsame huisvrou, se kommentaar is: "Maar het die mans nie gelag nie! Seker darem nie die vrou nie!" (M.E.R. 1929 : 42).

By die Vrede van Vereeniging was pres. Steyn te siek om te teken. Die vernedering is hom dus gespaar. Toe hy sy vrou ná twee jaar weer sien, was sy gesig dubbeld. Toe sê hy as hy na 'n afwesigheid van 23 maande twee vrouens sien, dan is dit "mos nie iets om treurig oor te wees nie!" (M.E.R. 1929 : 55).

Nog 'n merkwaardige eienskap van pres. Steyn wat M.E.R. beklemtoon, is dat "sy gedagtes gedurig besig was met die aangroei van die Afrikanervolk tot iets groots en goeds" (M.E.R. 1929 : 26).

Rhodes het 'n verenigde Suid-Afrika onder die meesterras, die Engelse, begeer. 'n Paar maande voor Steyn president van die Vrystaat geword het, het Jameson Transvaal probeer binneval. Ná dié mislukking het die geldbase die stryd voortgesit. Weer vorder M.E.R. haar kinderlesers pertinent op: "Eendag moet julle van alles lees in die grootmense se boeke: dit is baie goed om dit alles te weet" (M.E.R. 1929 : 33). Sy wys ook daarop dat Steyn en Kruger se eerlikheid, krag, verstand en volksliefde uit hulle briewe aan mekaar blyk (M.E.R. 1929 : 34).

Nog 'n besielende boodskap van Steyn se lewenswandel was sy goedhartigheid en mededeelsaamheid. Sy vriende het op kommando sy orige klere weggesteek om te verhoed dat hy alles weggee. Op 'n dag het 'n broeklose man wat uit noodweer sy naaktheid met 'n paar lappe bedek het, voor Steyn verskyn en om 'n broek

gesmeek. Sonder 'n woord het die Vrystaat se president sy eie broek uitgetrek en dit vir die lappeman gegee. Steyn het dus letterlik sy broek vir sy ewemens uitgetrek. Gelukkig verskyn Ruiter op die toneel met die gewer se enigste oorblywende broek om hóm aldus weer oor die geklede weg te help (M.E.R. 1929 : 41). Watter literêre voortreflikheid sal 'n kinderleser so lank bybly as hierdie weergalose naastediens? Pres. Steyn het dwarsdeur die oorlog saam met sy manne in die veld gebly en saamgeveg, en ná die val van Pretoria gaan hy byna oral saam met De Wet en die "Regering te velde" (M.E.R. 1929 : 36).

Pres. Steyn was 'n vurige voorstander van Afrikaans en nie 'n lou ondersteuner met 'n Hollandse hart nie. Die eerste Afrikaanse gedigte was vir hom "soos die eerste druppels reën ná 'n lang droogte" (M.E.R. 1929 : 43).

Eindelik het pres. Steyn se gesondheid geknak, deels weens die groot gewig van almal se vertroue op hom. Hy het homself gering geag en nie op eie krag vertrou nie. Vir hom was die nekslag dat die meeste "ander generaals nie kans gesien het om aan te gaan nie" - "dit was die doodslag! Om die vryheid te verloor!" Steyn het so dodelik siek geword dat hy nie kon sluk, sien of praat nie. Dwarsdeur die oorlog het hy verniet gewerk. Met sewehonderd pond uit die staatskas op Vereeniging, eenduisend pond uit die Vrystaat en eenduisend pond van Kaaplandse vriende is hy en sy vrou na Nederland. M.E.R. verhaal Kruger se roerende woorde toe hy sy vriend uit Switserland kom besoek het. Hy het vir mev. Steyn gesê: "O, my kind, as President die dag weer gesond is, dan spring ek net so hoog soos in die dae van my jeug!"

M.E.R. slaag daarin om vir haar lesers 'n duidelike beeld te skep van die nederige grootheid van die Republieke se leiers. Gestel 500 kinders het <u>Die oorwinnaar</u> gelees, dan is dit suiwer wins, want seker minder as 'n halfdosyn van hulle sou N.J. van der Merwe se twee bande oor Steyn gelees het.

Prof. Winkler, die hooggeroemde Nederlandse arts wat met vakansie was, het vir Fischer geskryf hy sou vir "geen gekroonde hoof" sy vakansie onderbreek het nie, maar vir pres. Steyn doen hy dit! Die President het stadig herstel. Hy het sy kragtelose vingers geoefen aan hakies waaraan gewiggies gehang het. Ná sy herstel het prof. Winkler gesê hy het gedoen wat hy kon, maar mev. Steyn kan dit van hom aanneem "hy is door God teruggegeven aan zijn volk. Zulk geduld, zulk een moed onder lijding heb ik nog nooit gezien!"

M.E.R. het al hierdie aangrypende besonderhede oor wellig die grootste Afrikaner neergeskryf sodat watter jeugdiges dit ook al lees, die gees van die

voorouers in hulle mag voel roer, soos sy en Charles de Villiers dit destyds ná die Jameson-inval ondervind het as studente aan die Kaapse Universiteit (M.E.R. 1972 : 91).

9. Anders as M.E.R. het Jaap Steyn tot op datum nog geen kinderkuns gelewer nie. Met sy jongste boek, Hoeke Boerseuns ons was beskryf hy egter sy seunsjare en dié van sy makkers. Alhoewel die boek seker in die eerste plek vir volwassenes bedoel is, bevat dit tog ook baie interessanthede vir jeugdige lesers wat nie net in skop en skiet en geweld belangstel nie.

Steyn vertel van sy kinderjare op die plase Mara en Omdraai-Noord, asook van sy ondervindings eers in die plaasskool en later in die dorpskool. Soos die titel aandui, is die doel van die boek om te vertel van watter stoffasie die Afrikanerseuns van Steyn se dag was.

Die skrywer probeer ook om sy eie vreemde optrede as kind te verklaar. Op 'n dag het hy sand op die pap van 'n paar swart vroue gegooi. Hy dink hy het dié nuk van sy oupa Mellet geërf wat toe hy klein was, sand in 'n kokende seeppot gegooi het. Steyn ervaar bepaald die roering van die voorvaderlike bloed in sy are, in hierdie spesifieke geval egter veel anders as M.E.R. (Steyn 1991 : 5).

Net soos M.E.R. het Steyn 'n besonder goeie geheue. M.E.R. vertel hoe goed sy as vyfjarige kind die dag onthou toe Berria se gedroogde snoek hulle bereik het. In die lang pakkie in dik papier toegedraai, was "'n groot gedroogde snoek, dubbeld gevou in sy oopgevlekte lengte, met 'n lyntjie vasgebind om sy middel; sy blink kake skerp en puntig; onder die lyntjie 'n olierige briefie. My ma haal dit met die vingerpunte uit en maak dit oop". Daarna ontdek sy die twee halfkrone in die snoek se bek. "En sy lag saggies, en die trane rol oor haar wange. Dit was wat so onvergeetlik vir 'n kind van vyf was" (M.E.R. 1972 : 23).

Steyn werp op sy beurt lig op die vreemde verbande wat 'n slim kind tussen woorde, mense en dinge raaksien. Met die sing van "Hy is die spruit van Dawid" het Jaap aan die gevaarlike Liebenbergsvlei gedink waarin die Kaloemspruit wat by hulle skool verbygaan, loop. Dit het hom laat kyk na Dawid Liebenberg, 'n blonde seun met 'n onskuldige gelaat met wie hy nooit 'n woord gepraat het nie (Steyn 1991 : 14).

In die hoërskool het Steyn ongetwyfeld akademies net so goed gepresteer as Margrieta, die heldin van Jongdae, maar anders as sy het hy ook 'n sportideaal

gekoester, om naamlik die skool se kampioen oor die myl te klop. Oor sy oefenry op die plaas het sy oupa gesê dis malligheid om "elke dag die plaas vol te hardloop". Toe Jaap sê hy wil wen om eerste te kom, want dan sien die ander ouens hoe taai jy is, antwoord sy oupa dit is "alles ydelheid, ydelheid der ydelheden" (Steyn 1991 : 84). Die polio-epidemie van 1954 - 55 het egter Jaap-hulle se skoolatletiekbyeenkoms en sy groot ambisie gekelder.

Terwyl M.E.R. aan die begin van haar loopbaan boeke spesifiek vir kinders geskryf het, skryf Steyn sy boeke oor Afrikaans, oor grenssoldate, oor verraaiers en verlore vaders. Pas in 1991 eers skryf hy 'n grootmensboek oor sy eie jeug en sy tydgenote s'n. M.E.R. se oogmerk was om Afrikanerkinders op te voed tot regskapenheid en goeie Afrikanerskap. Steyn wil slegs vertel van die kaliber Boerseun met wie hy saam grootgeword het.

Beide Steyn en M.E.R. skryf met klaarblyklike en soms opsetlike ootmoed, maar uit hulle vertellings blyk hulle intelligensie, medemenslikheid en sensitiwiteit nietemin duidelik. So sensitief was Jaap as standerd ses-seun dat hy Erika wat hom bo vriend Willie gekies het, ge-"sek" het omdat hy verkies is op die tails- (kruis-) kant van die oulap wat sy opgegooi het.

M.E.R. weer, sal nooit die nagsêery vergeet wanneer sy by niggies Annie en Ellen van oom Hendrik en sus Ellie gekuier het nie. Sus Ellie het vir elke dogter op haar naam nag gesê, maar die dierbare oom Hendrik het "Nag, my kind" vir sy eie twee meisiekinders gesê, en - dit sou sy as gevoelige kind nooit vergeet nie - ook "Nag, my kind" vir Miemie.

In 'n gunstige resensie oor <u>Hoeke Boerseuns ons was</u> skryf Hennie Aucamp in <u>Die Burger</u> van 5 November 1991 "hoeke herinnerings roep Steyn se 'Boerseuns' nie op nie". Hy sê Steyn se anekdotes stimuleer 'n kettingreaksie van eie gelyke herinneringe, en "terwyl jy lees, begin jy in M.E.R.-trant neurie: <u>So is onse maniere</u>". Aucamp besluit dat Steyn se finale noodlotswoorde kan beduie: <u>So wás onse maniere</u>.

## 10. VAN WYK LOUW EN KINDERTAAL

In sy bundel <u>Swaarte- en ligpunte</u> (1958) skryf Van Wyk Louw in die opstel, "Los gedagtes oor ons taal", drie "soorte mens" nl. die kind, die ongeletterde mens en die digter speel graag met taal. Deur dit te "knie" en te "brei" ontdek hulle "pragtige nuwe sê-moontlikhede". 'n Man leer sy dogtertjie om nie na die son te kyk nie omdat dit haar ogies sal brand. Sy antwoord maar die son kyk na haar hare (Louw 1986a : 244-245). Dit laat 'n mens dink aan

Breytenbach se meedoë met die patatranke langs die treinspoor: "Hoe seer moet hulle ore nie wees nie!"

Louw vertel ook van die seun wat die slym in sy neus in "tru-rat" gesit het. Ek wonder darem of hy nie "reverse" gesê het nie!

Die kind maak nuwe woorde uit sy skamele woordeskat amper soos 'n spaarsame moeder "nuwe" klere uit ander klere sny (Louw 1986a : 245).

In haar kinderboeke maak M.E.R. self woorde om die kinders mee te vermaak. Die seuntjie wat so baie vrae vra se naam is Hoekomsommerkomkamma, die "nagemaakte" koningin is "Kammakwien" en die hinderniswedren is die "opstekelreis"!

## 11. FRANCOISE COETZEE OOR ANDER KINDERVERHAALSKRYWERS

Francoise Coetzee het in 1985 'n M.A. in Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. behaal met 'n deeglike, omvattende studie oor Die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur. Sy toon aan hoedat veral Freda Linde en Alba Bouwer in hulle kinderverhale 'n mens "dadelik bewus (maak) van die bodem, van grond en rivier en 'n weelde van plant- en dierelewe" (Coetzee 1985 : 45). Alba Bouwer slaag daarin om beide die Vrystaatse wêreld van haar prille jeug en die Boland waar sy later 'n gereelde besoeker op Bergplaas was, te laat leef.

Volgens Coetzee is selfs by 'n "vlugtige eerste kennismaking met Hester Heese se werk die Afrikaanse volkseie dadelik waarneembaar". Sy toon aan hoedat veral Heese se Polka-Masurka die Afrikaner se stoflike en geestelike kultuur en die Afrikaanse volksaard van vyftig of sestig jaar gelede vergestalt. Volgens Coetzee is dit 'n gawe "stuk herinneringskultuur" (Coetzee 1985 : 113).

Linde, Bouwer en Heese sluit dus aan by M.E.R. se Die stoute bengel, Die oorwinnaar en Die tweeling trek saam wat ook in groot mate gaan oor gebruike, gewoontes en karakters wat die Afrikanervolkseie uitbeeld en soms idealiseer.

Coetzee verwys ook kortliks na Dora Tudor, W.O. Kühne, Pieter Grobbelaar, Rona Rupert en P.H. Nortje en slaag oor die algemeen daarin om die Afrikaanse kinderlektuur "as draer van die Afrikaanse bodem, kultuurarbeid en volksaard, dit wil sê die Afrikaanse volkseie" (Coetzee 1985 : 2), saam te vat.

## 12. SLOT

M.E.R. het baie tyd aan die Afrikanerkind bestee. Op Swellendam het sy drie jaar lank met behulp van net twee assistente 'n "volkskool" vir Afrikanerkinders met sukses aan die gang gehou. Alhoewel sy nie die onderwys as haar lewenswerk beskou het nie, het sy tog geen inspanning ontsien om die beste aan haar leerlinge te gee nie. Ter wille van Afrikaans en Afrikaanssprekende kinders het sy nie geswig voor die gesamentlike aanslag van mnr. Bowes, die skoolhoof op Swellendam, ds. A.G. du Toit, "onse predikant", en die S.G.O., dr. Thomas Muir, nie (M.E.R. 1972 : 152).

Met haar kinderboeke het M.E.R. in 'n era toe Afrikaanse leesstof vir kleuters en laer- sowel as hoërskoolleerlinge uiters skaars was, 'n groot bydrae gelewer. Toe 'n groot aantal eksemplare van haar geliefde boek, <u>Kinders van die Voortrek</u>, verpulp is, was sy hartseer, maar toe mnr. J.D. Pretorius van Tafelberg-uitgewers haar veertig jaar ná die eerste publikasie daarvan versoek om enkele veranderings aan te bring vir 'n heruitgawe, was sy gewillig, met die gevolg dat <u>Die tweeling trek saam</u> 'n treffer geword het.

Hoewel M.E.R. as verteller duidelik herkenbaar is in haar kinderverhale, skryf sy tog uit die kinderwêreld en nie oor die kind en sy wêreld nie. Dat sy meermale onbeskroomd didakties skryf, kan haar in die lig van die tydvak (en sy behoeftes) waarin haar boeke verskyn het, geredelik vergewe word.

M.E.R. se verteltrant is altyd interessant en dikwels geestig. Omdat sy die hulp van die taalkundige, dr. J. du P. Scholtz, as redigeerder van haar werk gehad het, is daar op haar taal niks te sê nie. Hiermee word nie te kenne gegee dat M.E.R. op haar eie nie tot keurige en korrekte taalgebruik in staat is nie.

M.E.R. was self 'n regskape mens met 'n natuurlike sien vir waardes. Haar kinderboeke beïnvloed ongetwyfeld haar jeugdige lesers ten goede, en maak hulle deelgenote van "onse maniere".

Hoewel <u>Die tweeling trek saam</u> en <u>Die oorwinnaar</u> seker nie meer gewild onder hedendaagse Afrikaanssprekende tieners is nie, kan die vormende invloed wat dit op jeugdiges van die vorige geslag gehad het, seker nie oorskat word nie.

# HOOFSTUK 8

## M.E.R. OOR DIE AFRIKANER SE GODSDIENS

### 1. INLEIDING

Die gereformeerde Christelike godsdiens speel 'n beduidende rol in die Afrikaner se geskiedenis van die vroegste tyd af tot vandag toe. Dis ondenkbaar dat 'n Afrikanerleier hom openlik van die Christelike geloof sal distansieer. In die letterkunde staan sake, veral in die moderne tydvak, anders. Totius en Celliers was toegewyde Christene, maar Leipoldt nie. Langenhoven het in Skaduwees van Nasaret en in sy brief aan 'n "twyfelende student" sy geloof bely, D.F. Malherbe het 'n aantal Bybelse romans geskryf en Jan van Melle het hom in sy laaste jare op die skryf van godsdienstige werke toegelê. Eugène Marais se werk toon daarenteen weinig bewys van toegewyde Christenskap. Vir die Dertigers was godsvrug geen prioriteit nie. Van Wyk Louw, Krige, Eybers en Opperman het nie soos die spreekwoordelike kind geglo nie, hoewel W.E.G. Louw nie geskroom het om sy Christenskap te bely nie.

Die skryfsters Alba Bouwer, Audrey Blignault, Elise Muller en die digter Lina Spies is belydende Christene, maar hoewel sommige kritici Anna M. Louw se Kroniek van Perdepoort as 'n religieuse roman beskou, het ek daar my bedenkings oor. Hoe ook al, die Christen etiket sal kwalik sonder teëspraak vir Etienne Leroux, Breytenbach en André P. Brink op die mou gespeld word. En in die modernste Afrikaanse literatuur speel seks en homoseksualiteit 'n groter rol as Christelikheid.

In hierdie hoofstuk sal 'n vergelyking tussen die beskouinge van M.E.R., Van Wyk Louw, Steyn en Degenaar oor die Afrikaner se godsdiens getref word. Hulle is al vier Afrikaners van huis uit en hulle beskouinge oor die Christelike godsdiens wat die meeste Afrikaners so na aan die hart lê, is insiggewend. Met die Christelike godsdiens word hier nie 'n min of meer vae geloof in 'n allesbeskikkende Voorsienigheid bedoel nie. Die Christelike geloof sentreer immers om die Verlosser, Jesus Christus. 'n Christen is dus iemand wat glo dat Christus vir sy sondes gesterf het. Dié geloof in Christus maak hom deelagtig aan die Heilige Gees wat Christus vir sy volgelinge beloof het.

Dit sal, uit wat volg, blyk dat M.E.R. Christus as 'n profeet beskou het wie se boodskap van liefde vir God en die ewemens allesins navolgenswaardig is. Op haar sterfbed het sy herhaaldelik gesê: "Ek dank God vir Jesus". Sy het geglo dat die mens die Oneindige kan aanroep en die gevraagde hulp dan kry

soos in "Die hol krans", maar sy was beslis nie 'n ortodokse gelowige wat geglo het elke woord in die Bybel is geïnspireer en dat Jesus die seun van God is nie. Sy glo wel dat Jesus se wysheid uit bomenslike bron gehaal is (M.E.R. 1972 : 289).

## 2. M.E.R., VAN WYK LOUW EN J.C. STEYN SE ONDERSKEIE HUISLIKE AGTERGRONDE

Miskien was M.E.R. 'n ongelowige gelowige vanweë haar huislike agtergrond. Sy het nie "met sulke kerklik-kwekende gebruike soos byvoorbeeld huisgodsdiens" grootgeword nie (M.E.R. 1972 : 21). Haar moeder het nooit met hulle oor godsdiens gepraat nie, omdat dit vir haar onmoontlik was om uit te spreek wat sy in dié verband in haar hart gevoel het. Sy was 'n introvert en op haar eie vermoëns aangewys, en het van die predikant nooit leiding aanvaar nie. Sy het ds. Muller dit boonop nooit vergeef dat hy, volgens haar, harteloos durf sê het haar kinders kan maar kaalvoet kerk toe kom as hulle nie skoene het nie. Sy was nie ongodsdienstig nie , maar "sy sou haar hele wese geweld aangedoen het om iets wat 'n mens in die hart voel, onder woorde te bring" (M.E.R. 1972 : 21). M.E.R. self, soos ook die ander kinders, het natuurlik onder so 'n weerspannige moeder gely. Toe ds. George Murray, een van 'n beroemde predikersgeslag, haar dogter Lettie nie in 'n sendingskool op Swellendam aangestel het nie, maar voorkeur gegee het aan 'n ouer dame met ondervinding, het die "onversoenbare" mev. Rothmann die N.G. Kerk vaarwel gesê en na die Anglikaanse oorgegaan. Die bitter onwillige kinders moes saam. Lettie en M.E.R. is as Anglikaanse lidmate aangeneem, maar Annie, 'n appel wat nie ver van die boom geval het nie, het botweg geweier en "haar weiering deurgevoer" (M.E.R. 1972 : 22). Eers gedurende die Anglo-Boereoorlog het M.E.R. en suster Lettie weer by die N.G. Kerk aangesluit. Hoewel hulle moeder dit toegelaat het, het sy self by die Anglikane aangebly. Afgesien van klaarblyklik wraakgierige oorwegings, meen M.E.R. tog dat die formalisme van die Anglikane haar moeder beslis meer bevredig het as "die sielsondersoekende ywer van die Calvinisme" (M.E.R. 1972 : 22). Met drie woorde, formalisme en sielsondersoekende ywer" karakteriseer M.E.R. die wesenstrekke van die Anglikane en die Gereformeerdes.

M.E.R. se moeder se optrede op godsdienstige gebied, haar terughoudende binnekering ten spyt, moes noodwendig M.E.R. se godsdienstige beskouinge beïnvloed het. Sy het seker ook opgelet dat belydende Christene soms harteloos optree teenoor broers en susters wat met minder wêreldsgoed as hulle bedeeld was. Haar moeder se onvermoë om haar gevoelens oor die godsdiens uit te spreek, kon ook daartoe gelei het dat M.E.R. nooit tot die kerklike voorgestoeltes deurgedring het nie. Dit moet egter weer beklemtoon word dat

M.E.R. se moeder nie ongodsdienstig was nie, en dat sy uitgemunt het in pligsgetrouheid, opregtheid en selfstandigheid.

Toe Berria, haar oupa Rothmann se eertydse slaaf, en vriend van M.E.R. se oorlede vader toe lg. 'n klein seuntjie was, vir haar 'n gedroogde snoek met twee halfkrone in die bek, gestuur het, het sy saggies gelag terwyl die trane oor haar wange rol (M.E.R. 1972 : 23). Dit was vir die vyfjarige Miemie onvergeetlik. Eers baie later het die geskenk se verband met die Bybelse vis met die stater in die bek wat moes dien as belasting "vir jou" (die apostel) "en vir my" (Christus), M.E.R. opgeval (Mattheus 17 : 27). M.E.R. was bewus van die feit dat Berria se werkgewer, haar oupa Rothmann, 'n "getroue en gerespekteerde kerkman" was. Dit was 'n stabiliserende invloed in haar lewe.

Anders as M.E.R. het <u>Van Wyk Louw in 'n gegoede huis grootgeword</u>. Sy vader was 'n prokureur op Sutherland. Hy het dikwels by sy grootouers op die plaas gekuier en sy kinderjare geniet. Volgens Opperman (1953 : 164) het twee besondere karakters, 'n ateïs met wie die kinders graag gesels het, en 'n kroegman wat hulle laat wonder het hoe 'n ou man tussen al die drinkery "rustig kon lewe", aan die rand van die dorpie gewoon. Van Wyk Louw het in dié jare "geen godsdienssin gehad nie", maar "sonder berou sy geloof verloor en ongelowig geword" (Opperman 1953 : 164). Hy is M.E.R. se geesgenoot omdat hy ook, soos sy, die ortodokse godsiens bevraagteken, hoewel M.E.R. blykbaar nooit heeltemal ongelowig was nie. Die formele godsdiens van die Afrikaner het egter in haar lewe 'n onbeduidende rol gespeel. Sy skryf op 18 November 1928 in 'n brief aan mev. Anna E. Hofmeyr dat sy nie maklik "iets aan die geestelike kant aanneem nie, nie eens as dit in die Bybel staan nie, tensy ek dit self ondervind het; dus is die lewe hiernamaals vir my grotendeels 'n onopgeloste raaisel" (M.E.R. 1977 :16). Van Wyk Louw weier ook om enigiets bloot op gesag aan te neem. Volgens hom moet die godsdienstig opgevoede intellektueel die ongodsdienstigheid tot op "die laaste uithoor" voordat hy finaal daaroor oordeel. Is hy aan die ander kant iemand wat in die godsdiens slegs verbystering sien, moet hy die geloofsaak uithoor tot in sy "heimelikste fluistering en vermoede" (Louw 1986b : 422). Die godsdiens se "fluistering" sou die stil stemmetjie van die gewete, óf die hoop óf die geloof óf die liefde kon wees, en die "vermoede" miskien wat M.E.R. genoem het die "oer-oue menslike begeerte" na "ewig lewe" (M.E.R. 1972 : 291). Van Wyk Louw se digterlike woordkeuse, "heimelikste fluistering en vermoede" reik na die onverbeterlike en het waarskynlik vir elke begrypende leser 'n eie betekenis in ooreenstemming met sy (haar) besondere aard en geloofsondervinding. Terloops, beide M.E.R. en Louw se twyfel oor die hiernamaals plaas hulle buite die groep wat Degenaar hiernamaals-christene noem, nl. die gelowiges wat so

ingestel is op die goddelike bedeling dat hulle vir sosiale en politieke ondernemings in die ondermaanse van weinig nut is (Degenaar 1976 : 10).

Geheel anders as M.E.R. het J.C. Steyn in 'n godsdienstige huis grootgeword, waar die ouerpaar belydende en praktiserende Christene was. Daar was egter dié ooreenkoms: by die Steyns net soos by mev. Annie Rothmann is 'n hoë prys op ordentlikheid, selfstandigheid en onafhanklikheid gestel.

Die belangrike rol wat die Bybel en die godsdiens gespeel het in die huisgesin waarvan hy deel was, vind neerslag in Steyn se prosa. Terwyl M.E.R. en Louw hulle godsdienstige opvattings in hulle essays en herinneringe stel, laat Steyn sy karakters veral in <u>Op pad na die grens</u> en <u>Die verlore vader</u> die verskillende Afrikaneropvattings oor die Christelike geloof vertolk. In sy prosa stel Steyn die Afrikaners voor in al hulle geloofstwyfel, -verwarring en-ontgogeling, veral na hulle verplettering in die Anglo-Boereoorlog.

Net soos M.E.R. en Louw, ken Steyn en sy karakters die gésel van die twyfel. In die titelverhaal in <u>Op pad na die grens</u> is Samuel se moeder teen die Rebellie omdat die Bybel onderwerping aan die owerheid voorstaan. Samuel daarenteen, regverdig sy toetrede tot die gewapende protes met die teks, "Vervloek is hy wat sy naaste se grenspale verskuiwe" (Steyn 1976 : 25).

In die beskrywing van die rebel se afskeid in 1914 en dié van die grenssoldaat van die sewentigerjare, is die beeld van die Afrikaner wat hieruit na vore kom, dié van 'n gelowige wat op sy Skepper staat maak vir die bewaring van sowel die vegtendes as die agterblywendes (Steyn 1976 : 28).

Soos M.E.R. en Louw is Meester in die verhaal "Vrede" nie sonder meer 'n blote beruster in die wil van God nie. As die Vierkleur afgeruk word, wil die jeugdige Daniël vir Meester troos deur op Godshand in dit alles te wys. Meester antwoord dat 'n mens geen probleme oplos deur elke keer maar te sê dis die wil van God nie. Hy bedoel klaarblyklik dat die mens self verantwoordelikheid moet aanvaar.

## 3. OOR FINALE OPLOSSINGS

Uit M.E.R. se Carnegie-verslag oor die moeder en dogter in verarmde blanke gesinne blyk haar vermoë as uiters pligsgetroue werker en navorser. Sy het egter geen illusies dat die hele probleem opgelos kan word nie, want sy het natuurlik-arm gesinne gevind by wie <u>blywende</u> persoonlike gebreke die hoofoorsaak van agteruitgang was. Ook Van Wyk Louw glo nie in godsdienstige

of filosofiese alheilmiddels nie; die moderne mens moet 'n "slaaplose agterdog" koester teenoor "alle stelsels of intellektuele konstruksies wat die spannings en die tragiek van die heelal wil wegredeneer of oplos" (Louw 1986a : 172). Hy vorder sy volksgenote op om vreesloos voort te tree "soos 'n soldaat deur die menigte", aan die tydlose waarhede vas te hou en te weier om waarde te heg aan pseudo-oplossings van die tragiese wêreldsmart.

4. M.E.R. EN VAN WYK LOUW OOR CHISTUS

M.E.R. sien Jesus as 'n profeet wat 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het. Van Wyk Louw daarenteen, haal 'n Middeleeuse Kerslied aan oor Maria en die Christuskind:

Gy naamt hem in uwen arme
Ende gaaft hem in uwen schoot
U maagdelike borsten
Al in syn mondeken rood.

Syn bruin oogsken schone
Sloeg hy in u aanschyn;
Hy was u eigen sone
Die ewige Godheid fyn (Louw 1986b : 31,32)

Volgens Louw word die "twee elemente van die groot Christelike misterie - die swak kindjie wat tegelyk die ewige Godheid is, Skepper van hemel en aarde - in 'n volmaakte ewewig gehou". Hy hoop dit word deur die Afrikaners in ere gehou as "blywende besit van 'n Afrikaans-Christelike kultuur". Louw glo nie dat die misterie van Christus, die God-mens "ooit in 'n heerliker vers van die Christelike digkuns uitgespreek is nie". Soms lyk dit asof Van Wyk Louw die onbegryplike misterie van 'n Bybelwaarheid met amper Katolieke gelatenheid aanvaar (Louw 1986b : 32). Hy laak ons geneigdheid om die pluspunte van die Middeleeue te negeer, en voeg by dat die bygeloof van 'n moderne materialis of rasionalis ruim so erg as dié van 'n heksevervolger kan wees (Louw 1986b : 32).

Mej. Anna Rothmann, M.E.R. se dogter, het my in 'n gesprek op 13 Augustus 1990 verseker dat M.E.R. herhaaldelik op haar sterfbed gesê het: "Ek dank God vir Jesus". Sy het altyd met groot ontsag oor Christus geskryf, maar ná die lees van al haar beskikbare werke, voel 'n mens oortuig dat M.E.R. wél Christus se liefdesboodskap van liefde vir God en die ewemens probeer uitleef het, maar dat sy Hom nie as persoonlike Verlosser aanvaar het nie. Een aand toe sy en dr. J.R. Albertyn, dr. Grosskopf en prof. E.G. Malherbe deur Wylie's Poort op pad na Messina was, het sy in antwoord op dr. Grosskopf se twyfel gesê: "Nee, vir my staan dit vas uit my persoonlike ondervinding, dat daar 'n allesoorheersende Intelligensie en God van liefde bestaan". In 'n brief oor dié gesprek aan prof. Malherbe sê ds. Albertyn dat M.E.R. pas aan hom geskryf

het dat sy nou wél sekerheid het omtrent haar "toegang tot daardie Toevlug" (M.E.R. 1977 : 233). Sy kry "verkwikking en versterking van die gees - so in die neëntigste jaar". Sy sluit af deur te sê dat Jesus ons geleer het hoe om hierdie lewe uit te voer en dat sy dit probeer doen (M.E.R. 1977 : 232,233). Weereens blyk dit dat M.E.R. 'n navolger van Christus is, maar nie in Hom die Verlosser deur die geloof, en die Seun van God sien nie. By die beskrywing van die twaalf apostels wat in die hiernamaals op twaalf trone sit om die twaalf stamme te oordeel, gaan sy eenkant verby, maar die gebod van die liefde vir die Skepper en alle mense is "daelikse brood waaraan elke mens behoefte het" (M.E.R. 1972 : 293). Die gebruik van die uitdrukking om "eenkant verby te gaan" is 'n treffende eufemisme om die twyfel te verbloem, terwyl 'n ou uitdrukking soos "daelikse brood" 'n vreemde bekoring inhou.

Op sy beurt sê Degenaar "genade is nie die erfenis van Christene nie, maar die daaglikse brood waardeur alle mense bestaan". Hy voeg by dat die aard van die geloof die "erkenning van genade daagliks en eksistensieel" is (Degenaar 1963 : 69). Vir Degenaar beteken geloof diensbaarmaking aan die ewemens (Degenaar 1963 : 60). Geloof vir die aanhanger van watter godsdiens ook, is die "eksistensiële aanvaarding van genade en daarin van verantwoordelikheid" (Degenaar 1963 : 69).

5. M.E.R. EN VAN WYK LOUW SE GODSDIENSTIGE VERDRAAGSAAMHEID

In dokument 2.x.67 in die Dokumentesentrum van die Universiteit Stellenbosch laat Louw hom skerp uit oor diegene wat op lede van sogenaamde "sektes" neersien. In 'n brief aan Dagbreek op 21 Januarie 1964 laak hy die bevinding van 'n "Scoop", "skep" of "skepsel" dat sekere persentasies van "sekte"-lede tot die armer klas, die minder geletterdes, behoort. Hy bepleit eenvoudige kerkkleredrag en vra hoe 'n man of vrou wat armoedig gekleed is immers sal voel tussen die deftige kerkgangers waar elke mevrou 'n hoër "roomkoek" op haar kop probeer hou as haar naaste. Onder "sekte"-lede het hy een van die "teerste, vroomste en vrolikste vroue" geken wat hy ooit die voorreg gehad het om van te leer.

Van Wyk Louw meen die letterkunde moet alle fasette van godsdienstige geloof weergee. In die sewentiende eeu was daar in Nederlands naas die vrome Vondel die mooi, wêreldse libertyn, Pieter Corneliszoon Hooft; en dan die onvergelyklike Shakespeare wat "so vorstelik geen vrae beantwoord nie":
"Ons weet nie of hy ongodsdienstig
Ons weet nie of hy diep godsdienstig was nie
Hy gaan verby en glimlag" (Dokument 2.TO.51).

In Dokument 2.TO.51 verwys Louw na 'n Protestants-Katolieke debat op Stellenbosch en sê "dit is sulke weerbaarheid wat ... krag toon/nie wegkyk; oë-toe-maak nie". Hy voeg by dat godsdienstige onverdraagsaamheid tog nie die Afrikaners se grootste sonde is nie, maar dat politieke onverdraagsaamheid ons kultuur skeur, wat iets baie "kleiner" is as onverdraagsaamheid op godsdienstige gebied. 'n Mens ken nooit jou eie diepste oortuiging voordat jy dit aan 'n ander oortuiging gemeet het nie (Dokument 2.TO.51).

M.E.R. sluit hierby aan in 'n Kosbare erfenis as sy die partypolitiek 'n stelsel noem wat "nie met die waarheid mag omgaan nie - waar een kant nooit mag erken dat die ander kant iets goeds of gesonds uitrig nie". Dis volgens M.E.R. nie volgens Christus se lewensreëls nie en soek voordeel uit ander se nadeel (M.E.R. 1977 : 147). Sy noem twee Afrikanervroue wat 'n koninkliker weg bewandel: Mev. Winnie Roome wat die ou orde van die Tien Gebooie en die Bergpredikasie voorstaan; en mev. Anna Geyer wat die apartheidsbeleid ondersteun, maar daarop wys dat ons werk sonder liefde vir die Hemelse Vader en die ewemens onvrugbaar sal wees (M.E.R. 1972 : 290).

M.E.R. is eweneens verdraagsaam teenoor mense van ander kerkverbande. In die skets "Slaafgebore" in die bundel Die gewers wonder oom Stoffel of die goeie dr. Dennis "regtig Rooms" is! (M.E.R. 1950 : 510.

Oor die ou gemeente op Graaff-Reinet en die Naudés se nuwe gemeente se kleinsielige twiste, o.m. oor die A.C.V.V. en die V.S.B. se uitdeel van die jaarlikse Krismispakkies, vind M.E.R. dit egter moeilik om vergewend te glimlag. M.E.R. haal met klaarblyklik instemmende plesier die Unitariër, eerw. Ramsden Balmsforth, se verweer teen 'n neerhalende kritikus aan: "You will say, and why all this moralising over us? Let the bounder moralise over himself" (M.E.R. 1976 : 36). "Bounder" is op Afrikaans "skurk" of "skobbejak"!

Aan dr. McAuliffe, Katolieke priester op Beaufort-Wes, is M.E.R. baie groot dank verskuldig, want toe die trein na Kaapstad daar stilgehou het, het hy, op soek na iemand wat hy kon bystaan, vars melk vir haar siek seuntjie, Koos, in die dorp gaan haal. Op M.E.R. se vraag of swaarkry 'n mens goed doen, het hy gesê ja as jy dit te bowe kom, anders doen dit jou baie kwaad (M.E.R. 1972 : 180). Dr. McAuliffe is die nimlike dr. Dennis van "Slaafgebore".

Aan die Kaapse Universiteit was die godsdienstige groep wat M.E.R. die meeste getrek het, die Unitariërs, oftewel stigter D.P. Faure se Free Protestants, wat in 'n kerksaaltjie in Houtstraat byeengekom het. Wanneer Faure die woord

voer, was dit vir M.E.R. of sy na een van die ou Grieke luister in haar soektog na lewenswysheid. Hy het sy toehoorders leer dink en was Ramsden Balmforth, hierbo aangehaal, se voorganger (M.E.R. 1972 : 88). M.E.R. was nie tradisie- en dogma-gebonde nie en het graag lesse in die lewenskuns van wie ook al geleer. In dié opsig was sy en Van Wyk Louw geesgenote. Hoewel hulle albei lidmate van die N.G. Kerk was, het hulle waardering vir alle opregte Christene en ander toegewydes gehad.

## 6. GODSDIENS EN NASIONALISME

In die opstel "rondom die begrip 'nasionaal'" in Liberale nasionalisme skryf Van Wyk Louw aan 'n Engelssprekende student wat hom in 'n brief aangespreek het omdat hy "op minstens een plek" beweer het dat die Afrikaanse nasionalisme aan ons dieselfde absolute eise as 'n godsdiens stel. Louw erken dat hy miskien gefouteer het, want in een van sy vroegste opstelle in 1936 het hy woorde gebruik wat "in die rigting misverstaan kan word". Tog, voeg hy by, het hy nie beweer die Afrikaanse nasionalisme is vir die jongeres 'n godsdiens nie, maar dat dit "'n mag is wat dieselfde eise aan ons stel as 'n godsdiens". Die nasionalisme is egter nie 'n godsdiens nie en hy mag dit nie probeer word nie. Daarom erken hy geredelik dat, as hy êrens iets gesê het wat die teenoorgestelde beweer, hy dan "iets verkondig (het) wat nie juis is nie" (Louw 1986a : 419-421). Uit sy antwoord blyk sy eerbied vir die godsdiens as religieuse wêreldbeskouing wat veel meer bevat as 'n politieke oortuiging. Miskien het Louw hierdie beswaarde student self "geskep" om sodoende sy eie mening omtrent die onderskeie eise van die politiek en die godsdiens duidelik te stel.

## 7. LOUW SE LAASTE BELYDENIS, EN M.E.R. SE SIENING IN DIé VERBAND

Die belydenis wat Van Wyk Louw in die laaste nag van sy lewe in eie handskrif aangeteken het, is bewys van sy geloof in God. (Dokument 2.V.89). Hy is blykbaar dieper bewus van eie oortredings en sonde as M.E.R., maar, soos sy, kom hy tot die diepe oortuiging dat God liefde is. Hy bid om hulp om die Here lief te hê en nie die "wêreldse dinge" wat hom die pas afgelope dag besig gehou het nie. As 'n mens 'n meisie of 'n man liefhet, is die geliefde byna nooit uit jou gedagte nie. Tog het hy "die afgelope dag nooit na U gesoek nie, nooit na U gegaan nie. En U is tog so naby as ek wou gaan. Ek het U lief; maar help my om U elke oomblik lief te hê". (Louw het elke maal die woordjie U onderstreep, behalwe waar dit die eerste maal in die voorlaaste sin hierbo voorkom. Dis waarskynlik onopsetlik en net 'n vergissing).

Die mens moet God eers aanbid en hom dank sê voor hy iets vra, nie selfsugtige vrae soos rykdom of gesondheid nie, want dit word as 'n vrye gawe aan ons gegee. Louw beklemtoon nietemin die mens se aandeel, want dikwels is sy lot armoede of verlies omdat hy nie self gewerk het of versigtig was nie. Aan toegelate sake, d.w.s. sake wat die Skepper ons toelaat om te bedryf, moet die mens sy volle krag gee, nie net 'n flou probeerslag nie. Louw dank God vir sy gespaarde lewe, veral ook omdat Hy hom nie in sy sondes laat sterf het nie, "dat U my met groot geduld tyd gegun het om U te leer vasgryp". Die woordkeuse, bv. "toegelate sake", "nie in my sondes laat sterf het nie", "groot geduld" en "vasgryp" is onvervangbaar en bly die leser by. Maar ook hier, aan die uiterste rand van sy aardse lewe, is Louw steeds die denker wat die lewe en God se albestier probeer deurskou, maar nie kan nie: daar is die onverklaarbare tragedies soos dié van 'n goeie mens wat na jare van die allervreeslikste pyn voor ons oë sterf, of 'n onskuldige kindjie wat eers beide oë deur kanker verloor en dan aan breinkanker sterf ná wie weet hoeveel pyn.

Ten slotte bid Louw om vergiffenis tot God wat liefde en geregtigheid is en van wie selfs die vermoë kom om te bid.

Wie, wat en waar die Opperwese is wat sy bo alles moet liefhê, weet M.E.R. op haar beurt nie, maar die bevel tot naasteliefde werp vir haar genoeg lig daarop. Al wat sy enigsins van God kan begryp, is dat goedheid deel van Hom is (M.E.R. 1972 : 288). Die woord "deel" dui daarop dat M.E.R. vermoed dat daar ook ander elemente in die samestelling van God is wat vir die mens onnaspeurbaar is. Hierdie uitspraak van M.E.R. herinner aan wat Albert Schweitzer geskryf het: "Net soos daar 'n warm golfstroom in die koue see is, is daar 'n God van Liefde binne die vorme van die heelal - een met Hom maar tog so totaal verskillend. Ons moet ons deur daardie lewensbelangrike stroom laat aangryp en meevoer". (Hierdie aanhaling uit 'n boek deur Schweitzer het ek op 3 Februarie 1961 afgeskryf, maar ongelukkig nie die bron aangeteken nie).

M.E.R. noem Mary Brown iemand wat in verbinding was met 'n ekstra bron van welwillendheid teenoor almal wat leef. In haar eie lewe, aldus M.E.R., was die waardevolste besitting "die gewaarwording van die moontlikheid dat die liefde ook buitekant die liggaam is en kan bestaan" (M.E.R. 1950 : 164). Dit toon die wetenskaplikheid en oopheid van M.E.R. se beskouing oor die dinge van die gees. Sy bevestig nie haar geloof dat die liefde in 'n ander nie-liggaamlike bedeling bestaan nie, maar beskou die bewustheid van die

moontlikheid van so iets as 'n waardevolle besitting. Dis ook bewys van haar onsekerheid oor die hiernamaals.

M.E.R. glo nie dat die liggaam en die gees 'n eenheid vorm nie, alhoewel sy nie kan help om te oordeel dat wanneer die liggaam en verstand van die mens deur ouderdom so afgetakel is dat hy sterf, dit die einde van alles is nie (M.E.R. 1972 : 291). Tog skryf klein Siena in die verhaal "Goedgeluk" in Onweershoogte en ander verhale: "Ons ken ons eie vermoëns nie: die liggaam is 'n nie-geleier en sluit die fyner stromings af. Wat, wat lê nie alles voor nie as ons ons proeftyd hier deur is, goed of sleg, en die liggaam, wat nou so veel van ons afdwing, neergelê is soos 'n 'wegwerplike kleed'? (M.E.R. 1927 : 36). M.E.R. glo blykbaar nie in 'n finale verdoemenis nie, en skryf dat die ongelukkige Reede wat in 'n "Kafferstat" doodgeslaan is, mooi lyk in die dood. "Die lewensvraagstuk, so moeilik, so bo sy kragte om op te los, was beslis: elders sou hy geleer word". Die frase "wegwerplike kleed" toon M.E.R. se gebruik van deur die ou Afrikaners geliefde woorde en sinsnedes uit die Statebybel (M.E.R. 1927 : 36).

## 8. DEGENAAR OOR DIE CHRISTEN EN DIE POLITIEK

Degenaar se benadering tot die godsdiens van die Afrikaner verskil radikaal van M.E.R. en Van Wyk Louw s'n. Degenaar bespreek nie sy eie opvattings van die godsdiens, sy geloof en sy vertwyfeling nie. In Moraliteit en politiek skryf hy oor die Christen en die politiek. Hy gaan in op die verpligtinge wat elke mens (dus ook die Afrikaner) se godsdiens hom in sy politieke bedrywighede oplê. Hy definieer politiek as "dit wat te doen het met die staatkundige (wetgewende, regsplegende, administratiewe) organisering van 'n gemeenskap". Daaraan moet elke mens deelneem, want dis vir hom onmoontlik om 'n "staanplek buitekant 'n staatkundige struktuur in te neem" (Degenaar 1976 : 8). Vir Degenaar is 'n Christen iemand wat "die evangelie van Jesus Christus as bron en maatstaf vir sy totale lewe neem". Soos gesê, is Degenaar se benadering verskillend van M.E.R. en Van Wyk Louw s'n. Hulle beskryf hulle geding met die godsdiens van die Afrikaner sonder verwysing na ander sterwelinge, maar Degenaar definieer die begrippe politiek en Christen, en toets dan sy mede-Afrikaners dienooreenkomstig. Sy formulering is duidelik en spesifiek.

Eintlik is dit nie korrek om van Degenaar se mede-Afrikaners te skryf nie. Hy vermy die benaming "Afrikaner" en praat liewer van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Volgens Shakespeare sou enige ander naam nie die roos se geur bederf nie!

Volgens Degenaar het Christene se opvattinge oor hulle taak op aarde deur die eeue heen en ook in 'n bepaalde era verskil. Hierdie opvattinge vat hy in vier modelle saam, nl. die hiernamaalse Christen, die status quo-Christen, die rewolusionêre Christen en die tydgenootlike Christen. Hy doen dit nie alleen om die Christendom te interpreteer nie, maar as bruikbare verwysingsisteem (Degenaar 1976 : 9). Dis duidelik dat hy in sy bespreking van die verskillende soorte Christene, ook sy mede-Afrikaners van vandag in oënskou neem.

Degenaar voer aan dat die Christelike godsdiens twee wêrelde beslaan, 'n goddelike en 'n menslike. Die hiernamaalse Christen beklemtoon die goddelike wêreld, dus God se ruimte en die hiernamaalse tyd liewer as die aardse ruimte en tyd. Hy neem derhalwe hierdie bedeling nie "volkome ernstig" op nie. Ook verdeel hy hierdie wêreld in twee, nl. kerk en wêreld, en die mens in siel en liggaam. M.E.R. plaas haarself beslis buite hierdie Christen-kategorie. In Familiegesprek praat sy met groot lof oor 'n boekie van Anthonie Donker. Hy is "een, net soos Schweitzer, in die filosofie wat ons moet na lewe - hier, hier, hier in die wêreld en wat daarin is, in die omgang met mens en dier en plant, hier lê die sleutel van die saak ..." M.E.R. probeer die beste van hierdie bedeling maak; wat hierna volg, "is not our business" (M.E.R. 1976 : 34,35).

Hoewel Degenaar nie voorbeelde van hiernamaalse Christene gee nie, is Paulus seker 'n volmaakte voorbeeld. By geleentheid het hy gesê hy "verlang om heen te gaan", want met Christus is dit "verreweg die beste". Dwarsdeur die Christelike tydvak tot vandag toe was en is daar Christene wat uitsien na 'n hemelse stad omdat hulle hierdie lewe slegs as 'n gestadige dood beskou.

Volgens Degenaar kan die hiernamaalse Christen nie sinvol aan die politiek deelneem nie, want dit behoort aan 'n verbygaande wêreld. Op reis na 'n ander, hoër wêreld mag die siel hom nie laat verlei deur 'n politieke stryd nie (Degenaar 1976 : 10). Degenaar wys daarop dat beide Marx en Feuerbach ingesien het dat die hiernamaalse Christene waardeloos is in die stryd teen politieke, sosiale en ekonomiese onreg. Van Wyk Louw het op sy beurt in opstand gekom teen gelowiges wat halsoorkop wêreldlike sake wil oplos deur sonder beplanning in die geloof voort te gaan (by going forward in faith) (Louw 1986a: 505,506). Feuerbach het selfs die tradisionele antitese tussen die goddelike en die menslike ontken deur vol te hou dat goddelikheid slegs maar die mens se projeksie van sy eie menslike natuur is, m.a.w. dat die goddelike 'n verbeeldingskim van die mens, en inderdaad slegs ver-beelding is (Benét 1973 : 346).

Degenaar het in al sy politieke opstelle hierdie soort godsdienstige inkering tot die self deur die hiernamaalse Christen bevraagteken. Hy beskou verwêreldliking (in die sin van 'n vasberade worsteling met die werklikhede van hierdie bestaan) as 'n "bevrydingsproses" wat die Evangelie in "totaal ander kategorieë verkondig" (Degenaar 1976 : 10,11).

Degenaar se volgende religieuse groep, volgens sy indeling, die status quo-Christene, is ook vernaamlik op die goddelike wêreld ingestel, maar beskerm hulself binne 'n "subkultuur" wat hulle as Christelik beskou en wat gewoonlik niks anders as 'n bestaande politieke toestand is nie. Voorbeelde hiervan is die handhawing in Engeland van "the divine right of kings", kinderarbeid in fabrieke en myne in die neëntiende eeu, en in Suid-Afrika 'n volkskerk "waarin die Christen-nasionalis sy vervulling vind" (Degenaar 1969 : 148). Na christelik-nasionalisme verwys Degenaar as die "koppelteken-benadering"!

Met 'n status quo-Christen bedoel Degenaar dus iemand wat sy Christenskap bely maar doodluiters berus in bestaande sosiale, staatkundige en ekonomiese onreg. Degenaar verloor egter uit die oog dat een van die Afrikaner se heel grootste dilemmas is om volksoorlewing met sy Christelike gewete te versoen. Elke moontlike Ou-Testamentiese teks wat eersgenoemde goedkeur, word dus dankbaar aangegryp. Die status quo-Christen is daarom ook in eie reg 'n soort Christelike rasionalis. Van Wyk Louw het veral ná 1958 hom losgemaak van die status quo-Christenskap. In sy voorwoord tot D.P. Botha se <u>Die opkoms van ons Derde Stand</u> skryf Louw dat hy dié boek met "stygende opwinding" gelees het en dat Botha 'n paar praktiese wenke oor ons toekomstige politieke beleid aan die hand gee wat baie ernstig oorweeg moet word sodat alle klein-politiek veronagsaam moet word en "dat alleen die geregtigheid wat God eis, en die noodlot van ons nasie, Blank en Bruin, taal-kry" (Louw 1986b : 623).

Die rewolusionêre Christen weer, staan aan die kant van die rewolusionêre magte wat onreg beveg. Sy taktiek is nie gewelddadig nie, maar sluit geweld nie uit nie (Degenaar 1976 : 15). Hierdie rewolusionêre teologie "sien wedergeboorte en bekering sosiaal": die gemeenskap moet tot bekering kom en sy struktuur van onreg vervang met "'n nuwe bedeling van reg en menslikheid vir alle mense" (Degenaar 1976 : 15). Dis seker korrek om te beweer dat in Suid-Afrika se onlangse geskiedenis Trevor Huddlestone, Beyers Naudé, Desmond Tutu en Allan Boesak studieboekvoorbeelde van rewolusionêre Christene is.

Van Wyk Louw is geen rewolusionêre nasionalis of dan rewolusionêre Christen nie. Vir hom gaan dit om die vertolking van die universele in die Afrikaner se lewensondervinding. Hy glo "die groot botsings waarvan die literatuur

gemaak word, bly in alle tye en oral dieselfde: mens en mens, mens en aarde, mens en God" (Louw 1986a : 27). Die skrywer moet "alle toevalligheid van omgewing en stand van hom afstroop om alleen die essensiële te kan sê; hy moet hom teenoor sy onderwerp plaas asof hulle alleen in die wêreld was en sy woorde moet eerlik wees soos sterfbedwoorde" (Louw 1986a : 11). Louw ken derhalwe net een wapen teen wat ook al die indiwidu of die volk of die Christenmens bedreig, en dit is die woord.

M.E.R. met al haar twyfel en bedenkings, was nietemin baie trots toe tant Nellie Lourens, 'n bejaarde tante op Swellendam, haar die Here se kind genoem het (M.E.R. 1972 : 159). Hoewel sy 'n groot bewonderaar van Boerevegters soos pres. M.T. Steyn en genl. Christian de Wet was, het sy die vyande van die reg met sagte woorde van wysheid probeer besweer.

Degenaar se laaste soort Christen, is die tydgenootlike wat die Evangelie sien as 'n "liefde vir die onvervangbare aarde". Sy strewe is nie na 'n ander wêreld nie maar na die wêreld anders. Sokrates en Christus se waarheidsoeke en selfverloënende liefde het hierdie nuwe en anderste wêreld aangedui. Die tydgenootlike Christen moet geweld afwys en kan dit nie Christelik kondoneer nie (Degenaar 1976 : 18).

As sewe riglyne vir die tydgenootlike Christen noem Degenaar geloof; liefde; hoop; geregtigheid; begripsanalise, d.w.s. die gebruik van die mens se "redelike vermoë om die tirannie van die woorde af te skud" (Degenaar 1976 : 27). Al die "volk"-woorde, veral volksidentiteit, sê hy moet grondig ondersoek word. Hier het Degenaar dit teen die terminologie van Afrikanernasionalisme en die invloed daarvan op die Christen wie se politieke standpunt aan die vereistes van die moraliteit moet voldoen (Degenaar 1976 : 27,28); en ten slotte waardes in die geskiedenis (die geldigheid al dan nie van bv. "ras as 'n politieke kategorie" - Degenaar 1976 : 29).

Volgens Degenaar laat die Kerk as instituut in tye van sosiale en politieke onreg gewoonlik maar 'n swak stem hoor. Dis daarom dat Karl Barth sy hoop vestig op die waagmoed van indiwiduele pioniers (Degenaar 1976 : 31).

Van Wyk Louw en M.E.R. sou wel voldoen aan Degenaar se definisie van 'n tydgenootlike Christen, hoewel dit weer beklemtoon moet word dat hulle nie gewone ortodokse Christene was nie. 'n Mens sou hulle daarom egter nie as nie-Christene bestempel nie. M.E.R. was 'n dissipel van Christus se leer van liefde tot God en die ewemens. Ook aan geloof, hoop, 'n sin van geregtigheid, moraliteit, gesonde begrip en historiese sin het dit haar nie ontbreek nie.

In nog uitdrukliker mate was Van Wyk Louw 'n pleitbesorger vir Afrikanervoortbestaan in geregtigheid en het hy, in navolging van Christus se lewensreëls, geglo dat dit beter vir 'n volk is om geslaan te word as om te slaan. Hy was nietemin realisties genoeg om te weet dat 'n volk se "bleke reg" vir hom skrale troos sal wees as hy deur volke-geweldenaars platgetrap is (Louw 1986a : 101).

In 1963 pleit Degenaar dat die Christelike geloof bevry moet word van 'n "dogma-mentaliteit". Eksistensialisties gesien is die Christen nooit Christen nie; hy word altyd Christen, nie deur herhaling van 'n stel dogmas nie, maar deur sy ontmoeting met God en deur sy openheid tot hierdie gevaarlike situasie van ontmoeting" (Degenaar 1963 : 61).

Die mens moet hom vry maak uit "die net van Christelike sisteme en ander ideologieë" sodat hy die alledaagse daagliks kan maak, d.w.s. hy moet elke situasie van elke dag die hoof bied met die eksistensiële aanvaarding van sy eie vryheid en verantwoordelikheid daaromtrent (Degenaar 1963 : 23). Degenaar laat na om by te voeg dat die opregte Christen met behulp van 'n Hoër Mag wat spesifiek aangeroep word, die eise van elke dag ontmoet.

Openheid is die lewenshouding van ons eeu se mens. Dis ook van toepassing op die Christendom. Degenaar sê as Christen (Let wel!) gaan die onmag van die teologie om die moderne mens te beïndruk, hom ter harte (Degenaar 1963 : 58). Sy oplossing is 'n nuwe teologie, want volgens hom bied die Christelike geloof geen toweroplossing vir menslike probleme nie. Geloof transendeer die Christendom wat net 'n beperkte geldigheid het en inderdaad in 'n era wat onherroeplik verby is, die antwoord van die mens op die lewensraaisels was. Geloof - soos Degenaar dit sien - skep geen ideologie of godsdienssisteem nie, maar màak die mens bewus van die werklikheid, die vryheid en die verantwoordelikheid. "Geloof bevry die mens van homself, van sy eie belangrikheid, van sy eie sekuriteit, van sy eie lewensversekering en van sy tot-afgod-gemaakte Christendom" (Degenaar 1963 : 59).

Degenaar erken dat hy in 'n periode in sy lewe 'n afgod van die Christendom gemaak het. Dit was foutief, want dan word die Christelike geloof 'n stel beginsels wat tot redding of verdoemenis lei. So word die lewe 'n stelselmatige gepredestineerde proses "i.p.v. 'n eksistensiële leefwyse in terme van situasies en ontmoetings". 'n Mens moenie glo jy is uitverkies nie; wél dat jy die geleentheid tot diens aan die wêreld het. Die vleeswording van Christus bewys die koms van God na die mens. Dus is God se liefde deur die

mens die antwoord vir die soeker. Diegene wat hierdie boodskap gehoorsaam, werk mee aan die Koninkryk van God op aarde (Degenaar 1963 :60,61).

9. SLOT

M.E.R., Van Wyk Louw, Steyn en Degenaar is geeneen ortodokse Christene nie. Met die term ortodokse Christen word iemand bedoel wat hom streng hou aan die kerkleer van 'n bepaalde Christelike kerk. Tot ongeveer vyftig jaar gelede was die oorgrote meerderheid Afrikaners ortodokse Christene. Onder die letterkundiges was bv. W.E.G. Louw en Totius ortodokse en toegewyde Christene wat hulle Christenskap as onafskeidelike deel van hulle Afrikanerskap beskou het. In die afgelope halfeeu, veral ná die Tweede Wêreldoorlog, het 'n verandering egter geleidelik ingetree. Vandag is 'n ortodokse Christen onder die nuwe geslag letterkundiges 'n uitsondering.

M.E.R., verreweg die oudste van die viertal onder bespreking, was lewenslank 'n toegewyde Afrikaner, maar het haar twyfel oor sekere aspekte van die Christelike godsdiens vrymoedig te boek gestel. Weinig, indien enige, Afrikaners het daar aanstoot aan geneem. Haar toewyding aan wat edel en regskape was, het vir haar geloofstwyfel vergoed.

Niemand kan verwag dat in intellektueel van Van Wyk Louw se formaat hom sonder meer by enige kerklike dogma sou neerlê nie. 'n Bekende filosoof sou op 'n dag vir Van Wyk Louw gevra het hoekom hy nie by die Rooms-Katolieke kerk aansluit nie. Sy antwoord was dat hy graag sou wou, as hy die betrokke kerkleer kon glo. Louw het klem gelê op die belangrikheid van die "geestelike lewe" vir elke indiwidu, maar daarmee het hy eerder toewyding aan die skoonheid van die kuns en die lettere as aan die godsdiens bedoel. Louw vind dit jammer dat dr. Andrew Murray, so klaarblyklik die meerdere van sy teenstanders in die byna vergete liberalisme-kerkstryd, tog weier om die <u>denk</u> enduit te volg. Hy haal aan uit "Die moderne ongeloof" in Deel 2 van <u>Versamelde werke dr. Andrew Murray</u>: "O, al was dit ook moontlik dat die geloof bedrog is, duisendmaal liewer sou ek my daaraan hou met al sy onsekerheid, as dat ek dit sou vaarwel sê vir die donker, aaklige, troostelose godsdiens van die rede" (Murray 1942 (deel 2) : 22).
Louw betreur dit dat Murray net toe die polemiek waardevol word, 'n subjektiewe keuse in die plek van 'n argument stel. Hy betreur dit insgelyks dat die Du Plessis-saak nie in diepte beredeneer is nie (Louw 1986a : 495).

J.C. Steyn spreek hom na my wete nêrens in sy polemiese geskrifte oor die godsdiens uit nie. Daar is aangetoon dat sy karakters die geloof sowel as die

ongeloof verteenwoordig. Vir Steyn, soos vir die verteller in Dagboek van 'n verraaier, is "Die letzten Dinge" volk en taal. Anton beoog 'n land waarin almal broers in Christus is "wat met vreugde vir mekaar kan wuif omdat 'n nuwe wêreld aangebreek het" (Steyn 1978 : 103). Hy sal 'n swart meerderheidsregering en 'n verbod op Afrikaans met goeie oë aansien. Nou weet die dagboekskrywer - vir Rykie van Reenen is Jaap Steyn en die dagboekskrywer sinoniem (Rapport, 4 Junie 1978) - die waarheid. In sy verbeelding sien hy hoe 'n Charles Somerset II "One Azania, one nation, one language" propageer. So kom hy dan by daardie laaste dinge waaroor W.E.G. Louw geskryf het. Vir hom is dit volk en taal: Afrikaans dus en suiwer Afrikanerskap (Steyn 1978: 105).

Degenaar bepleit 'n "oop" Suid-Afrikanerskap en 'n Christelike godsdiens wat afsien van die dogma en funksioneel diensbaar aan God en die ewemens is.

# HOOFSTUK 9

## M.E.R.OOR VOLKEREVERHOUDINGS

### 1. INLEIDING

Met hierdie hoofstuk se opskrif word bedoel M.E.R. se siening oor die staatkundige toekoms van Suid-Afrika, en die onderlinge verhouding wat betref parlementêre verteenwoording van blank en nie-blank, of dan swart en nie-swart in Suid-Afrika.

M.E.R. het grootgeword in 'n tydvak toe weinig, indien enige Suid-Afrikaners, swart inspraak in ons regering oorweeg het. Van Wyk Louw was ten spyte van of juis dalk vanweë blootstelling aan Britse-liberale invloed op S.A.K.S. en die Universiteit Kaapstad, in die middel-twintigerjare reeds 'n vurige ondersteuner van genl. Hertzog. So gekant was hy teen genl. Smuts se Empire beheptheid dat hy van mening was dat as 'n regering ons in Engeland se oorlog dwing "hy eers die beste onder ons wat jonk is, sal moet platskiet voordat hy sy doel sal bereik "(Dokument 2.x.7 in U.S. Dokumentesentrum, ongedateer). Teen die einde van die jare vyftig vind Louw in 'n mate aansluiting by die nuwe Afrikaner-denke wat volgens humanisties-liberale kodes geskied.

Jaap Steyn was in sy jeug nooit onder "liberale" invloed nie, nie in die "Rebelle-wêreld" van die Noord-Vrystaat waar hy grootgeword het nie, ook nie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nie, maar beslis wél in Nederland en toe hy later redaksielid van <u>Rapport</u> was. In sy prosa verraai Steyn gaandeweg 'n regser standpunt wat geleidelik kulmineer in <u>Tuiste in eie taal</u> (1980) en <u>Die verlore vader</u> (1985). In die afgelope paar jaar is Steyn stiller en hou hy hom o.m. besig met 'n deel van die geskiedenis van die Nasionale Pers en 'n outobiografie, <u>Hoeke Boerseuns ons was</u> (1991). Degenaar wat op 7 Maart 1926 gebore is, twintig jaar na Louw en dertien jaar voor Steyn, het op Ladysmith, Natal grootgeword. Sy ouers was arm soos die meeste Afrikaners in die depressiejare. Hulle was eerbare en godsdienstige mense. Degenaar sê die Hoërskool Ladysmith wat hy bygewoon het, het die parallelmediumstelsel gevolg. In sy matriekjaar was daar ongeveer 20 leerlinge in die Afrikaansmedium- en 30 in die Engelsmediumklas. Hoewel daar nie teen Afrikaanse leerlinge gediskrimineer is nie, het die taalbestel wat in die skool in swang was, Degenaar en sy Afrikaanse maats tog bewus gemaak van die feit dat hulle Afrikaners is.

2. M.E.R. EN TYDGENOOTLIKE DENKE

Om te begryp teen watter politieke milieu M.E.R. in haar fleur gedink en geskryf het, is dit goed om kennis te neem van wat haar vriend en tydgenoot C.J. Langenhoven (1873-1932) in "Die witman se pand", C.J. Langenhoven Versamelde Werke, deel 16 geskryf het. Dis uitgegee deur die Federale Raad van die N.P. met die oog op die 1929-verkiesing. 'n Mens kan geredelik aanneem dat Langenhoven se menings oor die "naturellekwessie" deur M.E.R. onderskryf is.

"Ter wille van die naturel self", aldus Langenhoven, "sowel as ter wille van die blanke, moet daar 'n oplossing gesoek word waardeur die oorheersing van die witman verseker word vir die toekoms" (Langenhoven 1973 (deel 16) : 262). Terselfdertyd mag die oplossing nie "op onreg of onderdrukking" berus nie. Die "beskerming en vooruitgang en vermeerdering van die naturel" is immers deur die witman se oorwinning verseker.

Volgens Langenhoven is die uitsluiting van die naturel uit blanke vakunies die gevolg van 'n halfbewuste besef dat 'n werklose blanke arbeidsmag daartoe sal lei dat die blanke sy greep op voogdyskap van die naturel sal verloor. Dis noodsaaklik dat die witman sy gesag behou daar waar die gesag gesetel is (Langenhoven 1973 : 264).

Langenhoven noem twee teenoorgestelde beginsels wat die burgerlike posisie van die naturel betref. Die een is die "Kaapse of Imperiale", die ander die "Afrikaanse of Republikeinse". Eersgenoemde kan volgens Langenhoven net so goed "die uitheemse of oorseese (sic)" genoem word of die "teoretiese", want "sy oorsprong is nie uit mensekennis of ondervinding nie maar uit vroomabstrakte spekulasies". Die Imperiale beginsel, voorgestaan deur die Suid-Afrikaanse Party (Sappe), glo in volle burgerskap vir die Bantoes, anders word hulle almal in 'n anti-wit kamp gejaag. In 'n manifes onderteken deur sir James Rose-Innes, die heer J.W. Jagger, L.V., en miss Emily Solomon e.a. word o.m. gesê: "Die verhouding tussen wit en swart loop tot 'n punt in Suid-Afrika. Ons is in die voorste loopgrawe in die stryd tussen botsende staatsbeleid, en die ondervinding en opgedane wysheid van die wêreld staan aan die kant van ons beleid. Uiteindelik moet dit tog die oorhand kry. Maar as ons nou daarvan afwyk, sal ons darem daarna moet terugkeer, en wel na jare van stryd met steeds vermeerderde bitterheid en vervreemding. Ons sidder by die gedagte om so 'n erfenis aan die nakomende geslagte te laat" (Langenhoven 1973 : 267-274).

Langenhoven wys daarop dat dit uit hulle verklaring blyk dat die Imperialiste "sonder huiwering die wenslikheid tegemoet (sien) van 'n swart wetgewing, 'n swart staatsdiens, 'n swart regbank, en die res - met hier en daar 'n renegaatwitman as handlanger"(Langenhoven 1973 : 274,275).

Langenhoven besluit dat die witman nie sal padgee nie, want hy het hier net soveel reg as die naturel omdat hulle van twee kante gelyk ingetrek het. Tot hiertoe, voer hy aan, het 'n blanke gesag oor blank en swart geheers "en die naturel beskerm soos hy in geen ander verowerde land van die wêreld beskerm is nie" (Langenhoven 1973 : 275).

In die ses jaar (1922 - 1928) wat M.E.R. in die redaksie van Die Burger gedien het, en ook in die ses maande van Oktober 1933 tot April 1934 toe sy ondervoorsitter van die Nasionale Party was met dr. Malan as voorsitter, het sy eerstehandse kennis van die politiek opgedoen (M.E.R. 1972 : 222,217). Dis dus te begryp dat sy wat net soos Langenhoven oor die politiek gedink het, sy sentimente oor die naturellekwessie sou deel. M.E.R. is van mening dat die partyregering nie "die goeie ding vir die volk is wat ons voorgee nie" (M.E.R. 1972 : 231). Sy stem saam met Langenhoven dat groot landsake nie deur 'n party behandel behoort te word nie, en het as voorbeeld die "naturellekwessie" genoem. Hy het gemeen sulke groot sake behoort "deur alle volksraadslede saam op gelyke voet behandel te word ... dan sal die volksprobleem die volle en onverdeelde aandag kry; dan kan iets tot stand gebring word; dan kan die ware volksgevoel oor die saak waargeneem word" (M.E.R. 1972 : 231)

## 2.1 M.E.R. OOR RAS

M.E.R was altyd simpatiek teenoor die kleurling, maar erg bekommerd oor wat sy, in die terminologie van haar dag, "die Kafferkwessie" genoem het.

Sy het groot waarde geheg aan rassesuiwerheid en gewaarsku teen volkslosheid. In 'n brief sonder datum skryf sy aan Irene (Freddie) Heseltine dat sy vas glo aan "ras-inspirasie". Die skeppingskrag ontstaan uit die ras. "Elke ras moet syne bydra, selfs elke nasie, aan die wêreld se vordering en geestelike besittings. En as hy nie homself bly nie, kan hy niks bydra nie, is hy soos 'n voos, dooie gewas..." (M.E.R. 1977 : 41).

## 2.2 M.E.R. OOR DIE GEVAAR VAN GEMENGDE HUWELIKE

Hoewel M.E.R. in 'n Kosbare erfenis, p. 83, beweer dat sy met Na vaste gange wou sê dat niemand by 'n mislukking hoef stil te gaan sit nie, wys die boek ook baie duidelik die gevolge uit van 'n huwelik oor die kleurgrens, hoe ordentlik en beskaaf beide partye ook al mag wees.

Marianna, 'n dogter van Nederlandse ouers, word 'n Afrikaner onder die invloed van 'n onderwyseres wat 'n hartstogtelike republikein is en boonop 'n konsentrasiekamp-kind was. Marianna trou met 'n voortreflike Indiër, Sitanah Kundu, en doen so "die onvergeeflike ding" deur "die kloof tussen kleur en kleur te probeer oorbrug" (M.E.R. 1944 : 96). Later verduidelik sy aan Bruintjie dat haar mense se opvattings oor godsdiens, volksgevoel en die kleurkwessie só anders was as die Afrikaners s'n oor dié sake "omdat ons 'n klein beskawing handhaaf langs 'n onbegrensde barbarisme" (M.E.R. 1944 : 256).

In bogenoemde boek, wat nooit hoog deur die kritici aangeslaan is nie, skep M.E.R. tog 'n baie interessante en gekompliseerde hoofkarakter. Marianna het in Suid-Afrika Afrikaner in murg en been geword, maar dit het nie die invloed van haar Nederlandse ouers se liberale kleurbeskouing geneutraliseer nie. Nog groter geldigheid word verleen aan M.E.R. se tema, nl. die ongewenstheid van 'n gemengde huwelik, deur die omstandigheid dat die Indiër, Sitanah Kundu, in elke opsig 'n man van inbors en gehalte is.

In Uit en tuis vertel M.E.R. van 'n paar gemengde huwelike op Swellendam: Ou Charles Evans, Engelsman, en sy vrou Saartjie; ou William, skrynwerker, en Sofietjie, konfytkoker by uitnemendheid en op die koop toe vroedvrou; ook ouma Annie, vrou van Mr. Bryan, lank reeds oorlede. Die wit manne wat met die bruin vroue getroud was, was van oorsee. Hulle het doelbewus kleurlingstatus aangeneem omdat hulle daardeur hoër geag is as wat die geval tussen blankes sou gewees het (M.E.R. 1946 : 82-85).

## 2.3 M.E.R. OOR DIE KLEURLINGE

Op 14 Julie 1966 skryf M.E.R. aan I.D. du Plessis dat die republiek 'n werktuig vir ons volk is om ons taak in "die land van vele volke" reg te verrig want "ons word hier gevorm om die probleem van die saamwoon van primitiewes en gevorderdes te probeer oplos" (M.E.R. 1977 : 199). In 'n verdere brief op 20 Julie 1967 bring sy hulde aan Du Plessis vir wat hy "ons geleer het omtrent die regte verhouding met die bruin volk". Dit glo sy is bo

alles die taak van die Afrikaner, miskien die rede vir sy vorming as volk (M.E.R. 1977 : 205). Hierdie beskouing van die Afrikaner se taak hier te lande, toon aan dat M.E.R. glo dat die Afrikanerdom nie 'n verbygaande verskynsel is nie, maar 'n volk met 'n bepaalde, ingewikkelde en veeleisende roeping.

Toe dr. D.F. Malan in die vyftigerjare as eerste poging om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, die Hoë Hof van die Parlement ingestel het, net om dit ná die ongeldigverklaring daarvan deur die Appélhof soos 'n warm patat te los, was M.E.R. se kommentaar dat sy hoop sy kan haar respek vir "die ou sondaar" behou.

Ook het M.E.R. dr. Verwoerd en sy Regering verkwalik oor die "toesmyt ... van die deur tot parlementêre verteenwoordiging van die bruinmense" (M.E.R. 1977 : 156).

Hoewel M.E.R. nooit soos Van Wyk Louw van bruin Afrikaners gepraat het nie, het niemand ooit met groter deernis oor hulle geskryf as sy nie. Daarvan getuig die verhaal, "Ou volk" in Uit en tuis: Ou Samie op pad kerk toe met 'n stywe wit boordjie, "onverwant" aan die hemp, maar tog "'n riem onder die hart sowel as 'n stywigheid om die kop hoog te hou" (M.E.R. 1946 : 75). Wat 'n wonderlike manier om te sê die hemp is nie ook wit nie, maar die wit boordjie is 'n geestelike sowel as fisiese onderskraging. En as hy op 'n weeksdag swaar dra aan 'n tamaai beeskop, sê hy "maar dis kos!" met 'n stralende gesig (M.E.R. 1946 : 76). Ou Jan weer, wat "loseer" by 'n egpaar met baie kinders, en te styf was van die koue om op te staan toe hy M.E.R. in die deur gewaar, klou soos 'n neet vas aan sy kosbaarste besitting, sy presentkombers (M.E.R. 1946 : 77).

## 2.4 M.E.R. OOR DIE NATURELLE-KWESSIE

M.E.R. verwys na die feit dat genl. Hertzog hom oor die naturellevraagstuk bekommer het. Toe sy en 'n paar leiers van die Voortrekkerbeweging hom gaan spreek het, het hy gesê dit sal min neem om die beskawing hier te laat verdwyn.

Op 26 Oktober 1953 skryf M.E.R. aan Erika Theron hoe ingenome sy is met Katie Hendriks (skuilnaam van Maurice Goldman) se boek Bend in the road. Dit tref haar dat die skrywer hom nie steur aan die kleurling - wit verhouding nie, maar die hele saak van binne betrag en onomwonde sê as daar vir die kleurlinge iets te doen is, moet hulle dit self doen. Ook interessant is dat Katie Hendriks 'n eintlike tuiste by die "nog volksbewuste Kaffer" vind. M.E.R.

slaan die boek hoër aan as Paton se Cry the beloved country, Mikro se boeke oor kleurlinge en G.H. Franz se Moeder Poulin. M.E.R. se beswaar teen Paton is nie dat hy onwaarhede oor swart, wit en bruin verkondig nie, maar dat die samestelling van sy feite nie van "binne-kennis" getuig nie en dus 'n valse beeld skep. Net so het Olive Schreiner se African farm die Boer van buite beskryf en hom daarmee in die gemoed van tienduisende lesers onbillik voorgestel. Volgens M.E.R. het Schreiner later verbeter maar Paton nie, want hy beeld altyd die groothartige en humanitêre Engelsman en Amerikaner uit wat die "arme Boeresondaar" reghelp (M.E.R. 1977 : 109).

M.E.R. se kommentaar oor Paton, Franz en Schreiner is die gevolg van haar credo dat die verteller vanuit die gesigspunt van sy persone moet skryf.

M.E.R. beskou wat sy die "Kafferkwessie" noem, as die "allerbelangrikste van ons sake". Sy wonder amper hoekom die Here so 'n klein volkie tot so 'n reusetaak aangestel het. Sy beskou dr. Hendrik Frensch Verwoerd as die geskikte man vir die Portefeulje van Naturellesake. In haar brief aan mev. Betsie Verwoerd spreek sy haar volle vertroue in dr. Verwoerd uit, en vervolg: "Ek sal bly wees as jy vir hom sê dat dit vir my op die oudag baie beteken om een daar te hê wat ek ken en vertrou; ek kan jou nie sê hoe baie dit vir my beteken nie, dat hy, en ook jy, daar is" (M.E.R. 1977 : 108).

Op 14 Desember 1958 skryf M.E.R. aan Alba Bouwer dat die interessante tydperk wat sy beleef het - die wording van Afrikaans, politieke selfstandigheid, eenheidsvorming - maar slegs die voorbereiding vir die skikking tussen bevolkingsgroepe is. Die skikking tussen wit en swart kan alleen regkom "as ons mekaar welwillend en met nugter weersydse kennis bejeën". Die Engelse kan nie die bruinmens soos ons ken nie, omdat hulle sy taal nie magtig is nie (M.E.R. 1977 : 139). M.E.R. dink natuurlik aan die plattelandse bruines. Sy was nog nie bewus van die talle Engelssprekende kleurlinge in die groot stede nie.

I.v.m. die blankes se groot getalle-agterstand skryf M.E.R. op 2 Januarie 1959 aan Piet Cillié dat Langenhoven in 'n toespraak oor "Arithmetical Progression" op Stellenbosch gesê het dat dit lyk of "die wit groep se uiteinde verswelging of vernietiging is". Alles word egter nie deur getalsoorwig bepaal nie, want Van Riebeeck het in sy poging om 'n tuin te maak, "'n volk gestig" (M.E.R. 1977 : 140). Langenhoven het ook 'n boodskap, "iets wat elkeen vir hom kan saamdra by die voortgaan na die kritieke tyd: dat elkeen dan maar met sy werk aangaan so goed as hy dit kan doen. Nie alleen is dit al troos wanneer die

gewisse ramp in aantog is nie, maar daarin lê ook die hoop op 'n moontlike redding en uitkoms" (M.E.R. 1977 : 140).

Die moderne Suid-Afrikaner dien kennis te neem van M.E.R. en Langenhoven se insig in die blanke se toekomstige probleme, dekades vóór die kritieke jaar 1992 wat nou belewe word. Langenhoven se wyse raad van tussen 60 en 70 jaar gelede klink gepas vir die eise van vandag.

Dr. J.C. (Kay) de Villiers, tans hoof van die Departement Neurologie aan die Kaapse Universiteit, was vier jaar lank mediese praktisyn op Swellendam en ook buurman van M.E.R. Toe hy later vir verdere studie in Engeland was, het hy aan M.E.R. geskryf hy en sy vrou "kan nie in ons wildste drome dink dat ons vir altyd kan uithou teen die massa-oormag van die hele Afrika nie" (M.E.R. 1977 : 157). In haar antwoord op 11 Desember 1960 - die jaar van Pratt se aanslag op die lewe van dr. Verwoerd, en van Sharpeville - hoop M.E.R. dat die dokter en sy vrou soveel Engelse as moontlik sal leer ken, goeies en vyandiges, want hoe beter ons hulle ken, hoe stewiger sal ons aan ons republiek kan bou (M.E.R. 1977 : 155). Voorts gee M.E.R. haar vriende die versekering dat die regering se "toesmyt" van die parlement se deur vir kleurlinge nie onherroeplik is nie. Sy is spyt dat dr. De Villiers ongelukkig voel oor die regering se naturellebeleid en steun sy besware daarteen, maar sy is nietemin 'n voorstander van apartheid, ter wille van selfbeskerming, wat elke volk se plig is. Ook kan sy nie insien hoe die blankes die swartes kan beskaaf nie, want beskawing groei van binne en neem eeue (M.E.R. 1977 : 156). Deur vol te hou op die "lyne" van selfbeskerming en agting vir ander se belange, moet ons op die apartheidspad bly. Sy voeg by dat dit die De Villiers's se soort is wat "voortbestaan in geregtigheid" sal moet bewerkstellig. M.E.R. besiel ook die twyfelmoediges en wanhopiges met Willem die Swyger se leuse: "Ek hoef nie te hoop om te onderneem nie, nog hoef ek te slaag om te volhard" (M.E.R. 1977 : 157).

Uit bostaande blyk wat M.E.R. aan die einde van 1960 geskryf het oor die swartes se beskawingsagterstand; dat beskawing trouens van binne groei en eeue neem. In 'n praatjie oor Radio Nederland op 19 Junie 1957 drie en 'n half jaar tevore, het Van Wyk Louw in byna presies dieselfde trant gepraat. Hy vra die "geesdrywer" wat wil hê ons moet die mens self verander deur middel van onderwys en opvoeding, of hy besef dat hy in terme van duisende jare praat (Louw 1986b : 618). Sy bedoeling is ongetwyfeld dat dit duisende jare mag neem voor die swart volke die blankes se huidige peil van beskawing sal bereik.

By ontvangs van H.A. Fagan se Ons verantwoordelikheid skryf M.E.R. aan hom dat hy nou 'n konstruktiewe plan aan die hand gee, hoewel hy weereens sy oortuiging bevestig dat apartheid onuitvoerbaar is. M.E.R. wat selfstandig dink, ondersteun egter steeds die apartheidsbeleid, hoewel sy die feitlike onuitvoerbaarheid daarvan in die lig van "onse ekonomiese eenheid" terdeë besef. Sy meen tog apartheid is steeds "AL PLAN". Die tuislande sal veroorsaak dat "ons darem tog van etlike miljoene ontslae geraak het, en dat dit aan die swartes 'n land en 'n nasionaliteit sal besorg" (M.E.R. 1977 : 152).

M.E.R. noem die feit dat prof. Frikkie Tomlinson ook dink dat algehele segregasie onuitvoerbaar is vanweë die waarde van swart arbeid vir ons; dog die swarte sal homself moet onderhou en sy grond produktief moet maak. Prof. Tomlinson stem saam met M.E.R. se opmerking dat werk nie in die swarte se aard lê nie, en voeg by dat ons hulle daarom altyd sal moet oppas: "Dat hy homself kan ontwikkel, so naas 'n moderne beskawing, en onder moderne toestande, is uitgeslote" (M.E.R. 1976 : 16).

Tog het M.E.R. by geleentheid gesê daar is net een manier om die naturellekwessie aan te pak en dit is om die Afrikaner te leer om die swarte raak te sien. Dit word deur P.J. Schoeman gedoen, maar die studente se ouers beskou hom as 'n kafferboetie (M.E.R. 1976 : 16). Geen wonder dat Van Wyk Louw in 'n ander verband die lewe as onhanteerbaar gekompliseerd bestempel het nie! (Louw 1986b : 617).

Toe die Tomlinson-kommissie Swellendam besoek het, was M.E.R. op prof. Tomlinson se vergadering. In die haastigheid het sy hom uitgevra. Wat Kaapland betref, was daar volgens hom "een ding duidelik en dit is dat ons die swartes hier moet wegmaak, en een plek skoon hou waar ons kan. Want in die Noorde sit hulle tog daarmee. As ons dit nie doen nie, grawe ons ons eie graf. Om hulle uit die groot stede te kry, het 'n onmoontlikheid geword. Hy is naar oor Wes-Kaapland". Vir M.E.R. is dit op haar beurt naar dat dit lyk of die blankes tot op die jongste dag vir die swartes verantwoordelik sal moet wees (M.E.R. 1976 : 59).

## 2.5 'N VERBASENDE STELLING

Op 3 April 1961 het M.E.R. in 'n brief aan Kay en Kina de Villiers waarin sy melding maak van groeiende samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes ná republiekwording, hierdie verbasende stelling oor die toekoms gemaak: "Self sien ek hierdie saamwerk groei. Dat die Kaffers ons eendag sal aanval

uit die noorde uit lyk baie waarskynlik; dan staan ons, met Rhodesië en al, vanself saam ..." (M.E.R. 1977 : 162). Met "saamwerk" bedoel sy samewerking tussen Afrikaans- En Engelssprekendes. Die stelling i.v.m. hulp van Rhodesië as 'n swart mag uit die noorde ons aanval, is ligjare verwyder van die toestand in Suid-Afrika vandag, 'n korte 31 jaar later.

M.E.R. beskou parlementêre verteenwoordiging as 'n toekomstige reg van die kleurlinge. Oor die naturellevraagstuk is sy baie bekommerd. Met sommige argumente teen apartheid stem sy saam, maar soos Tomlinson glo sy dat Wes-Kaapland nie naturellegebied is nie; ook dat gebiedskeiding met swartes die enigste oplossing is, mits die blankes dit doen uit selfbeskerming en met inagneming van die swartes se belange. Miskien is M.E.R. naïef met haar bewering dat die Afrikaners probeer om te doen wat reg is, omdat hulle weet dat net wat reg is, op die ou end betaal (M.E.R. 1977 : 165).

## 3. VAN WYK LOUW OOR VOLK EN GEMEENSKAP

Louw wys meer pertinent as M.E.R. daarop dat ons nie 'n veelrassige volk is nie, maar 'n veelvolkige, multi-nasionale gemeenskap soos Europa: baie nasies binne een gemeenskap (Louw 1986b : 510). So ingewikkeld is ons met ons "veelvoud van nasies, kulture en tale" dat die dink in die aangesig daarvan stil gaan staan (Louw 1986a : 481). Hy hoop dat hier eendag 'n Bond van Volke sal ontstaan (Louw 1986b : 396).

### 3.1 LOUW OOR VERMEENDE RASSEGELYKHEID

Soos aangetoon, was M.E.R. 'n "rassis" omdat sy geglo het dat elke ras sy unieke bydrae moet lewer. En as hy nie getrou is aan homself nie, kan hy niks bydra nie, is hy soos 'n voos, dooie gewas ... (M.E.R. 1977 : 41). Van Wyk Louw ontken dit nie; trouens hy gaan veel verder, en werp meer lig op Suid-Afrika se unieke situasie. Hy beweer dat die gelykheidsideaal van die Franse Rewolusie wesenlik <u>onwaar</u> is, want daar is agterlike en skeppende menslike rasse (Louw 1986a : 83). Veel liewer moet die "innerlike rangordening" van die mensdom die sosiale stelsel bepaal (Louw 1986a : 85). Volgens Louw maak die liberalisme wat kleurverskille afmaak as "'n blote nuanse van pigmentasie" 'n ernstige fout (Louw 1986a : 504). Louw voeg 'n ernstige waarskuwing by: gelyke regte vir almal in Suid-Afrika sal die "Afrikaanse volk en die Engelse volksdeel laat versink tot magtelose minderhede tussen 'n massa swartes" (Louw 1986a : 504).

Terwyl M.E.R. met Tomlinson saamstem dat minstens die Wes-Kaap moet waak teen swart instroming, glo Louw dat volledige, territoriale skeiding alleen vir wit en swart kan geld maar dat dit ten alle koste gedoen moet word.

## 3.2 LOUW OOR GEBIEDSKEIDING TUSSEN SWART EN NIE-SWART

In dokument 2.AO.2 van die Universiteit Stellenbosch se Dokumentesentrum, oorspronklik geskryf vir die S.A. Stigting, maar nooit deur hulle gebruik nie, wys Louw daarop dat die Suid-Afrikaanse bestel nie 'n koloniale situasie is nie, d.w.s. dis hier nie 'n geval van 'n inheemse bevolking met 'n vreemde, immigrante-of setlaar-regering wat op hulle afgedwing word nie. Wit vestiging in Suid-Afrika is in die meeste gevalle ouer, in ander gevalle ten minste gelyktydig met swart vestiging. Die blankes het die byna onbewoonde land uit die weste (Kaapstad) binnegekom terwyl die swartes uit die noord-ooste (Noord-Transvaal en Natal) geïnfiltreer het. Die meeste van die bevolkingsgroepe woon steeds in hulle tradisionele gebiede.

Op die oomblik is die Suid-Afrikaanse staat 'n versameling van verskeie duidelike nasionaliteite (Europees: Engels en Afrikaans, beide wit en bruin; Afrikane oftewel Bantoe met nagenoeg vier oorheersende nasionaliteite). Dit is dus 'n meganiese nasie-mengsel met nie alleen verskillende tale nie (minstens ses belangrikes), maar ook verskillende godsdienste (Christen, Mohammedaan, Hindoe en heiden) en boonop op totaal verskillende kultuurvlakke.

Hier spreek Louw 'n vermanende woord tot die huidige Suid-Afrikaanse regering: om voor te gee, sê hy, dat hierdie mengsel van volkere een nasie is (of dit binne eeue kan word) is om eenvoudig onrealisties te wees. Ook M.E.R. was van mening dat partisie die enigste moontlike oplossing kan wees.

Louw glo dat die min of meer unitêre staat wat vyftig jaar gelede (d.w.s. in 1910) uit hierdie heterogene massa saamgeflans is (saamgeflans weens finansiële- en handelsoorwegings en die dringendhede van Britse beleid voor 1914), in die moderne wêreld slegs gehandhaaf kan word deur talryke en hoër ontwikkelde minderhede uit te wis (Engelse, Afrikaners, wit en bruin, en Indiërs). Louw beklemtoon dat hy nie onderskei tussen swart en wit nie, maar tussen swart en nie-swart (Wit, Indiër en bruin). Verder moet in gedagte gehou word dat die bruin groep nie basters is nie, ook nie 'n mengsel van swart en wit nie, maar die afstammelinge van Maleise slawe en Hottentotte met 'n weinig bymenging van Europese bloed: 'n groep verbonde aan die blankes met die bande van dieselfde taal, 'n lang tydvak van dieselfde geskiedenis, asook dieselfde godsdiens.

Louw bekelmtoon die feit dat die unitêre Suid-Afrikaanse staat bepleit word slegs deur nie-swart en swart ekstremiste onder die waan dat hulle "die ander" onbepaald kan oorheers. Slegs deur Partisie is die belange van swart en nie-swart versoenbaar. Louw wys daarop dat kunsmatige skeppinge soos bv. "Die Verenigde State van Brittanje en Indië", "Die Nederlande en Indonesië" of "Die Sowjet-Unie en Finland", onderling verbind tot unitêre state op die basis van "een mens een stem", wangedrogte sou wees. 'n Homogene "Republiek van Suid-Afrika" op dieselfde basis, sou erger wees: die onwillige en swak gekose vennote sou binne lem-afstand van mekaar wees. Die beste metode om Frans-Duitse verhoudings te beduiwel sou wees om dié twee lande in 'n eenheidstaat te verenig met "een mens een stem".

As ons 'n eeu tyd daarvoor het, sou die delikate en ingewikkelde skeiding wat gemaak sal moet word, tog 'n makliker en toevallig intelligenter oplossing wees as om vier of vyf miljoen blankes en kleurlinge te dood of in die see te jaag.

Louw besluit dat so 'n stelsel van selfregerende swart, wit en (waarskynlik) gemengde state in hierdie groot sub-kontinent sekerlik sou beweeg in die rigting van 'n vorm van vrywillige Federasie, verdragsorganisasie of Gemeenskapsmark soos die Wes-Europese state tans leer skep.

3.3 LOUW OOR DIE KLEURLINGE

Wat blankes se houding teenoor die kleurlinge betref, het Van Wyk Louw veel verder gegaan as M.E.R. Sy standpunt oor dié volksdeel wie se hooftaal ook Afrikaans is nes dié blanke Afrikaners s'n, word nêrens duideliker gestel as in sy Voorwoord tot D.P. Botha se Die opkoms van ons Derde Stand nie. Reeds in die tweede paragraaf verklaar hy kategories: "Die Bruinmense is óns mense, hóórt by ons" (Louw 1986b : 623). Louw praat van "my volk, Blank en Bruin". Dit kan net beteken dat hy die laasgenoemdes as deel van die Afrikaanse volk beskou. Hy getuig van sy "hartstogtelike wil" dat hierdie volk en sy taal, Afrikaans, in Suid-Afrika sal bly voortbestaan (Louw 1986b : 623). Hy wil die bruinman sien in hoë poste - bowenal as gewone mens tussen sy mense (Louw 1986b : 623). Op etiese en Christelike gronde kan geen beswaar teen Louw se mening ingebring word nie. Aangesien die bruinmense reeds 'n persentasie wit bloed het, lyk dit teoreties onregverdig om verdere bloedvermenging met blankes te belet. Gedurende die eerste anderhalf jaar ná die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike was daar 1100 gemengde huwelike. Verbastering sal die blanke Afrikaner sy historiese volksidentiteit laat prysgee, al beweer

Van Wyk Louw dat "hierdie hele woordspel met kleur" natuurlik net spel is, omdat kultuur die bindende of skeidende faktor tussen mensegroepe is. Louw stel sy saak haas onweerlegbaar sterk, maar hy gaan nie in op die logiese gevolge van wat hy bepleit nie. Hy maak homself dus ook skuldig aan "going forward in faith", 'n mistasting waarvan hy J.H. Hofmeyr jr. en ander liberaliste beskuldig (Louw 1986a : 506). Louw vra ook in die Voorwoord sy swart landgenote om nie die bruin mense te verag nie. Die witmense en die bruinmense besit immers 'n deel van hierdie land wat nooit aan swartes behoort het nie.

Van Wyk Louw sê elke denker moet sy "problematiek in konkrete situasies ... uitdink". So moet die godsdienstige apostel van die liefde sê hoe hy die liefde toepas op die vyand, op ongelowiges en op sy huisgenote; ook hoe hy dit regkry om sowel die swart mense as die Afrikaners lief te hê. Hierdie wêreldprobleem wat ook Suid-Afrika s'n is, leer volgens Louw die intelligente mens hoe "onhanteerbaar gekompliseerd die wêreld is" (Louw 1986b : 617). En voeg hierdie denker wat trag om sy landsprobleme "wortel toe" te "kloof" ("Die beiteltjie"). "... dis hier eers waar die ware dink begin" (Louw 1986b : 616,617). Tog behoort die ingewikkeldheid 'n uitdaging vir ons intellek te wees en moet ons dit probeer oplos met "die gees van humaniteit en billikheid, redelikheid, wat ons Weste se eintlike bydrae tot die wêreldgeskiedenis is" (Louw 1986b : 618,619).

Hier is Van Wyk Louw die helder denker, teoreties, logies, maar ook prakties, die man wat in die aangesig van die haas onoorkomelike, steeds bly glo aan die mag van die denke, terwyl 'n nuwer geloof is dat alles deur onderhandeling opgelos kan word.

Louw skryf in sy Voorwoord tot <u>Die opkoms van ons Derde Stand</u> (1960) dat "hierdie hele woordspel met kleur" net spel is, omdat kultuur die bindende of skeidende faktor tussen mensegroepe is (Louw 1986b : 624). Soos in paragraaf 3.1 aangetoon het Louw onder die hoof "Liberalisme" in sy artikel "Vegparty of polemiek" in <u>Standpunte</u>, Oktober 1946, gewys op die liberalisme se ernstige fout om kleurverskille af te maak as "'n blote nuanse van pigmentasie" (Louw 1986a : 504). Louw se standpunt oor kleur in 1946 rym nie met dié van 1960 nie.

## 3.4 OOM MAER WILLEM

Miskien het Van Wyk Louw sy finale gevolgtrekking oor volkereverhoudings in Suid-Afrika by monde van sy ou oom Maer Willem verwoord: "Ja, jong: jy en

neef Jafta sal nog eendag op julle stuk van die plaas boer en vir buurman op die lyn groet en sê: 'Dag, oom Dingaan'. En vir ons predikant het ek al gesê: 'Dominee!! Daar lê nog dink-kopbeen vir ons voor!' Want kyk dis nie kleur alleen wat tussen ons lê nie; as ons almal in hierdie land - swart, wit en bruin - op 'n oggend wakker word, en almal is (deur 'n beskikking) groen - dan sal die Here ons nog volgens stam en taal en volk en nasie aan ons nekvel moet uitlig en lêplek gee" (Louw 1986a : 410).

'n Mens is in die versoeking om te wonder of elkeen in sy aangewese lêplek sal berus.

4. J.C. STEYN EN MENSLIKE GRENSE

In Steyn se Op pad na die grens is die groot aantal Afrikaner-karakters almal op pad na die grens - die grens tussen Suid-Afrika en sy vyandelike buurstate, die grens tussen lewe en dood, die grens van dreigende rewolusie. A.P. Brink meen "die afstande wat mens en mens kan skei as gevolg van onbegrip en liefdeloosheid" is die essensie van wat die boek as geheel sê "oor die tragedie van die apartheid tussen mense wat mekaar nie begryp nie: mense wat ewig op pad is na die grense wat hulle skei, maar wat so selde daardie grense oorskry" (Tydskrif-Rapport, 31 Oktober 1976).

4.1 GEEN OPLOSSING

Anders as M.E.R. en Van Wyk Louw probeer Jaap Steyn nie 'n oplossing aanbied vir die probleem van volkereverhoudinge nie. Deur middel van veral die verhaal "Die meide" en "Na 'n gesprek oor apartheid" in genoemde bundel, verken hy die ironiese optrede van verligtes en verkramptes, en die kompleksiteit van die kleurprobleem in Suid-Afrika. In eersgenoemde verhaal red die verkrampte boer 'n swart vrou en haar kind, terwyl die twee verligtes bevrees op die rivierwal staan.

In laasgenoemde verhaal is 'n dagboekskrywer, Johannes Cornelius Steyn, "Na 'n gesprek oor apartheid" aan die woord. Hy beskou dit sy plig om in ons tyd "iets te help doen om die polarisasie tussen blank en nie-blank teë te werk" (Steyn 1976 : 71). Ongelukkig bereik hy presies die teenoorgestelde.

Nadat hy en sy nooi Maryna na 'n Geloftefeestoespraak geluister het deur 'n "dierbare omie" wat oorsee "swartmans en witmeisies hand om die lyf" gesien het "en partykeer ... in die kinderwaentjies" die produk daarvan, betoog die dagboekskrywer dat wit en swart nie samewerking op 'n "goedgelowige naïwiteit"

kan baseer nie omdat "waardesisteme kultureel, selfs nasionaal bepaald is en in belangrike opsigte van mekaar kan verskil" (Steyn 1976 : 76). Wat die dagboekskrywer sê, stem ooreen met Steyn se uitspraak in 'n persoonlike brief aan my op 15 Junie 1986, dat naamlik die opgaan van die blankes in 'n swart gemeenskap vir hom steeds onaanneemlik is.

'n Insident waartydens Steyn onomwonde fokus op die verhouding tussen wit en wit, wit en swart, vind plaas wanneer hy en Maryna gedurende die Kersnaweek haar mense besoek. Steyn en 'n aangeklamde swartman, Simson, kry woorde oor 'n "krismisboks". Dieselfde aand bots Steyn en Herman omdat lg. klein apartheid verdedig terwyl Steyn aanvoer dat die geloof dat Gam se kinders vervloek is tot diensknegte van die blankes, "str... praatjies" is (Steyn 1976 : 82). Die saak loop op handtastelikhede uit. Voor hy vertrek, sê Steyn dis die Afrikaner se ondergang dat hy hom nie kan indink "hoe mense van ander rasse swaarkry nie!" (Steyn 1976 : 83). Langs die pad word hy deur swartes, onder wie Simson, oorval en beroof. Hulle beskuldig hom van ontug en hy word gevonnis. Toe die geleentheid hom voordoen, skiet hy Simson en die swart vrou en word galg toe gestuur. Dis ironies dat dit juis Simson is wat by die motorhawe vir Johannes Steyn gesê het: "Ons kan nie sonder die witman klaarkom nie, ons werk vir hom, hy is ons baas" (Steyn 1976 : 78).

Hierdie tragedie onderstreep die ingewikkeldheid, die onoplosbaarheid selfs van 'n rasse-situasie binne die fiktiewe woordwêreld, en is onmiskenbaar 'n heenwysing na die werklike situasie in Suid-Afrika. Dis die situasie self, soos Elize Botha aantoon:

"So digby die Suid-Afrikaanse aktualiteit, die koerantwerklikheid van ons dag, beweeg die dagboekskrywer ... dat 'n mens ...soms skaars die buiteblad van die boek tussen die bladsye en die werklikheid kan inkry (Tydskrif vir Letterkunde Mei 1979 : 17).

Anders as die meeste ander verhale in hierdie bundel eindig hierdie een sonder 'n sprankie hoop. Wanneer die Afrikaner teen ander Afrikaners of teen Engelse te staan kom, is daar soms 'n verlossende laaste woord, maar wanneer dit die Afrikaner teen talryker swartes is, loop hy hom was "op die verkeerde plaaspad in die verkeerde eeu met die verkeerde mense ..." (Steyn 1976 : 92).

## 4.2 DIE LAASTE DINGE

In Dagboek van 'n verraaier sien Kobus, die dagboekskrywer, in sy verbeelding hoe die vyand seëvierend marsjeer "deur Maitlandstraat, Voortrekkerweg,

Empireweg en Jan Smutslaan ... Die beskawing is dood, lewe die barbare!" Vir 'n denkbeeldige makker sê hy hulle kan nou nog net veg "vir 'n stukkie Suid-Afrika waar hulle Afrikaans kan praat". Hulle veg vir 'n "Afrikaanse tuisland, vir 'n Afrikanerstan". Dis te laat om vir 'n "Boer-en-Hotnot-stan" te veg (Steyn 1978 : 92). Die dagboekskrywer beweeg in die gees nou steeds verder weg van Anton, die verligte teoloog. Hy dink aan die Boeregeneraal wat in 1902 gesê het die gestorwenes en die ongeborenes roep ons toe om alles te vermy wat kan lei tot die ondergang en uitroeiing van die Afrikanervolk (Steyn 1978 : 93). Ook sy ouma se sterfbedwoorde skiet Kobus te binne: "...jy sal nie altyd weet of iets reg of verkeerd is nie, maar dan sal jy tog op een of ander manier weet: 'n Afrikaner maak nie so nie of hy doen dit juis ... Moet nooit 'n Hanskakie word nie , moenie dat jou kinders eendag klein Ingelsmantjies word nie" (Steyn 1978 : 31).

By sy volgende besoek aan Anton hoor Kobus dat hy 'n swart meerderheidsregering en 'n verbod op Afrikaans met goeie oë sal aansien. Nou weet Kobus die waarheid. In sy verbeelding sien hy hoe 'n Lord Charles Somerset II "One Azania, one nation, one language" propageer. "Moenie spuug of Afrikaans praat nie. I may not speak Dutch". Dan bely Kobus: "So kom mens dan by 'die letzten Dinge' waaroor W.E.G. Louw geskryf het: vir my is dit volk en taal" (Steyn 1978 : 105).

Jaap Steyn, die "derde" geslag van die trio M.E.R., Van Wyk Louw en hyself, is in 1938 gebore. Hy was dus 32 jaar lank tydgenoot van Van Wyk Louw wat in 1970 oorlede is, en 37 jaar tydgenoot van M.E.R. in 1975 oorlede. Louw het nie soos M.E.R. die twee Vryheidsoorloë en die Jameson-inval beleef nie en Steyn het op sy beurt nie soos Louw die Eerste Wêreldoorlog, die politieke stryd tussen Smuts, Botha en Hertzog en die aanloop na die Tweede Wêreldoorlog beleef nie. Al drie was onderworpe aan Engels-liberale invloede, Louw en M.E.R. van kindsbeen en aan die Kaapse Universiteit. Tog het beide betreklik vroeg in hulle lewens besluit om aan Afrikaans en die Afrikaner se kant te staan. Anders as Louw wat in 'n Sap-huis op Sutherland grootgeword het, en M.E.R. op dr. William Robertson se "Engelse" Swellendam, het Steyn in die hart van die Rebelle-wêreld in die Noord-Vrystaat grootgeword. Later sou hy in Nederland met liberaliste kennis maak.

## 4.3 PRELLER SE INVLOED OP STEYN

Hoewel Gustav Preller meestal vir Sap - of V.P.-koerante geskryf het, was hy 'n Afrikaner van formaat wat 'n groot invloed op Steyn se denke uitgeoefen het. In die <u>Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis</u>, 1988,

2(1) het Steyn 'n artikel oor "Gustav Preller en die weerstand teen assimilasie" geskryf.

Dit blyk uit koerantknipsels in die Preller-versameling in die Transvaalse Argiefbewaarplek dat Preller baie belang gestel het in die rassevraagstuk, die verskille tussen rasse en die eugenetika. Preller was verbaas dat die mens wat diere en plante selektief teel, nie die proses ook op homself toepas nie. Hy wys daarop dat die Voortrekkers "die vloekwaardige nadele van bloedvermenging" geken het. Hy glo "bloed, ras, teelt laat hul op die duur gelde, net so seker as die mens leef. Duisendmaal liewer 'n rasperd (sic) as 'n bossiekop" (Steyn 1988 : 47). Preller herinner daaraan dat Smuts die blankes van Suid-Afrika gewaarsku het teen die gevaar van "ondergaan in die welsand van Afrikaanse naturelle-bloed".

Preller sien voorts 'n noue verband tussen gelykstelling en bloedvermenging; "daarom sluit ons iedere vorm van gelykstelling en alles wat na gelykstelling sweem, totaal uit" (Steyn 1988 : 48).

Preller het selfs in 'n mate skepties teenoor die sending gestaan en "sendingdrywery" in Kaapland as een van die oorsake van die Groot Trek genoem. Ook het hy in Ons Vaderland 'n dokument gepubliseer om te bewys hoe blankes in die omgewing van Grahamstad gedwing is om hulle Kaffers in hulle kerke toe te laat. Hy beweer dat ons voorouers geen beswaar teen die kerstening van swartes gehad het nie, "maar hulle wou nie gedwing word ... om die naturel op gelyke voet in hulle kerke te ontvang nie".

Preller glo dat die openbare mening nie in staat is om rassevermenging te voorkom nie; "daarom waag ons dit om te veronderstel dat dit nie 'n genoegsame middel is om sulke huwelike in die toekoms te verydel nie" (bl. 49). Hy bedoel klaarblyklik dat toepaslike wetgewing noodsaaklik is.

Preller was ook profeet, want hy vrees dat oorbeskawing 'n pap en ruggraatlose Afrikanergeslag kan voortbring wat dan uit "pure slegtigheid" kan besluit om onder te gaan in die "welsand van naturellebloed".

## 5. DEGENAAR SE VISIE VAN DIE "NUWE SUID-AFRIKA"

Op 'n vergadering van Konflikresolusiedienste in die Paarl in September 1991 het Degenaar in sy toespraak gesê hy wil "die kontroversiële aard van die woord nasie aantoon en die wenslikheid van die strewe na 'n Suid-Afrikaanse nasie ondersoek en problematiseer" (Degenaar 1991 : 43). Hy verkies 'n

inklusiewe definisie van die Afrikaner: 'n Afrikaner is 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner. In hierdie definisie word die rasse-konnotasie weggelaat.

Volgens Degenaar hou "eksklusiewe Afrikanerskap" die begrip van die Afrikaner se ras- en klasmeerderwaardigheid in, bedoelende die Afrikaner is nie die mens van Afrika (Afrikaan dus) nie, maar Afrikaner, die witmens van Afrika (Giliomee 1975 : 49, aangehaal deur Degenaar 1991 : 45). Degenaar wys daarop dat beide Van Wyk Louw en Jan Rabie "inklusiewe Afrikaner"-voorstanders is, terwyl Gerrit Viljoen in 1978 geskryf het dat die Afrikaner sonder die behoud van rassesuiwerheid nie meer Afrikaner is nie. Hier moet van Degenaar verskil word. Louw het nooit by enige geleentheid met "inklusief" die insluiting van die swartes in 'n eenheidstaat bepleit nie. Ook is die kwessie of Viljoen nog sy 1978-uitspraak handhaaf, 'n ope vraag.

In die verbygaan verwys Degenaar na die nuwe benaming Boer deur Robert van Tonder (Degenaar 1988 : 45) wat volgens hom 'n veel deurlugtiger naam as Afrikaner is, 'n skeldnaam wat hy vir die Afrikaanssprekende South Africans van die Suide afsonder, vergetende gerieflikheidshalwe dat 10 000 van hulle in 1899 - 1902 as rebelle aan Republikeinse kant geveg het. Volgens Degenaar staan die Afrikaner nou voor drie keuses: afsondering in 'n blanke tuisland, die behoud van politieke mag in die R.S.A. buite die swart tuislande, of 'n bydrae tot 'n demokratiese toekoms in die "nuwe" Suid-Afrika waar vele tale en kulture gerespekteer word (Degenaar 1991 : 46).

Degenaar bespreek vervolgens die begrip "nasie". Na die Nasionale Party se 1948-oorwinning word apartheid die ideologie en 'n multi-nasie -oplossing aan Suid-Afrika opgedwing. Toegegee, in die jare dertig het ook die S.A. Kommunistiese Party so 'n multi-nasie -oplossing bepleit.

'n Vier-nasie-oplossing sou berus op vier groeperinge, nl. wit, swart, bruin en Indiër (Degenaar 1991 : 49).

Die twee-nasie-oplossing moet volgens Giliomee, aangehaal deur Degenaar, vir eers op die kort termyn in Suid-Afrika aanvaar word, omdat Afrikanernasionalisme en swart nasionalisme nie sal verdwyn deur die bestaan daarvan te ontken nie (Degenaar 1991 : 50).

Die A.N.C. se amptelike beleid is die konsep van 'n nasie wat alle bevolkingsgroepe insluit, maar in ons multi-kulturele bevolking sal die "een-nasie-oplossing" op ernstige probleme stuit (Degenaar 1991 : 51).

Wat Degenaar "Nasie Twee" noem, berus op die hele Suid-Afrikaanse bevolking se gemeenskaplike lojaliteit aan 'n "transcendente" faktor soos 'n gemeenskaplike kultuur wat bestaande kulture moderniseer; 'n klaslose samelewing; en vierdens 'n konstitusie wat opgestel word deur al die betrokke groepe. Degenaar vat hierdie vier transcendensies saam as "gemeenskaplike kultuur, modernisasie-kultuur, sosialistiese kultuur en demokratiese kultuur (Degenaar 1991 : 51).

Degenaar stel voor dat almal in Suid-Afrika afsien van taalgebruik soos "nasie" en "nasionalisme". Gepraat moet word van 'n "demokratiese kultuur wat etniese kultuur kan ontpolitiseer" (Degenaar 1991 : 57).

Degenaar kies teen die Franse Rewolusie deur sy afwysing van die mite van die nasie. Oppergesag (soewereiniteit) kom die konstitusie toe en nie die nasie nie (Degenaar 1991 : 58). So bou ons 'n "regverdige staat met gemeenskaplike burgerskap en wedersydse respek vir kulturele tradisies". Degenaar vorder die Afrikaner op om homself inklusief te definieer sodat die Afrikaanse taal, en nie ras nie, sy sentrale karaktertrek word. Hy wil nie hê dat die Afrikaner wegvlug na 'n tuisland nie, maar met sy kultuur 'n bydrae lewer in 'n gemeenskaplike nuwe Suid-Afrika (Degenaar 1991 : 59). Die Afrikaner moet met sy sterk kultuurbewustheid help om 'n demokrasie te bou waarin alle kultuur groepe "geakkommodeer" word in die sin van "hartlik verwelkom" en nie net "getolereer" word in die sin van "verdra" nie (Degenaar 1991 : 59,60).

As die woord "nasie" dan tog vir 'n groep swart, bruin, wit en Indiër-inwoners gebruik word, moet dit in "sagte sin" wees as verwysend "bloot na 'n staat met sy inwoners onder een regering georganiseer" (Degenaar 1991 : 60).

Op Maandag, 28 September 1992, het ek 'n onderhoud met prof. Degenaar in sy woning op Stellenbosch gevoer. Ek het hom uitgevra oor sy siening van 'n moontlik haalbare nuwe Suid-Afrika. Hy is gekant teen 'n unitêre staat waarin die wenner met alles wegloop. Hy is honderd persent vir onderhandeling. Hy het groot simpatie met mnr. F.W. de Klerk want hy is onder "drie drukke", deur naamlike die A.N.C., 'n sterk groep blankes, en van oorsee. Mnr. Mandela is wat druk betref, sowel uit eie geledere as van oorsee, nie in 'n veel gelukkiger posisie as mnr. De Klerk nie.
Prof. Degenaar is 'n voorstander van proporsionele regering sodat die party wat die onderspit delf ook 'n mate van seggenskap kry wanneer wette bv. gemaak word. Hy glo voorts in regionalisme, 'n handves van menseregte, 'n onafhanklike regbank en 'n tweede kamer van verteenwoordigers. Die eerste kamer moet nie in staat wees om aan die streke voor te skryf nie. Naas die staat moet daar 'n burgerlike samelewing wees met politieke implikasies.

6. SLOT

DIE VIERTAL SE GEMEENSKAPLIKE TAAK

Dit lyk nie of J.C. Steyn 'n oplossing vir die wit-swart probleem sien nie. Die dagboekskrywer praat wél van 'n Afrikanerstan, want vir 'n "Hottentots-Holland" is dit te laat. Louw bepleit 'n verdeling van Suid-Afrika in twee dele: een vir wit, bruin en Indiër, en die ander vir die swartes. M.E.R. voorsien 'n uiteindelike stryd van die blankes teen 'n oprukkende swart Afrika.

M.E.R., Van Wyk Louw en Degenaar sowel as Steyn is voorstanders van begrip en hoflikheid oor die grense van ras en kleur. Al vier is pleitbesorgers vir Afrikaans en die Afrikaner, sy dit dan nie altyd langs dieselfde weë nie. In die lig van hulle bemoeiinge vir "volk en taal" kan die slot van Van Wyk Louw se "Ons moet die bitter taak" op hulle strewe van toepassing gemaak word:

"Ons vra geen einde vir ons diens, of rus
vir ons, want ons weet dat erns en tug en trots
en ál wat hoog is, alles wat 'n lewe
mooi laat voer, soos glans is vir die blinde
aan dié wat óm ons spoel, die veles ...
... Maar tussendeur loop ons 'n vreemde pad
wat nie begryp word, en sonder hoon of wrok,
want deernis is die wese van ons taak,
en die hoë wete dat ons, afgeskei,
nog diep verwant is aan hul blinde pyn.
Ons het alleen ons werk, en nêrens deel
aan wat hul waarde noem. Ons ken die swye,
ons hou net enkele woorde tot 'n wet
wat onverbiddelik is, deursigtig, klaar;
en trou alleen aan die hoogste wat ons ken,
meer as aan vriend of broer, dat ons die Edele
en Kosbare veilig deur die skare dra.
("Die halwe kring", p. 50-51. Geskryf Januarie 1937).

# HOOFSTUK 10

# MY BESKEIE DEEL, OUTOBIOGRAFIE VAN 'N AFRIKANERVROU

## 1. BEGRIPSOMSKRYWING

Die reëls uit die gebed van Agur, Spreuke 30 vers 8, onmiddellik ná die titel van die boek, is 'n toespeling op My beskeie deel:

Armoede of rijkdom geef mij niet;
voed mij met het brood mijns bescheiden deels.

Louisa J. Harley meen beskeie kan toegewese of beskore beteken, want dié betekenis word o.m. aan bescheiden gegee in Van Dale se Nieuw Handwoordenboek der Nederlandsche taal, p. 188 (Harley 1985 : 104). Louis Segond se Franse Bybel lui só: "Accorde-moi le pain qui m'est nécessaire", m.a.w. "vergun my die brood wat nodig is". Dit stem ooreen met die 1983-Afrikaanse vertaling: "Gee my net die kos wat ek nodig het". Die 1933-53-Afrikaanse vertaling stel Harley in die gelyk: "Laat my geniet die brood wat vir my bestem is". Die Holy Bible, New International Version sê: "... but give me only my daily bread". Terwyl Moffatt se vertaling só lui: "But feed me with the food I need", sê Die Lewende Bybel: "Gee my net genoeg om te eet".

M.E.R. se "beskeie deel" kan dus beteken toegewese, toegestane of beskore deel; of miskien ook "deel van elke dag; dalk die deel wat ek nodig het om die lewe elke dag die hoof te bied".

M.E.R. was baie geleerder as wat sommige geleerdes, o.m. prof. J.J. Smith, gedink het (M.E.R. 1976 : 35,36), en was sekerlik bewus van die betekenisse van die Middelnederlandse bnw. en byw. "afgeskei, eensaam; met rede begaaf; verstandig; matig; duidelik aangewese; duidelik" (Verdam 1979 : 80).

Indien M.E.R. se outobiografiese vertelling in sy volle omvang in ag geneem word, en die feit dat die skryfster verduidelik hoe sy na vele omswerwinge eindelik insig in haar werklike vermoëns en dus haar lewenstaak gekry het, dan lyk duidelik aangewese na 'n aanvaarbare weergawe van beskeie in die titel. Anette Pieterse meen egter My beskeie deel beteken M.E.R. se betrokkenheid, in beskeidenheid meegedeel, aan 'n stuk volksgeskiedenis. Dis 'n eenvoudige verklaring, en dalk nog die korrekte (Pieterse 1984 : 59).

## 2. IS DIE OUTOBIOGRAFIE LETTERKUNDE?

Hierdie vraag hoef nie oor My beskeie deel gevra te word nie. Die verhalende karakter daarvan, tesame met die vormgewing en styl, maak dit een van die juwele in die Afrikaanse literatuur.

Met beklemtoning van die kreatiwiteitsbeginsel sê Gasdorf "outobiografie is altyd kuns, nooit die waarheid nie, want die ontdekking van 'n samebindende struktuur in die lewe is 'n skeppingsdaad" (Drake 1983 : 383, aangehaal deur Harley 1985 : 21). Boonop dra M.E.R. se sensitiewe en sintuiglike waarneming van al die plekke waar sy gewoon en gewerk het by tot die inligtende waarde van haar boek (Harley 1985 : 4). In haar vertelling volg M.E.R. die reglynige patroon waarvoor, volgens Burton Pike, die natuurlike lewensorde vra: die verhaal van Jan en alleman wat gebore word, wat ly en wat uiteindelik sterf (Harley 1985 : 153,154).

## 3. KENMERKE VAN DIE OUTOBIOGRAFIE

### 3.1 INTIMITEIT

Volgens Roy Pascal sal die outobiograaf ons vervreem as hy ons probeer beïndruk met sy moraliteit of sy prestasies, maar hy verower ons harte deur ons toe te laat tot sy innerlikheid. Henry James, die terughoudende, effens ironiese skrywer, hou jou op 'n afstand, maar in sy drie outobiografiese bande neem hy jou nie alleen in sy vertroue nie, maar skyn dit amper of hy hom op jou begrip beroep en bly is oor hierdie intieme omgang (Pascal 1985 : 1).

M.E.R. was blykbaar nooit terughoudend of afsydig teenoor die medemens nie. Aan die ander kant is daar ook nie sprake van oor-intimiteit nie. Sy skryf bondig maar sonder om doekies om te draai oor haar mislukte huwelik, en verwys na die goeie raad van Willem van Oranje wat iemand haar gegee het toe sy deur 'n "donker dal" moes gaan (M.E.R. 1976 : 152,153). "Openhartig" beskryf M.E.R. se biografiese vertelling beter as "intiem".

### 3.2 WAARTOE DIE OUTOBIOGRAFIE IN STAAT IS

Bonamy Dobrie het outobiografieë beskou as die mees betowerende boeke en soms kunswerke. Volgens Roy Pascal is die outobiografie oorspronklik 'n Europese kunsvorm waarin die geestelike identiteit nagespeur word soos dit uitdrukking vind in wat Misch die "konkreet beleefde werklikheid" noem. Toegegee dat die

indiwidu onuitspreeklik is; tog kan hy deur homself uitgesê word in sy opeenvolgende botsings met die werklikheid (Pascal 1985 : 2).

Die eielewensbeskrywing kan ook 'n waarskuwing tot die werklike leser rig. Haydon het sy biografie vir die student geskryf om hom te wys hoe om beproewing en teleurstelling te verduur deur die noodlottige gevolg daarvan aan te toon "in myself wat dit nie verduur het nie" (Pascal 1985 : 4).

M.E.R. se outobiografie is op versoek van J. du P. Scholtz geskryf en ek glo nie M.E.R. het mense ooit doelbewus probeer verbeter nie. Sy vertel dat sy "in later jare meer as een maal deur 'n wanhopige vrou om raad gevra (is) omtrent egskeiding". Sy was geneig om 'n egskeiding af te raai, maar aan die ander kant is 'n lewe saam in onmin, teensin, haat en veragting skadelik en rampsalig vir ouers en kinders. Ten slotte het M.E.R. gesê: "Julle moet maar self die ding in die gesig kyk soos dit is, self bereken, self besluit" (M.E.R. 1972 : 162). Dis kenmerkend. Sy was altyd simpatiek, maar nooit voorskriftelik nie.

Die doel van M.E.R. se skryfwerk was, soos aangetoon, om uit te vind watter stof daar in die Afrikaner sit, waar dit vandaan kom en wat dit laat ontwikkel het. Sy het geredelik aan prof. Scholtz se versoek voldoen om haar outobiografie te skryf, en so te verhoed dat baie kennis van verbygegane dinge vir goed verlore gaan (M.E.R. 1972 : 4).

## 3.3. DIE OUTOBIOGRAFIE GEDEFINIEER

In die ware outobiografie word die aandag op die self bepaal, in die memoir of herinnering op ander (Pascal 1985 : 5). Hiervolgens sou dit korrekter gewees het as <u>My beskeie deel</u> se ondertitel <u>Outobiografiese herinneringe</u> in stede van '<u>n Outobiografiese vertelling</u> was.

Die outobiografie gaan om die weeropbou van die gang van 'n lewe, of deel van 'n lewe, in die werklike omstandighede waarin dit beleef is. Die belangesentrum daarin is die self, nie die buitewêreld nie, hoewel laasgenoemde moet verskyn sodat die persoonlikheid in die gee en neem daarmee sy besondere gestalte vind... Die skrywer neem 'n bepaalde standpunt in, die standpunt van die oomblik wanneer hy terugskou op sy lewe, en sy lewe daaruit verklaar. A.M. Clark se outobiografie is nie die annale van 'n man se lewe nie, maar die wysgerige geskiedenis daarvan. Goethe het sy outobiografie <u>Poësie en waarheid</u> genoem omdat hy wou onderskei tussen die werklike feite van sy jeug en die vertolking daarvan deur die ou man wat dit beskryf (Pascal 1985 : 9).

Slegs wanneer iemand 'n betekenisvolle standpunt oor die eie lewe kan inneem, is hy geregtig om 'n outobiografie te skryf. In My beskeie deel word M.E.R. se oomblikke van insig en helderheid duidelik beskryf: aan die Kaapse Universiteit het sy vaagweg die gees van die voorouer in haar voel roer toe tyding van die Jameson strooptog gekom het (M.E.R. 1972 : 91); voorts toe sy haar eintlike lewenstaak nl. skryf en sosiale werk ontdek het (M.E.R. 1972 : 200).

Die outobiografie is 'n wisselwerking, 'n samewerking tussen die verlede en die hede. Die beduidendheid daarvan is eerder die openbaring van die teenswoordige stand, as die blootlegging van die verlede (Pascal 1985 : 10). Die waarde van 'n outobiografie is ten slotte afhanklik van die kwaliteit van die skrywer se gees. 'n Verslag van persoonlikhede, gebeurtenisse en omstandighede is maar die raamwerk, in sekere sin die beliggaming van die skrywer se persoonlikheid as iemand wat verpand is aan die lewe (Pascal 1985 : 19). Die werklike leser moet vrygestel word van historiese dokumente en hulle noukeurigheid al dan nie, om hom in die gehalte van die sentrale persoonlikheid te kan verkneukel (Pascal 1985 : 20). M.E.R. se beskouing van historiese figure soos Kruger, Steyn, Hertzog, Smuts, Malan en Langenhoven is inderdaad tegelyk 'n onthulling van haar eie wese, haar gebalanseerde oordeel en bowe-al haar liefde vir dié Afrikanerleiers wat onbaatsugtig hulle kragte aan volk en taal gewy het.

Volgens Pascal is daar geen finale waarheid oor 'n mens nie. Ook die outobiograaf verander namate hy met sy eie lewensbeskrywing vorder. Montaigne het gesê hy het nie so seer sy boek gemaak as wat sy boek hom gemaak het nie. Biografieë moet soms ná jare herskryf word, maar omdat die outobiografie ons daardie unieke waarheid omtrent die lewe weergee soos van binne gesien, het dit geen plaasvervanger of mededinger nie (Pascal 1985 : 195).

Die volgende taksering van die "navolgenswaardige vorm van outobiografie" deur G. Misch is volgens Harley "by uitstek van toepassing" op M.E.R.: "... wanneer 'n outobiografie onafhanklik geskryf word deur 'n persoon van buitengewone kaliber uit sy eie lewe en deur die aanwending van sy eie gawes, lewer dit 'n pragvoorbeeld van aanbieding - die eietydse beskouing blootgelê in die styl van 'n hoogstaande indiwidu wat self 'n rol gespeel het in die vorming van die gees van sy tyd" (Harley 1985 : 173).

In The watcher on the cast-iron balcony, aangehaal deur Harley, skryf Porter: "Niemand behalwe ekself sal weet of 'n leuen vertel word nie; daarom moet ek die waarheid nastreef wat die bloed en die adem en die senuwee van die

uitvoerige en onbelangrike feite is" (my vertaling). Nêrens in My beskeie deel is daar die minste aanduiding dat M.E.R. die waarheid spaar of dit in mooi voue probeer lê nie. Sy pas inderdaad 'n strawwer toets op haarself toe as op enigiemand anders.

Harley wys op een bewering van M.E.R. wat sy in twyfel trek. M.E.R. sê naamlik haar "allervroegste herinnering is van myself op die stoel by die oop kombuisvenster en dat Gert - Oubaas was sy bynaam - die tak van die appelkoosboom wat oor die pad gehang het, wegstoot om aan te kom huis toe en dat ek toe aan Ma gesê het: 'Kyk, daar's Boetabá!'" M.E.R. sê sy het dit eendag aan haar moeder vertel toe sy al groot was, en dié het gesê sy moes toe twee jaar oud gewees het, "en dat ek dit nie kon onthou het nie. Maar ek het." M.E.R. het geen twyfel hoegenaamd oor die waarheid van haar bewering nie. Harley maak m.i. twee foute. M.E.R. was nie in haar tweede jaar nie - dit beteken tussen een en twee - maar reeds twee, dus enige ouderdom tussen twee en drie. Dan ook word nêrens beweer dat M.E.R. daardie dag al geweet het dis 'n appelkoosboom nie. Sy het die boom onthou en seker later gehoor dis 'n appelkoosboom. Harley se vermoede dat M.E.R. met haar geestesoog gesien het, gaan ook nie op nie, want met geestesoog bedoel M.E.R. die mens se vermoë om 'n toneel weer helder op te roep. 'n Toneel wat jy nie gesien het nie, kan jou geestesoog nie oproep nie.

4. VAN REENEN EN BOUWER OOR M.E.R. IN MY BESKEIE DEEL

Op 29 September 1992 het ek twee intieme vriendinne van M.E.R., en ook saam met mej. Anna Rothmann mede-samestellers van M.E.R. 'n Kosbare erfenis, nl. Rykie van Reenen en Alba Bouwer, opgebel om met hulle te gesels oor die wesenlike M.E.R. soos sy uit My beskeie deel leer ken word. Beide is ook oor baie jare deur M.E.R. se persoonlikheid en haar skryfwerk beïnvloed.

Rykie van Reenen, tans liggaamlik geknak en in 'n rystoel, beskik nog oor al haar skerp insig en vonkelende Afrikaans. Oor M.E.R. is sy steeds opgewonde, en noem haar 'n vrou uit een stuk en daarby in alle opsigte "regskape" - 'n woord waarvoor Rykie baie lief is. Daarby was M.E.R. geseën met 'n gesonde humorsin, was sy 'n mensekenner by uitnemendheid. Gevra wanneer sy dink M.E.R. tot klaarheid oor haarself en haar eintlike lewenstaak gekom het, het Rykie geantwoord: "As Afrikaner, by U.K. toe sy van die Jameson inval gehoor het; later ná haar egskeiding toe sy vrede moes maak dat sy nie vir die huwelik aangelê is nie, dat sy haar 'eie mens' is; ook by haar moeder se dood toe alle onmin tussen hulle twee weggeval het." M.E.R. skryf van "onse moeder

se dood in 1917" wat "my by 'n afbreekpunt gebring het, veel groter as wat ek toe besef het" (M.E.R. 1972 : 187).

Alba Bouwer het gepraat van M.E.R. se "glashelder eerlikheid". Sy wou nie hê mense moet haar verkeerdelik as 'n ortodokse Christen beskou nie. Tant Nellie Lourens het immers gesê: "Miemie is 'n kind van die Here" (M.E.R. 1972 : 159). Destyds was M.E.R. in haar skik daarmee, maar later het sy gevoel die mense moet die volle waarheid weet, nl. dat sy oor baie dinge in die Bybel onseker is, maar troos en onderskraging vind in die Tien Gebooie en die Bergpredikasie, fondamentstene waarop, volgens mev. Roome, die A.C.V.V. gebou is (M.E.R. 1972 : 290).

Alba Bouwer noem 'n ander uitmuntende karaktertrek van M.E.R. wat ook uit <u>My beskeie deel</u> blyk, alhoewel M.E.R. dit nie só bedoel nie. Dit is haar wonderlike liefde vir mense. Toe M.E.R. reeds 75 jaar oud was, het Alba in diepe mismoed haar eendag besoek. M.E.R. het niks gesê nie maar, haar hoë ouderdom ten spyt, op 'n stoel geklim, 'n ou gemmerpotjie van 'n rak afgehaal en dit vir Alba gegee met die woorde: "My kind, as jy hierna kyk, onthou dit kom van 'n geesgenoot". Ook, aldus Alba, het M.E.R. in ruime mate die gawe van onderskeiding van die geeste gehad, wat Paulus een van die vrugte van die Gees noem. So het Rykie van Reenen op 'n dag, voor 'n voorgenome besoek aan M.E.R. op Swellendam, vir Alba gesê: "Nee, ek voel aaklig. Ons moet ons besoek uitstel tot ek beter voel, want Ta Miem met haar X-straal oë sal dadelik agterkom daar is fout met my".

Ten slotte loof Alba M.E.R. as 'n wonderlike formuleerder, soos trouens uit haar taal en styl blyk. Sy sê M.E.R. skryf met 'n "deurskynende eenvoud".

Harley beweer dat M.E.R. selde oor haarself skryf. "Selfanalise, bv. ter verklaring van die rede waarom haar huwelik misluk het, word met groot onttrokkenheid gedoen". Tog word die leser deur haar vertellings indirek beïndruk deur haar erkentlikheid (M.E.R. 1972 : 63), lojaliteit (M.E.R. 1972 : 202), beskeidenheid (M.E.R. 1972 : 278), lewensaanvaarding en -vreugde (pp. 19,39,185) en haar intellektuele vermoëns (hoofstukke 6 en 23) (Harley 1985 : 131).

## 5. <u>MY BESKEIE DEEL</u>: DIE OUTOBIOGRAFIE VAN 'N AFRIKANERVROU

In haar M.A. verhandeling, <u>'n Analise van die outobiografiese en biografiese inslag in 'My beskeie deel' en 'Die swerfjare van Poppie Nongena', met spesiale verwysing na die resepsie-estetika</u>, beweer Anette Pieterse dat M.E.R.

se "lewensverhaal geprojekteer word teen die agtergrond van Afrikanervolkswording". In haar boek word M.E.R., aldus Pieterse, se ontwikkelingsgang gevolg van 'n "arm, leergierige Engels-georiënteerde kind tot by 'n selfstandige, wyse en waardige Afrikanervrou". Saam met haar ontwikkeling loop die wordingsproses van die Afrikanervolk (Pieterse 1984 : 61,62). In hierdie afdeling sal ek die klem laat val op die outobiografiese in die boek, m.a.w. op wat M.E.R. van haarself vertel, asook die kennis wat van haar karakter verkry word deur haar beskrywing van haar ontmoetings en verhoudings met ander mense. Pieterse wys tereg daarop dat net die hoofstukke "Huwelik" en "Lewensbeskouing" oor haarself gaan, terwyl die lys van persoonsname agterin die boek bewys dat dit "eerder om mense en gebeurtenisse sal gaan as om M.E.R. self" (Pieterse 1984 : 58). Pieterse is van mening dat deur middel van voorafgaande inligting oor die ontstaan van die boek die implisiete leser die tafel dek sodat die werklike leser "onbevange M.E.R. se indrukke en beskouings kan aanvaar as komende uit 'n gewershart, met geen ander doel as om hom te verryk met verhelderende brokkies inligting aangaande sy herkoms" nie (Pieterse 1984 : 59).

M.E.R. vertel dat sy op die dag na haar 50ste verjaarsdag (d.w.s. op 29 Augustus 1925) 'n dagboek begin het, maar dit slegs tot op 7 Maart 1926 volgehou het. Daardie selfde dag skryf sy egter: "Het 'n renons in hierdie skrywery gekry: 'n mens verval so maklik in 'n uitpluisery van jouself - 'n sieklike ding" (M.E.R. 1972 : 4). Dit was die eerste les wat die kortstondige dagboek haar geleer het. Die tweede was dat 'n mens nie hartseer dinge moet neerskryf nie, want dit laat ou geneesde seerplekke weer bloei. En dit tap die kragte wat jy nodig het om iets mee uit te rig. Op 'n aand het M.E.R. en Anna so 'n pynlike relaas verbrand! (M.E.R. 1972 : 5).

M.E.R. was hoegenaamd nie van plan om 'n sielkundige ontleding van haar doen en late te gee nie, want sy vertel, met kommentaar natuurlik, wat sy in haar lewe gedoen en ervaar het, en natuurlik van die mense, beroemd sowel as onbekend, wat op die toneel van haar "beskeie deel" verskyn het.

## 6. DIE WESENLIKE M.E.R. WAT UIT MY BESKEIE DEEL BLYK

### 6.1 INVLOED VAN HAAR MOEDER

M.E.R. se moeder het meer as net die lewe aan haar dogter Miemie geskenk. Van haar twee groot swakhede, 'n onbeteuelbare humeur wanneer sy teëgegaan word en 'n "bepaalde onvermoë om met mense saam te werk", het M.E.R. selfbeheersing en inskiklikheid teenoor werkgenote geleer. M.E.R. sê self dat sy en haar broers

en susters hopelik hulle moeder se "onverskrikbare moed, grenslose opoffering behalwe die eie wil, eerlikheid wat alle huigelary en gemeenheid verag het, sterk pligsgevoel, keurige sindelikheids- en ordelikheidsgevoel", geërf het. Sy was boonop vlug van verstand en woord, en het haar kinders onder die kwaaiste teenslae "nog laat uitsien na die tyd wanneer hulle die armoed onder die voete sou kry" (M.E.R. 1972 : 18). Armoede was die groot vyand, maar, so het tant Annie Rothmann gesê, om "te lees en te leer (is) een manier om die vyand die hoof te bied" (M.E.R. 1972 : 19). M.E.R. het haar byna ingebore leeslus en leergierigheid deur oorerwing en voorbeeld van haar moeder ontvang.

## 6.2 M.E.R. LIEFHEBBER VAN DIE WOORD

Van kindsbeen af word M.E.R. betower deur die woord. Hottentotname vir Swellendam plase, bv. Kinko, Koesanie, Crodini, Dipka, Kadie, Napky en Goreeso het in haar ore geklink. Ook die bergbosse met name Wamakersbos, Koloniesbos, Duiwelsbos, Doktersbos en die Hermitiet was vir al die kinders "eindpunte van heerlikheid". Ook kon M.E.R. as kind al begryp hoe 'n enkele woord mense se karakter openbaar. Sy was op besoek by haar niggies, Annie en Ellen, oom Hendrik en sus Nellie se dogters. Met die gebed het oom Hendrik nie "aangeja" nie; dan as almal "bestee" (geplaas) was, het die nagsêery gevolg. Sus Ellie het "Nag, Miemie" gesê maar oom Hendrik, soos vir sy eie dogters, "Nag, my kind". 'n Paar sinne tevore het M.E.R. veelbetekend geskryf: "Veral oom H. was mensliewend" (M.E.R. 1972 : 32).

## 6.3 DIE ONTWAKING EN ONTWIKKELING VAN M.E.R. SE AFRIKANERSKAP

Die Engelse onderwyseresse, mnr. Bowers en ds. Du Toit het hulle bes gedoen om Engels en die Engelse kultuur op Swellendam voorrang te laat geniet. Op die Rynse Instituut wat Duits georiënteer was, is Afrikaanse sentimente eweneens nie gehuldig nie. Daar het M.E.R. matriek en T2 (Second Class Teacher) geslaag. Vir oefening moes sy vyf uur lank per week klasgee in 'n benoude klaskamertjie en vir een van Miss Jurgens, hoof Infants Department, se klassies. Al plesier daaruit was die oorvertel van die kleingoed se gebroke Engels": "Oh, Miss, donjeknow wither is my spuns" vir "O, juffrou, weet juffrou nie waar my spons is nie?" (M.E.R. 1972 : 70).

Aan die Kaapse Universiteit het dit, wat Afrikaans en Afrikanerskap betref, natuurlik nie beter gegaan nie. Tog het al die vernederings van die eie taal en volkwees oor die jare, en dit van Swellendam oor Stellenbosch tot in die Kaap, in 1896 skielik 'n deur haarself onverwagte reaksie in M.E.R. veroorsaak toe die Engelse teenstand teen die Dutch in Leander Starr Jameson se klaaglik

misluke strooptog in Transvaal gekulmineer het. Ruim ses dekades later skryf M.E.R. in die taal wat in 1896 nog in sy kinderskoene was en pas juis byna 'n nekslag toegedien is deur ds. S.J. du Toit se geheulery met Rhodes en Milner, oor haar en Charles de Villiers se ontvangs van die tyding: "Ons het albei, vaag en ver, in daardie Engelse omgewing die voorouers se gees in ons gevoel roer ... Wat daarop gevolg het, weet ek nie meer nie. Daar staan my iets voor van 'n voorneme - ek by my mense! - wat daarvandaan, by my altans, stadigaan in sterkte toegeneem het en nooit verander het nie! (M.E.R. 1972 : 91). Hier kon M.E.R. so maklik haar verbeelding vrye teuels gegee het en herinneringe "geskep" het. In stede daarvan teken sy haarself op daardie oomblik, net soos sy in wese was, byna Engelsman ná die gesamentlike pogings van so vele leermeesters. Sy voeg nog by dat sy nou die saak rustig kan betrag, "want ek skryf nou soos ek wil" - sy doen dit mos op versoek! - "al kom my draaie ook hoe lank. Nou kan ek nagaan hoekom die geërfde gees so vaag was. En ook waarom dit nie heeltemal in my dood was nie" (M.E.R. 1972 : 91).

Haar opvoeding was inderdaad so Engels as kon kom: Engelse leesstof, al haar meesters Engelse behalwe die Nederlanders wat ook vreemdelinge gebly het; "nêrens 'n Afrikaanse woord om my te hoor nie behalwe af en toe Flippie van der Merwe wat nie graag Engels gepraat het nie.. Van kleins af het duisend drukkinge dit op my ingestempel dat wat Engels is, goed is; wat Afrikaans is, minder goed; ek het geleer glo aan British fairplay, British justice, British honour, the English gentleman - en ek het dit ook alles eerlik en goedertrou geglo. Dit was geen wonder dat die gees van my vader, my oupa en oupagrootjie Rothmann vaag hoorbaar in my was nie". M.E.R. voeg by dat Jameson se vermetelheid die gevolg van die slapheid van so baie Engels gebreinspoelde Afrikaners was (M.E.R. 1972 : 92).

Op dié stadium, na al die jare, is M.E.R. in staat om die rede aan te dui waarom sy daardie dag die opwelling van Afrikanergevoel in die binneste ervaar het. Sy het naamlik in haar groeityd voeding gekry uit veel dieper bronne as "die skool, die kerk, die leesstof, die Engelse kultuur en die Engelse oorheersing", want haar huistaal was "Afrikaans, uit die bodem gevorm, uit die dieptes voedend". Haar oorlede vader se vriende se "gesinsleefwyse (was) op die ou Patriotpatroon gevorm". Die gevoel dat sy by hulle tuishoort en nie by die "Engelse aanknopings" nie, het M.E.R. bygebly. Haar broer Frits, Afrikaner van die daad en krygsman dwarsdeur die Engelse Oorlog, was haar Afrikaner-leidster. Hulle ander, Lettie en Annie en Hendrik, "was nie soos Frits nie, nie in ridderlikheid nie, nie in onselfsugtigheid nie, nie in getrouheid nie, maar so ver dit in ons was, was ons aan hom getrou" (M.E.R. 1972 : 92, 93).

Een van haar kollegas, mnr. Oakshott, denkbeeldige M.A. van Oxford en vader van twee fiktiewe dogtertjies, het M.E.R. se voete onder haar uitgeslaan, o.m. ook omdat hy "innig oortuig was dat Engeland groot onreg gepleeg het met die oorlog teen die republieke. Hy was pro-Boer ..." (M.E.R. 1972 : 145).

Beskou 'n mens M.E.R. se loopbaan oor baie jare, dan besef jy dat sy 'n spesiale kaliber Afrikaner was. Van Wyk Louw het op 13 November 1953 aan 'n "Beste vriend" in 'n kort reeks briewe, "Argumente teen 'n hark", opgeneem in die bundel Liberale Nasionalisme, geskryf dat die "'Pad van Suid-Afrika' een mooi menslike ideaal - en bedenksel - is" (Louw 1986a : 478). Tot dié slotsom kom hy wanneer hy sien dat die geskiedenis nie "een reguit ontwikkeling" is nie, maar 'n verstrengeling, kruising, inmekaar- en uitmekaar-loop van baie 'paaie'". Louw maak 'n fout, want daar was en is Afrikaners wat op "hoër, kouer paaie" as die Afrikaner van elke dag loop. Daardie weë kan beslis as die Pad van Suid-Afrika saamgevat word.

In 'n persoonlike brief aan my, gedateer 11 Januarie 1987, het J.C. Steyn op my versoek om sy "ideale" Afrikaner te omskryf, o.m. só geantwoord:

"Die ideale Afrikaners? Dis maklik om 'n paar name te noem, maar om die keuse te motiveer, en 'die ideale Afrikaner' te karakteriseer, lyk my heelwat moeiliker. Onder die presidente seer seker Kruger, Reitz en Steyn; onder die generaals De Wet en De la Rey; Jopie Fourie en die ander rebelle; onder die politieke leiers Hertzog en Verwoerd; van die akademici/intellektuele/skrywers Van Wyk Louw, Preller, M.E.R. (en S.J. du Toit?); onder dié wat gedwaal en hulle bekeer het, Langenhoven. Maar elke keer sal ek verskillende redes moet noem. As mense was hulle tog nie almal te waffers nie ...

"Vir my lyk dit of wat altans ek in hulle bewonder, die feit is dat hulle altyd trou gebly het aan die Afrikaner; en dat dié wat ontspoor of afgedwaal het, dit gedoen het as gevolg van 'n oordeelsfout oor wat in die belang van die volk is of onder druk van omstandighede ... Onder 'ontsporings' en 'afdwalings' sal mens dan 'n groot verskeidenheid moet reken - wanhoop, defaitisme, twyfel, kleingelowigheid. Genl. De Wet het ook ná die Engelse Oorlog getwyfel aan die voortbestaan van die volk.

"By bogenoemde sal 'n mens seker ook iets moet byvoeg oor wat dié ideale Afrikaner tot stand gebring het. Trou alleen is onvoldoende; ook 'n doodgewone mens kan getrou wees, en klein. Die genoemdes het almal iets van

waarde bereik, selfs dié wat misluk het in hul onmiddellike doel soos die Rebelle".

Dat M.E.R. in Steyn se kategorie van "ideale Afrikaners" tuishoort, sal niemand betwis nie, maar ek is daarvan oortuig dat sy beswaard sou gevoel het oor Steyn se bewering dat "ook 'n doodgewone mens kan getrou wees en klein". Sonder hulle, en dit in groot getalle, sal die ideale Afrikaners tot weinig in staat wees. Van Wyk Louw het mos darem gesê die besluit om nie in 'n groter Britse wêreld op te gaan nie is deur "honderdduisende van ons volk" en "deur naamlose mense op klein plasies, baie stil, skaars bewus, geneem" (Louw 1986a: 455,456).

Hierbo is beweer dat M.E.R. 'n spesiale kaliber Afrikaner was. Steyn bevestig dit deur haar as een van sy twaalf "ideale Afrikaners" te noem. Sy het daardie ekstra kwaliteit Afrikanerskap wat nie maklik definieerbaar is nie, maar 'n Afrikaner herken dit as hy 'n draer daarvan teëkom. Dit is iets byna militants, 'n "Afrikanerheid" wat nie gedoog dat ander "Afrikaanser" is nie. Dis 'n begeerte dus om aan die Afrikaansste groep te behoort. In ootmoed en in die gees van Lincoln se woorde: "Kwaadwillig teenoor niemand, welwillend teenoor almal" (1865) (vertaling deur P.A. Joubert), het sy haar Afrikanerpad geloop. In die Depressie jare toe M.E.R. tussen dr. Malan se Nasionale Party en die Verenigde Party van Hertzog en Smuts moes kies, het sy by eersgenoemdes gestaan. In 1934, d.w.s. ná Samesmelting, het sy geskryf dat dit wonderlik is om terug te kyk na 1932 en te sien hoe ver ons verwyder is van "wie ons toe gevolg het" (M.E.R. 1972 : 228). Sy betreur dit dat die N.P. swak geword het, hoewel die nasionalisme so sterk of sterker is as tevore. Vir haar bestaan "die pit en innerlike wese van Nasionalisme uit 'n strewe om 'n gesonde, intellektuele en eerbare volk te laat gedy" (M.E.R. 1972 : 229). Die N.P. het beheer verloor omdat die oproep tot ootmoed in Miga 6 nie gehoorsaam is nie (M.E.R. 1972 : 231).

Later, in 1941, het M.E.R. by die Ossewabrandwag gebly en uit die N.P. bedank, weer omdat die O.B. na haar mening nie soos die N.P. die republiek in die koelkas gesit het nie, maar veral omdat die O.B. 'n groter bindende faktor tussen Afrikaners van verskillende range en stande was as die N.P.

## 7. SLOT

M.E.R. het die "nuwe Suid-Afrika" nie belewe nie. In hierdie hoofstuk is aangedui hoedat sy ten spyte van 'n byna totaal Engelse opleiding op skool en aan die universiteit 'n ware Afrikaner geword het. Daar is aangetoon dat sy

nooit haatlik of kwetsend teenoor teenstanders was nie. Sy kon egter haar woord doen en haar man staan. Toe dr. Kolbe pres. Steyn in haar teenwoordigheid afkraak oor sy "ontrou aan die gegewe woord" by Vereeniging, was M.E.R. se weervraag: "Afgedwonge akkoord?" (M.E.R. 1972 : 183). Vir die Engelse soldaat wat op Matjiesfontein se stasie gesê het sy moet die Vierkleurlint van haar strooihoed afhaal, en gevra het of sy dan nie 'n Britse onderdaan is nie, het sy gesê: "Yes, I am. But I don't like to mention it" (M.E.R. 1972 : 129). By hulle ontmoeting op Montagu voordat sy in die distrik gaan skoolhou het, het Captain Robinson die hoop uitgespreek dat sy haar leerlinge sou leer om lojaal te wees. M.E.R. het gesê as hy haar 'n studieboek oor lojaliteit gee, sal sy kyk wat sy kan doen! (M.E.R. 1972 : 135).

Maria Elizabeth Rothmann is deur haar moeder geleer om te lees en te studeer, om nooit skuld te maak nie, en om 'n reguit pad deur die lewe te loop. Hoewel sy en haar moeder glad nie altyd langs een vuur gesit het nie, het sy haar moeder geëer en haar raad gevolg. Haar handel en wandel, haar gesproke en geskrewe woorde, haar wysheid en haar liefde vir die ewemens het haar, veral onder die ouer geslag, die mees geëerde figuur in die Afrikaanse letterkunde gemaak, en onder Afrikanervrouens een van die heel voortreflikstes.

# HOOFSTUK 11

## M.E.R. AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANERVOLK

M.E.R. wat eendag by die Universiteit van Kaapstad 'n argetipiese roering in die are gevoel het by die aanhoor van Jameson se aanslag op Transvaal (M.E.R. 1972 : 91), Van Wyk Louw wat sy "één, kort lewe aan dié volkie onherroeplik verbind, ja verknog het" (Louw 1986a : 623), en Jaap Steyn wie se karakter Jan in "Ontmoetinge in 'n voorvaderland" hom na 'n verblyf in Nederland daarin verlustig "net om Afrikaners te sien ... al hou hulle nie van my nie" (Steyn 1976 : 146), hulle al drie is bewus of onbewus leermeesters van die Afrikanervolk. Ook Degenaar wat met "strydpunte soos geregtigheid en siviele regte geworstel (het), ... het getrag om dit op wyses te doen wat tot alle Afrikaners sou spreek" (Du Toit 1986 : 14).

### 1. M.E.R. AS VOLKSLEERMEESTER

M.E.R. sê uitdruklik dat die "didaktiese kant, waarvan Jordaantjie so bewus was", glad nie die hoofmotief in haar skryfwerk is nie. Tog het Helena P. Jordaan in haar M.A.-verhandeling by U.K. in 1949 die didaktiese motief in M.E.R. se werk met grondige bewysplase aangetoon. Sy beweer dat die letterkunde vir M.E.R. feitlik gelyk staan aan volksopvoeding. Sy haal aan uit 'n M.E.R. artikel in Die Burger van 24 Februarie 1931: "... want vir ons is die kuns dan alleen 'n skone kuns as dit die skoonheid van wat goed en gesond is, aandui" (Jordaan 1949 : 16). Drie jaar tevore, reeds op 7 Februarie 1928, het M.E.R. in dieselfde blad geskryf: "Die skrywer moet met die gemiddelde Afrikaanse leser steeds voor oë sy talent in die diens van volksopvoeding stel" (Jordaan 1949 : 18). Jordaan wys ook daarop dat die verhaal "Kinddoop: 'n verhaal van Oujaarsdag" in die bundel Onweershoogte se doel hoofsaaklik volksopvoeding is; die Afrikaner word gewys op sy verlede, op die ou taalvorms wat reeds verlore gegaan het, op die geskiedenis van die kerk in afgeleë distrikte, en op die dapperheid van grenshuisgesinne wat hul onafhanklikheid moes handhaaf ten spyte van herhaalde aanvalle van kafferbendes (Jordaan 1949 : 24). Sy voeg by dat M.E.R. in Onweershoogte sorg dat elke verhaal in sy kern Afrikaans is, dat die gebeurtenisse binne die begrip van die gemiddelde Afrikaner val ..."en veral dat haaar lesers tot iets hoërs en beters opgevoed word" (Jordaan 1949 : 25). Jordaan toon voorts aan dat, toe die wordende Afrikaanse volk destyds 'n selfhandhawingstryd moes voer, "didaktiek in die letterkunde noodwendig 'n enorme faktor in volksvorming en opvoeding moes wees" (Jordaan 1949 : 59).

Dat M.E.R., sy dit dan nie altyd doelbewus nie, in haar prosa leermeester van haar volk is, ly geen twyfel nie. In Handhaaf (September 1975) skryf Elize Botha 'n mens vind in M.E.R. se werk die vernaamste doelwitte van die G.R.A. terug, nl. om die Afrikaanse volk Afrikaans te leer lees, om die volk te leer.

1.1 DIE WAARDE VAN GOEIE MOEDERS

In Na vaste gange verwys M.E.R. na Piet en Hannes, twee knegte van Oom Thys. Piet het 'n goeie flukse vrou, Hannes nié. Piet se kinders deug, Hannes s'n nié. In haar deel van die Carnegie verslag skryf M.E.R.: "Die centrale figuur in die huis is die moeder; die bekwaamheid van die moeder om daardie huislike opvoeding te gee, is dan ook van die allergrootste belang. My besoeke het sterk die indruk op my gemaak dat gebrek aan hierdie bekwaamheid by sekere seksies van ons bevolking 'n grondoorsaak van agteruitgang was, en dat die gesinne hierdeur in so 'n toestand gekom het dat hulle aan swaar ekonomiese druk geen teenstand kon bied nie, of, nog erger, nie kon bykom nie, selfs na verligting van so 'n druk nie" (Verslag : 186).

Deur in besonderhede te vertel wat sy aan haar moeder te danke het, deel M.E.R. hierdie wysheid met haar lesers: "Sy het ons geleer dat ordelikheid in alles onafskeibaar van 'n ordentlike mens is, ook in die gedrag; dat 'n ordentlike mens op sy eie meriete steun ...; dat die bedrog iets benede hom is; dat ... armoede deur werk en oorleg oorwinbaar is. Sy het ons op alle maniere aangemoedig om te lees en te leer as een manier om die vyand die hoof te bied" (M.E.R. 1972 : 19).

1.2 BEWAKER VAN GOEIE SEDES

M.E.R. tree dikwels op as bewaker van die goeie sedes. In 'n brief aan mev. Betsie Verwoerd slegs 'n jaar voor haar dood, maak sy beswaar teen "die vroue se 'kaal modes', asook Die Huisgenoot en Sarie se "kaalvroue-advertensies" (M.E.R. 1977 : 219). In 'n bandopname van 'n gesprek tussen M.E.R., Anna Rothmann, Alba Bouwer en Rykie van Reenen in November 1974, maak M.E.R. beswaar teen bykans naakte vroue in advertensies, who "look very pleased with themselves".

Mev. Mabel Malherbe, redaktrise van Die Boerevrou, het geen drankadvertensies in haar blad toegelaat nie, en advertensies van medisyne slegs geplaas nadat daar vasgestel is dat hulle geen nadelige en gewoontevormende bestanddele bevat nie (M.E.R. 1972 : 206).

M.E.R. was bly dat die Publikasieraad Kennis van die aand (1973) afgekeur het. Wat ook al van die boek word, vind sy dit goed dat "daardie soort letterkunde" openlik afgekeur word. Sy het insgelyks die Akademie se toekenning van die Hertzogprys aan Sewe dae by die Silbersteins betreur en o.m. daarop gewys dat daar "nie een ordentlike mens in die hele boek is nie" (M.E.R. 1977 : 186).

M.E.R. het hoë waardering vir 'n vrolike boekie van Anthonie Donker. Hy is "een, net soos Schweitzer, in die filosofie wat ons moet na lewe, - hier, hier, hier in die wêreld en wat daarin is, in die omgang met mens en dier en plant, hier lê die sleutel van die saak ..." Sy voeg by hoe bly sy is dat sy nie meer haar kop hoef te breek oor die diepsinnige digters nie (M.E.R. 1976 : 34,35).

## 1.3 MEDEDEELSAAMHEID

M.E.R. het met die daad mededeelsaamheid bepleit. In Uit en Tuis vertel sy van 'n kombers wat sy aan ou Jan gegee het wat "loseer" by 'n bruin egpaar met baie kinders, en te styf van die koue was om op te staan toe hy haar in die deur gewaar. "Die kombers ... was ou Jan se kosbaarste besitting; wat die huisvolkies in daardie nes ook van hom weggekry het, dit nie" (M.E.R. 1946 : 77).

Na aanleiding van die na-oorlogse Duitsers se dankbaarheid oor pakkies wat deur die Afrikaans-Duitse Hulpvereniging aan hulle gestuur is, skryf 'n Duitse dokter dat "die verbreking van die moraal, wat in verpletterende omvang deur ons eie volk ondervind word, een van die verskriklikste wapens van die vyand (is); die doeltreffendste wapen daarteen is die ervaring van menslike goedheid. Dit is voeding vir die siele van ons kinders". Die segsman was 'n vriend van Erika Theron. Hy het die armoede van die na-oorlogse Duitsland ondervind . M.E.R. beskou dit as 'n grootse uitspraak en verwonder haar dat die mensdom deur "sulke duisternis" moes gaan om dié les te leer. Dit is egter enige duisternis werd (M.E.R. 1976 : 33).

## 1.4 STREICHER SE OPSOMMING VAN M.E.R. SE LEWENSLESSE

In onder-afdeling 1.2 Tema en problematiek van haar verhandeling wys Wilhelmina Streicher op verskeie wyshede wat M.E.R. aan die leser voorhou:

Moenie aan verkeerde dinge toegee nie, maar as sake hopeloos is, besef dan dat jy nie die regmaker is nie; elkeen sien die lewe deur 'n ander bril; mense gebruik woorde om hulle hartsgedagtes te verberg; sinvolle vriendskappe is

belangrik; eenvoudige mense kan soekers na die waarheid wees, en waarlik wys; arm kinders wat in liefde grootgemaak word, is bevoorreg (Streicher 1989 : 141-143).

Van Wyk Louw staan ook aan die kant van eenvoudige mense. In Dokument 2.x.67 vaar hy uit teen 'n "skepsel" wat bevind het dat 'n aansienlike persentasie "sekte"-lede tot die armer klas behoort. Louw laak die deftige vroulike kerkgangers waar "elke mevrou 'n hoër roomkoek op haar kop probeer hou". Self het hy onder sekte-lede "een van die teerste, vroomste, vrolikste vroue (ontmoet) wat hy ooit die voorreg gehad het om van te leer".

## 1.5 KAMPVEGTER VIR DIE WAARHEID

M.E.R. het nie teruggedeins om hooggeplaastes aan te spreek nie as sy gedink het hulle doen die reg en billikheid geweld aan. In 'n brief van 14 Februarie 1960 aan die rubriekskrywer Dawie van Die Burger (in alle waarskynlikheid P.J. Cillié) maak sy beswaar teen sy verwysing na H.A. Fagan se boek Ons verantwoordelikheid as die produk van dié skrywer se ambisie, wat hy "the last infirmity of noble minds" noem. M.E.R. skryf dis die bewering van iemand wat regter Fagan nie ken nie. Of 'n mens met sy kritiek op die apartheidsbeleid saamstem of nie, moet jy erken dat dit van 'n "goeie en opregte vriend" kom wat sy vriendskap oor baie jare bewys het (M.E.R. 1977 : 153,154).

Sewe jaar later skryf sy weer aan Cillié, 'n heftige kritikus van die Ossewabrandwag, en vra dat hy tog die goeie kant van die O.B. moet onthou, want die O.B. het "volksgetrouheid" geleer, asook dat die armes en eenvoudiges ewe volksbelangrik is as die vermoëndes en hooggeplaastes (M.E.R. 1977 : 204).

## 1.6 DIE WARE OORSAAK VAN ARMOEDE

Deur haar werk vir die Carnegie-kommissie en die gevolgtrekkings wat sy gemaak het, het M.E.R. haar volk geleer dat armoede nie te wyte is aan oorlogsdruk, vreemde oorheersing of inherente geestesgebreke nie, maar weens dun bevolkingsverspreiding oor 'n groot land sodat hulle "uit voeling en later onaanpasbaar" word (M.E.R. 1972 : 237). In 1938 het sy in Kentucky vasgestel dat daar in Leslie County nog agterliker blanke armes as in Suid-Afrika was. Sy besluit: "Ou sir Carruthers Beattie het nonsens gepraat met sy stelling dat die 'poor whites' oor die algemeen 'verstandelik verswak' was en dat 'iets inherents in die Afrikaners' die armoede in hulle geledere so 'n 'onrusbarende omvang' laat aanneem het" (M.E.R. 1972 : 236,238).

Op 28 Desember 1934 het dr. Johannes Grosskopf aan M.E.R. geskryf dat hy 'n afdruk van 'n resensie oor die Verslag van die Carnegie-kommissie uit die Weltwirtschaftliche Archiv in Kiel ontvang het. Dis een van die "allerbelangrikste publikasies" op ekonomiese gebied, aldus die resensent wat dink dat M.E.R. se bydrae die allerbeste in die Verslag is (M.E.R. 1977 : 236).

## 2. VAN WYK LOUW AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANER

### 2.1 INLEIDING

In sy prosa, vernaamlik in Rondom eie werk en Liberale nasionalisme tree Van Wyk Louw op as leermeester van sy volk. Hy het sy "één, kort lewe aan dié volkie onherroeplik verbind, ja, verknog" (Louw 1986a : 551). Dis sy innige wens dat die Afrikanervolk en Afrikaans in Suid-Afrika sal voortbestaan (Louw 1986b : 623). Omdat hy glo dat ons reg op voortbestaan slegs van die kwaliteit van ons geestelike lewe afhang, doen hy alles in sy vermoë om sy mede-Afrikaners voor te lig, op te voed en teen gevare te waarsku. Sonder om didakties of voorskriftelik te wees, is hy voortdurend die groot leermeester op die gebied van die poësie, die politiek en geestelike waardes in die algemeen. Van Wyk Louw is dertig jaar ná M.E.R. gebore. Die Vryheidsoorloë, die Jameson-inval en die konsentrasiekampe het hy nie belewe nie. In sy studentedae het Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde reeds veel verder gevorder as in M.E.R. s'n. Hy het die onbetwiste leier van die Dertigers, asook van die vernuwing in die prosa en die poësie geword. Hy het 'n wegbreek van die gemoedelike lokale realisme bepleit.

As leermeester van die Afrikaners verskil Louw aanmerklik van M.E.R. Oor die goeie sedes spreek hy hom nie uit nie. Anders as M.E.R. glo hy dat die skrywer alles mag beskryf wat God toelaat om te gebeur. Verre sy dit dus van hom om soos M.E.R. beswaar te maak teen Sewe dae by die Silbersteins (1962). Die verskyning van Kennis van die aand (1972) het Louw nie belewe nie. Louw het hom veral in sy voorligting aan mede-Afrikaners toegespits op die waarde van opbouende kritiek, die verbreding van Afrikaners se horisonne, asook 'n wyse benadering van ons intellektuele jeug, die waarde van die streng en omvattende dink en die oop gesprek.

## 2.2 NEERHALENDE EN OPBOUENDE VOLKSKRITIEK

Van Wyk Louw meen die Afrikaner is onnodig gevoelig vir kritiek soos bv. in Turning wheels, maar sy kleinserigheid kan verskoon word omdat baie buitelandse kritiek hom wil vernietig, en sy reg op nasieskap wil ontken. Net so is ons letterkunde bespot. Ons kom in verset omdat die kritici ons wortels wil afspit en nie losspit nie (Louw 1986a : 167). Louw noem die Afrikaners die "gewaagdste" volk wat daar is. Ons het die "groot kritiek" nodig wat ontstaan wanneer die kritikus van binne kritiseer en "onverbreekbaar verbind is in liefde en noodlot en skuld aan die volk wat hy waag om te bestraf" (Louw 1986a : 167). Kritiek, sê Van Wyk Louw, is 'n nasie se gewete, maar dan moet die kritikus hom mede-verantwoordelik hou vir sy volk se oortredings. Ons kritici moet mense wees wat nederig is "voor die grootsheid van hulle taak en wat in al hul stryd teen die Afrikaner se euwels self in die eerste plek Afrikaners is". Hulle moet die Afrikaners striem tot hulle taak, nl. die opbou van 'n nuwe beskawing in 'n nuwe land (Louw 1986a : 169).

Met kragtige prosa dui Louw die verskil aan tussen neerhalende kritiek van buite en opbouende kritiek uit eie geledere. Dis hom nie te doen om selfverdediging of selfverheerliking nie, maar wél die uitspreek van die onomwonde waarheid tot beswil van sy volk. W.E.G. Louw het Rondom eie werk tereg "nie slegs 'n waardige getuienis nie, maar ook 'n kleinood" genoem (Die Burger, 3 Februarie 1971).

## 2.3 VOORDELE VAN PLATTELANDSE JEUGJARE

Om soos Louw in 'n omgewing van dorp en plaas soos die Sutherland van sy jeugjare "kind te wees, is omtrent die rykste skat wat 'n mens 'n kind kan gee" (Louw 1986a : 540). Hy het vroeg met die dorpsbiblioteek kennis gemaak, allerhande dorps- en plaaskarakters leer ken en is so van jongs af blootgestel aan wit en bruin se kleurryke Afrikaans (Louw 1986a : 539). Dink hy terug aan die wêreld van sy jeug, dan besef hy dat hy daar "'n eie nuanse van lewe (kon) sien wat hy uit geen wêreldletterkunde leer ken het nie" (Louw 1986a : 552). Daarom het hy met Klipwerk weer begin "versies maak" om ter wille van sy volksgenote "dié ou wêreld (te) herskep in woorde" (Louw 1986a : 553). Hy voel dat as hierdie heel besondere "lewensvorm van die Afrikaner" verdwyn, dit ons volk sal verarm. Die inhoud van Klipwerk is alles wat hy uit sy jeugwêreld geken het "binne die taal van daardie klein wêreld". As ons die soepele, konkrete, soms felle taal van die Rôeveld verloor en ons gebruik die gladde taal van koerant en dokument met sy "Engelse ribbetjies" onder "die dun velletjie Afrikaans", dan het ons "werklik een van ons bestaansredes verloor"

(Louw 1986a : 554). Oor die groot waarde van 'n plaasagtergrond vir 'n kind, is M.E.R. dit met Louw roerend eens. Sy vertel hoe graag sy as kind by oom Hendrik en sus Ellie op hul plasie buite die dorp gekuier het. Dit was 'n "lewenshoogtepunt". M.E.R. glo daar moet 'n plaas in elke kind se lewe wees (M.E.R. 1972 : 30).

## 2.4 LOUW SE BOODSKAP AAN DIE INTELLEKTUELE JEUG

As volksopvoeder vra Van Wyk Louw of daar genoeg jongmense by ons is wat "intellektueel so aktief is dat 'n ware geesteslewe in ons land kan bestaan". By gebrek aan 'n bevredigende geestelike lewe draai die bestes van 'n volk teen hom (Louw 1986b : 57). Hier verwys Louw klaarblyklik na Afrikaners wat by die Engelse wêreld aansluit. Volgens Louw is die intellektuele mens geïnteresseerd in idees en hulle waarheidsgehalte (Louw 1986b : 58). Dis sy hartewens dat ons jeug sal belangstel "in idees, selfs vreemde idees", dat hulle sal debatteer, nie koppig net die eie mening stel nie, maar sal nadink, sal lees en weer debatteer. Hulle moet ingaan op die "groot veronderstellings wat agter elke politieke mening lê". Die wete dat hulle in die "ingewikkeldste, mees problematiese land van ons tyd woon", moet hulle tot beter dink en eensame studie noop. Van Wyk Louw is geen gewone opvoeder nie. Hy wil die beste breinkrag van ons volk sien ontwikkel tot manne en vroue van geestelike en intellektuele formaat sodat die Afrikanervolk in staat gestel kan word om "groot wêrelde van die gees in hom in te suig, soos die jong Europese volke dit hongerig tydens die Renaissance gedoen het" (Louw 1986b : 59,60).

M.E.R. verheug haar daarin dat sy by jonger, selfs heel jonger mense die versekering kry dat ons volk 'n "pragtige rigting ... inslaan na iets goeds". Dis 'n groot troos vir 'n ou mens om in die jong mense en die "eie kinders" die "koershouers" te sien (M.E.R. 1972 : 203).

## 2.5 UITBREIDING VAN DIE GEESTELIKE HORISONNE VAN DIE VOLK

Volgens F.I.J. van Rensburg was Van Wyk Louw se visier in die laaste instansie gerig op die uitbreiding van die geestelike horisonne van die Afrikanervolk. Daarom gee hy aandag aan die Afrikaner se lewensuitkyk (Van Rensburg 1975 : 42). Hy is voorstander van beskaafde hoflike polemiek-voer om tot die waarheid te kom. Deur sy polemiek met bv. prof. Meyer de Villiers bewys hy dat argumente op die saak gerig moet word, nie op die persoon nie (Louw 1986b : 43). Eers as daar so gepraat kan word, is die volk volkome beskaaf.

2.5.1 DIE STRENG EN OMVATTEND DINK

Van Wyk Louw glo dat filosofeer niks anders as streng en omvattend dink is nie. Degenaar skryf dat hy vir sy eerstejaars "streng en omvattend dink" as definisie van die filosofie gee! Gedagtes speel deur elkeen se kop "soos boklammers deur 'n warm kraal" (Louw 1986b : 37), maar dis nie dink nie. Om streng te dink is logies dink met gebruikmaking van getoetste begrippe wat nie "besoedel met emosionaliteit" is nie. Insig word verkry deur begrippe helderder te maak en te orden. Omvattend dink "probeer uiters verskillende dinge" in een verband saambring. In die eerste instansie probeer dit om die heelal as't ware met een blik te oorsien" (Louw 1986b : 37,38). Wie hierdie "streng en omvattend dink"-resep van Louw na sy beste vermoë volg, sal sy geestelike horison aanmerklik verbreed.

2.5.2 DIE OOP GESPREK

Van Wyk Louw noem die oop gesprek "een van Suid-Afrika se goeie dinge waarna 'n mens nooit sal ophou verlang nie". Die oop gesprek het die "grondveronderstelling dat jy self ongelyk en jou teenstander gelyk kan hê". Dit bring mee "die ingraaf onder 'n ander se fondamente terwyl jy self weer jou eie grondslag met die koevoet toets" (Louw 1986b : 4). Die deelnemers aan die oop gesprek weet dat hulle nooit die volle waarheid sal weet nie.

Louw se propagering van hierdie denk- en gespreksmetode het sonder twyfel vele se geestelike horisonne uitgebrei. M.E.R. vertel dat haar moeder se eie wil haar enigste maatstaf was. Sy was dus nooit vir 'n oop gesprek te vinde nie. M.E.R. haal Gandhi aan wat gesê het die gewete is 'n "goeie reëling van die enkeling se gedrag" maar jy kan nie daardie gedrag van almal eis nie, want dis "onverdraaglike inmenging met ander mense se gewetensvryheid" (M.E.R. 1972 : 18).

2.6 BYNA AGITATOR VIR SY VOLK

Soos aangetoon in Hoofstuk 6 het Van Wyk Louw op jeugdige leeftyd 'n resensie oor die Carnegie-kommissie se verslag oor die armblanke-vraagstuk geskryf. Hy sê "dit was jare toe ek byna agitator geword het met toesprake oor hierdie soort probleem en sy oplossings, toesprake in groter en kleiner kringe gehou. En my belangstelling in die opvoeding van 'n volk het my daartoe gelei om allerhande dinge, soos die ekonomie, sosiologie, die staatswetenskap en bowenal die wysbegeerte te lees" (Louw 1986a : 541). Louw se motief was dus opvoedende diens aan die Afrikanervolk. Hy voeg by dat dit vir hom 'n "saak

van eer" was om kennis wat hy uit Engelse, Duitse en Nederlandse boeke bekom het, in suiwer Afrikaans aan sy studente voor te dra. Waar hy nie kon vertaal nie omdat die Afrikaanse vakliteratuur te kort geskiet het, het hy eie woorde gevorm (Louw 1986a : 541). Louw het sy studente geleer dat alles in Afrikaans uitgedruk kan word.

## 2.7 SLOT

Dis uit die voorafgaande duidelik dat Van Wyk Louw leermeester van sy volk by uitnemendheid was. Hy het aan lesers voorligting oor poësie en prosa gegee; hy het gewys op die verskil tussen onbevoegde literêre kritiek en ware kritiek wat nie net swakhede uitwys nie, maar ook die klimaat voorberei vir werke van gehalte in die toekoms; hy het mense se oë oopgemaak vir die voordele wat die platteland aan die jeug bied. Ons knapste en intelligentste jongmense het hy opgevorder tot 'n lewe van diensbaarheid. Met sy pleidooi vir die streng en omvattende dink en die oop gesprek het hy sy landgenote se geestelike horisonne verbreed en die gehalte van hulle geestelike lewe verhoog. Hy het ons jong skrywers opgeroep tot vernuwing, die Afrikaner help vry maak en ten slotte gewys op die vensters wat die Nederlandse taal en ons Nederlandse erfenis vir Afrikaners kan oopmaak.

## 3. J.C. STEYN AS LEERMEESTER VAN DIE AFRIKANER

Uit Dagboek van 'n verraaier blyk duidelik deur al die argumente en redenasies tussen die dagboekskrywer en Johan heen dat volk en taal vir Kobus die letzten Dinge is. In Op pad na die grens, Dagboek van 'n verraaier, Die verlore vader en Hoeke Boerseuns ons was sê die verteller nooit spesifiek dat hy 'n konserwatiewe Afrikaner is nie. In Tuiste in eie taal waar Steyn oral self aan die woord is, is sy boesempyn oor Afrikaans en sy vrees dat die "wonderboom" mag val egter in die oog lopend. Steyn verteenwoordig die volbloed Afrikaner van die verlede in die hede. Sy Jan, wat hyself is, kom na 'n lang verblyf in Nederland plus nog 'n goeie werksaanbod om Afrikaans daar te dien, na Suid-Afrika terug. Al is die lugwaardin katterig en al hou die Afrikaners nie van hom nie, is dit wonderlik om weer Afrikaners te sien. Daar is net een mooier woord as Afrikaner en dit is Afrikaans: "Afrikaans, ja; om net Afrikaans te mag hoor, alleen Afrikaans te dink klink. Ek is Afrikaans, en dit kan niemand van my wegneem nie - ook geen Afrikaner nie". (Steyn 1976 : 146).

Steyn se dringende boodskap aan Afrikaners is: "Praat julle taal. Koester dit aan julle harte. Dis julle pêrel van groot waarde. Sorg ten alle koste dat dit amptelike taal bly!"

Ek vrees Steyn het nie baie moed vir die tradisionele Afrikaner en sy geliefde taal in die nuwe Suid-Afrika nie, maar hy sal die taal aanwend om behoud van die taal solank dit hom gegun word.

4. J.J. DEGENAAR AS LEERMEESTER VAN SUID-AFRIKANERS

'n Mens moet Degenaar dit ter ere nágee dat hy nie op die lawaaiwa geklim het toe die begrippe "uitwaarts beweeg" en "Nuwe Suid-Afrika" populêr geword het nie. Reeds 'n paar dekades gelede was hy 'n geesgenoot van proff. Ben Marais en Bennie Keet. In sy filosofiese werke het hy voortdurend die Afrikaner gewys op die onreg wat hy aan bruin en swart gedoen het. Hy het 'n "beroep op alle Afrikaners gedoen om mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die politieke leed wat apartheid veroorsaak het, en om hulle te beywer om die apartheid-struktuur met wortel en tak uit te roei" (Du Toit (red.) 1986 : 14, my vertaling).

5. SLOT

Jeugdige Afrikaners was oor die afgelope nege dekades gelukkig om aan die voete van leermeesters soos M.E.R. (aan die begin van die eeu op Swellendam), Van Wyk Louw (een jaar, 1927, op Steynsburg, daarna aan U.K., in Amsterdam en op Wits), Degenaar (op Stellenbosch) en Jaap Steyn (R.A.U. en U.O.V.S.) te kon sit. Al vier van hulle het boonop 'n groot aantal boeke geskryf waarmee hulle ook nog die geslagte wat kom, moontlik sal kan bereik.

M.E.R., altyd vrou van die Afrikanervolk, het behoud van die ou Boeremaniere, -gewoontes en -adel bepleit. Sy het haar lewe nie aan materiële dinge nie, maar aan haar mede-Afrikaners, medemense, gewy. Daar is aangetoon hoe sy nie alleen op gelyke voet met grotes soos Hertzog kon verkeer nie, maar ook met 'n kleuter van tussen een en twee jaar in wie sy 'n ewemens gesien het.

Louw is leermeester op 'n meer intellektuele vlak. Hy wil die Afrikaner se belewenis van die geestelike en die estetiese verruim, sy horisonne verbreed. Mense moet wegkom van die gemoedelike en lokale, die oop gesprek beoefen en leer om streng en omvattend te dink.

Steyn se stryd gaan om die behoud van Afrikaans. Degenaar gaan verder as Louw. Volgens hom moet die Afrikaner bereid wees om saam met die swart man 'n "nuwe" Suid-Afrika te skep.

# HOOFSTUK 12

## ENKELE OPMERKINGS OOR DIE TAAL EN STYL VAN M.E.R., LOUW, STEYN EN DEGENAAR

### 1. INLEIDING:

Deur Leopold se kwatryn,

"Des waterdruppels helderte doorturend
besefte ik den wereldoceaan
en zonnestofjes in hul spel beglurend
heb ik het wezen van de zon verstaan",

toon W. Kramer die kuns se vermoë om in die skynbaar nietige en alledaagse hom van 'n lewenswonder bewus te word, of soos Maritain dit formuleer, in die reële wêreld geestelike stralinge te ontdek wat ander daar nie kan onderskei nie (Kramer 1947 : 5). 'n Ware begrip van die wese van die kuns ontdek die grondidee waaruit die werk groei, die lyne van sy ontwikkeling, die noodwendige orde van die onderdele, die besieling van al sy elemente deur die alles beheersende ontroering, die gevoels- en lewenskrag wat die skepping voortgestu het, en sy kleur, sy stemming, sy ritme bepaal het (Kramer 1947 : 10). Die skrywer se styl kry gestalte in die kleur, stemming en ritme wat eie is aan sy werk.

Al vervlak die woord ook tot praktiese aanduiding, behou dit latent sy oorspronklike krag van uitdrukking, d.w.s. sy "suggestiewe gebaar". Die kuns van die woord is om die mag, die sluimerende kragte werksaam te maak na die eise van die oomblik; die kuns van praat en skryf is die aktivering van stylwaardes (Kramer 1947 : 20).

Die Franse naturalis, Georges de Buffon (1707 - 1788) se werke gaan oor die aarde, minerale, diere en die mens. Sy Discours sur le style gelewer voor die Franse Akademie in 1753, weerspieël egter sy sorg oor literêre styl. Sy eie skryfwerk is helder, welsprekend en groots. Sy wagwoord was "Le style est l'homme même", d.w.s. die styl is die man self (Benét 1973 : 145). Hieruit volg dat kennis van die mens 'n goeie aanduiding van sy styl sal wees, omgekeerd, dat 'n skrywer se styl veel van sy persoonlikheid, sy karakter en sy agtergrond sal onthul. Louw gee toe: styl mag die man self wees ... maar styl is nie die werk self nie. Styl is volgens Louw maar een "geïsoleerde aspek van 'n prosawerk. 'n Dickens-verhaal kan bv. swak van styl wees en tog uitmunt wat betref karakterisering, spanning en "diepte van insig in mens en wêreld" (Louw 1986b : 95).

Louw gee hierdie insiggewende uitspraak oor onbewuste styl en rond dit af met 'n vergelyking wat van goeie styl getuig!: "Die man wat gedurig daaraan dink hoe hy iets moet sê, in plaas van aan wát hy te sê het, en vir wié hy dit sê, sal skaars goed skrywe. Met styl is dit miskien só: dié wat bewus daarna soek, vind dit nie; die wat hartstogtelik iets anders nastreef - vir dié word ook die styl gegee om hom in uit te druk: Saul wat uitgegaan het om sy vader se esels te soek, en 'n koninkryk gekry het" (Louw 1986b : 99).

Hoewel M.E.R. in 'n Afrikaanse distrik grootgeword het, was haar opleiding op hoërskool en universiteit hoofsaaklik in Engels. Nederlands het 'n klein rol gespeel, maar van onderrig in Afrikaans was daar geen sprake nie. Sy kla dat die Engelse invloed in talle anglisismes in haar taalgebruik uitslaan. In haar briewe aan haar dogter, saamgevat in Familiegesprek maak sy dikwels van Engelse woorde gebruik.

Van Wyk Louw sê wat sy werk as Afrikaanse skrywer betref, het 'n paar gelukke hom reeds by sy geboorte getref. Die eerste is dat hy in die Sutherlandse distrik gebore is en daar grootgeword het waar Afrikaans destyds "nog byna heeltemal ongerep en skoon was". Baie van die ouer geslag het geen Engels geken nie. 'n Tweede geluk was dat hy byna die helfte van sy tyd op die familieplase van sy grootouers, die Van Wyks en die Louws, deurgebring het. By blankes en bruinmense was "speel-met-taal 'n hoë vorm van vermaak". Later in Nederland het hy van die in die Kaap aangeleerde anglisismes ontslae geraak en ook sy kinders is "volkome van anglisismes ontluis" (Louw 1986a : 536 - 541).

Steyn se agtergrond is die "Rebelle-wêreld" van die Noord-Vrystaat wat so Afrikaans was as kan kom. Nêrens waar hy gestudeer en gewerk het, op hoërskool, aan die U.O.V.S. as student, in Nederland, by Rapport, by R.A.U. en tans weer by die U.O.V.S., was Steyn ooit blootgestel aan Engelse taalinvloed nie.

## 2. OOR M.E.R., LOUW EN STEYN SE STYL

Alba Bouwer sê M.E.R. skryf met deurskynende eenvoud (Telefoongesprek 29/9/92). Van Wyk Louw het glo eenmaal gesê: "As jy nie wil hê die mense moet jou verstaan nie, hoekom skryf jy dan?" Self skryf Louw 'n filosofiese styl vol eenvoud. Hy munt uit met die eenvoudigste stelling van die diepste gedagtes. As enigiets, 'n gedagte, 'n waarheid of 'n plan in groot woorde opgetooi moet word, dan skort daar iets aan die betrokke gedagte, is die vermeende "waarheid" nie waar nie, en sal die voorgenome plan nie werk nie.

Louw skryf glashelder prosa, hoewel ook nie altyd só vir almal nie. In Familiegesprek skryf M.E.R. vir haar dogter Anna: "Die tweede uitgawe van Standpunte is sommer pragtig en groots; nou waarom kan dié Van Wyk nie altyd so skryf nie? Jy lees dit sonder een breinknoop en dit is pragtig; laat 'n mens regtig voel jy lees Shakespeare" (M.E.R. 1976 : 24).

M.E.R. het geglo in die suggestiewe trefkrag van die ongesegde. Sy noem Elisabeth Eybers se "Klein ballade" 'n "fraai dingetjie, maar "sulkes moet liewer ongesê bly, hoe mooi en fyn die sê ook is. As ons ALLE ondervindings gaan publiseer, waar bly dan die wonder en bekoring van ondervindings?" (M.E.R. 1976 : 29).

M.E.R. was een van die eerste Afrikanervroue wat 'n universiteitsgraad behaal het, en dit boonop aan die Universiteit Kaapstad. Gemeet aan 1896 se standaarde, en nog steeds, is M.E.R. 'n intellektueel, en boonop iemand met 'n gesonde oordeel. Sy het in die hoogste Afrikanerkringe beweeg, maar self nooit vernaam geword nie. Sy het oor die jare 'n vrou van die volk gebly. Toe sy deur prof. J. du P. Scholtz gevra is om haar herinneringe te boek te stel - "'Nie vir publikasie nie'", sê die slim kind. "'Sommer net. Elke ou mens behoort dit eintlik te doen'" (M.E.R. 1972 : 4) - het sy geredelik ingewillig. Wanneer Van Wyk Louw filosofies oor "vernuwing in die prosa" skryf, bly hy ook nederig, maar, anders as M.E.R., dra hy dan die mantel van die intellektueel. Hy verwys so met 'n verhole glimlaggie na die "rustige (gemoedelike) lokale realisme" van D.F. Malherbe, C.M. van den Heever en Jan van Melle (Louw 1986B : 127).

Vir Louw beteken "goed skryf" nie alleen "goed stileer" nie, maar ook "goed vertel" (Louw 1986B : 90). Aan hierdie eis voldoen M.E.R. by uitnemendheid. Só beskryf sy een van haar "verdienstes" (d.w.s. maniere om geld te verdien) ná die ontbinding van haar huwelik: "Wanneer die skipbreukeling hoog en droog op die strand lê en bykom, sy gemoed verdeel tussen dankbaarheid vir behouenis en besorgdheid oor sy toekoms, dan is een van die eerste dinge wat hy doen om kos te soek ... Een werk was om op doodkiste die naam, ouderdom en 'n skrifwoord in olieverf te skilder ... Dit was geen kwaaie ondervinding nie, so tydsaam en afgesonder en stil het ek kon sit en werk, met die diep stil beeld langs my van een wat ek geken het - soms baie goed geken het".

Die stoflike oorskot van 'n bekende wat pas in sy kis uitgelê is, word met drie woorde, diep stil beeld weergegee. Die lewelose liggaam is inderdaad slegs nog die beeld van die lewende persoon. Die weglaat van die komma tussen diep en stil is veelbetekenend. Dis nie 'n beeld wat diep en stil is nie,

maar 'n beeld wat diep stil is; diep is 'n bywoord wat aantoon hoe stil die beeld is. "Het ... kon sit ..." is nie 'n gelukkige verledetydsvorm nie!

Met bogenoemde kan Jaap Steyn se beskrywing van die konsentrasiekampvrou wat gesterf het omdat sy haar kinders wou red, vergelyk word. Dit gee in eenvoudige taal 'n roerende toneel weer. Die moeder het die eie gemaakte hoesmedisyne self amper nie gebruik nie maar haar drie dogtertjies daarmee gered. Die oudste, "teëpraterig en parmantig met (hàar) ma", vertel: "En so het my ma naderhand al hoe swakker en swakker geword en toe ek sien dit gaan end se kant toe, sê ek vir haar: 'Ag, ma, ek is jammer dat ek altyd so parmantig was. Maar ma moet asseblief tog nie doodgaan nie, asseblief tog, wat sal van ons word?' En sy sê: 'My kind, die Here kan mos beter vir julle sorge as ek'. Eendag bring hulle haar hospitaal toe en toe ons die volgende môre soontoe gaan, sê hulle sy het die nag gesterwe. Ek en Hannie het toe in die lykstent gaan soek. Daar was by die twintig lyke en ons het oor hulle almal geklim en die wit lappies van elke gesig opgelig tot ons my ma gekry het met haar pragtige lang hare en nog altyd met die glimlag van 'n engel" (Steyn 1985 : 205). Die werkwoord sorge en sterwe i.p.v. sorg en sterf kenmerk die Vrystaatse Boere-Afrikaans van amper 'n eeu gelede.

M.E.R. wat ook mistikus is, deurskou lewe en dood, en vertel wat sy van beide waarneem: "En toe ek in my 76ste jaar by my ou maat, vrou van Johannes van der Merwe, staan en die tekens op haar gesig sien waarmee die Dood diegene merk na wie hy aanstonds kom, het ek daar weggegaan - want ek was op 'n haastige reis - met die besef dat iets van my saam met Marianne 'n gedaanteverwisseling ondergaan" (M.E.R. 1972 : 67).

Kommentaar op die taal en styl van bogenoemde gedeelte is oorbodig, behalwe om te sê dat 43 van die 57 woorde wat daarin gebruik word, eenlettergrepig is.

M.E.R. kry die haas onmoontlike reg: om in alle eenvoud te skryf sodat 'n mens nie agterkom dat dit bewustelik gedoen word nie; meer nog, sy doen dit bewustelik, sonder om in die proses enigiets aan egtheid in te boet. In enkele, eenvoudige sinne vertel sy hoe haar moeder se oorlye alle misverstand tussen hulle vir altyd uit die weg geruim het: "Ons was almal bij haar toen die asem uitgaan om 7 uur die Donderdag ochend, net toen die daglig deur die venstertjie skemer ... Annie en Jan en ek het haar toe reg gemaak. Die doodsklere was al vir jare opsij gesit - en ek wis net waar om mij hand daarop te sit. Dit was so 'n fraai nagjurk, nog van haar jong dae, met mooi handwerk daaraan. Sij het so mooi en stil en tevrede gelijk, dat ek dit nooit sal vergeet nie" (M.E.R. 1977 : 4).

Hierdie gedeelte kom uit 'n brief aan haar broer Frits gedateer 18 Julie 1917 en verraai veel van die Afrikaanse spelwyse toentertyd. "Toen" klink so mooi en eerbiedig dat 'n mens amper jammer voel dat die slot n in Afrikaans weggeval het. In 'n brief van 28 November 1928 skryf M.E.R. aan mev. Anna Hofmeyr van Stellenbosch dat daar baie wrywing tussen haar moeder en al haar kinders was, maar ná haar dood het sy so sterk die bewustheid gehad dat sy êrens is, en dat sy alles begryp wat tussen ons twee is. Die misverstand wat daar in die lewe was, sou nooit weer kom nie (M.E.R. 1977 : 17).

M.E.R. skryf met ligte ironie oor haarself, al is dit midde in 'n hartseer verhaal. Sy wat 'n Boeredogter in hart en niere is, raak verlief op en trou, teen alle dierbares se raad in, met 'n rou Engelsman, ene Mister Oakshott. Maar vooraf gee sy 'n "sleutel tot die rampspoedige besluit": "Ek het ook baie gou 'n geesverwantskap met hom gevoel, veral omdat hy innig oortuig was dat Engeland groot onreg gepleeg het met die oorlog teen die republieke. Hy was pro-Boer ..."

Niks openbaar so veel van M.E.R. se boesempyn nie as die woordjie innig en die gedagtestreep, drie klein stomme stippels, ná die woord pro-Boer.

Fyn humor word deur M.E.R. nie te kwistig nie, maar baie doeltreffend, sommerso in die verbygaan, gebruik. Op die partytjie om haar voltooiing van 'n driekwarteeu te vier, het Scholtz, die man wat oor baie jare M.E.R. se manuskripte geredigeer het, treffend gepraat. Daarop is "Lank sal sy lewe" hartlik gesing met Jan Greshoff die luidrugtigste, hoewel die jarige dink "dit kon ook die sjampanje gewees het - dit was oorvloedig" (M.E.R. 1976 : 46).

M.E.R. is nederig, maar soms darem met 'n vonkel in die oog. Die mense hou van haar werk, skryf sy aan dogter Anna, omdat sy lief is vir hulle. "Dan sit hulle naderhand en prakseer om te bewys dat dit darem letterkunde is". Dis vir haar meer werd as om letterkundig erken te word (M.E.R. 1976 : 46,47). Haar vriend Langenhoven het gesê as hy moet kies tussen sy ewemens se respek en sy liefde, dan kies hy laasgenoemde!

In 'n vorige hoofstuk is gewys op die bekoring wat Swellendamse plaasname soos Koesanie, Crodini, Kadie en Goreeso vir M.E.R. as kind ingehou het. In Op pad na die grens maak J.C. Steyn "betekenisvolle" gebruik van plaasname. Manie, die joiner, se plaas se naam was voorheen Nooitgedacht. Die destydse eienaar het seker nooit gedag die naam sou verander word nie. Dit is ook nie verander nie, maar die bittereinders noem dit deesdae Joinersgat. In die boek het

<u>grens</u> ook vele konnotasies. Steyn is baie lief vir woordspeling. Gevra of hy miskien iets wil sê voor die doodvonnis oor hom gevel word, is Johannes Cornelius Steyn, die verteller en hoofkarakter in die verhaal, "Na 'n gesprek oor apartheid", se gedagte-kommentaar: "Oor my vel? Oor my vel! Wat anders as oor my vel!" (Steyn 1976 : 99).

Op 14 Junie 1949 skryf M.E.R. aan Rita Hubregtse, wat o.m. <u>Eensaamheid</u> onder die skuilnaam Eva Walter geskryf het, dat sy dankbaar is oor Van Wyk Louw se werk. Min kan so die "groot gedagte en die mooi woord saam laat gaan". M.E.R. glo dat haar geslag mooi woorde en styl oorskat het omdat "ons taal nog so jonk is dat ons in die begin dáárop (bloot as sêmiddel) verlief was. Nou begin ons pitkos soek" (M.E.R. 1977 : 92).

Van Wyk Louw het geglo dat 'n skrywer sy taal honderd persent moet ken. Hy beskou "volmaakte uiting" in taal as een van die faktore wat die reg van 'n literêre werk bepaal om as klassiek bestempel te word: "Elke taal, selfs die kleinste, is 'n aparte instrument met 'n eie timbre. Literatuur wat in hom volmaak uitgespreek is, word 'n onvervangbare verowering van die mens; gaan dit verlore, ly die hele mensdom skade" (Louw 1986b : 497).

Karel Jonckheere is van mening dat Van Wyk Louw aan Afrikaans net soveel reliëf geskenk het as Gezelle, Van de Woestijne en Tierlinck aan Vlaams (Jonckheere 1966 : 91). As Jonckheere met <u>reliëf</u> aansien, belangrikheid of verhewenheid bedoel, as hy wil sê dat Louw met sy literêre werk Afrikaans laat uitstaan soos die berge op 'n reliëfkaart, dan het hy gelyk. In al sy letterkundige werk verleen die kaliber van sy denke, erudisie, segging en styl luister aan Afrikaans.

## 3. 'N LOUW-HANDSKRIF

Om Van Wyk Louw se noulettende presiesheid wat taal en styl te illustreer, word 'n afdruk van Dokument 2.x.32 uit die Louw manuskripte in die Dokumentesentrum van die Universiteit Stellenbosch hier ingesluit met kommentaar op die verbeteringe wat Louw self daarop aangebring het.
Die manuskrip (bladsy 194 gemerk) word ook duidelikheidshalwe in druk weergegee soos dit in die opstel "Kwaai kritiek" van 3 Oktober 1952 (Louw 1986a : 216) verskyn:

# Dokument 2. X.32

D.O.S. – 62 Kwaai Kritiek – I (17)

Beskaafde lande word daar v. tyd tot tyd harde, streng lett. krit.k geskryf. En dit hoort ook so: 'n beskaafde land is 'n land waar die geestelewe of fyn. gestel word, waar altyd 'n aantal mense te vinde is wat gesteld is op die peil v. intell.le o kreatiewe lewe en wat die verskil tussen alles minderwaardige. Soms kom sulke kwaai kr.k hier & daar in die beoefeninge voor; soms ontwikkel daar 'n skerp twisgeskryf waaraan baie persone deelneem, rondom 'n werk, 'n figuur, 'n lett. standpunt; soms wy 'n latere kr. soos Busk. Huet 'n hele lewe aan strenge skifting v. alles wat in sy tyd verskyn; en soms is dit 'n hele jong geslag wat met dolle voorgangers afreken & die pad vir 'n hoër nas. kult. oopkap.

Die reaksies v.d. groot publiek teenoor sulke kritiek, veral teenoor 'n twisgeskryf wat lank genoeg aanhou om die openbare aandag sterk te trek, is baie uiteenlopend. Jan Rap & sy maat grinnik omdat „die geleerde mense mekaar so in die hare vlieg"; die jeug geniet die kwessie, sonder veel insig in die neerhaal v. gewaande groothede, of voel vaag aan dat dit miskien 'n deel v. sy eie stryd is wat uitgeveg word;

"In elke beskaafde land word daar van tyd tot tyd harde, streng letterkundige kritiek geskryf. En dit hoort ook so: 'n beskaafde land is 'n land waar die geesteslewe op prys gestel word, waar altyd 'n aantal mense te vinde is wat gesteld is op die peil van die intellektuele en kreatiewe lewe en dit van alles minderwaardigs wil suiwer. Soms kom sulke kwaai kritiek net hier en daar in los besprekings voor; soms ontwikkel daar 'n skerp twisgeskryf waaraan baie persone deelneem, rondom 'n werk, 'n figuur, 'n letterkundige standpunt; soms wy 'n kritikus soos Busken Huet 'n lewe aan die streng skifting van alles wat in sy tyd verskyn; en soms is dit 'n hele jong rewolusionêre geslag wat met slap voorgangers afreken en die pad vir 'n hoër nasionale kultuur oopkap.

"Die reaksies van die groot publiek ten opsigte van sulke kritiek, veral ten opsigte van 'n twisgeskryf wat lank genoeg aanhou om die openbare aandag sterk te trek, is baie uiteenlopend. Jan Rap en sy maat grinnik omdat 'die geleerde mense mekaar so in die hare vlieg'; die jeug geniet dikwels - en dikwels sonder veel insig - die neerhaal van gewaande groothede, of voel vaag aan dat dit miskien 'n deel van sy eie stryd is wat uitgeveg word;"

4. BESPREKING VAN VERBETERINGE DEUR LOUW SELF OP DOKUMENT 2.X.32

Bladsy .17. van die manuskrip

Die heel eerste sin het eers gelui: In byna elke land kom daar van tyd tot tyd harde, streng letterkundige kritiek voor. Louw het dit só verander: In elke beskaafde land word daar van tyd tot tyd harde, streng letterkundige kritiek geskryf. Die sin is nou meer nadruklik en duidelik. Boonop word letterkundige kritiek vaker geskryf as wat dit sommer net voorkom.

In reël 2 word die tweede sin se eerste sinsnede gewysig en verskuif om steurende herhaling te voorkom. En dit hoort ook so is 'n goeie vonds.

In reël 5 is te vinde is m.i. 'n verbetering op gevind word. Gesteld is beslis beter as jaloers wat 'n direkte vertaling van jealous (Eng.) is. Of die verskuiwing van is (met 'n X deurgehaal) na reël 6, en van wil suiwer (reëls 6 en 7) na die einde van die sin 'n verbetering is, is 'n ope vraag. Van Wyk Louw skryf egter graag die werkwoord aan die einde van 'n bysin of 'n sin.

In reël 6 word intellektuele en geesteslewe deur intellektuele en kreatiewe lewe vervang. Met die twee adjektiewe is lg. sinsnede ewewigtiger. Kreatiewe lewe is egter nie sinoniem met geesteslewe nie, want lg. sluit meer in as e g.

In reël 7 kom van alles minderwaardigs in die plek van van die mindere. Dit stel die skrywer se bedoeling duideliker. 'n Mens moet saamstem dat 'n skerp twisgeskryf ontwikkel eerder as groei (reël 8).

Skifting is in reël 12 beter as beoordeling, want dit sluit ook die begrippe uitpluising en skeiding (die koring van die kaf) in. Dit bewys hoe fyn Louw tussen sinonieme onderskei.

In reëls 14 en 15 word wat met voorgangers afreken en die pad skoonmaak verander na wat met slap voorgangers afreken en die pad vir 'n hoër nasionale kultuur oopkap. Dit verbreed die betekenis. Ná die invoeging van vir 'n hoër nasionale kultuur is oopkap 'n geskikter woord as skoonmaak. Ook in reël 16 is reaksies 'n geskikter woord as houding.

In reël 18 kom wat lank genoeg aanhou in die plek van wat langdurig genoeg is. Dis eenvoudiger en duideliker. In reël 21 word in die openbaar met reg weggelaat, want 'n twisgeskryf geskied immers nie in die geheim nie. Reëls 22 en 23 lewer bewys van Louw se strewe om nooit te veralgemeen nie, maar so regverdig as moontlik te wees. Eers het hy geskryf die jeug geniet dikwels sonder veel insig die ..., maar kwalifiseer dit dan tot dikwels - en dikwels sonder veel insig - die ..., want sommige jeugdiges geniet seker die neerhaal van gewaande groothede met insig!

Dis opmerklik dat Louw, namate sy onderwerpe ingewikkelder word, al hoe meer van gedagtestrepe, kommapunte en dubbelpunte gebruik maak om 'n aanvullende besonderheid, 'n gelyksoortige stelling of 'n verduideliking weer te gee.

5. IETS OOR DEGENAAR SE STYL

Degenaar is filosoof en nie letterkundige nie. Hy skryf nie 'n geleerde en moeisame styl nie en val homself nie, soos Van Wyk Louw geneig is om te doen, in die rede met 'n gedagtestreep of 'n toevoeging tussen hakies nie.

In 'n artikel, "Afrikaners, kom ons word mondig" wat op 6 Augustus 1966, d.w.s. toe dr. Verwoerd op die toppunt van sy mag was, in "Die Byvoegsel" van Die Burger verskyn het, gee hy 'n helder uiteensetting van politieke liberalisme. Hy waarsku teen die liberalisme wat vir vryheid pleit, maar nie die opponent

die reg tot vrye teëspraak gun nie; wat 'n "teoretiese beginsel soos een man een stem op 'n prakties-plofbare situasie probeer afdwing; egter ook teen 'n ideologiese nasionalisme waarin die "hoogste trou aan die nasie en die nasionale staat gesweer word" (Degenaar 1976 : 3,4).

M.E.R., Louw, Degenaar en Steyn is almal meesters van die filosofiese, heldere en eenvoudige skryfstyl. In al vier se skryfpogings is daar 'n sterk element van eerlikheid en egtheid wat kenmerkend is van wie uit edeler oorwegings as om eie gewin skryf.

# HOOFSTUK 13

## SLOT

Die afgelope paar jaar het ek al die "boekprosa" van M.E.R., Van Wyk Louw en J.C. Steyn waarop ek die hand kon lê, gelees. Dit was 'n besondere ondervinding wat tot nederigheid, maar ook verruiming van gees gelei het.

M.E.R. het gesê as dit 'n mens gegun word om in die ewemens geestelike hoogtes te bespeur, dan vergeet jy dit nooit. Jy vergeet mense se gebreke, maar die hoogtes nooit. "So was dit met Kruger en Steyn en Hertzog, met De Wet en De la Rey, met Beyers, met Danie Theron en Scheepers. En met oubaas Andrew Murray" (M.E.R. 1972 : 247). Dis opmerklik dat M.E.R. elkeen van die grotes se naam beklemtoon deur dit deur 'n voegwoord (<u>en</u>) of 'n voorsetsel (<u>met</u>) te laat voorafgaan.

Só onvergeetlik sal M.E.R., Louw en Steyn in my gedagtes bly. Met prof. Degenaar het ek eers teen die einde van my studie kennis gemaak. Beide sy persoon en sy studeerkamer maak 'n indruk van besondere erudisie. Dis klaarblyklik 'n vertrek waarin al dikwels op hoë vlak filosofiese beraad oor Suid-Afrika se toekoms gehou is. Prof. Degenaar het in hierdie verhandeling in die spel gekom as klankbord vir die konsekwent regse menings van M.E.R. en Steyn, en die Van Wyk Louw vóór omstreeks 1960. Degenaar maak twee blywende indrukke: dié van die rustige filosoof en die vriendelike oorreder.

Die biograaf skep in sy geestesoog vir homself 'n baie duidelike beeld van sy subjek. Ek sien vir M.E.R. soos sy boek in die hande op die kleurfoto voor in <u>My beskeie deel</u> sit, 'n vrou wat oor tien dekades van 'n dogtertjie, gebore veertien dae ná die stigting van die G.R.A., deur lief en leed, deur voor- en teenspoed uitgegroei het tot een van die bekendste en beroemdste, ook mees beminde Afrikaners. Sy het, so ver dit vir 'n sterfling moontlik is, 'n reguit pad deur die lewe geloop - 'n ware "koershouer" - en ongelooflike prestasies behaal, o.m. die Hertzogprys en drie eredoktorsgrade. Haar verslag oor die vrou en die dogter in die arm gesin vir die Carnegie-Kommissie is 'n deeglike stuk werk wat wyd geloof is. Tog dink ek haar grootste prestasie is behaal gedurende die drie jaar wat sy met twee assistente, haar suster Annie Rothmann en mej. Sarah Uys, 'n eie skool op Swellendam bedryf het. Dit was 'n dapper daad op inisiatief van M.E.R., en het 'n aansienlike aantal Afrikanerkinders ten goede gekom. Hulle was vry om hulle moedertaal te praat en vaderlandsgeskiedenis te leer.

M.E.R. noem vir Beyers, De la Rey en Jopie Fourie koershouers wat in 'n verwarring onmisbaar is. Self was sy ook lewenslank 'n koershouer. Sy was Afrikaner en Afrikanernasionalis in die beste sin van hierdie twee benaminge. Haar verdienste was van so 'n gehalte dat haar effens afwykende godsdiensbeskouinge nie teen haar gehou is nie. Sy was te eerlik om haar twyfel agter skynheilige instemming te verberg. Afrikaanse skryfsters soos Blignault, Bouwer, Muller en Van Reenen het tydens haar lewe en ná haar dood die legende lewend gehou.

'n Mens sal baie wil kwyt wees om te weet wat M.E.R. en Van Wyk Louw vandag oor die Afrikaner se onderlinge stryd in hul soeke na lig, sou gesê het. In Dokument 2.v.33 in die Dokumentesentrum op Stellenbosch, ongelukkig ongedateer en geskryf op twee haastig uitgeskeurde geel skryfblokbladsye, vind 'n mens Louw se antwoord ten dele:
"Daar is iets wat ek gelees het toe ek nog 'n baie jong kind was, maar wat ek nooit sal vergeet nie, so gruwelik was dit: in 'n "Boek van Martelare" hoe 'n man aan die brandstapel in die hoogste pyn sy geboeide arms oor sy bors gekruis het en met die naels sy eie vleis geskeur het. Was sy gees verstoor? Hierdie gedagte het my baie daarna gekwel. En daardie gemartelde wat sy eie vleis verskeur, is die beeld van die Afrikanervolk vandag. Hy word geskeur en hy skeur homself. Dit lyk soms asof ons mense een of ander genot van selfpyniging kry, so graag toon hulle die magtelose verdeeldheid aan die wêreld. Is dit tekens van 'n ondergaande kultuur? Is dit die verblindheid, die verblinde eiegeregtigheid wat soms gevestigde groepe voor groot omwentelings beetpak? By die een soort mens hoor jy: "Ek <u>is</u> geen Afrikaner meer nie; ek wil niks met julle te doen hê nie" (net asof hy deur die wêreld ooit anders as Afrikaner behandel sal word!) By die ander hoor jy: "Van hóm wil ek niks weet nie; hy is nie meer Afrikaner nie". By baie ander spottend: "Julle Afrikaners ..." of "ons maak mos altyd maar sus of so". [Tog het Van Wyk Louw in Dokument 2.x.42 geskryf: "Ek glo aan die ewigdurende voortbestaan van 'n eie, aparte Afrikanervolk met eie taal, kultuur ..." (Lesing gehou 23 Januarie 1955 vir Afrikaanse groep oor apartheid aan universiteite)].

Weens sy oorsese verblyf, sy belesenheid en sy besondere intellektuele vermoëns was Van Wyk Louw geen gewone Afrikaner nie. Met dr. Verwoerd het hy gebots omdat hy nie wou deel in die eie lofprysings en euforie van Afrikaners by Republiekwording nie; miskien ook omdat twee kampioene nie geredelik langs een vuur sit nie. Louw het soos 'n kolos oor die letterkundiges van sy dag uitgetroon, net soos Verwoerd oor sy mede-politici. Twee dekades na sy dood word sporadiese pogings aangewend om Louw se fondamente te ondergrawe, maar sy literêre en ideële nalatenskap sal dit oorleef. Soos aangetoon, was Louw se

ideaal vir die Afrikaner dat hy saam met die bruinman en die Indiër een deel van die land moet bewoon, en die swart volke die ander, al duur dit honderd jaar om te bewerkstellig (Dokument 2.A0.2). In Die Burger van 16 Oktober 1992 bepleit Leon Rousseau dieselfde soort partisie.

Die liefde vir die ewemens brand sterker in M.E.R. as in Louw, maar sy bydrae tot die luister van Afrikaans met sy geskrewe werk is inderdaad "'n magtige skoonheid" wat oor ons "wye en droewe land" gekom het soos

"... die haelwit somerwolke
wat uitbloei oor jou donker berge" (Die dieper reg)

As "trouwe Afrikaner" staan Jaap Steyn se naam soos M.E.R. en Louw s'n op die Afrikaners se onsigbare ererol. Steyn gee aan M.E.R. 'n ereplek saam met 'n tiental ander: Kruger, Reitz en M.T. Steyn; De Wet en De la Rey; Jopie Fourie, Hertzog, vd, Van Wyk Louw en Preller, en "al die Rebelle"! In 'n persoonlike brief in my besit van 11 Januarie 1987 skryf Steyn dat wat hy in die bogenoemdes bewonder is die feit "dat hulle altyd trou gebly het aan die Afrikaner; en dat dié wat ontspoor of afgedwaal het, dit gedoen het as gevolg van 'n oordeelsfout oor wat in belang van die volk is of onder druk van omstandighede waaraan hulle niks kon doen nie".

Degenaar is ook Afrikaner, maar het alle "mites" omtrent Afrikanerskap probeer blootlê. Hy verbaas hom oor Afrikaners wat steeds teen bloedvermenging met anderskleuriges gekant is en aandring op die noodsaaklikheid om "die rassesuiwerheid van ons volk te bewaar" (Degenaar 1980 : 17). Hy is van mening dat Afrikanernasionalisme 'n mite is en maar 'n uitvloeisel van die Afrikaner wat vir homself 'n identiteit geskep het deur die temas selfbeskikking, volk, ras, kultuur en mag binne die nasionalistiese verwysingsisteem te definieer (Degenaar 1980 : 44,45). Dit blyk dus dat Degenaar met lede oë sal toesien hoe die blanke Afrikaner na 'n eeuelange stryd teen dwingelandy in 'n bastersee verdwyn. Stel hierteenoor Tobie Muller se woorde:
"Deur te leer in die skool van ellende dat ons nóg kleurlinge, nóg swartes, nóg Engelse is, het ons eindelik gevind dat ons onsself is" (Muller 1972 : 9).

Jaap Steyn se boesemvrees is die moontlike verdwyning van Afrikaans. Sy ses gepubliseerde prosawerke, Op pad na die grens (1976), Dagboek van 'n verraaier (1978), Tuiste in eie taal (1980), Die verlore vader (1985), Trouwe Afrikaners (1987) en Hoeke Boerseuns ons was (1991) toon die steeds stygende lyn van die skrywer se Afrikanerskap. In Nederland en later op die redaksie van Rapport

het Steyn naby die vuurherd van die "liberales" gesit, maar dit het sy wesentlik regse Afrikanerskap nie permanent aangetas nie.

Rykie van Reenen het in 'n gesprek gesê elke Afrikaner se stand oor die Afrikaner en Afrikanernasionalisme hang van sy denkpatroon af. In 'n bestel soos dié van Suid-Afrika moet diegene met die ingesteldheid van M.E.R., Louw en Steyn noodwendig Afrikaners in hart en niere wees. Die "trouwe" Afrikaners mag tydelik, vir korter of langer tyd, dwaal, maar wanneer sake op die spits gedryf word, bv. met die Smuts oorlogsverklaring van 1939, weet die "trouwes" wat hulle te doen staan.

Die taal waarvan M.E.R., Louw en Steyn hulle bedien, is 'n blink advertensie vir Afrikaans. 'n Taal en volk wat sulke eksponente van die hoogste en die beste in hulle oplewer, word nie gevrywaar teen rampspoed nie, maar sal deur geen aardse mag vernietig kan word nie.

Nou is dit totsiens aan die viertal.
Daar is geen sweem van vrolikheid op Van Wyk Louw se ernstige gesig nie. Hy dink aan die lewe wat so eindeloos gekompliseerd is, aan die tragiese botsings in die heelal wat deur geen menslike denke-konstruksie besweer kan word nie. Iets in Louw se gesigsuitdrukking laat my vermoed dat hy bewus is van Aucamp se ontroering "omdat ons dalk in die komende jare voor die soveelste dood van die Boer mag staan; 'n dood wat dié keer alles mag eis, ook die hoogste: die Boer se taal" (Aucamp 1978 : 2,3).

Ook Steyn, die onvrymoedige, die nederige, die onverpoosde navorser, loop effens geboë, hy wat homself in 1991 daaraan herinner dat by sy terugkoms in 1967 na Suid-Afrika uit Nederland "almal geleef het asof daar 'n toekoms was". Tog klou hy verbete vas aan die letzten Dinge: volk en taal.

Dan kom Johannes Degenaar verby. Hy stap vinnig, tas vol boeke en knipsels, in die hand. Dis in 'n straat op Stellenbosch en hy kyk na die hoogste spits van Bothmaskop. Sy oog is helder en sy stap ferm, want hy glo aan die "nuwe Suid-Afrika" waar swart en wit en bruin en Indiër in vrede saam sal woon.

Ten laaste sien ek M.E.R. se goedige, vergewende glimlaggie oor my pogings om haar te peil, amper soos toe mej. Helena Jordaan gemeen het die leitmotiv in haar werk is die didaktiek. Maar M.E.R. stap nie soos Shakespeare verby en glimlag nie. Sy sit in haar stoel, met op haar gesig die kepe wat 'n eeu vol vele belewenisse daarop uitgebeitel het, maar, volgens Botha (Cloete e.a. 1990 : 510), met 'n vonkel in die oog:

Jy vra hartseer melodieë:
Dis krom vingers wat oor snare gly,
Maar die stokou dofblink oë
Tussen baie rimpels glinster bly!
(Yeats, my vertaling).

BRONNELYS:


1. Antonissen, R. 1960 (2de druk, 3de hersiene uitgawe). Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede. Kaapstad: Nasou.
2. Aucamp, H. 1980. Papawerwyn en ander verbeeldings vir die verhoog. Kaapstad: Tafelberg.
3. Aucamp, H. en Bakkes, M. 1973. 'n Baksel in die môre. Kaapstad: Tafelberg.
4. Aucamp, H. in Die Burger, 5 November 1991. "Hoeke herinnerings roep Steyn se 'Boerseuns' nie op".
5. Barnard, C.J. 1988. Die vyf swemmers. Kaapstad: Tafelberg.
6. Barthling, D. 1938. Aantekeningen over stijl, persoonlijkheid en kunstwerk. Assen: Van Gorcum.
7. Benét, W.R. 1973. The Reader's Encyclopedia (second edition). London: A. and C. Black.
8. Berlin, Isaiah. 1991. The crooked timber of humanity - Chapters in the history of ideas. London: Fontana Press.
9. Biezen, Jan (red.) 1985. Voortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw. Leiden: Stigting vir letterkundige en wetenskaplike uitgawes.
10. Beukes, P. 1989. The holistic Smuts. Kaapstad: Human & Rousseau.
11. Bredell, H.C. en Grobler, P. 1947. Gedenkskrifte van Paul Kruger. Pretoria: Van Schaik.
12. Botha, D.P. 1960. Die opkoms van ons Derde Stand. Kaapstad: Human & Rousseau.
13. Botha e.a. 1973. Gesprekke met skrywers 3. Kaapstad: Tafelberg.
14. Botha, E. 1975. M.E.R. van naby gesien. Kaapstad: Tafelberg.
15. Botha, E. 1980. "Prosa" in T.T. Cloete (red.) Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Kaapstad: Nasou.
16. Botha, E. In Tydskrif vir letterkunde. Mei 1979, bl. 17.
17. Botha, E. 1987. Prosa-kroniek. Kaapstad: Tafelberg.
18. Brink, A.P. in Tydskrif Rapport. 31 Oktober 1976.
19. Bruwer, P.F. 1990. Die Derde Vryheidsoorlog woed. Koedoespoort: Sigma Pers.
20. Bijbel. 1900. Op last van de hoog-mogende heeren Staten Generaal der Verenigde Nederlanden. Amsterdam en Haarlem: De Nederlandsche Bijbel Compagnie.
21. Bybel, Die. 1953. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
22. Canning, J. (Ed.) 1966. 100 Great Books. London: Oldhams Books.
23. Coetzee, F. 1985. Die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur. M.A. verhandeling. Universiteit Potchefstroom.

24. Degenaar, J.J. 1963. Op weg na 'n nuwe politieke lewenshouding. Kaapstad: Tafelberg.

25. Degenaar, J.J. 1976. Moraliteit en politiek. Kaapstad: Tafelberg.

26. Degenaar, J.J. 1980. Voortbestaan in geregtigheid. Kaapstad: Tafelberg.

27. De Klerk, W.A. e.a. 1969. Beweging uitwaarts. Kaapstad: John Malherbe.

28. Dekker, G. in Die Burger, 25 November 1939.

29. Dekker, G. 1967 (Twaalfde druk). Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Kaapstad: Nasionale Pers.

30. Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (redakteurs). 1987. Afrikaans en taalpolitiek 15 Opstelle. Pretoria: HAUM.

31. Du Plessis, W. 1965 in Nienaber, P.J. (red. e.a.) Gedenkboek: J.B.M. Hertzog. Johannesburg: A.P.B.

32. Du Toit, André (red.) 1986. In gesprek - Opstelle vir Johan Degenaar. Kaapstad: Voorbrand-Publikasies vir Die Suid-Afrikaan.

33. Eade, J.C. (ed.) 1983. Romantic Nationalism in Europe. Humanities Research Centre: Australian National University.

34. Eybers, E. Resensie oor Van Wyk Louw se Berigte te velde in Ons Eie Boek, Desember 1939.

35. Fowler, Roger. Dictionary of modern critical terms.

36. Franken, J.L.M. "Hendrik Bibault of Die opkoms van 'n volk" in Die Huisgenoot, 21 September 1928.

37. Furlong, P.J. 1991. Between Crown and Swastika. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

38. Garraty, J.A. 1957. The nature of biography. New York: A.A. Knopf.

39. Grobler, P. du P. 1956. "Van Wyk Louw 50 jaar. Sy betekenis vir Afrikaans" in Die Huisgenoot, 11 Junie 1956.

40. Grundling, O.J. e.a. 1991. Afrikaner Quo Vadis. Sept. 1991 (Vol. 1 no. 4).

41. Harley, Louisa J. 1985. Outobiografie, outobiografiese roman en roman-as-outobiografie: 'n generies-tipologiese ondersoek. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Unisa.

42. Hodek, B. 1968. (11th impression). The Complete Works of Shakespeare. Feltham (Middlesex): Hamlyn Publishing Group.

43. Holy Bible, The - New International Version. 1st S.A. edition 1978. Cape Town: Cape and Transvaal Printers (Pty) Ltd.

44. Jordaan, H.P. 1949. M.E.R. as skryfster. M.A. verhandeling, Universiteit Kaapstad.

45. Joubert, P.A. (samest.) 1988. Gedagtes vir ons tyd uit die prosa van Van Wyk Louw. Kaapstad: Tafelberg.

46. Kannemeyer, J.C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I.

Kaapstad en Pretoria: Academica.

47. Kannemeyer, J.C. 1983. Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica.

48. Kendall, P.M. 1985. The art of biography. New York and London: Garland Publishing Incorporated.

49. Kramer, W. 1947. Inleiding tot de stilistische interpretatie van literaire kunst. Groningen-Batavia: J.B. Wolters.

50. Kritzinger, M.S.B. 1931. Plateatlas by die Afrikaanse letterkunde. Pretoria: Van Schaik.

51. Kritzinger, M.S.B. en Labuschagne, F.J. 1980. Verklarende Afrikaanse Woordeboek (sewende uitgawe). Pretoria: Van Schaik.

52. Krüger, D.W. 1961. Paul Kruger I (1825 - 1883). Johannesburg: Dagbreek.

53. Krüger, D.W. 1963. Paul Kruger II (1883 - 1904). Johannesburg: A.P.B.

54. Langenhoven, C.J. 1973. Versamelde werke, deel 16. Kaapstad: Nasionale Pers.

55. Laurie, Harry. "Taalstroom meng Afrikaner, bruines" in Insig, Junie 1992.

56. Lewende Bybel, Die. 1982. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.

57. Lincoln, Abraham. 4 Maart 1865. Presidensiële inhuldigingstoespraak.

58. Louw, N.P. van Wyk. Dokument 2.To.51. U.S. Dokumentesentrum.

59. Louw, N.P. van Wyk. Dokument 2.X.42. U.S. Dokumentesentrum.

60. Louw, N.P. van Wyk. 1937. Die halwe kring. Kaapstad: Nasionale Pers.

61. Louw, N.P. van Wyk. 1964. Kruger breek die pad oop en ander hoorspele. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.

62. Louw, N.P. van Wyk. 1972. Die pluimsaad waai ver of Bitter begin. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.

63. Louw, N.P. van Wyk. 1978. (Sewende druk). Die dieper reg. Kaapstad: Nasionale Pers.

64. Louw, N.P. van Wyk, 1986.A. Versamelde prosa I. Kaapstad: Tafelberg.

65. Louw, N.P. van Wyk, 1986.B. Versamelde prosa II. Kaapstad: Human en Rousseau.

66. Marais, Jaap. 1983. Waarheid en werklikheid. Pretoria: Aktuele Publikasies.

67. Marais, Jaap, 1992. Die era van Verwoerd. Pretoria: Aktuele Publikasies.

68. Meintjes, Johannes. 1974. President Paul Kruger. London: Cassell.

69. Moffatt, James. 1957. Translation of the Bible. London: Hodder and Stoughton.

70. Morrell, R. (ed.) 1992. White but poor. Pretoria: Unisa.

71. Muller, Tobie. 1972. Die geloofsbelydenis van 'n Nasionalist. Pretoria: C.K.A.

72. Nash, A. "Stellenbosch and the Socratic tradition". (Lesing, ongedateer).

73. Nienaber, P.J. 1966. Beeld van 'n digter. Johannesburg: A.P.B.

74. Nienaber-Luitingh, M. 1978. Uit twee wêreldletterkundes. Kaapstad: Tafelberg.

75. Nipperdey, T. 1983. "In search of identity: Romantic Nationalism, its intellectual, political and social background" in Eade, J.C. (ed.) Romantic Nationalism in Europe. Australian National University, Humanities Research Centre.

76. O'Connor, U. 1991. Biography and the art of biography. Dublin: Wolfhound Press.

77. Olivier, G. "N.P. van Wyk Louw en Afrikaner-Nasionalisme" in Die Suid-Afrikaan, Desember 1989.

78. O'Meara, D. 1983. Volkskapitalisme - Class, Capital and ideology, in the development of Afrikaner nationalism, 1934 - 1938. London: Cambridge University Press.

79. Opperman, D.J. 1953. Digters van Dertig. Kaapstad: Nasou.

80. Pakendorf, G. "'Ons hele volksverhaal'. Writing Afrikaner Nationalism on the periphery". Ongepubliseerde, ongedateerde lesing, Universiteit Kaapstad.

81. Pakendorf, G. "Simpatie met fascisme vra historiese begrip" in Die Suid-Afrikaan, April 1990.

82. Pascal, Roy. 1985. Design and truth in autobiography. New York and London: Garland Publishing Incorporated.

83. Pelzer, A.N. (red.) 1966. Verwoerd aan die woord. Johannesburg: A.P.B.

84. Pienaar, E.C. 1943. Die triomf van Afrikaans. Kaapstad: Nasionale Pers.

85. Pienaar, Lydia. 1968. Die kind en sy literatuur. Kaapstad: H.A.U.M.

86. Pienaar, Schalk. 1974. "Vergesigte waarvoor 'n jong mens sal sterf" in Rapport, 30 Junie 1974.

87. Pieterse, Anette. 1984. 'n Analise van die outobiografiese en biografiese inslag in My beskeie deel en Die swerfjare van Poppie Nongena, met spesiale verwysing na die resepsie-estetika. Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit Pretoria.

88. Preller, G.S. 1941. Voortrekkers in Suidwes. Kaapstad: Tafelberg.

89. Reitz, F.W. 1978. Outobiografie en 62 gedigte. Kaapstad: Tafelberg.

90. Rothmann, M.E. 1927. Onweershoogte. Kaapstad: Nasionale Pers.

91. Rothmann, M.E. 1928. Die Kammalanders. Kaapstad: Nasionale Pers.

92. Rothmann, M.E. 1929. Die Oorwinnaar. Kaapstad: Nasionale Pers.

93. Rothmann, M.E. 1930. Ons saamreis. Kaapstad: Nasionale Pers.

94. Rothmann, M.E. 1932. Carnegie-verslag, deel V B. Die moeder en die dogter van die arm gesin. Pretoria: Staatsdrukkery.

95. Rothmann, M.E. 1944A. Na vaste gange. Kaapstad: Nasionale Pers.

96. Rothmann, M.E. 1944B. Drie vertellinge. Kaapstad: Nasionale Pers.

97. Rothmann, M.E. 1946, Uit en tuis. Kaapstad: Nasionale Pers.

98. Rothmann, M.E. 1947. Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901. Kaapstad: Nasionale Pers.

99. Rothmann, M.E. 1948. Die eindelose waagstuk. Kaapstad Nasionale Pers.

100. Rothmann, M.E. 1950. Die gewers. Kaapstad: Nasionale Pers.

101. Rothmann, M.E. 1960. Die tweeling trek saam. Kaapstad: Tafelberg.

102. Rothmann, M.E. 1965A. So is onse maniere. Kaapstad: Tafelberg.

103. Rothmann, M.E. 1965B. Vroue wat Jesus geken het. Kaapstad: Tafelberg.

104. Rothmann, M.E. 1972. My beskeie deel. Kaapstad: Tafelberg.

105. Rothmann, M.E. 1976. Familiegesprek. Kaapstad: Tafelberg.

106. Rothmann, M.E. 1977. 'n Kosbare erfenis. Kaapstad: Tafelberg.

107. Rousseau, Leon in Die Burger, 16 Oktober 1992.

108. Scholtz, G.D. 1979. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel V. Johannesburg: Perskor.

109. Scholtz, J. du P. Resensie van Van Wyk Louw se Berigte te velde in Die Burger, 22 Julie 1939.

110. Scholtz, J. du P. 1979. Oor skilders en skrywers. Kaapstad: Tafelberg.

111. Scholtz, J. du P. 1980. Wording en ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.

112. Schoonees, P.C. e.a. 1965. Handboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Voortrekkerpers.

113. Segond, Louis. 1938. La Sainte Bible, Nouvelle Edition Revue. Paris (Imprimé en Angleterre).

114. Steyn, J.C. 1975. Die grammatika van liefhê. Kaapstad: Tafelberg.

115. Steyn, J.C. 1976. Op pad na die grens. Kaapstad: Tafelberg.

116. Steyn, J.C. 1978. Dagboek van 'n verraaier. Kaapstad: Tafelberg.

117. Steyn, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad: Tafelberg.

118. Steyn, J.C. 1985. Die verlore vader. Kaapstad: Tafelberg.

119. Steyn, J.C. Persoonlike brief aan G.F. Marais. 15 Junie 1986.

120. Steyn, J.C. Persoonlike brief aan G.F. Marais. 11 Januarie 1987.

121. Steyn, J.C. 1987. Trouwe Afrikaners. Kaapstad: Tafelberg.

122. Steyn, J.C. 1988. "Gustav Preller en die weerstand teen assimilasie", in Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis, 1988, 2(1).

123. Steyn, J.C. 1990. "Die betekenis van Die Burger in die Afrikaanse letterkunde" in Acta Academica Supplementum 1990; 2)

124. Steyn, J.C. 1991. Hoeke Boerseuns ons was. Kaapstad: Tafelberg.

125. Steyn, J.C. "Afrikaans ons enigste ooilam" oor Zietsman se Die taal is gans die volk, Insig, Junie 1992.

126. Streicher, Wilhelmina,. 1989. Die prosa van M.E.R. in sosiokulturele konteks. M.A. verhandeling ongepubliseerd. UNISA.

127. Terblanche, H.J. en Odendaal, J.J. 1966. Afrikaanse Woordeboek. Johannesburg: A.P.B.

128. Thom, H.B. 1980. D.F. Malan. Kaapstad: Tafelberg.

129. Treurnicht, A.P. 1975. Credo van 'n Afrikaner. Kaapstad: Tafelberg.

130. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Desember 1991. Pretoria: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

131. Van den Heever, C.M. 1944. Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg: A.P.B.

132. Van der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn I. Kaapstad: Nasionale Pers.

133. Van der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn II. Kaapstad: Nasionale Pers.

134. Van Jaarsveld, F.A. 1981. Wie en wat is die Afrikaner? Kaapstad: Tafelberg.

135. Van Niekerk, Marlene. "Askoek en pampoenmoes..." in Die Suid-Afrikaan, Desember 1989.

136. Van Reenen, Rykie. Oor J.C. Steyn se Dagboek van 'n verraaier in Rapport, 4 Junie 1978.

137. Van Rensburg, F.I.J. 1975. Swewende ewewig. Kaapstad: Tafelberg.

138. Verdam, J. Oplaag 1932 bygewerk deur C.H. Ebbinge Wummen 1979 Middelnederlandsch Handwoordenboek. 's Gravenhage: Martinus Nijhoff.

139. Viljoen, Gerrit. 1978. Ideaal en werklikheid. Kaapstad: Tafelberg.

140. Zietsman, P.H. 1992. Die taal is gans die volk. Studia Originalia 14. Pretoria: Unisa.